UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# ‘n Narratiewe alternatief op die konsep van afhanklikheidsidentiteit: ‘n Pastorale perspektief

deur

**THEUNIS CHRISTIAAN ACKERMANN**

vir die graad

**PHILOSOPHIAE DOCTOR (PhD)**

**DEPARTEMENT PRAKTIESE TEOLOGIE**

(Pastorale gesinsterapie)

Universiteit van Pretoria

Promotor

**PROF. JULIAN C MÜLLER**

**2016**

© University of Pretoria

# Verklaring

Ek, Theunis Christiaan Ackermann, verstaan wat plagiaat is. Ek verklaar dat die werk wat in hierdie studie vervat is: *‘n Narratiewe alternatief op die konsep van afhanklikheidsidentiteit: ‘n Pastorale perspektief,* my eie werk is. Waar daar van ander persone se werk gebruik gemaak is, is die regmatige verwysings, soos deur die departement voorgeskryf, gegee.

Ek het nie van ‘n ander student se werk gebruik gemaak en dit as my eie voorgehou nie.

Hierdie werk was nie voorheen aan enige ander Universiteit voorgehou of ingehandig nie.

Handtekening ____________________



© University of Pretoria

# Bedankings

Hierdie studie het nie in isolasie plaasgevind nie. Volgens die narratiewe benadering word mense se lewens as verhale met 'n konteks en verskillende rolspelers verstaan. So bestaan hierdie studie ook uit 'n konteks en 'n verskeidenheid van rolspelers vir wie ek wil dankie sê:

Eerstens wil ek dankie sê aan die Here wat vir my die uithouvermoë, energie en wilskrag gegee het om hierdie studie te kon voltooi. Deur hierdie studie het ek gesien hoe Hy 'n groot rol in die lewens van die medenavorsers speel. Ek het tot die besef gekom van Sy prominente teenwoordigheid in die konstruering van my eie toekomsverhaal.

Ek is dankbaar vir die impak wat die medenavorsers in my lewe gemaak het. Voor hierdie studie het ek met kritiese en diskriminerende oë na mense gekyk wat afhanklik is of was van dwelms. Die medenavorsers het my laat verstaan hoe moeilik die pad is wat hulle stap. Deur die eerlike vertel van hulle verhale, het hulle my persepsie verander. Daarvoor wil ek hulle bedank.

Verder wil ek die interdissiplinêre span vir hulle bydrae tot hierdie studie bedank. Hulle het baie ure opgeoffer om deel te kon hê aan die ontwikkeling van die verhale van die medenavorsers.

'n Spesiale dank aan professor Julian Müller vir die groot impak wat hy in my lewe gemaak het. Hy was nie net my studieleier nie, maar het my gehelp om die dieptes en rykdomme van postfundamentele Praktiese Teologie te verstaan. Hierdie benadering, tesame met die narratiewe benadering, het die manier hoe ek die lewe sien en benader, verander.

Ek wil graag my vrou bedank. Sy het maande se familietyd opgeoffer sodat ek hierdie studie kon voltooi. Daar was tye wat ek wou ophou en dan het sy my gemotiveer en aangemoedig om voort te gaan. Dankie vir jou liefde en ondersteuning.

Al my familie en vriende wat in my bly glo het, wil ek ook bedank. Sonder julle sou ek nie die moed gehad het om deur te druk en die studie te voltooi nie.



© University of Pretoria

Laastens wil ek ook die taalversorgers vir hul taalkundige insette en tegniese redigering bedank.



© University of Pretoria

# Sleutelterme

Afhanklikheid vs. verslawing:

Die terme afhanklikheid en verslawing word as wisselterme in verskillende bronne gebruik. In die lig van die tipe studie, kies ek om afhanklikheid eerder as verslawing, te gebruik. Afhanklikheid etiketteer nie mense soos die term verslawing nie en daar is ook nie so groot stigma rondom dit nie.

Beeld van God

Methcathinone (Cat)

Die AA (Alkoholiste Anoniem)

Die twaalf-stap-program

Draakmetafoor

Dwelms

Heroïen

Identiteit

Interdissiplinêre gesprekke

Kwalitatiewe navorsing

Medenavorsers

Narratiewe benadering

Postfundamentele benadering

Praktiese Teologie

Sewe bewegings

Sosiale konstruksionisme



© University of Pretoria

# ‘n Kort opsomming

Hierdie studie fokus op hoe persone wat van dwelms afhanklik is of was, hulle identiteit sien. Daar is ’n bekende diskoers wat sê: “Een keer ’n verslaafde, altyd ’n verslaafde.” Hierdie diskoers impliseer dat afhanklikheid deel van ’n persoon se identiteit word. In my studie poog ek om hierdie diskoers te dekonstrueer.

Die AA (Alkoholiste Anoniem) se twaalf-stap-program word bestudeer. In hulle eerste stap word daar van persone wat van ’n chemiese stof afhanklik is, verwag om te erken dat hy/sy ’n afhanklike is. Hierdie erkenning van die AA se eerste stap, het ’n direkte invloed op persone wat van dwelms afhanklik is of was. Saam met die medenavorsers, word daar gepoog om ’n alternatiewe manier te vind om na afhanklikheid en identiteit te kyk. Hiermee saam speel die Christendom en ’n persoon se Godsbegrip ’n groot rol. Die Christendom het verskillende sieninge oor afhanklikheid en sonde.

Hierdie studie poog nie om die sondebegrip van die Nuwe Testament te bestudeer nie, aangesien hierdie nie ’n Nuwe-Testamentiese studie is nie. Hoe God en die medenavorsers sonde verstaan, speel ’n rol in die begrip van hulle identiteit.

Die narratiewe benadering maak van metafore gebruik. Hierdie studie gebruik die metafoor van ’n draak. Aanvanklik is dit ’n gevreesde draak wat persone wat afhanklik van dwelms is of was, wil verslind en ’n direkte impak het op hulle identiteit. ‘n Nuwe metafoor het ontwikkel. Die animasiefilm, “How to train your dragon,” is as vertrekpunt gebruik om ’n nuwe metafoor te ontwikkel waar die draak steeds gevaarlik is, maar getem kan word. Deur sekere aanpassings te maak, kan persone wat afhanklik is of was van dwelms, die draak beheer. Hierdie nuwe metafoor gee ook ’n nuwe identiteit aan die persoon wat afhanklik is of was van dwelms. Afhanklikheid word nie meer as deel van ’n persoon se identiteit beskou nie aangesien die hantering van die draak ’n nuwe perspektief in die lewe van hierdie persoon gee.

In my studie maak ek van kwalitatiewe navorsing gebruik en beweeg ek vanuit die oogpunt van ’n postfundamentele Praktiese Teologiese benadering.



© University of Pretoria

# Inhoudsopgawe

**Verklaring** ..... i
**Bedankings** ..... ii
**Sleutelterme** ..... iv
**'n Kort opsomming** ..... v
**Inhoudsopgawe** ..... vi
**Lys van Figure** ..... xii
**Afkortings** ..... xiii
**1. HOOFSTUK 1: DIE DRAAK IS WILD** ..... 1
1.1 Inleiding ..... 1
1.2 Navorsingsagtergrond en konteks ..... 3
1.3 Agtergrond van die navorser ..... 7
1.4 Die konteks van die medenavorsers ..... 7
1.5 Navorsingsvraag ..... 9
1.6 Die uitdagings van hierdie studie ..... 10
1.7 Etiese kwessies ..... 12
1.7.1 Moontlike gevare vir medenavorsers ..... 12
1.7.2 Moontlike voordele vir medenavorsers ..... 12
1.7.3 Vrywilliglike deelname ..... 13
1.8 Posisionering - Praktiese Teologie ..... 13
1.9 Narratiewe terapie ..... 17
1.10 Sosiale Konstruksionisme ..... 26
1.10.1 Sosiale konstruksionisme en kennis ..... 28
1.10.2 Sosiale konstruksionisme en diskoerse ..... 29
1.10.3 Sosiale konstruksionisme en taal ..... 29
1.10.4 Sosiale konstruksionisme en identiteit ..... 29
1.11 Modernisme vs postmodernisme ..... 30
1.11.1 Modernisme ..... 30
1.11.2 Van modernisme na postmodernisme ..... 32
1.12 'n Postfundamentele benadering ..... 34
1.13 'n Postfundamentele Praktiese Teologiese benadering ..... 38
1.14 Persoonlike refleksie op die posisionering ..... 40
**2. HOOFSTUK 2: DIE DRAAK WORD BESTUDEER** ..... 43



© University of Pretoria

2.1 Inleiding ... 43
2.2 Kwalitatiewe navorsing ... 43
2.3 Narratiewe navorsing ... 48
2.4 Metodologie ... 52
2.4.1 'n Spesifieke konteks word beskryf ... 52
2.4.2 Binne-konteks ervarings word na geluister en verduidelik ... 53
2.4.3 Interpretasie van ervarings word in samewerking met die medenavorsers gemaak, verduidelik en ontwikkel ... 54
2.4.4 'n Refleksie op die geestelike en godsdienstige interpretasie – die ervaring van God ... 55
2.4.5 'n Verduideliking van ervarings wat verdiep word deur interdissiplinêre ondersoek ... 56
2.4.6 Die interpretasie van alternatiewe verhale wat verby logika strek ... 56
2.5 Metafore en die "gevreesde draak" ... 57
2.5.1 Die draak metafoor ... 60
2.5.2 Die ontstaan van die gevreesde draak ... 61
2.5.3 Die gevreesde draak kan nie oorwin word nie ... 62
2.5.4 Moet net nie die slangetjie kos gee nie ... 63
2.5.5 Die draak kan getem word ... 64
2.6 Persoonlike refleksie oor hoofstuk twee ... 67

**3. HOOFSTUK 3: IDENTITEIT VAN DIE DRAAK ... 69**
3.1 Inleiding ... 69
3.2 Algemene identiteitsteorie ... 70
3.2.1 Godsdiens en identiteit ... 70
3.2.2 Sosiale identiteitsteorie ... 78
3.2.3 Siosiale konstruksionisme ... 79
3.3 Identiteit en afhanklikheid ... 79
3.3.1 Betekenis-georiënteerde program ... 80
3.4 'n Narratiewe verstaan van identiteit ... 82
3.5 'n Narratiewe verstaan van afhanklikheid en identiteit ... 84
3.6 Die twaalf-stap program van Alkoholiste Anoniem (AA) ... 89
3.6.1 Inleiding ... 89
3.6.2 Die twaalf-stap plan ... 90



© University of Pretoria

3.6.3 Evaluering van die twaalf-stap-program ..... 93
3.6.4 Magtelose posisie van die twaalf-stap-program: ‘n diskoers ..... 94
3.6.5 Ingryping van ’n hoër mag ..... 94
3.6.6 ‘n Moontlike alternatiewe verstaan ..... 97
3.7 ‘n Persoonlike refleksie oor hoofstuk drie ..... 99

**4. HOOFSTUK 4: DIE GEVREESDE DRAAK - 'N OORSIG OOR AFHANKLIKHEID ..... 101**

4.1 Inleiding ..... 101
4.2 Wat is afhanklikheid ..... 102
4.2.1 Neurologiese of siekteteorie ..... 103
4.2.2 Genetiese teorie ..... 107
4.2.3 Afhanklikheid as aangeleerde gedrag ..... 109
4.2.4 Psigoanalitiese teorie ..... 110
4.2.5 Kultuur-identiteitsteorie ..... 111
4.2.6 Samevattende opmerkings ..... 112
4.3 Opsoek na ’n omskrywing van afhanklikheid ..... 112
4.4 Redes vir afhanklikheid ..... 117
4.5 Die kriteria van afhanklikheid ..... 119
4.6 Die draak het verskillende gesigte- verskillende tipe dwelms ..... 123
4.6.1 Depressante/downers ..... 123
4.6.2 Stimilante/uppers ..... 124
4.6.3 Hallusinogene ..... 124
4.6.4 Opioïede ..... 124
4.7 Behandeling van afhanklikheid en terugslae ..... 126
4.7.1 Informele selfhelpgroepe ..... 127
4.7.2 Formele en professionele behandeling ..... 127
4.7.3 Psigoterapie ..... 128
4.7.4 Gedragsbenadering ..... 128
4.8 Persoonlike refleksie oor hoofstuk vier ..... 133

**5. HOOFSTUK 5: MEDENAVORSERS SE ERVARING VAN DIE GEVREESDE DRAAK ..... 135**

5.1 Inleiding ..... 135
5.1.1 Tuffnut en sy ontmoeting met die draak ..... 135
5.1.2 Persoonlike refleksie: Eerste indrukke van Tuffnut ..... 137



© University of Pretoria

5.1.3 Fishlegs en sy ontmoeting met die draak ........ 138
5.1.4 Persoonlike refleksie: Eerste indrukke van Fishlegs ........ 142
5.1.5 Astrid en haar ontmoeting met die draak ........ 142
5.1.6 Persoonlike refleksie: Eerste indrukke van Astrid ........ 144
5.1.7 Ruffnut en sy ontmoeting met die draak ........ 145
5.1.8 Persoonlike refleksie: Eerste indrukke van Ruffnut ........ 150
5.2 Persoonlike refleksie: My nadenke oor die verhale van die medenavorsers ........ 151
5.3 Bestaande teorieë en die medenavorsers se verhale ........ 152
5.3.1 Die genetiese teorie en die medenavorsers se verhale ........ 153
5.3.2 Aangeleerde gedragsteorie en die medenavorsers se verhale ........ 153
5.3.3 Die psigoanalitiese teorie en die medenavorsers se verhale ........ 155
5.3.4 Die kultuur-identiteitsteorie en die medenavorsers se verhale ........ 156
5.3.5 Afhanklikheid is ‘n siekteteorie en die medenavorsers se verhale ........ 157
5.4 ‘n Refleksie op die verskillende teorieë en die verhale van die medenavorsers ........ 157
5.5 Opsoek na mag bo ons begrip ........ 160
5.5.1 Geloof gewortel in ‘n wit kultuur ........ 161
5.5.2 Tuffnut se verstaan van ‘n hoër mag ........ 161
5.5.3 Ruffnut se verstaan van ‘n hoër mag ........ 163
5.5.4 Astrid se verstaan van ‘n hoër mag ........ 163
5.5.5 Fishlegs se verstaan van ‘n hoër mag ........ 165
5.5.6 ‘n Vinnige kyk na die Nuwe Testament se sonde begrip ........ 165
5.5.7 ‘n Alternatiewe verstaan van afhanklikheid en sonde: Die medenavorsers se verstaan van sonde ........ 169
5.5.8 Medenavorsers se kommentaar: Afhanklikheid iets anders as sonde ........ 170
5.5.9 Die diskoers van afhanklikheid en sonde: ‘n Refleksie op die medenavorsers se verhale ........ 172
5.6 Persoonlike refleksie oor die medereisigers se verhale oor afhanklikheid en sonde ........ 175

**6. HOOFSTUK 6: OM DIE DRAAK TE TEM. 'N REFLEKSIE OP DIE MEDENAVORSERS SE REAKSIE OP 'N NUWE METAFOOR ........ 177**
6.1 Inleiding ........ 177



© University of Pretoria

6.2 Die medenavorsers se ontmoeting met die metafoor van die gvreesde draak ... 178
6.2.1 Tuffnut en die draak ... 179
6.2.2 Refleksie op Tuffnut se ervaring van die gevreesde draak ... 180
6.2.3 Fishlegs en die draak ... 181
6.2.4 Refleksie op Fishlegs se ervaring van die gevreesde draak ... 182
6.2.5 Ruffnut en die draak ... 184
6.2.6 Refleksie op Ruffnut se ervaring van die gevreesde draak ... 186
6.2.7 Astrid en die draak ... 187
6.2.8 Refleksie op Astrid se ervaring van die gevreesde draak ... 188
6.3 Die ontdekking van ‘n alternatiewe metafoor. Die medenavorsers se reaksie op die draak wat getem kan word. ... 189
6.3.1 Tuffnut en die draak wat getem kan word ... 190
6.3.2 Fishlegs en die draak wat getem kan word ... 192
6.3.3 Ruffnut en die draak wat getem kan word ... 197
6.3.4 Astrid en die draak wat getem kan word ... 200
6.4 Kom ons dans: Die diskoers dat ‘n terugslag ‘n mislukking is ... 203
6.4.1 Skuldgevoelens as gevolg van terugslae ... 204
6.5 Persoonlike refleksie op hoofstuk ses ... 206

**7. HOOFSTUK 7: IN GESPREK MET ANDER DISSIPLINES ... 207**
7.1 Inleiding ... 207
7.2 Vanuit ‘n sielkundige oogpunt ... 208
7.2.1 Ruffnut ... 208
7.2.2 Fishlegs ... 209
7.2.3 Tuffnut ... 210
7.2.4 Astrid ... 210
7.2.5 Analise Endres se antwoorde op die ander drie vrae ... 210
7.3 Vanuit ‘n terapeut wat met afhanklikheid werk se oogpunt ... 211
7.3.1 Amanda Richter se antwoorde op die ander drie vrae ... 213
7.4 Vanuit ‘n maatskaplike werker se oogpunt ... 214
7.4.1 Die maatskaplike werker se antwoorde op die ander drie vrae ... 217
7.5 Persoonlike refleksie ... 218



© University of Pretoria

**8. HOOFSTUK 8: 'N LAASTE REFLEKSIE OP DIE MEDENAVORSERS SE VERHALE EN DIE WAARDE VAN HIERDIE STUDIE ........................... 222**

8.1 Inleiding........................................................................................... 222

8.2 Die getemde draak: Laaste opmerkings oor die medenavorsers se verhale ........................................................................................... 222

8.2.1 Afhanklikheid: Nog lank nie verstaan nie ............................................... 223

8.2.2 Identiteit en afhanklikheid..................................................................... 223

8.2.3 Godsbegrip en identiteit ....................................................................... 225

8.3 ‘n Pastorale benadering van afhanklikheid............................................. 225

8.4 ‘n Refleksie op my eie ervaring van hierdie studie ................................. 227

**9. Bibliografie ........................................................................................ 232**



© University of Pretoria

# Lys van Figure

Figuur 4.1: Kommunikasie van die brein (NIDA, 2014) .................................... 106
Figuur 4.2: Brain’s Communication System on Drugs (Hamrah, 2015) ............ 106



© University of Pretoria

# Afkortings

| | |
|---|---|
| AA | Alcoholics Anonamous |
| AMA | Amerikaanse mediese assosiasie |
| APA | Amerikaanse psigiatriese organisasie |
| DSM-IV | Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders of the American Psychiatric Association |
| WHO | Wêreldse gesondheidsorganisasie |
| NA | Narcotics Anonymous |
| NIDA | National Institute on Drug Abuse |
| SACENDU | South African community Epidemiology Network on Drug use |


© University of Pretoria

# 1. HOOFSTUK 1: DIE DRAAK IS WILD

## 1.1 Inleiding

> Verslawing is soos ’n draak wat my net wil vernietig. Maak nie saak wat ek doen nie, hy is om elke hoek en draai en deel van my lewe (Anoniem).

As dominee in ’n gemeente kom mens in aanraking met baie verskillende mense. Die titel *dominee* maak sekere deure oop wat mense die vrymoedigheid gee om hulle lewensverhale te deel. Daar is ’n ongeskrewe reël dat mense die predikant kan vertrou: Mense aanvaar dat dit veilig is om hulle stories te vertel omdat hulle aanneem dat die predikant oor een of ander goddelike wysheid beskik wat meer antwoorde gee oor die moontlike betekenis van hulle lewensverhaal.

Die titel *dominee* maak ook sekere deure toe. Dit maak dat mense soms bang is om met die dominee te praat weens hulle vrees vir oordeel. Hulle voel dat hulle lewens eers uitgesorteer’ moet wees voor hulle in die kerkbanke mag sit. Gevolglik is die dominee soms die laaste mens met wie hulle wil praat oor hulle probleme.

Ek het eendag met ’n jong vrou in aanraking gekom wat begin het om my haar lewensverhaal te vertel. Sy is ’n gerehabiliteerde dwelmafhanklike. Hoe presies haar reis met dwelms begin het, is vaag, maar dit wat in haar verhaal my aandag getrek het, was die stryd wat sy op daardie stadium deurgemaak het. Nadat sy deur die rehabilitasiesentrum se program gewerk het, was sy vasberade om ’n nuwe lewe sonder dwelms te begin. Sy het gou agtergekom dat dit nie so maklik is nie. Sy het my vertel: “Al word jy gerehabiliteer, bly jy konstant in ’n stryd betrokke.” Sy het dit duidelik gemaak dat verslawing ’n aanhoudende geveg selfs na die suksesvolle rehabilitasieproses is. Dit wat sy volgende gesê het, het my binneste geskud en my laat besef hoe ernstig en gevaarlik verslawing is. Sy het die verslawing ’n naam gegee, naamlik ‘die draak’. In hierdie konstante stryd het die draak net een doel voor oë: Om haar weer in die dwelmwêreld vas te vang en op so manier te verslind.

Die verhaal van die vrou het my laat dink aan die tekenprent waar die held teen die draak baklei om die prinses se liefde te wen en in die proses amper sy lewe verloor, maar aan die einde tog as oorwinnaar uit die stryd tree. Dit is inderdaad ’n feëverhaal, want met dwelmafhanklikheid is die realiteit anders. In die geval van die jong vrou en


© University of Pretoria

haar stryd met dwelms, word hierdie draak nooit heeltemal doodgemaak nie; eerder gekwes totdat hy weer sterk genoeg is om die volgende rondte aan te durf. Dit is ’n aanhoudende stryd. Net wanneer sy dink dat die stryd verby en die hunkering na dwelms iets van die verlede is, verskyn die draak weer en begin die eindelose geveg van vooraf.

Die verhaal van die vrou het my die volgende vrae laat vra: Kan dit werklik so wees dat die verslawing nooit weggaan nie? Het hierdie stryd nooit ’n einde nie? Kan hierdie stryd nimmereindigend wees? Indien dit die geval is, kan dit die rede wees waarom sommige mense net op ’n dag ophou baklei teen die draak.

Ek het ’n gesprek gevoer met ’n terapeut by ’n kliniek vir dwelmafhanklikes en haar gevra wat sy as suksesvolle dwelmrehabilitasie beskou. Haar antwoord het my ontstel: “Die sukses van ’n dwelmafhanklike se rehabilitasieproses kan gemeet word aan die tydsverloop voordat hulle weer dwelms gebruik; met ander woorde ’n terugslag kry.” Hierdie antwoord kom uit ’n terapeut se mond wat al jare met dwelmafhanklikes werk. Weereens het dit my kritiese vrae laat vra oor afhanklikheid en die toekoms van ’n dwelmafhanklike persoon.

Dit het vir my duidelik geword dat afhanklikheid as deel van ’n mens se karakter beskou word. Dit beteken, dat indien jy eers ’n afhanklike geword het, jy altyd as ’n afhanklike beskou word. Jy leef dus met ’n nuwe identiteit – “ek is ’n verslaafde” – vir altyd. Die negatiewe uitwerking wat dit op ’n mens kan hê, moet enorm wees. Die sogenaamde afhanklike moet ’n hele nuwe verstaan van hulle identiteit hê; een waar hulle altyd as afhanklike beskryf sal word. Dit kan tog nie die einde van die verhaal wees nie, ’n verhaal waar jou identiteit “ek is ’n verslaafde” is nie?

Vanuit hierdie verhaal van die jong vrou en die vrae wat in my gedagtes ronddwaal, het die hunkering na ’n alternatiewe verstaan van afhanklikheid ontwikkel. Is daar nie ’n moontlike alternatief nie? ’n Ander manier waarop terapie gedoen kan word wat moontlik beter resultate sal lewer nie? Kan ’n dwelmafhanklike ooit die draak finaal oorwin en nie meer as ’n afhanklike gekenmerk word nie? Kan die sukses van ’n gerehabiliteerde afhanklike nie anders beskryf word as bloot net groter intervalle tussen terugslae nie?


© University of Pretoria

Die doel van die navorsing is om die moontlikheid te ondersoek of die "draak-metafoor" kan verander in 'n metafoor van hoop, eerder as 'n metafoor wat tot verdoemenis lei. Hierdie navorsing gaan kyk hoe die draak lyk, met ander woorde, hoe afhanklikheid en meer spesifiek die afhanklikheid van dwelms, lyk. Die draak sal my vergesel en saam met my op reis gaan om die dieptes van verslawing te ondersoek. Ek gaan nie self dwelms gebruik nie, maar navorsing oor die draak doen, om tot 'n beter verstaan daarvan te kom, sodat ek meer ingelig met die medenavorsers kan praat.

Verder poog die studie om te kyk na die identiteit van mense wat afhanklik is of was van dwelms. Baie literatuur dui daarop dat iemand wat afhanklik is van dwelms se identiteit 'n groot rol speel in die herstelproses. Ek gebruik nie in die studie die term 'afhanklikheid' vir die rede dat dit mense etiketteer nie. Indien ek sou verwys na 'n verslaafde, sou ek afhanklikheid klaar deel maak van die persoon se identiteit. Die meeste bronne wat geraadpleeg is, gebruik die term 'verslawing' en 'afhanklikheid' uitruilbaar. Dit beklemtoon net weereens die siening van die meeste navorsing en studievelde oor mense wat afhanklik is of was aan dwelms het, en dit is dat afhanklikheid deel is van 'n mens se lewe en dus ook deel van jou identiteit word.

Hierdie verslawingsidentiteit vorm deel van die navorsingsgaping. Afhanklikheid word gesien as deel van jou identiteit en vir die genesingspad om te begin, moet iemand wat afhanklik is van alkohol of dwelms, dit erken. Dit is gewoonlik stap een en vorm die kern van rehabilitasiesentrums. In hoofstuk drie word daar in diepte oor die baanbrekerswerk van die AA se twaalf-stap-program gepraat. Dit het al baie mense se lewens deur jare heen gehelp, maar die teendeel is ook waar. In kort, gaan dit oor die eerste stap van die twaalf-stap-program, wat inhou dat jy moet erken dat jy 'n verslaafde is. Die meeste rehabilitasiesentrums gebruik hierdie filosofie wanneer dit by die rehabilitasieproses kom. Om te erken jy is 'n verslaafde, impliseer dat verslawing 'n integrale deel van jou identiteit vorm. In dié navorsing poog ek om hierdie stelling en voorveronderstelling te dekonstrueer. In hoofstuk vier word daar oor die rehabilitasieproses gepraat.

## 1.2 Navorsingsagtergrond en konteks

Dwelmafhanklikheid is 'n groot en wêreldwye probleem. Australiese navorsers het die eerste wêreldwye statistieke oor verslawing vrygestel. Hulle bevindings was dat meer



© University of Pretoria

as twee honderd en vyftig mense van alkohol afhanklik is en vyftien miljoen mense wêreldwyd heroïen gebruik (Gowing et al., 2015:910). Dit is dus duidelik dat afhanklikheid 'n wêreldwye epidemie is. Volgens 'n artikel op Health24 se webwerf (www.health24.com), is verslawing besig om 'n groter probleem in Suid-Afrika te word: "1 in 10 in SA has an addiction problem." Volgens hierdie artikel meen Bronwyn Meyers (2013) dat 11% (5.7 miljoen mense) van die Suid-Afrikaanse populasie op een of ander stadium in hul lewe met een of ander vorm van afhanklikheid gekonfronteer gaan word. In 'n ander artikel, wat deur Health24 vrygestel is, staan die volgende: "15% of South Africa has a drug problem." Daar word ook gesê dat Suid-Afrika 'n reputasie opgebou het as een van die dwelmhoofstede in die wêreld (Health24, Junie 2015). Hierdie is kommerwekkende statistieke wat die afhanklikheidsprobleem in Suid-Afrika beklemtoon.

SACENDU (South African Community Epidemiology Network on Drug Use) doen gedetailleerde navorsing aangaande afhanklikheid in die nege provinsies in Suid-Afrika. Hulle inligting word verkry vanaf gespesialiseerde rehabilitasiesentrums regoor Suid-Afrika. In hulle nuutste uitgawe van November 2015, het die totale opnames in 75 sentrums verhoog vanaf 10 179 in 2014 na 10 936 in 2015. Volgens hierdie statistiek is afhanklikheid nie iets wat gaan verdwyn nie. Dit wil voorkom asof die probleem erger word (SACENDU, November 2015, phase 38, Alcohol and drug abuse trends).

Die groot dwelmprobleem in Suid-Afrika het dit maklik gemaak om medenavorsers te vind. Persone wat afhanklik is van dwelms, daag gereeld by rehabilitasiesentrums, dokters en kerke op, opsoek na hulp om verlos te word van die greep van afhanklikheid en om 'n nuwe lewe te begin. Ek is betrokke by 'n rehabilitasiesentrum vir drank- en dwelmmisbruik in Pretoria-Noord en is tans ook op hulle raad. My MA-graad het gehandel oor die rol wat groepe speel in die lewe van die adolessente wat in hierdie rehabilitasiesentrum is. Hierdie sentrum is een van die min sentrums in Suid-Afrika wat 'n afdeling het vir adolessente met 'n afhanklikheidsprobleem. As gevolg van wetlike implikasies is dit egter net beperk tot adolessente seuns. Ek is deur een van die terapeute gevra om geestelike sessies vir die seuns aan te bied. So het ek al hoe meer by die sentrum betrokke geraak en so kon ek sien hoe persone vir hulp aanmeld.


© University of Pretoria

Die konteks waarbinne ek werk, is mense wat afhanklik is aan verskeie dwelmmiddels, vanuit verskeie sosio-ekonomiese agtergronde. Dann (2002:15) verwys na die wanpersepsie dat ’n persoon wat afhanklik is van dwelms herken kan word. Dit is nie waar nie. Persone wat verslaaf is aan dwelms, kan ’n werk hê of werkloos wees. Hulle is nie gebind aan ’n spesifieke area, soos byvoorbeeld ’n dorp of ’n informele nedersetting nie. Die ekonomiese welstand van ’n area het ook geen invloed hierop nie. Enige persoon van enige kultuur of nedersetting kan afhanklik raak van dwelms. Daar is geen spesifieke kriteria wat ’n persoon wat verslaaf is aan dwelms onderskei van enige ander persoon wanneer dit by sosio-ekonomiese omstandighede kom nie.

Hierdie konteks het ’n werklikheid in my lewe geraak toe ek terapeuties met mense begin werk het. Ek het my meestersgraad gedoen in Pastorale Gesinsterapie. Dit het vir mense wat terapeutiese hulp nodig het, die geleentheid gegee om aan my deur te kom klop vir hulp. Die laaste twee jaar het baie dwelmafhanklikes vir hulp kom vra. Dann (2002:9) beskryf in die inleiding van sy boek hoe meer en meer mense in Amerika by kerke aanmeld vir terapie. Hy vra dan ook of kerke gereed is vir hierdie beweging en of hulle gaan weet hoe om dit te hanteer en te identifiseer. Soveel meer gevalle het opgeduik waar mense se lewens heeltemal uitmekaar val as gevolg van dwelms. Statistieke wat in die SACENDU verskyn, wys dat die hoeveelheid mense wat by hulle klinieke opdaag, baie toegeneem het. Van 1996 tot 2013, het die getalle toegeneem van 9172 na 10 677 (SACENDU RESEARCH BRIEF, Vol 16 (2), 2014). Hierdie en ander statistieke wys dat afhanklikheid in Suid-Afrika ook geweldig toeneem. Die kerk is ook een van die plekke waar dwelmafhanklikes gaan vir hulp. Dwelmafhanklikheid is ’n navorsingsveld op sy eie. Daarom het ek besluit om dit in diepte na te vors om sodoende meer kennis van hierdie komplekse wêreld van dwelms op te doen. Predikante word nie opgelei om probleme soos afhanklikheid effektief te hanteer nie, daarom is dit vir my ook baie belangrik om myself in hierdie gebied te bekwaam. My belewenis as predikant by ’n gemeente, is dat mense wat afhanklik is van dwelms, dikwels by die kerk se deur aanklop vir hulp. Hierdie verskynsel dra daartoe by dat ek met baie mense wat afhanklik is van dwelms in aanraking kom.

Verslawing is baie gekompliseerd. Selfs wetenskaplikes is nie eens oor die presiese definisie van verslawing of afhanklikheid nie (Dann 2002:15). Nietemin, dwelms kan gedefinieer word as iets wat bestaan uit chemiese bestanddele wat tot verslawing lei.


© University of Pretoria

Dwelms het die manier om persepsie, gemoedstoestand en gevoelens te beïnvloed en selfs te verander (De Miranda, 1987:3). Trauma speel gewoonlik ’n groot rol wanneer dit by afhanklikheid kom. Elke afhanklike se lewensverhaal verskil, daarom is dit moeilik om vas te stel watter spesifieke trauma dwelmafhanklikheid veroorsaak. Daar gaan in gesprek getree word met mense wat afhanklik is van dwelms, om ’n beter verstaan van hulle lewensverhale te kry en te probeer agterkom wat moontlik hierdie trauma kon veroorsaak. Hierdie gesprekke gaan op ’n een-tot-een-basis geskied. In hierdie gesprekke gaan daar gefokus word op die persoon se eie unieke lewensverhaal wat moontlik kon lei tot hierdie trauma. Die doel van hierdie studie is egter nie om die trauma te ontleed en daaroor verslag te doen nie. Daar is alreeds baie werk en studies oor trauma en verslawing gedoen. Vir hierdie studie is dit nodig om moontlike trauma en die impak wat dit op die medenavorsers se identiteit en selfbeeld het te identifiseer. Dit is hier waar die postfundamentele verstaan van Praktiese Teologie en narratiewe benadering gebruik gaan word.

Die twaalf-stap-program is die huidige algemene metode waarmee daar met dwelmafhanklikes gewerk word. Hierdie metode word wêreldwyd deur die meeste instansies vir alkohol- en dwelmmisbruik gebruik. Hierdie plan is ontwikkel deur die AA (Alcoholics Anonymous). Later van tyd het die NA (Narcotics Anonymous) vanuit die AA ontwikkel. Die NA is meer op dwelmafhanklikheid gefokus. Bill Wilson en dr. Robert Smith het in 1935 die AA ontwikkel (Prentiss & Prentiss, 2007:134). Alhoewel die AA en NA al baie persone wat afhanklik was van dwelms se lewens verander het, is daar nog duisende wat nie aanklank vind by die twaalf-stap-program nie. Die rede hiervoor is dat hierdie persone nie daarvan hou om hulself verslaafdes te noem nie. Een van die eerste stappe van die AA en NA is om jouself voor te stel as ’n verslaafde en oor te gee aan die feit dat jy magteloos is teen verslawing (Prentiss & Prentiss, 2007:135). Die twaalf-stap-program etiketteer persone en maak verslawing deel van hulle identiteit. Vir hierdie rede is dit belangrik om ’n in-diepte studie van die twaalf-stap-program te maak en dan om ’n alternatiewe manier tot terapie met persone wat afhanklik is of was, aan te bied.

Die waarnemings wat gedoen is, is gedeel en getoets met die medenavorsers. Hulle het geleenthede gekry om te reageer op die waarnemings van die navorser en om kommentaar te lewer op die verhale soos dit opgeteken is.



© University of Pretoria

### 1.3 Agtergrond van die navorser

Ek is ’n PhD-student by die Universiteit van Pretoria en het ’n BTh- en MDiv-graad voltooi. Daarna het ek ’n MA-graad in Pastorale gesinsterapie voltooi. Tans is ek ’n voltydse predikant by die Nederduitse Gereformeerde Kerk Meyerspark. Hier is ek medeleraar van ’n span van drie predikante. My werk is meestal gefokus op die jong mense en die gesinne van die gemeente, maar ek doen ook werk volgens artikel nege van die kerkorde. Voor Meyerspark was ek voltydse leraar in die Nederduitse Gereformeerde Kerk Wonderpark. My werk daar was meestal op die jeug gerig, maar ek het ook werk volgens artikel nege van die kerkorde gedoen. Ek het in Waverley, Pretoria, grootgeword en bly tans in die Ooste van Pretoria. Ek is getroud met ’n jaar oue babaseuntjie.

Ek is op die bestuursraad van ’n rehabilitasiesentrum vir drank- en dwelmmisbruik in Pretoria-Noord. Soos ek reeds genoem het, het ek ook in die adolessente afdeling van die sentrum met adolessente seuns tussen die ouderdom van dertien en agtien gewerk. My MA-graad het gefokus op afhanklikheid, meer spesifiek die invloed wat die groep jongmense, wat by die groep inskakel, op mekaar uitoefen. Ek het ’n passie vir mense wat afhanklik is of was van dwelms. Die doel van hierdie PhD-studie is om te poog om afhanklikheid nie as deel van ’n persoon se identiteit te sien nie. In hierdie proses wil ek meer agtergrond aangaande afhanklikheid kry, wat my as predikant kan help wanneer mense na my toe kom vir hulp aangaande verslawing. Dit sal my help om meer sinvol met dwelmafhanklikes te werk.

Identiteit is vir my belangrik, en ek glo dat identiteit ’n groot rol in dwelmafhanklikes se lewens speel.

### 1.4 Die konteks van die medenavorsers

Die konteks waarbinne hierdie navorsing gedoen gaan word, is dié van ’n groep mense wat van verskeie dwelms afhanklik is, of was. In hierdie studie verwys ek na hulle as my *medenavorsers*. Hierdie mense is post-hoërskool, tussen die ouderdomme van 18 en 30, mans en vrouens, en woonagtig in verskeie omgewings. Almal van hulle is wit Afrikaanssprekendes, afkomstig uit tradisionele Afrikaanse huisgesinne. Verder is hulle van Christelike godsdienstige agtergrond en vanuit die Gereformeerde kerke. Dit beteken nie noodwendig dat hulle aktiewe kerkgangers is



© University of Pretoria

nie, maar dat hulle hulself met betrekking tot denominasie posisioneer binne een van die Gereformeerde kerktradisies.

Die rede vir hierdie keuse is omdat ek baie betrokke is by Afrikaanssprekendes wat van dwelms afhanklik is. Die medenavorsers is op soek na nuwe stories en moontlikhede in hulle lewe, wat tans vir hulle soos ’n doodloopstraat lyk.

In Wonderpark-gemeente waar ek gepraktiseer het, is daar ’n groep professionele mense wat in dwelmafhanklikheid spesialiseer. Hierdie groep mense bestaan uit ’n mediese dokter, ’n sielkundige en ek – wat ’n pastorale terapeut is. Elkeen van ons het ’n rol te speel in die verhaal van mense wat verslaaf is.

Die mediese dokter gebruik ’n tegniek waar Naltrexone onder die persoon se vel ingeplant word deur middel van ’n klein snytjie. Hierdie inplanting gee ’n stadige afskeiding van Naltrexone af soos wat die liggaam dit benodig. Indien die persoon weer dwelms gebruik na ’n inplanting, is die effek van die dwelms nie groot nie (cf. www.beataddiction.co.za). “The Coleman Institute” meen dat die inplanting van Naltrexone effektief is vir ses tot twaalf weke (http://www.thecolemaninstitute.com).

Die rol van die sielkundige is om die dwelmafhanklike te evalueer en op ’n gereelde basis te monitor. Tydens hierdie sessie word daar aan moontlike trauma aandag gegee. Daar word na die psigiese welstand van die dwelmafhanklike gekyk en dan behandel.

My rol as pastorale terapeut is om ’n terapeutiese pad saam met hierdie persone wat van dwelms afhanklik is, te loop. Hierdie is nie ’n geregistreerde organisasie nie en die mense wat deur die proses gaan, is persone wat by die kerk opdaag vir hulp. Sommige van hierdie mense daag ook by die dokter op en word dan na die kerk toe verwys nadat die inplanting van die pil gedoen is. Saam is ons op soek na nuwe verhale van hoop.

Rubin en Rubin (1995:65) sê tereg: “Whom you choose to interview should match how you have defined the subject of your research.” Vier medenavorsers is gekies om deel te wees van hierdie studie, waarvan drie mans is en een ’n vrou. Almal van hulle is afhanklik van heroïen of cat. Daar is baie verskillende tipe dwelms en elkeen het hulle eie uitwerking op die liggaam. Vir die doel van dié studie het ek die dwelms heroïen



© University of Pretoria

en cat gekies, omdat die meeste mense wat vir terapie by die mediese dokter en die sielkundige opdaag, hiervan afhanklik is. Elkeen van die medenavorsers was al by ’n rehabilitasiesentrum gewees en het later weer dwelms begin gebruik. Tans het elkeen ’n Naltrexone-inplanting gekry en ontvang terapie by die sielkundige.

Dit is noemenswaardig dat een van die medenavorsers in 2016 in die huwelik getree het. Hy het ’n vrou gekry wat hom nie veroordeel oor sy verlede nie en onderneem om die pad saam met hom te stap. Dit het hom groot vrede gegee. Een van die ander medenavorsers is weer geskei as gevolg van sy pad met dwelms en stel nie op die oomblik belang om weer te trou nie.

## 1.5 Navorsingsvraag

Hierdie studie fokus op die identiteit en moontlike faktore wat tot identiteitsvorming van mense wat afhanklik is of was van dwelms, gelei het. Die algemene konsep in die terapeutiese wêreld aangaande afhanklikheid is die volgende: “Eenkeer ’n verslaafde, altyd ’n verslaafde.” Hierdie stelling word goed bedoel vir dié rede dat iemand wat afhanklik is of was, konstant bewus moet wees dat verslawing deel van hulle lewe is en hulle aanmoedig om waaksaam te wees om nie weer in die slaggat van afhanklikheid te trap nie. Verslawing vorm dus deel van hul identiteit. Hierdie studie poog om die wêreld van persone wat afhanklik is of was en die persepsie wat hulle aangaande hul identiteit het, en hoe afhanklikheid deel vorm van hierdie identiteit te ondersoek.

Om tot ’n beter verstaan van die wêreld van dwelms te kom, is ’n in-diepte literatuurstudie van dwelms gemaak. In hoofstuk drie word daar in-diepte agtergrond gegee oor die huidige navorsing en kennis wat alreeds opgedoen is oor afhanklikheid, en meer spesifiek dwelmafhanklikheid.

Die metafoor van ’n gevreesde draak treiter die medenavorsers en wil hulle vernietig. Hierdie metafoor word in diepte in hoofstuk vier beskryf. Die navorsing poog om hierdie “draak”-metafoor in samewerking met die medenavorsers te herkonstrueer. Die draak vorm deel van die persoon se identiteit. Dit is die algemene, huidige persepsie. Tydens ons soeke na ’n ander metafoor vir die draak, is die volgende metafoor deur een van die medenavorsers voorgestel: “Dit is ’n klein slangetjie wat in my maag bly. Hierdie slangetjie is egter sluimerend en skadeloos en ek weet nie eers



© University of Pretoria

van hom nie. Wanneer ek die slangetjie kos gee, selfs net ’n bietjie, dan word hy hierdie draak wat my probeer verslind.” Hierdie metafoor van die slangetjie kom vir my nader aan die konsep van verslawing as identiteitsvorming. Wanneer ’n persoon verslaaf is of was, is dit altyd deel van die persoon se lewe. Doweiko (2006:21) meen dat verslawing in die mediese wêreld as ’n siekte beskryf word. Hy wys daarop dat daar losstaande teorieë oor ’n individu se biologiese predisposisie is. Hierdie predisposisie hoef egter nie die oorheersende, wrede draak te wees nie. Die persoon se identiteit is soveel meer as verslawing. Hy/sy is ’n mens met soveel ander eienskappe wat hom/haar definieer.

Die twee metafore, die draak en die slangetjie, is albei baie negatief. In die animasiefilm, “How to train your dragon,” word daar gewys hoe drake ’n hele dorpie se grootste vyande is. Die hoofkarakter is ’n klein seuntjie met die naam Hickup. Hy is nie die populêrste seun in die dorp nie. Eendag kwes hy ’n draak en sy hele lewe verander. Hy leer tegnieke aan om hierdie gevreesde draak te tem. Die seuntjie het steeds respek vir die draak, maar het beheer oor hom. In hierdie studie gaan hierdie verhaal die leidende metafoor word. Dit vertel iets van hoe verslawing beheer kan word. Al is dit ’n biologiese predisposisie, hoef dit nie ’n gevreesde draak te wees nie, maar eerder een wat getem kan word. Met hierdie metafoor kan die persoon wat aan dwelms verslaaf was of is, ’n nuwe toekomsverhaal konstrueer: een waar hy/sy beheer het oor die afhanklikheid en nie andersom soos in die vorige twee metafore nie.

Die navorsingsvraag wat ek ondersoek, is die volgende: Is daar nie ’n ander manier om na afhanklikheid en identiteit te kyk, as om dit heeltyd as deel van die persoon se identiteit te sien nie. Die stelling dat dit deel van ’n persoon se identiteit vorm, word volledig in hoofstuk drie en vier bespreek. Kan afhanklikheid apart van jou identiteit staan – en nie as deel daarvan nie?

### 1.6 Die uitdagings van hierdie studie

Dit is belangrik vir my, die navorser, om die uitdagings wat ek teëgekom het tydens die studie, te identifiseer. As postmoderne postfundamentele navorser, moet ek eg bly aan my wortels wat deur Freedman en Combs (2002:25) weergegee is. Dit beteken dat ons idees geleë is in ons eie ervarings en ons moet dit identifiseer.


© University of Pretoria

Tydens die onderhoude het dit na vore gekom dat hulle my as 'n predikant sien, eerder as 'n navorser. Die dilemma wat dit veroorsaak het, was dat hulle antwoorde gee wat hulle dink 'n predikant moet hoor. Hulle het ook hulle ervarings en emosies gesensor, juis oor die feit dat ek 'n predikant is. Vir hulle is daar sekere gedagtes en woorde wat mens nie in die teenwoordigheid van 'n predikant gebruik nie. Hulle was bang ek gaan hulle oordeel, soos wat so baie ander "kerk"mense doen. Dit het ons 'n rukkie gevat om oor hierdie hekkie te kom en hulle sover te kry om my nie as 'n predikant te sien nie, maar as 'n navorser. Een van die medenavorsers sou gedeeltes uitlaat wat met "sonde" geassosieer word. Dit het 'n probleem geskep vir my om die hele omvang van sy verhaal te verstaan en daarmee te werk. Die manier hoe ons oor hierdie hekkie gekom het, was om die onderhoude nie by die kerk te hou nie, maar eerder by my huis, of selfs by die medenavorser se huis. Die idee om te praat in 'n kerkgebou, het dit vir hulle moeilik gemaak om sekere woorde te gebruik en dit het hulle die heeltyd gekeer om die verhale vloeiend en eerlik weer te gee.

Die tweede uitdaging het ook gepaard gegaan met die feit dat ek 'n predikant is. Omdat die studie binne die vakgebied Praktiese Teologie geskied, is dit belangrik om oor die Goddelike verstaan van die medenavorsers te praat. Aanvanklik was almal van hulle huiwerig om oor godsdiens en hulle verstaan van God te praat omdat ek 'n predikant is; sê nou net hulle sê nie regte goed oor God en geloof nie? Nadat hulle meer gemaklik geraak het om oor godsdiens te praat, was hulle steeds versigtig oor wat hulle sê en het hulle hulle woorde mooi getel. Gereeld het hulle gestop en gevra of hulle reg praat, waarna ek hulle aangemoedig het om nie bekommerd te wees oor wat reg of verkeerd is nie, maar dat die egtheid van hulle Godservaring en geloof belangriker is. My opinie oor geloof en godsdiens moet nie hulle opregte belewenis daarvan beïnvloed nie.

Hulle het kom antwoorde soek by my. Hulle is almal onder die indruk dat predikante al die antwoorde op al die lewensvrae het. Dit het baie verduideliking gekos om hulle te oortuig dat ek nie al die antwoorde het nie en dat dit nie die doel van die navorsing was om antwoorde op diep geloofsvrae te kry nie, maar eerder saam op reis te gaan en saam te soek na die moontlike verstaan van hulle eie geloof en Godsbegrip.

Derdens was daar 'n taaluitdaging. Ek en die medenavorsers kom van min of meer dieselfde kulturele agtergrond. Ons almal praat Afrikaans, so dit was nie dié


© University of Pretoria

taaluitdaging wat die probleem was nie. Die medenavorsers kom uit ’n dwelmwêreld waar ’n sekere taal en terme gebruik word. Dit word as ’n gegewe beskou dat jy hierdie taal en terme sou ken. Sekere woorde en terme, vir sekere gedrag, moes ek leer ken om die wêreld waarin hierdie mense beweeg, beter te kon verstaan. Ek het self nie dwelms gebruik nie en daarom nie die taal geken wat hulle op straat gebruik nie. Woorde soos ’n ‘joint’ en ‘junk’ word gebruik om heroïen te beskryf. In een onderhoud is die term ‘chasing the dragon’ gebruik. Dit het veroorsaak dat ek gereeld tydens die onderhoude moes vra wat sekere woorde beteken. Die meeste terme vir dwelms is in Engels en daar is nie amptelike Afrikaanse woorde of terme daarvoor nie. Daarom gaan ek sekere woorde wat deur die medenavorsers gebruik is, in aanhalingstekens plaas.

## 1.7 Etiese kwessies

### 1.7.1 Moontlike gevare vir medenavorsers

Voor die onderhoude vir die navorsing begin het, het ek en die medenavorsers moontlike gevare uitgewys wat deur die navorsing na vore mag kom. Die navorsing werk met mense en hulle lewensverhale en daar kan moontlik dele van die verhale wees wat baie persoonlik is en wat nie deur die medenavorsers bekend gemaak mag word nie. Daarom was dit belangrik vir my om die verhale soos wat dit vertel is, deur die medenavorsers by ‘n volgende geleentheid terug te rapporteer, sodat hulle moontlike sensitiewe en privaat gebeurtenisse kan uitlig, sodat dit nie hulle identiteite sal verklap nie. Die beskerming van hulle identiteit is belangrik, omdat sekere medenavorsers ‘n vrees vir ‘dwelmsindikate’ het. ‘Dwelmsindikate’ is die persone wat die dwelms aan die medenavorsers verkoop. Hulle is konstant deur die ‘dwelmsindikate’ gewaarsku dat, indien hulle sou uitpraat en hulle identiteit verklap word, hulle fisiese skade aan hulle (die medenavorsers) of hulle geliefdes sal aanrig.

### 1.7.2 Moontlike voordele vir medenavorsers

Die medenavorsers het alreeds rehabilitasiesentrums besoek. By hierdie sentrums word daar slegs aan hulle lewensverhale geraak. Daar word nie in diepte oor hulle lewensverhale gepraat nie, gevolglik word sekere traumas, wat moontlik aanleiding kon gee tot die gebruik van dwelms, nie geïdentifiseer en aangespreek nie. Die voordele vir die medenavorsers is dat ons saam hierdie verhale kon ontleed en in diepte daaroor gesels, wat moontlik kan lei tot nuwe geherkonstrueerde


© University of Pretoria

toekomsverhale van hoop. Dit gee aan die medenavorsers die geleentheid om sin te maak van hulle huidige omstandighede en verlede.

### 1.7.3 Vrywilliglike deelname

Die medenavorsers het vrywillig deelgeneem aan hierdie navorsing. ’n Brief is aan hulle oorhandig waarin die navorsing uiteengesit en die agtergrond verduidelik is. Mense kan nie net deelneem aan die navorsing nie, maar moet ook ingelig word waaroor die navorsing gaan (Renold et al., 2008:427). Hierdie brief is deur die medenavorsers geteken wat daarmee hulle bereidwilligheid om deel te neem aan die navorsing, bevestig het. Hierdie inligting aan die medenavorsers is onderhandelbaar (Renold et al., 2008:427). Dit is ook duidelik gemaak dat hulle enige tyd tydens die navorsing mag onttrek, sou hulle so voel, en dat enige deel van hulle verhale, waarmee hulle ongemaklik voel en wat dalk hulle identiteit kon verklap, uitgehaal sal word. Hulle is ook ingelig dat sensitiewe dele van hulle verhale wat belangrik is tot die navorsing, gebruik gaan word om sodanig die egtheid van die navorsing te beskerm. Tydens die navorsing is ’n fiktiewe naam vir elke medenavorser gegee en hierdie naam is regdeur gebruik. Die medenavorsers het ook enige tyd toegang tot die navorsing gehad.

## 1.8 Posisionering - Praktiese Teologie

Die vakgebied waarbinne my navorsing geskied is Praktiese Teologie. Die rede vir my keuse in Praktiese Teologie is omdat dit die vakgebied is, wat my die meeste geprikkel het tydens my BTh studies. Die praktiese deel van godsdiens en teologie lê my naby aan die hart. Ek is konstant besig om vir myself die vraag te vra: Het teologie nog ‘n impak op die hedendaagse mens se lewens? Is teologie nog relevant en beteken dit iets vir mense in ‘n wêreld wat voortdurend aan die verander is? Grenz en Franke verduidelik teologie as volg:

> Christian theology is an ongoing, second-order, contextual discipline that engages in critical and constructive reflection on the faith, life, and practises of the Christian community. Its task is the articulation of biblically normed, historically informed, and culturally relevant models of the Christian belief-mosaic for the purpose of assisting the community of Christs followers in their vocation to live as the people of God in the particular social-historical context in with they are situated (Grenz & Franke, 2001:16).


© University of Pretoria

Volgens hierdie verduideliking is teologie dinamies en groei dit volgens die konteks waarin dit gevind word. Dit maak dat teologie tog relevant is vir die hedendaagse mens in sy konteks. Teologie help ook om die gemeenskap te dien en daarom is dit dus steeds relevant in vandag se lewe en kan dit tog betekenis gee aan kontekstuele ervarings van mense, selfs in ’n wêreld wat voortdurend aan die verander is. Praktiese Teologie kan dus weer betekenis gee aan menslike ervarings.

Deur die jare heen is Praktiese Teologie konstant besig om homself as gelykwaardig te probeer bewys teenoor ander teologiese vakgebiede (Müller, 2005:2). Browning (1991:3) sê dat Praktiese Teologie deur die jare heen deur die ander teologiese vakgebiede onderdruk is. Deur die opkoms van praktiese filosofie, het Praktiese Teologie weer betekenis gekry. Volgens Müller (2005:2) het Praktiese Teologie so hard probeer om as wetenskaplike dissipline bewys te word, dat hy sy greep in die praktyk verloor het. Dit wil voorkom of daar ’n wanbalans tussen teorie en die praktyk was.

Müller (2003:296) verduidelik dat Praktiese Teologie konkreet en spesifiek is: Dit kan nie in die algemeen funksioneer nie, dit is altyd plaaslik, konkreet en spesifiek. Hy meen dat sodra jy wegbeweeg van ’n spesifieke konteks, dit in een of ander vorm van sistematiese teologie verander. Teologie as ’n geheel moet prakties van aard wees, onPraktiese Teologie is nie meer teologie nie. Müller (2003:300) sê ook die oomblik wat ons besef en aanvaar dat identiteit en rasionaliteit, sosiaal gekonstrueer is as deel van ’n aanhoudende proses, is ons daarvan verlos om teologiese rasionaliteit teenoor sogenaamde wetenskaplike rasionaliteit te bewys. Müller (2005:78) skryf verder dat Praktiese Teologie eg moet wees teenoor die spesifieke plaaslike konteks, asook teenoor die metodologie wat gebruik is om die dinamika van die konteks te verstaan. Müller (2005:79) sluit verder by Browning (1987:9) aan as hy noem dat die metodologie van Praktiese Teologie betekenisvol moet wees in ’n sirkulêre beweging. Dit moet van teorie na konteks, terug na teorie en dan terug na konteks kan beweeg. Praktiese Teologie gebeur wanneer en waar ook al daar ’n refleksie op die praktyk is, vanuit die refleksie van ’n ervaring met God (Muller 2005:73).

Gerkin (1991:13) skryf dat in die konteks van pastorale sorg vir individue en groepe aangaande grense in die samelewing, moet ’n paradigmaskuif gemaak word. Praktiese Teologie fokus nie net op die praktiese bediening van die kerk nie, maar ook


© University of Pretoria

op die teenwoordigheid van die kerk in die samelewing. Dit beteken dus: deur Praktiese Teologie is ons geïnteresseerd om mense binne 'n spesifieke konteks en sosiale omgewing te dien, en sodoende kontinuïteit tussen die Bybel en die praktiese lewe te wys. Daarom poog Praktiese Teologie om binne die wêreld se siening met 'n christelike teologiese paradigma, tradisie en taal op te tree. Hierdie teologiese benadering poog om die gaping tussen mense se dag-tot-dag-take en hulle christelike lewe, wat net beperk is tot Sondae, kleiner te maak. Mense beleef op 'n daaglikse basis trauma soos egskeiding, armoede en dood. Praktiese Teologie poog om hierdie sosiale verskynsels aan te spreek deur 'n praktiese omgang met die Woord van God.

Lartey (2000:74) beskryf Praktiese Teologie as 'n manier om "te wees en te doen." Dit reflekteer dus op die sosio-kulturele konteks van individue, groepe en op die christelike geloof. Volgens Browning (1987:9) moet hierdie wees en doen van Praktiese Teologie soos wat dit in konteks beleef word, poog om te beweeg van die praktiese na die teorie en dan weer terug na die praktiese. Volgens hom kan teorie nie alleen staan nie, maar vind sy wortels in die praktyk. Praktyk en teorie kan nie van mekaar geskei word nie. Gerkin (1997:111) meen dat Praktiese Teologie die verskillende verhale van die lewe en die grondbeginsels van die christelike storie bymekaar moet uitbring.

Dit is duidelik dat die verstaan van 'n spesifieke konteks, belangrik is vir Praktiese Teologie. Müller (2005:78) bevestig hierdie stelling deur te sê dat Praktiese Teologie slegs moontlik is deur die waarneming daarvan as kontekstuele Praktiese Teologie. Hy plaas sterk klem op die feit dat Praktiese Teologie nie kan wegbeweeg van sy spesifieke plaaslike konteks nie.

Cilliers (2009:624-625) stel agt punte voor waarin Praktiese Teologie verstaan kan word:

- Geloof opsoek na verstaan (*Fides quaerens intellectum*): Die doel is om die openbaring van God op 'n logiese en kognitiewe manier te verstaan, te interpreteer en te verkondig.
- Geloof opsoek na woorde (*Fides quaerens verbum*): Dit impliseer 'n narratiewe benadering, gekomplimenteer deur 15 fases van konnotasie en diskoers.


© University of Pretoria

- Geloof opsoek na dade (*Fides quaerens actum*): Dit is ‘n sterker integrasie tussen teorie en praktyk, bevryding, transformasie en maniere om Praktiese Teologie te beïnvloed.
- Geloof opsoek na hoop (Fides quaerens spem): Dit is die verstaan van ervaring en betekenis, sowel as die vermoë om die verstaan daarvan te fasiliteer deur liturgie, pastoraat en prediking.
- Geloof opsoek na beelde en simboliese handeling (*Fides quaerens imaginem*): Dit bring ‘n nuwe dimensie in konsiderasie nl. estetiese rede. Die klem word geplaas op verbeelding en kreatiewe uitbeelding.
- Geloof opsoek na visualisering (*Fides quaerens visum*): Die doel is om spore van God se teenwoordigheid te vind deur visuele en virtuele realiteite. Moderne tegnologie, byvoorbeeld die internet, kan ‘n bydrae lewer.
- Geloof opsoek na verpersoonliking (*Fides quaerens corporalitatem*): Dit is ’n holistiese benadering wat die verpersoonliking van mense beklemtoon. Die menslike liggaam vorm ‘n integrale deel van wat ons ervaar in terme van ons verhouding met God. Hierdie is ‘n baie belangrike beweging in Praktiese Teologie omdat dit die idee van kontekstualisasie, onmiddellikheid, stuiting, omhelsing, gemeenskaplike en konkreetheid, behels.
- Geloof opsoek na sosiale verpersoonliking (*Fides quaerens societatem*): Dit is ‘n oorgang wat Praktiese Teologie verder as net sy ekklesiologiese grense neem na ‘n interaksie met verskillende ander gemeenskappe om sodoende hierdie gemeenskappe te verdiep. Die ander kant is ook van toepassing, in die sin dat die ander gemeenskappe Praktiese Teologie ook verdiep.

Hierdie agt punte verwys na die noodsaaklikheid van Praktiese Teologie om interaksie met ander dissiplines te hê. Hierdie dissiplines is nie net beperk tot ander teologiese dissiplines nie, maar ook dissiplines buite die teologie. Hierdie benadering beweeg na ’n transversale rasionaliteit wat deur die postfundamentele benadering in Praktiese Teologie voorgestel word. Dit wys daarop dat Praktiese Teologie nie kan los staan van die konteks nie en terselfdertyd nie die ‘God’-narratief agterlaat nie. Terselfdertyd is Praktiese Teologie daarvan bewus dat dit ook deur die konteks beïnvloed word. Daar is dus ’n wisselwerking wat plaasvind en is nie net eenrigtingverkeer nie.


© University of Pretoria

Müller (2005:73-74) bevestig transversale rasionaliteit volgens die postfundamentele benadering tot Praktiese Teologie. Hy skryf dat dit belangrik is om die transversale benadering in Praktiese Teologie te inkorporeer om sodoende die verstaan daarvan te bevorder. Müller (2005:74) skryf verder dat daar deur die ontstaan van die postfundamentele benadering, ook ’n metode ontwikkel het waardeur Praktiese Teologie beoefen kan word. Müller (2003:297) se mening ten opsigte van die postfundamentele en sosiale konstruksionisme is dat dit Praktiese Teologie ’n manier gee om weg te beweeg van modernisme en fundamentalisme.

Van Huyssteen skryf die volgende oor Praktiese Teologie waarby Müller (2005) aansluit:

> Evolving out of my commitment to and involvement with Christian theology’s precarious interdisciplinary status as it faces the diversity and inevitable pluralism of contemporary postmodern thought in our times, these essays also reflect my deep conviction that only a truly accessible and philosophically credible notion of interdisciplinary will be able to pave the way for a plausible public theology that wishes to play an important intellectual role in our fragmented culture today (Van Huyssteen, 1997:1).

Van Huyssteen se werk is afkomstig van die gesprek tussen wetenskap en teologie, en die filosofiese epistomologie wat dit moontlik maak vir teologie om ‘n betekenisvolle bydrae te lewer tot die interdissiplinêre gesprek van ons tyd. Later in hierdie hoofstuk word daar meer aandag gegee aan die postfundamentele benadering van Praktiese Teologie.

## 1.9 Narratiewe terapie

In hierdie studie is die narratiewe benadering gebruik om na mense wat afhanklik is of was van dwelms se verhale te luister en te vertel. Die narratiewe benadering is ook gebruik om op reis te gaan saam met my medenavorsers, om sodoende nuwe ontdekkings te maak aangaande hulle lewensverhale. Dus gaan die empiriese navorsing gegrond wees in die metodes wat deur die narratiewe benadering voorgeskryf word. Vir hierdie rede is ’n in-diepte studie van die narratiewe benadering belangrik. Daar is egter terapeutiese en navorsingsmetodes wat op die narratiewe benadering geskoei is. Hulle is nie dieselfde nie, maar is verwant aan mekaar.


© University of Pretoria

Freedman en Combs (1996) werk met 'n terapeutiese benadering, maar hulle werk kan ook sinvol in navorsing gebruik word.

Freedman en Combs (1996:1) verwys na "narratief" en "sosiale-konstruksie" as twee metafore waarvolgens hulle kliniese werk doen. Wanneer die narratiewe metafoor gebruik word, dink ons aan mense se lewens as stories: ons help hulle om hulle lewens as betekenisvolle stories te beleef. Die sosiale-konstruksie metafoor help ons om die manier waarop elke mens se sosiale, interpersoonlike realiteit gekonstrueer word, deur interaksie met ander mense en menslike instansies en om die invloed van sosiale realiteite wat betekenis aan hulle lewens gee, in ag te neem. Freedman en Combs (1996:1-2) beweeg weg van 'n rigiede manier om na mense se lewens te kyk, wat die konstante verandering van byvoorbeeld mense se interpersoonlike verhoudings insluit. Hulle beweeg in 'n rigting wat nie na mense se lewens te kyk volgens "patrone" en "sisteme" nie, maar eerder as stories. "We no longer organize our experiential worlds in terms of 'information' and 'pattern'. Instead we think in terms of stories" (Freedman & Combs, 1996:18).

In sy gebruik van die narratiewe metafoor, stel White (1993:36) voor dat alle mense, volwassenes en kinders, hulle lewens as stories leef. Hierdie stories gee struktuur aan die lewe, is eg en nie slegs verbeelding nie. Freedman en Combs (1996:268) sluit by White aan en sê ook dat die "self" sosiaal gekonstrueer word in verhouding met ander mense.

Burns (2005:5) skryf dat stories 'n integrale deel van ons lewens is. Deur die jare was dit 'n onlosmaaklike deel van die menslike kultuur, opvoeding en waardes. Dit maak nie saak wat jou taal, kultuur, geloof, geslag of ouderdom is nie, stories was nog altyd en sal altyd 'n belangrike rol in ons lewens speel (Burns, 2005:5). Verder is Burns (2005:4) van mening dat ons as 'n spesie stories gebruik om ons wêreld te verstaan. Dit help ons met die proses om ons wêreld te definieer en ons identiteit te vorm.

Binne die narratiewe benadering is daar sekere konsepte of elemente wat belangrik is tot die verstaan van narratiewe terapie. Een van die eerste belangrike konsepte van die narratiewe benadering, is *dekonstruksie*. Freedman en Combs praat van dekonstruktiewe luister :


© University of Pretoria

> We call the special kind of listening required for accepting and understanding people's stories without rectifying or intensifying the powerless, painful, and pathological aspects of those stories: deconstructive listening. Through this listening we seek to open space to: aspects of people's life narrative that haven't yet been storied (Freedman & Combs, 1996:46).

Dekonstruksie het ontstaan vanuit die persepsie dat daar 'n konneksie tussen kennis en mag is en dat hierdie kennis vanuit 'n diskoers ontstaan, wat gepropageer word deur 'n spesifieke kultuur of samelewing. Narratiewe terapeute sê dat hierdie diskoers deur verskillende sosio-kulturele verhale ontstaan het en dat sekere van hierdie verhale meer dominant is as ander (Freedman & Combs, 2002:13). Volgens Burr (2003:67), behoort mag nie net aan een sosiale groep mense nie, maar is eerder deel van 'n kulturele diskoers. Saam met die medenavorsers kan hierdie mag herken word en alternatiewe, unieke stories gevorm word. Freedman en Combs (2002:14) is verder van mening dat alle mense, selfs die mees gemarginaliseerde individue, ervarings het wat buite die sosio-kulturele verhale lê. Daar is dus ander alternatiewe, dominerende verhale wat ontdek kan word, wat los staan van die sosio-kulturele verhale. Goldenberg en Goldenberg (2008:368) verwys na dekonstruksie as die ontleding van afleidings. Dit beteken dat daar meer as een afleiding van dieselfde gebeurtenis gemaak kan word. Freedman en Combs (1996:44) skryf dat iets so eenvoudig soos om na iemand se storie te luister, ten spyte van diskoerse en kennis, opsigself 'n merkwaardige gebeurtenis is. Burr (2003:81-90) waarsku egter teen die negatiewe kant van diskoerse: wanneer daar nie na unieke alternatiewe stories gesoek word nie, is mense se toekomsverhale afgewater en word dit slegs in stand gehou. Wanneer daar met mense se stories gewerk word, is dit belangrik om relevante diskoerse te identifiseer. Freedman en Combs (1996:43) sê die volgende oor diskoerse: "Discourses powerfully shape a person's choices about what life events are to be storied and how they should be storied. This is as true for therapists as it is for the people who consult them."

Freedman en Combs (1996:43) sê ook dat diskoerse relevant is vir die terapeut en die pasiënte. Terapeute word gekondisioneer om op 'n diagnoserende manier te luister na stories. Hulle is voortdurend op soek na tekens wat aantoon dat daar fout is in die pasiënt se lewe en dan reggemaak moet word. Freedman en Combs sê ook dat ons eerder na mense se lewens as stories moet kyk. Wanneer diskoerse in die



© University of Pretoria

navorsingskonteks ingebring word, hou dit ’n gevaar in vir die medenavorsers, in die sin dat navorsers deur sogenaamde algemene sienings oor gebeurtenisse in die lewe beïnvloed kan word en dit dan kan gebruik om betekenis aan die medenavorsers se stories te gee.

Vir navorsers wat van die narratiewe benadering gebruik maak en met mense wat afhanklik is of was van dwelms werk, is dit belangrik om hulle lydende stories te ontleed en moontlike diskoerse te vind wat gekonstrueer is deur ’n sekere sosio-kulturele groep. Mense maak konkrete afleidings en dit word gevolglik toegepas as die norm, en alle mense wat aan dwelms verslaaf is of was, word deur hierdie verhale gedefinieer. Goldenberg en Goldenberg (2008:368) sê dat terapeute mense se sogenaamde waarhede oor hulle lewens moet herinterpreteer en moontlike diskoerse identifiseer sodat die persone alternatiewe verhale van die realiteit kan konstrueer.

Die volgende belangrike aspek van die narratiewe benadering is om vanuit ’n “nie-wetende posisie” na mense se verhale te luister (Anderson & Goolishian, 1992:28). Dit help die terapeut tot ’n sosiale konstruksionistiese verstaan van die pasiënte se verhale. In ’n navorsingskonteks nooi die medenavorser as’t ware die navorser om deel te hê aan sy/haar verhaal. Daar is egter ’n gevaar wanneer dit by navorsing kom: die navorsers besluit watter dele van die verhaal relevant is tot die navorsing. In narratiewe benadering is dit juis die medenavorser se voorreg om te besluit watter deel van sy/haar verhaal belangrik is om te vertel. Daarom is refleksie van die verhale deur die medenavorsers nodig. Volgens Connelly en Clandinin (1990:4) is dit in narratiewe navorsing vir die medenavorser belangrik om eers haar/sy storie te vertel; die navorser moet net luister. Hierdie is belangrik vir die verhaal om te ontwikkel en sodoende die medenavorser se verhaal outoriteit te gee.

’n Volgende belangrike konsep van die narratiewe benadering is waarna Morgan (2000:12) verwys as ’n “dun verduideliking” van verhale. Met “dun verduidelikings” word bedoel: die idee wat iemand oor hom-/haarself het, word soms gevorm deur ander persone, of in relasie met ander persone, wat min of geen plek laat vir verandering nie. Dun verduidelikings lei tot “dun interpretasie” wat as ’n persoon se identiteit en karakter aanvaar word. Morgan (2000:14) gaan verder deur te sê: soos die probleemverhaal groter en groter word, kan dit moontlik toekomstige verhale


© University of Pretoria

beïnvloed. Hierdie interpretasies lei tot verdere dun verduidelikings soos wat mense se vaardighede, kennis en vermoëns meer versteek raak deur die probleemverhaal. Mense se lewensverhale word gebou op interpretasies wat somtyds negatief van aard is. Freedman en Combs (1996:17) vertel dat tydens hulle gesprekke met mense wat hulle kom sien vir terapie, hulle die interaksie tussen die stories wat die mense leef in hulle persoonlike lewe en die stories van hulle kultuur raaksien. Hulle sien hoe kulturele stories die manier beïnvloed hoe mense hulle daaglikse ervarings interpreteer.

Sommige van die medenavorsers in die studie leef met ’n dun verduideliking oor hulle verhouding met afhanklikheid, met die wete dat indien jy eenkeer verslaaf was, jy altyd ’n verslaafde is. In die samelewing is dit die boodskap wat die medenavorsers hoor en dan integreer met hulle identiteit en toekomstige lewensverhale. Die kultuur wat die medenavorsers se denke oor hulleself beïnvloed, is in baie gevalle oningelig oor die kompleksiteit van afhanklikheid en daarom word dun interpretasies daaroor gevorm. Later in die studie word daar in meer diepte gekyk na die verstaan van ’n persoon wat afhanklik is of was van dwelms se identiteit en hoe hierdie dun verduidelikings ’n groot rol in hulle lewens speel.

Goldenberg en Goldenberg (2008:367) verwys na Michael White wat sê dat ons eerder na “dik verduidelikings,” wat die identiteit van die persoon meer kompleks maak, moet soek. Dik verduidelikings geskied deur nie probleme te probeer oplos nie, maar eerder saam met die kliënte hulle verhale oor ander en hulself te verdiep (Freedman & Combs, 2002:12). Hierdie dik verduidelikings word gevorm deur ’n persoon se persoonlike, historiese, politiese en kulturele invloed, omdat ons stories gekoppel is aan ander se waarhede. Goldenberg en Goldenberg (2008:368) is ook verder van mening dat terapeute saam met die pasiënte maniere moet soek om hulle lewensverhale op ’n ryk manier te vertel. Dus moet die narratiewe terapeut en navorsers saam met die medenavorsers na dun verduidelikings soek om dit in dik verduidelikings te kan verander.

Dik verduidelikings word gevorm vanuit die ontstaan van ‘n alternatiewe verhaal. Morgan (2000:14) skryf dat alternatiewe verhale wat deur dik verduidelikings verdiep word, ‘n hele nuwe wêreld met nuwe moontlikhede oopmaak. Freedman en Combs


© University of Pretoria

(1996:16) sluit hierby aan: "Within the new stories, people could live out new self-images, new possibilities for relationship and new futures."

Binne die narratiewe benadering is die posisie van die terapeut, asook die navorser, 'n "nie-wetende" posisie. Freedman en Combs (1996:44) verwys na Anderson en Goolishian (1988, 1990 en 1992), en Hofman (1991) se mening oor die belangrikheid van 'n nie-wetende posisie. Hulle sien terapie as 'n proses waarnatoe ons beweeg na dit wat ons nog nie weet nie. Ons bereik 'n nie-wetende posisie wanneer ons eerder luister as praat (Freedman & Combs, 1996:45). Wanneer ons luister, is ons in die proses om ons eie interpretasies en veronderstellings te bevraagteken. Om die nie-wetende posisie te verduidelik, gebruik Freedman en Combs (1996:45) die woord "nuuskierigheid." Ons moet nuuskierig wees wanneer daar na verhale van mense geluister word en nuuskierige vrae moet gevra word.

Om 'n nie-wetende posisie in te neem, is dit belangrik dat die navorser weet hy/sy is nie die kenners in die lewens van die medenavorsers nie, maar eerder dat die medenavorsers die kenners in hulle eie lewens is (Müller 2000:56). Die navorser word 'n kenner wanneer hy/sy 'n eerlike nie-wetende posisie inneem en die medenavorser toerus om die rol as kenner in hulle eie stories te wees.

Saam met die nie-wetende posisie, is dit belangrik dat die navorser weet sy/haar storie kan nooit losgemaak word van dié van die medenavorser se storie nie. Müller (2000:56) meen dat die terapeut (of navorser), se verhaal nooit belangriker of meer outoriteit mag dra as dié van die medenavorser nie. Binne die narratiewe benadering is objektiwiteit nie moontlik nie en die navorser se storie kan nie losstaan van die medenavorser se storie nie. Daarom is dit belangrik dat die navorser bewus is van sy/haar eie storie en dat sy/hy medeskrywers word in die ontwikkeling van die medenavorser se storie. Demasure en Müller (2006:418) verduidelik dat die navorser en terapeut eerlik moet wees in die besef dat hy/sy nie die enigste waardevolle perspektief op die konteks het nie, maar dat daar verskillende perspektiewe is wat die verhaal "dikker" kan maak.

Freedman en Combs (2002:25) verwys na White (2000) wat meen dat die narratiewe terapeut 'n nie-sentrale rol inneem, maar steeds 'n invloed het omdat hy/sy deelneem aan die gesprek as 'n persoon wat 'n spesifieke vaardigheid besit. Volgens Freedman



© University of Pretoria

en Combs (2002:25) word die proses geëvalueer deur te vra hoe die gesprek verloop het en te reageer op die antwoorde wat deur die pasiënte gegee word. Somtyds reflekteer die terapeut oor alternatiewe rigtings waarheen die gesprek kan verloop, deur steeds eerlik te wees oor hulle intensies en ervarings, en ander tye glad nie. In ’n navorsingskonteks word die verhale soos wat die navorser dit interpreteer, teruggeneem na die medenavorsers om hulle die kans te gee om op die interpretasie van die navorser te reflekteer, sodat die verhale van die medenavorsers na vore kom en steeds die kern sal vorm.

Verder maak narratiewe benadering gebruik van ’n tegniek, naamlik “eksternalisasie.” Freedman en Combs meen dat White (1987, 1988/9, 1989) die volgende idee op die tafel plaas: die persoon is nie die probleem nie, maar die probleem is die probleem. Dus word eksternalisasie gebruik om probleme te definieer as iets wat ’n impak het op ’n persoon se lewe, of infiltreer. Dit is iets afsonderlik of anders as die persoon se lewe. Freedman en Combs (2002:28) glo dat wanneer daar na verhale geluister word vanuit die standpunt dat probleme apart van mense se lewens is, dit ’n sterk dekonstruktiewe effek tot gevolg het. White verduidelik eksternalisasie as volg:

> Externalizing is an approach to therapy that encourages persons to objectify and, at times, to personify the problems that they experience as oppressive. In this process the problem becomes a separate entity and thus external to the person or relationship that was ascribed as the problem. Those problems that are considered to be inherent, as well as those relatively fixed qualities that are attributed to persons and to relationships, are rendered less fixed and less restricting (White, 1990:38).

Hierdie proses van White behels dat die pasiënte hulle probleme nie internaliseer nie, maar eerder hulself losmaak van die probleem. White (1990:39) verduidelik hoe hy families gehelp het om hulle probleme vanuit ’n nie-problematiese versadigde perspektief te beleef en daardeur nuwe alternatiewe verhale te konstrueer. Morgan (2000:22-23) bied verskeie sake wat in ag geneem moet word wanneer eksternalisering gebruik word. Eerstens moet daar mooi gedink word oor die spesifieke woorde wat gebruik gaan word. Die taal wat gebruik word, moet nie die probleem vererger nie. Tydens die proses moet die navorser ook daarvan bewus wees dat sekere eksternaliseringsvrae meer moontlikhede oopmaak as ander.



© University of Pretoria

White (1990:40) kom tot die gevolgtrekking dat die eksternaliseringsproses die volgende voordele inhou:

1. Dit verminder onproduktiewe konflik tussen mense, wat blamering vir wie verantwoordelik vir die probleem is, insluit.
2. Dit ondermyn die gevoel van mislukking, wat vir baie mense ontwikkel het as gevolg van die aanhoudende opduik van die probleem.
3. Dit gee aan mense die moontlikheid om saam met mekaar te werk en om saam teen die probleem te staan.
4. Dit maak nuwe moontlikhede oop vir persone om aksie te neem en hulle lewens van die probleem af terug te neem.
5. Dit gee aan persone die moontlikheid om ‘n gemakliker en effektiewer benadering tot gevaarlike probleme te hê.
6. Dit bied geleenthede vir dialoog, eerder as ‘n monoloog, oor die probleem.

Wanneer hierdie tegniek van White (1990:40) gebruik word vir navorsing, kan die probleem wat die medenavorser bring, apart gesien word van hom/haar en kan eerder gekyk word na die verhouding wat die medenavorser met die probleem het. Wanneer gesprekke geëksternaliseer word, is ons spesifiek geïnteresseerd in die ver-duidelikings van die uitwerking wat probleme op persone se lewens het (Freedman & Combs, 2002:29).

Wanneer eksternalisering en dekonstruksie gebruik word, lei dit tot die ontdekking van “unieke uitkomste.” White (1990:55) sê dat die proses waarin unieke uitkomste gevind word, nie maklik is nie, en dat dit somtyds net nodig is vir een unieke uitkoms om nuwe betekenis te bewerkstellig. Freedman en Combs (1996:126) meen ook dat unieke uitkomste nie die probleem hoef te oorwin nie: “A thought at odds with the problematic story, doing something differently in response to the problematic story (even if the problem eventually dominates), or making preparations to have a different relationship with the problem can all be unique outcomes.”

White (1990:55-63) bied ‘n paar maniere hoe unieke uitkomste gevind kan word:


© University of Pretoria

- **Historiese, unieke uitkomste**

Persone kan aangemoedig word om gebeurtenisse wat kontrasterend is tot die huidige probleem te noem. Hierdie histories uitkomste kan nuwe betekenis gee wanneer persone teruggaan in die verlede en hulle huidige verhoudings en gebeure evalueer.

- **Huidige, unieke uitkomste**

Sommige unieke uitkomste kom na vore tydens die sessies. Dit word gewoonlik deur die terapeut na vore gebring en onder die aandag van die pasiënte as gevolg van die terapeut se "nuuskierigheid."

- **Toekomstige, unieke uitkomste**

Unieke uitkomste kan 'n toekomstige betekenisvolle plek hê. Dit kan na vore kom deur die persoon se plan van aksie om die probleem te ontduik, of deur ondersoek in te stel oor sy/haar gevoel en hoop teenoor die probleem.

- **Unieke uitkomste en verbeelding**

Verbeelding speel 'n baie groot rol vir die terapeut en die pasiënte in die eksternalisering van die probleem. Dit is belangrik vir die terapeut om kreatiewe verbeelding te gebruik oor wat moontlik kan gebeur en moontlike unieke uitkomste. Die verbeeldingsproses kan moontlike onverwagte unieke uitkomste na vore bring.

Unieke uitkomste geskied deur toe te laat dat alternatiewe verhale ontwikkel. Unieke uitkomste is enige gebeurtenis wat nie voorspel kon word deur die probleemverhaal nie (Freedman & Combs, 2002:31). Freedman en Combs verwys na Morgan wat meen dat unieke uitkomste die volgende insluit: 'n plan, 'n aksie, 'n gevoel, 'n stelling, 'n begeerte, 'n droom, gedagtes, geloof, vaardigheid of toewyding. Somtyds is unieke uitkomste voor die hand liggend, en ander kere is dit diep in die verhaal van die pasiënte en dan ook die medenavorser gewortel. Volgens Freedman en Combs (2002:31) moet die terapeut die kliënte uitnooi om alternatiewe verhale te ontwikkel, eers dan kan unieke uitkomste ontwikkel. Hulle gaan verder deur te sê: Eers wanneer mense hulle verhale aan ander vertel, kan betekenis ontwikkel. Mense moet dus die geleentheid gegee word om hulle verhale te herleef. Die rol van die terapeut is bloot net om die pasiënt in 'n rigting te stuur deur relevante vrae te vra, om hulle verhale in


© University of Pretoria

meer detail te vertel en sodoende betekenis daaraan te gee (Freedman & Combs, 2002:32).

### 1.10 Sosiale Konstruksionisme

Deel van die epistemologie van hierdie studie word in sosiale konstruksionisme gevind. Dit het vanuit die gedagte in Praktiese Teologie ontwikkel dat strukture en stelsels ’n baie belangrik rol speel. Na hierdie postmoderne benadering word ook soms verwys as sosiale konstruksionisme (Müller et al., 2002:76).

Om die omvang van sosiale konstruksionisme te verstaan, is dit nodig om te kyk hoe stelsels en strukture ontwikkel het. Freedman en Combs (1996:2) gee ’n oorsig van die ontwikkeling van sosiale konstruksionisme. Die “struktuur”-metafoor wat vroeër gebruik is, is rigied en het mense slegs as objekte gesien. Een van die nadele van hierdie metafoor as leidende metafoor, is dat dit baie min aandag aan die verhoudings-deel van mense gee. Hierdie verhoudings-deel van mense is voortdurend besig om te verander en is ’n komplekse deel van die menslike bestaan. Hulle is verder van mening dat as families as strukture gesien word, kan dit die vloei van idees in ons groter kultuur inhibeer.

Freedman en Combs (1996:3) verwys na die ontwikkeling van vroeër sistematiese denke wat mense as ’n kubernetiese stelsel sien. Die kubernetiese stelsel het in die 1950’s ontstaan. Dit staan bekend as die “eerste kubernetiese orde.” Stelsels in die eerste kubernetiese orde het mense as masjiene gesien. Dit impliseer dat terapeute nie deel vorm van die familie nie, en die familie kan beheer deur objektiewe assesserings te doen en die probleem reg te maak soos wat mens ’n stukkende masjien regmaak. Mense het dus vasgeval in spesifieke, herhalende gedragspatrone. Hierdie gedragspatrone is dan verander om ’n meer gesonder stelsel te vorm.

Later is die “tweede kubernetiese orde” ontwikkel, waar terapeute besef het dat hulle nie los van die familiestrukture kan staan nie en objektiewe assesserings nie moontlik is nie (Freedman & Combs, 1996:5). Terapeute is deel van die familiestelsel wat terapie ondergaan en kan nie daarvan losgemaak word en objektief optree nie. Die metafoor het verander om mense se lewens eerder as ekologiese, biologiese stelsels te sien. Mense se lewens word gesien as “prosesse” wat ontwikkel en verander (Freedman & Combs, 1996:5-8). Sirkulêre vrae het uit die tweede kubernetiese orde


© University of Pretoria

ontstaan waar die pasiënte hulself as deel van 'n verhouding of 'n stelsel sien en na die opinies van die ander pasiënte luister.

Hierna het sosiale konstruksionisme ontstaan, nie net vanuit die sistematiese denke nie, maar ook vanuit die ontstaan van postmodernisme. Geleerdes het ontdek dat "absolute waarheid" nie geken kan word nie (Goldenberg & Goldenberg, 2008:341). Verder het geleerdes ontdek dat daar vaste patrone van denke is en dat hierdie denke gedekonstrueer moet word om plek te maak vir alternatiewe maniere van dink. Konstruksionisme het ontstaan toe geleerdes besef het dat hulle deel vorm van die dekonstruksie van mense se gedrag en opinies. Freedman en Combs (1996:19-20) verwys na Divid Pare (1995) wat drie maniere gee oor hoe om menslike kennis van die realiteit op te doen. Pare sê dat (1) realiteit kenbaar is, met ander woorde die denke en werking kan akkuraat deur mense ontdek, beskryf en gebruik word, (2) ons gevangenes is van ons eie persepsies, met ander woorde pogings om realiteit te beskryf, vertel ons baie van die persoon wat dit probeer verduidelik, en (3) kennis ontwikkel in gemeenskappe van kenners, met ander woorde die realiteite wat ons aanneem, is dié wat ons met ander mense uitklaar (Freedman & Combs, 1996:20).

Sosiale konstruksionisme word gesien as 'n produk van unieke individuele menslike prosessering (Mills & Sprenkle, 1995:396). Burr (2003:3) sê dat kennis en die verstaan daarvan, kultuur-spesifiek is. Popp-Baier (2002:41) sluit hierby aan en sê dat kennis nie 'n refleksie van 'n gegewe realiteit is nie, maar eerder die konstruksie van 'n wêreld.

Deur sosiale konstruksionisme word die navorser in die wêreld van die medenavorser ingenooi (Müller et al., 2002:76). Volgens sosiale konstruksionisme word die identiteite van mense bepaal deur daaglikse interaksie met hulself en met ander (Burr 2003:13). Goldenberg en Goldenberg (2008:342) skryf dat sosiale konstruksionisme die bestaan van objektiewe realiteit ontken en dat geloof, houding, gedagtes en emosionele reaksies vanuit ons taal, kultuur en verhoudings met mekaar ontstaan.

Freedman en Combs (1996:22) sien sosiale konstruksionisme as 'n belangrike deel van narratiewe terapie. Vir Müller (2002:79) is sosiale konstruksionisme ook belangrik vir narratiewe navorsing omdat die nie-wetende posisie die medenavorser kans gee vir die ontwikkelling van die sosiale konstruksionistiese proses. Die rol van die terapeut, volgens Freedman en Combs (2002:13-14), is om die gespreksgenote se



© University of Pretoria

verhale te dekonstrueer en so te herkonstrueer, sodat dit verander in verhale van bemagtiging, beheer en betekenis. Demasure en Müller (2006:416) stem hiermee saam en sê dat die sosiale konstruksionistiese terapeut bewus moet wees van die idee van diskoerse en hoe dit tot die aanvaarding van die narratiewe benadering lei. Die gebruik van dekonstruksie kan die onderliggende magsverhoudings uitwys, wat deur ’n spesifieke kultuur daargestel is en sodoende die persoon die geleentheid gee om alternatiewe verhale te konstrueer en die legitimiteit van die kultuurverhaal bevraagteken. Nog ’n belangrike beginsel wat die sosiale konstruktionistiese terapeut moet toepas, is die subjektiewe verstaan van ervaring (Demasure & Müller, 2006:418). Die terapeut is tydens hierdie proses ingestel op die betekenis wat die persoon aan ervarings heg en nie die sosiohistoriese konteks nie. Dit geskied deur ’n aktiewe en egte luister na die persoon se verhaal.

Sosiale konstruksioniste is geïnteresseerd in die persoon se rigiede en onbuigbare sienings van die wêreld. Taal word die voertuig wat ou gedrag verander deur nuwe moontlikhede te gee, wat tot nuwe oplossings lei (Goldenberg & Goldenberg, 2008:348)

### 1.10.1 Sosiale konstruksionisme en kennis

Vanuit ’n sosiale konstruksionistiese benadering, is die opdoen van kennis baie belangrik. Goldenberg en Goldenberg (2008:347) sê dat kennis op twee maniere opgedoen kan word: deur ’n persoonlike gekonstrueerde kennis van die wêreld en ’n sosio-kulturele gekonstrueerde kennis van die wêreld. Hierdie twee metodes van kennis opdoen, word gebruik om besluite te neem. Burr (2003:2-5) sien sosiale konstruksionisme as ’n kritiese bevraagtekening van veronderstelde waarheid. Kennis word dus gesien as sosiaal, histories en kultureel. Gerkin (2003:15-16) gaan verder en sê dat vanuit ’n sosiale kostruksionistiese standpunt, word begrip bekom deur aktiewe deelname binne die verhoudings van mense en nie deur ’n positivistiese verstaan van kennis nie. Die navorser se observasie en konklusie is ’n swak weergawe indien hy/sy nie die verhale hervertel en gedeel het met die medenavorser nie, omdat die navorser en die medenavorser ’n eenheid vorm in die verstaan van kennis binne ’n spesifieke konteks. Hierdie is ’n belangrike beginsel om in navorsing toe te pas aangesien dit tot ’n eensydige verstaan van die navorsing kan meebring. Goldenberg en Goldenberg (2008:343) sluit hierby aan wanneer hulle sê dat sosiale


© University of Pretoria

konstruksionisme ons bemoedig om nie op probleme en simptome te fokus nie, maar om saam te soek na nuwe moontlikhede in die skepping van nuwe lewensverhale.

### 1.10.2 Sosiale konstruksionisme en diskoerse

Diskoerse is ’n belangrike deel van sosiale konstruksionisme omdat dit ’n invloed het op hoe nuwe verhale vorm aanneem. Burr (2003:64) verwys na ’n diskoers as ’n kombinasie van metafore, betekenisse, vertoë, beelde, stories en stellings, wat verhale in ’n spesifieke lig plaas. ’n Diskoers kan enige sosiaal-gekonstrueerde idee wees wat die verhaal van ’n persoon beïnvloed. Demasure en Müller (2006:414) skryf dat die individu die spreekbuis is wat die diskoerse in sy/haar kultuur uitlig. Hulle sê dat wat mense skryf of sê, deel van ’n sekere diskoers is. Die repetisie van aksies of oordrag van waardes deur generasies heen of deur ’n religieuse kultuur, kan problematies vir ’n persoon se eie realiteit wees. Freedman en Combs (1996:22) sluit hierby aan en sê dat hierdie aksies wat oorgedra word van een generasie na ’n ander, normatief raak en deel van ’n diskoers vorm.

### 1.10.3 Sosiale konstruksionisme en taal

Demasure en Müller (2006:414) sê dat taal ons van ’n struktuur voorsien wat ons in staat stel om vorm en betekenis aan ons ervarings te gee. Burr (2003:8) wys daarop dat taal meer as net ’n vorm van kommunikasie is. Dit gee nuwe betekenis aan ervarings vir die verteller en die hoorder. Taal bring aksie na vore en kan dus ook magsverhoudings kanaliseer wat deel van sy basis vorm (Demasure & Müller, 2006:414).

Postmoderniste fokus op hoe die taal wat ons gebruik, ons wêreld en sieninge konstrueer. Ons taal vertel ons hoe om ons wêreld te sien en wat om daarin te sien. Om te praat, is nooit passief nie, elke keer wat ons praat, bring ons ‘n realiteit na vore. Betekenis word nie van ‘n woord afgelei nie, maar hoe hierdie woord ten opsigte van sy konteks staan. Geen twee kontekste sal dieselfde wees nie (Freedman & Combs, 1996:27-29).

### 1.10.4 Sosiale konstruksionisme en identiteit

Die identiteit-deel van sosiale konstruksionisme speel ’n baie belangrike rol in hierdie studie omdat hierdie studie juis in mense wat verslaaf is of was aan dwelms se


© University of Pretoria

identiteit en die vorming daarvan belangstel. Hoofstuk vier handel in baie detail oor die identiteit van mense wat verslaaf is of was aan dwelms. Net ’n paar gedagtes rondom die sosiale konstruksionistiese waarde wat geheg word aan identiteit.

Demasure en Müller (2006:415) sê dat identiteit gekonstrueer word deur die samewerking van verskillende diskoerse wat ontwikkel het vanuit ’n spesifieke sosio-kulturele konteks, en dat identiteit nie alleen kan funksioneer nie en dus geen betekenis in isolasie het nie. Hulle sê dat identiteit nie in sement gegiet is nie, omdat die betekenis van ’n woord kan verander. Dit kan dus gesê word dat die identiteit van die medenavorsers, al is dit sterk op die voorgrond, moontlik verander kan word deur verskillende taal te gebruik en diskoerse te identifiseer, wat hulle siening van verslawing kan verander na ’n moontlike betekenisvolle ervaring van hulle lewe.

## 1.11 Modernisme vs postmodernisme

### 1.11.1 Modernisme

As navorser moet ek myself binne ‘n benadering plaas en daarvolgens handel. As narratiewe navorser moet ek ‘n benadering binne Praktiese Teologie vind. Ek plaas myself binne die postfundamentele benadering. Om die postfundamentele benadering te verstaan, is dit nodig om ’n oorsigtelike kennis te hê van premodernisme, modernisme en postmodernisme. Hierdie afdeling gee agtergrond oor die drie paradigmas wat die postfundamentele benadering voorgaan.

Genoegsame kennis van modernisme is nodig om postmodernisme te verstaan. Die meeste van die postmodernistiese sieninge is ’n teenreaksie op modernisme (Du Toit, 2000:50). Iemand pas by sy omgewing aan en voel gemaklik met die verandering wat plaasvind. Hierdie mens, sowel as ander wat sy standpunt ondersteun, vind betekenis in hulle bestaan. Thomas Kuhn sê dat dit ’n “paradigma” is (Du Toit, 2000:44).

Premodernisme het teen ongeveer 1650 nie meer ’n groot invloed gehad oor die manier waarop mense dink nie en is met modernisme vervang (Du Toit, 2000:24). Tussen 1750 en 1848, met die ontstaan van die industriële revolusie, het die manier waarop mense dink, verander. In hierdie tyd vind ’n paradigmaskuif plaas en modernisme neem die plek van premodernisme in. Müller (2002:18) meen dat die wetenskaplike en tegnologiese revolusie wat plaasgevind het, die weg gebaan het vir


© University of Pretoria

modernistiese denke. Modernistiese denke laat mens glo dat realiteit beperk is tot dit wat sigbaar is en dat die natuurwette die oorsaak is van gebeure. Kennis kan dus opgedoen word deur waarneming en eksperimentering. Die belangrike eienskap van modernisme is dat kennis objektief is en sekerheid skep (Erickson, 1998:18). Comstock (1989:196) meen een van die eienskappe van modernisme is dat hulle in absolute waarheid glo. Die ander eienskap is dat hulle glo wetenskap is die enigste manier om waarheid op te doen. Van Huyssteen (1999:27) sluit hierby aan en meen dat die konsep van universele waarheid uit modernisme ontstaan het.

Freedman en Combs (1996:20) beskryf modernisme as ’n wêreldbeeld waar mense glo dat dit moontlik is om objektiewe feite te bekom en teorie te vorm, wat ons nader aan die universele waarheid bring. In die humanistiese denke is modernisme op soek na metaverhale oor die menslike kondisie en hoe om dit te vervolmaak. Wanneer mense in hierdie wêreldbeeld vasgevang is, glo hulle dat hulle die verteenwoordiging van hierdie waarheid is.

Van Huyssteen sê modernisme is:

> … is the belief that scientific progress and true discoveries are the result of adhering to a universally accepted, value-free, and objective methodology. This not only implies that truth results from an adherence to objectivity, but also reveals the foundationalism assumption that all true knowledge rests on a few unquestionable beliefs (Van Huyssteen, 1999:29).

Van Huyssteen (1999:22) is verder van mening dat rasionaliteit en rede in die middel van modernisme lê en dat dit as ’n voertuig gebruik kan word om absolute waarheid te vind. Dit lyk dus of modernisme ’n definitiewe vertroue in hulle stellings van menslike redenering het. Dit is juis hierdie regverdiging van universele en absolute waarheid wat postmodernisme uitdaag (Van Huyssteen, 1999:28).

Volgens Freedman en Combs (1996:21) is modernistiese mense soos ’n televisie wat reggemaak kan word. Hulle verwys na die DSM-IV wat uit ’n klomp afwykings bestaan en dit kom voor asof die verduidelikings van hierdie geestelike afwykings vir alle mense deur die bank van toepassing is. Verder wil dit lyk of die medici en genetici die enigste “waarheid” besit oor die behandeling van hierdie tipe geestelike afwykings. Hierdie is ’n radikale stelling wat baie implikasies op hierdie studie het. In hoofstuk drie



© University of Pretoria

word verslawing bespreek, wat ook in die DSM-V (‘n volgende uitgawe op die DSM-IV) voorkom. Freedman en Combs meen daar is ’n probleem om op hierdie manier na mense en probleme te kyk. Wanneer mense as objekte benader word, wat beteken dat ons die waarheid oor hulle ken, word hulle van hulle menswaardigheid ontneem. Dit is moontlik dat ’n pil iemand kan laat beter voel, maar hulle siening oor hulself bly onveranderd. Deur mense so te hanteer, word hulle passiewe objekte wat magteloos en afhanklik van die navorser se kennis en ervaring is (Freedman & Combs, 1996:21).

### 1.11.2 Van modernisme na postmodernisme

Vanaf modernisme het ’n paradigmaskuif ontstaan, naamlik postmodernisme. Hierdie paradigmaskuif is tans steeds aan die gang en aan die ontwikkel (Müller et al., 2002:19). Meer en meer mense begin die menslike vermoë bevraagteken. Dit lei tot ’n postmoderne era. Volgens Freedman en Combs (1996:21) is daar limiete op die menslike vermoëns om die wêreld op ’n presiese, absolute universele manier te meet en te beskryf. Postmoderniste neig daartoe om na kontekstuele detail eerder as veralgemening te kyk.

Erickson (1998:18-19) meen dat daar sekere basiese motiewe ontwikkel het wat kontrasterend tot modernisme is:

1. Die objektiwiteit van kennis word verwerp. Kennis is nie ‘n neutrale manier van ontdekking nie.
2. Kennis is onseker. Fundamentalisme, die idee dat kennis konkreet is en in sement gegiet is, moet verwerp word.
3. Alle inklusiewe sisteme van verduideliking, of dit nou metafisies of histories is, is onmoontlik en ‘n poging om dit te konstrueer, is verwerp.
4. Die inherente goedheid van kennis word ook bevraagteken. Die idee dat deur die ontdekking van waarheid in die natuur, dat dit beheer en daardeur boosheid oorkom, moes laat vaar word.

Freedman en Combs (1996:22) sê die volgende oor ’n postmoderne siening van realiteit: “Adopting a postmodern, narrative, social constructionist worldview offers useful ideas about how power, knowledge, and “truth” are negotiated in families and larger cultural aggregations.”


© University of Pretoria

Die begrip postmodernisme word baie in vandag se taal gebruik. Daar is egter nie ’n presiese verduideliking van die begrip nie. Van Huyssteen (1999:20) meen dat postmoderniteit ’n kulturele houding en perspektief is, eerder as ’n begrip wat vas en liniêr beskryf kan word. Burr (1995:12) beskryf postmodernisme as ’n intellektuele beweging wat sy wortels nie in sosiale wetenskap vind nie, maar in argitektuur, literêre en kulturele studies. Postmodernisme bevraagteken en verwerp die fundamentele beginsels van modernisme, sowel as die intellektuele beweging wat modernisme voorafgegaan het. Janse van Rensburg (2002:39) meen dat om die postmodernistiese reaksie teen modernisme te verstaan, moet modernisme eers verstaan word.

Freedman en Combs (1996:21) sê dat postmoderniste glo dat daar beperkinge is op die menslike vermoë om die heelal te meet en te verduidelik op enige presiese, absolute en universele manier. Postmodernisme verskil van modernisme. Moderniste is meer geïnteresseerd in feite en reëls terwyl postmoderniste meer geïnteresseerd is in betekenis. Postmodernistiese denke meen dat daar nie ‘n universele waarheid is nie . Erickson (1998:18) meen dat postmodernisme sy wortels in Franse literatuur vind, wat bekend staan as ‘dekonstruksie’: dit beïnvloed elke aspek van die lewe, soos byvoorbeeld argitektuur en literatuur. Hy is verder van mening dat die sprong van modernisme na postmodernisme mense laat besef het dat kennis nie absoluut is nie (Erickson, 1998:19). Vir die postmoderne denkers is waarheid nie ’n soeke na feite nie, maar na die skep van betekenis en waardes (Rossouw, 1995:903).

O’Donnell (2003:29) meen dat wanneer ons postmodernisme verken, is ons besig om onsself te verken en ’n deel van die menslike bestaan wat al vergete is, te bestudeer. Hy is ook van mening dat alle menslike kennis beperkinge het en ‘kultureel gekondisioneerd’ is. Hiermee bedoel hy dat elke generasie op ’n sekere manier dink. ’n Mens kan dus nie wegbeweeg van jou taal of buite die diskoers van jou ouderdom en generasie staan, en dan dink dat daar ’n absolute waarheid is nie. Freedman en Combs (1996:29-30) stem hiermee saam. Hulle meen dat realiteit nie net deur taal beskryf word nie, maar ook deur die verhale wat ons vertel en oordra. Deur ’n sosiaal-gekonstrueerde wêreldbeeld, is dit belangrik om na kulturele sowel as kontekstuele verhale te luister. Freedman en Combs sê dus dat die kultuur se verhale waaraan ons behoort, ons op ’n sekere manier beïnvloed het om sekere lewensgebeurtenisse op sekere maniere te interpreteer.


© University of Pretoria

Erickson meen dat daar 'n teenreaksie op strukturalisme ontstaan het, naamlik dekonstruksie:

> Deconstructionists then rejected this structuralist theory, thus earning the title of "poststructuralists. Rather than the meaning being inherent in the text, placed there by the society that produced it, meaning emerges only as the interpreter enters into dialogue with the text. Consequently, there are as many meanings of the text as there are readers. For that matter, there are as many meanings as there are readings, as there may be more than one meaning for the same reader at different readings of the same text (Erickson, 1998:85).

O'Donnell stem saam met Erickson (1998) oor die konsep 'dekonstruksie' en beskryf dit as volg:

> Deconstruction is often misconstrued as sceptical and destructive, like tearing down an edifice for the sheer fun of it. Derrida toyed with the little used French verb '*deconstruire*', meaning 'to dissemble a machine' (with the corollary that it can be reassembled). The noun 'deconstruction' is used for rearranging the grammar of words. Hence for Derrida, deconstruction is positive. It shakes, subverts, dismays, but it only pulls apart to allow new things to be built, new meaning to be reached. It is a remedy for closed thinking (O'Donnell, 2003:58).

Dus is dit belangrik om mense se verhale te dekonstrueer sodat dit op 'n nuwe manier aanmekaar gesit en nuwe betekenis gevind kan word.

Van Huyssteen (1999:24) meen dat postmodernisme teen 'n konsep van eenvormigheid in sy konstruktiewe en dekonstruktiewe vorm is. Die idee dat daar 'n universele rasionaliteit en redenering is, word deur postmodernisme uitgedaag. Dit word nie verwerp nie, maar eerder gesien as subjektief en van persoonlike aard (Van Huyssteen, 1999:26).

### 1.12 'n Postfundamentele benadering

Die postfundamentele benadering is belangrik vir die metodologiese vertrekpunt van hierdie studie. In Praktiese Teologiese navorsing is 'n postfundamentele benadering eerder as 'n rigiede fundamentele benadering, belangrik vir betekenisvolle teologiese



© University of Pretoria

ondersoek. Müller (2004:297) meen dat die postfundamentele benadering ’n derde opsie bied wat wegbeweeg van modernistiese fundamentalisme en sekere postmoderne denke. Die postfundamentele benadering word deur Van Huyssteen (2000:430) tussen fundamentalisme en nie-fundamentalisme geplaas. Müller (2011:2) meen dat die postfundamentele benadering versigtig is vir die relatiwiteit en subjektiwiteit in ’n multirasionaliteit, sowel as rigiede en verkeerde stellings van ’n sogenaamde universele rasionaliteit. Dit is ’n poging om weg te beweeg van fundamentalisme en nie-fundamentalisme en daarom word dit nie ‘teen-fundamentalisme’ genoem nie, maar eerder ’n postfundamentele benadering.

Müller sê dat die fundamentalistiese benadering dit as vanselfsprekend aanvaar dat die absolute waarheid vir almal beskikbaar is. Hy verduidelik die implikasies van ’n fundamentalistiese benadering binne ’n modernistiese paradigma as volg:

> This would be a perspective faithful to the true foundation and which therefore would provide us with the ‘God’s eye view.’ A theory built on such a presumption could be referred to as a ‘universal rationality.’ This is a rationality that is based on the idea of a universe of knowledge that functions as an overarching frame of reference. Accordingly, there is only one theoretical truth and that must be pursued. Such an epistemological position can easily lead to an overestimation of one’s own discipline and its possibilities. Scholars tend to take the rationalities of their own disciplines for granted. It seems to be quite natural to use your own expert knowledge as the unquestioned starting point and then to engage the other rationalities from there (Müller, 2009:202).

Müller (2009:202) meen dat deur hierdie benadering te gebruik, ’n interdissiplinêre gesprek onmoontlik is, omrede die ander se opinie in jou eie persepsie van kennis ingeweef word. Dus word ’n universele rasionaliteit verwag omdat meer persepsies van die waarheid een persepsie word. Die verskeidenheid van persepsies word as ’n bedreiging gesien vir ’n fundamentalistiese benadering. Van Huyssteen (1997:2) sluit by Müller aan en beskryf fundamentalisme as “... a thesis that all our beliefs can be justified by appealing to some item of knowledge that is self-evident or indubitable.” As gevolg van hierdie swakpunte van fundamentalisme, sowel as nie-fundamentalisme, het ’n postfundamentele benadering ontstaan.


© University of Pretoria

Van Huyssteen bring ’n postfundamentele benadering en teologie bymekaar en verduidelik die verhouding tussen die twee, sowel as tussen teologie en ander wetenskappe, as volg:

> In a post foundationalism theology, the epistemological link between theology and the other sciences can be left open because the project of theological methodology and ‘prolegomena’ now becomes part of theological reflection as such, that is, as part of an ongoing interdisciplinary inquiry within the practice of theology itself (Van Huyssteen, 1997:228).

Van Huyssteen verduidelik die rol wat konteks en geïnterpreteerde ervarings in ’n postfundamentele benadering het as volg:

> ... a post foundational theology will enable us to fully acknowledge the role of context, the epistemically crucial role of interpreted experience, and the way that tradition shapes the epistemic and non-epistemic values that inform our reflection about God and what some of us believe to be God’s presence in this world (Van Huyssteen, 1999:113).

(Van Huyssteen, 1999:113) is verder van mening dat ‘n postfundamentele verstaan van realiteit in teologie, wegbeweeg van die beperkings van die plaaslike gemeenskap, groep of kultuur, na ‘n meer aanvaarbare interdissiplinêre gesprek.

Die postfundamentele benadering bring ons by ’n punt waar ons na die werklike stories van mense se lewens luister (Müller, 2009:204). Dit is nie ’n poging om ’n algemene verstaan van die situasie te kry nie, maar eerder ’n spesifieke en konkrete verstaan daarvan. Hierdie benadering is meer situasie-georiënteerd in sy epistemologie en metodologie. Ons as rasionele navorsers moet altyd sosiaal en kontekstueel ingestel wees (Müller, 2009:204). Müller is verder van mening dat, al is die postfundamentele benadering kontekstueel, ons steeds bewus moet wees oor hoe ons eie epistemologie deur tradisie gevorm word.

Die postfundamentele benadering en sosiale konstruksionisme het baie raakpunte. Die idee van sosiale gekonstrueerde interpretasies en betekenis is deel van die postfundamentele benadering (Müller, 2009:205). Van Huyssteen (1997:52) meen dat ’n postfundamentele verstaan van rasionaliteit ons verby die grense van ons eie


© University of Pretoria

dissiplines, eie plaaslike gemeenskappe en kulturele groepe, na ’n haalbare interdissiplinêre gesprek neem.

Die postfundamentele benadering beweeg weg van ’n universele rasionaliteit na ’n transversale rasionaliteit (Müller, 2009:206). Schrag, Van Huyssteen en ander akademici gebruik transversale rasionaliteit as ’n werkbare tussenganger vir interdissiplinêre gesprekke. Van Huyssteen verduidelik transversale rasionaliteit as volg:

> In the multidisciplinary use of the concept of transversality there emerge distinct characteristics or features: the dynamics of consciousness, the interweaving of many voices, the interplay of social practices are all expressed in a metaphor that points to a sense or transition, lying across, extending over, intersecting, meeting and conveying without becoming identical (Van Huyssteen, 2006:19).

Wat Van Huyssteen hiermee bedoel, is dat ons nie onsself moet oop- of toe- maak vir ander opinies en standpunte nie, maar dat dit eerder ’n ontdekking is van wat dit mag beteken om kennis te deel. Interdissiplinêre navorsing bring dissiplines of redeneringstrategieë na vore, wat moontlik uiteenlopende epistemologie en verskillende eksperimenteringsmetodes bevat (Van Huyssteen, 2006:9). Deur verskillende dissiplines, wat somtyds verskillende strategieë het om mee te redeneer, bymekaar te bring, is daar gelykwaardige maniere om na verskillende probleme te kyk (Van Huyssteen, 2000:429). Dus poog transversale rasionaliteit om verskillende dissiplines met mekaar te laat praat in ’n poging om van mekaar te leer en op dié manier ’n ryker verstaan te kry van die probleem wat op die tafel is. Deur interdissiplinêre gesprekvoering te gebruik, word dit moontlik om sekere raakpunte en verskille tussen verskillende redeneringstrategieë te identifiseer (Van Huyssteen, 1999:7).

Dit is dus duidelik dat die kreatiewe gebruik van hermeneutiek en epistemologie in ’n postfundamentele benadering deur refleksie ontstaan, deur die proses van geïnterpreteerde ervarings, transversale benadering tot rasionaliteit en interdissiplinêre gesprekke. Al die bogenoemde elemente is baie belangrik vir die verstaan van ’n Praktiese Teologiese proses.



© University of Pretoria

## 1.13 'n Postfundamentele Praktiese Teologiese benadering

Deel van die epistemologie van hierdie studie is die sewe Praktiese Teologiese bewegings wat Müller ontwikkel het. Hierdie sewe bewegings word gebruik as basiese riglyne vir die metodologie. Müller (2004:300) herinterpreteer die konsep van postfundamentele teologie om sodoende 'n Praktiese Teologiese proses vir navorsing te ontwikkel. Die sewe bewegings van Praktiese Teologie word ook as riglyn vir die proses van hierdie studie gebruik. Elke beweging bevat 'n spesifieke metode wat verhale ondersoek, interpreteer en verduidelik. Müller (2006:78-79) verduidelik dat die metodologiese proses van postfundamentele Praktiese Teologiese navorsing moet gaan as "'n sirkel van praktiese wysheid," om sodoende 'n betekenisvolle ervaring van die teenwoordigheid van God weer te gee. Die sewe bewegings van Praktiese Teologie word deur Müller (2004:300) as volg beskryf:

- **'n Spesifieke konteks word beskryf**

Hierdie beweging is geïnteresseerd in die epistomologie en posisionering van die studie. Dit bepaal die manier waarop navorsing gedoen word en geïnterpreteer word. Verder is dit ook geïnteresseer in die konteks van die medenavorsers en waarom die navorser hierdie konteks gekies het. Kennis wat die navorser oor die spesifieke konteks het, word ook in hierdie beweging bespreek.

- **Binne-kontekservarings word na geluister en verduidelik**

Wanneer navorsing gedoen word, is daar mense betrokke waaroor navorsing gedoen gaan word, en hulle staan bekend as die medenavorsers. Hierdie beweging is in die medenavorsers geïnteresseerd, hoe die navorser hulle gekies het en hoe hy gaan besluit watter verhale om in die navorsing te gebruik. Die beskerming van die medenavorsers se identiteit is baie belangrik en hier word daar nagedink oor hoe hulle nie blootgestel gaan word in die navorsing nie. Die gebruik van fiktiewe name ens. is belangrik.

- **Interpretasie van ervarings word gemaak, verduidelik en ontwikkel in samewerking met die medenavorsers**

- Deel van die postfundamentele verstaan van Praktiese Teologie, is dit belangrik om nie net die verhale te interpreteer nie, maar weer terug te gaan na die medenavorsers en hulle geleentheid te gee om opmerkings oor hulle verhale te



© University of Pretoria

maak. Hierdie beweging maak ruimte daarvoor. Deur hierdie proses vorm daar 'n "dik" verduideliking van die medenavorsers se verhale, soos wat reeds in hierdie hoofstuk onder narratiewe benadering bespreek is.

- **'n Verduideliking van ervarings soos wat dit konstant deur Praktiese Teologie en anders tradisies van interpretasie geïnterpreteer word**

Hierdie beweging is in die diskoerse wat moontlik 'n invloed op die medenavorsers se verhaal kan hê. Tydens hierdie proses word die konteks en tradisies ondersoek om sodoende die verskillende diskoerse te identifiseer.

- **'n Refleksie op die geestelike en godsdienstige interpretasie – die ervaring van God**
- In Praktiese Teologie is ons besig met die "Goddelike" ervaring van die medenavorsers. Hierdie gesprekke oor God is wat Praktiese Teologie onderskei van ander wetenskappe soos byvoorbeeld sielkunde. Hierdie beweging is geïnteresseerd in die bewustheid van God of dan nie, in die medenavorsers se lewens. Wat belangrik is in hierdie beweging is die eie interpretasie wat die navorser oor God het en hoe dit haar/sy interpretasie van die medenavorsers se verhaal kan beïnvloed.

- **'n Verduideliking van ervarings wat verdiep word deur interdissiplinêre ondersoek**

Deel van hierdie studies is transversale rasionaliteit. Dit word in detail vroeër in hierdie hoofstuk beskryf. Hierdie beweging maak ruimte vir die gesprek met ander dissiplines wat relevant is tot die navorsing.

- **Die interpretasie van alternatiewe verhale wat verby logika strek**

Tydens hierdie beweging moet die navorser al die kennis wat opgedoen is deur gesprekke, medenavorsers se verhale, interdissiplinêre gesprekke en die eie verstaan van die verhale, laat ontwikkel in 'n alternatiewe verhaal. Tydens hierdie proses kan die medenavorsers gebruik word of nie, en 'n refleksie van die verstaan van die verhale word weergegee.

Die epistemologie en metodes van hierdie sewe bewegings is in die studie toegepas.


© University of Pretoria

Saam met die sewe bewegings is die narratiewe terapeutiese beginsels gebruik, naamlik eksternalisering, identifisering van unieke uitkomste en ’n “dik” verduideliking van die verhale van die medenavorsers.

Van Huyssteen (2000:438) beskryf die impak van transversale rasionaliteit op Praktiese Teologie. Hy meen dat ware interdissiplinêre gesprekke tussen teologie en wetenskap gevind gaan word wanneer ons gesprekke nie in terme van universele reëls geskied nie, maar “… when we identify this interdisciplinary space where strong religious convictions and the public voice of theology are fused in public conversation.” Hy is verder van mening dat ’n postfundamentele erkenning van die meervoudige karakter van so ’n aanhoudende proses, ons oë moet oopmaak vir verskillende tradisies, diskoerse, gemeenskappe, wetenskappe en die uitvoering daarvan. Dit moet ons laat besef dat dit ons sosiale en intellektuele domeine bepaal, wat weer ons gedrag en verskillende maniere om te verstaan, vorm.

Hierdie navorsing is gegrond in die metodes en beginsels wat deur ’n postfundamentele Praktiese Teologiese benadering, transversale rasionaliteit, sosiale konstruksionisme en die narratiewe benadering weergegee word. Dit behels dat daar na die medenavorsers se verhale en ervarings geluister is en saam met hulle geïnterpreteer is. Daar is geluister na hoe hierdie verhale en ervarings ontstaan het en watter moontlike tradisies hierdie verhale kon beïnvloed. Die medenavorsers het ook op reis gegaan om nie net hulle verhale te interpreteer nie, maar om ook nuwe alternatiewe verhale te probeer skep.

### 1.14 Persoonlike refleksie op die posisionering

In hierdie gedeelte van hoofstuk een gaan ek poog om my eie reis van modernisme na postmodernisme na ’n postfundamentele benadering weer te gee. Ek het in ’n omgewing en in ’n tyd grootgeword waar modernisme die algemene denkwyse was. Ek het grootgeword met die idee dat daar ’n universele waarheid is en hierdie waarheid mag nie bevraagteken word nie. Hierdie universele waarheid was veral in die kerk prominent. Ek het in ’n Nederduitse Gereformeerde Kerk grootgeword en daar het ek geleer dat daar vaste denke oor God is. Die Bybel was dus in die meeste gevalle op ’n fundamentalistiese manier gelees en geïnterpreteer met die gedagte dat daar net een manier is om die Bybel te verstaan, en nie verskillende interpretasiemoontlikhede


© University of Pretoria

is nie. Voorbeelde hiervan is dat die aarde ses duisend jaar oud is en ook in ses dae geskep is, soos die Genesis-verhaal dit voorgee. Ander uitsprake oor moeilike kwessies soos homoseksualiteit was ook nie onderhandelbaar nie en is as verkeerd geïnterpreteer, en daar was geen ruimte vir ’n alternatiewe verstaan van die Bybel nie. Dus was my geloof gebou op konkrete modernistiese “feite” en was ek baie seker oor my geloof en standpunte oor baie geloofsake.

Met hierdie universele waarheid rondom my verstaan van God en geloof het ek universiteit toe gegaan. Dit was tydens my studiejare wat ek kennis gemaak het met postmodernisme en die postfundamentele benadering. Ek was toe nog nie bewus van die terme modernisme, postmodernisme en ’n postfundamentele benadering nie. Vir my was dit ’n baie groot skok toe ek uitvind wat hierdie terminologieë beteken. Nadat ek hierdie terminologie verstaan het, was dit tyd om myself en my denke binne een van hulle te plaas. Tot my skok het ek besef dat ek modernisties oor die lewe en oor geloof dink. In die begin was dit baie moeilik om postmodernisme te verstaan omdat dit my geloof, denke en my verstaan van God bevraagteken het. Dit was soos die Antichris wat in die Teologiese Fakulteit ingekom het met die naam postmodernisme. Ek was bevoorreg om tydens my eerste drie jaar op universiteit by ’n gemeente betrokke te wees waar daar ’n predikant was wat die kopskuif van modernisme na postmodernisme gemaak het en dit in sy geloof en sy verstaan van God toegepas het. Hy het my baie gehelp in die proses om uiteindelik die konsep van postmodernisme beter te verstaan en so ook begin toepas in my eie denke oor die waarheid. Verder het professor Julian Müller ’n groot rol in my lewe gespeel en hy het my denke rondom postmodernisme en die idee van ’n transversale siening van die waarheid begin vestig.

Na ek my MDiv- en MTh-grade voltooi het, het ek aangegaan en ’n MA in Pastorale Gesinsterapie onder leiding van professor Müller gedoen. Dit was tydens hierdie twee jaar waar ek myself werklik as ’n postmoderne denker beskou het. Hierna het ek aangegaan met my PhD in Pastorale Gesinsterapie. Tydens hierdie paar jaar wat ek daarmee besig is, het die postfundamentele benadering oor my pad gekom en het ek te doen gekry met professor Van Huyssteen en sy denke oor rasionaliteit en transversale rasionaliteit.

In die begin toe ek net te doen gekry het met postmodernisme, was dit ’n baie moeilike en verwarde tyd van my lewe, veral in my geloof. Dit wat ek geken het en waarvan ek



© University of Pretoria

so seker was, was skielik onder die vergrootglas en ek was gekonfronteer met ander denke oor geloof, die lewe en die waarheid. Vir ’n baie lang tydperk tydens my studies was ek nie seker oor die Bybel en geloof nie. Die mat was onder my voete uitgeruk. Ek was oorgelaat aan twyfel en onsekerheid. Vrae wat by my opgekom het, was: “Kan ek nog die Bybel glo? Bestaan God werklik? Hoe kan eendag ’n dominee word met hierdie onsekerheid?” Soos wat my studies aangegaan en ek te doen gekry het met die verskillende maniere oor hoe mens die Bybel kan verstaan en tekste interpreteer, het ek rustigheid oor postmodernisme begin kry. Die konsep het oor jare op my begin groei en my uitgedaag om eerlik te reflekteer oor my geloof, my verstaan van God en die waarheid.

Vandag kan ek met groot vrymoedigheid sê dat my denke oor die waarheid, geloof en God binne ’n postfundamentele benadering geplaas kan word. Ek het vrede in my geloof en my verstaan van God gevind, en daardeur het ’n hele nuwe wêreld vir my oopgegaan. ’n Wêreld waar ek besef dat mense se denke gevorm word deur hulle konteks, kultuur, omstandighede en gebeure in hulle lewens. Ek het vrede gemaak met die realiteit dat ek nie die absolute waarheid kan vasvat nie en dat daar nie fout daarmee is om te sê dat jou waarheid gekonstrueer word deur ’n klomp faktore nie.


© University of Pretoria

# 2. HOOFSTUK 2: DIE DRAAK WORD BESTUDEER

## 2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk gaan daar gekyk word na hoe "data" ingesamel en verwerk is. In hoofstuk 1 is die postfundamentele en narratiewe benadering bekyk en bespreek. Die manier hoe "data" in hierdie studie versamel, verwerk en weergee word, is volgens die beginsels van hierdie benaderings gedoen. Tesame hiermee is transversale rasionaliteit en sosiale konstruktionisme, wat uit 'n postfundamentele benadering spruit, ook as gereedskap in hierdie navorsing gebruik.

Ek plaas die woord "data" in aanhalingstekens omdat kwalitatiewe navorsing tesame met die narratiewe benadering, nie die verhale wat mense vertel as bloot net koue kliniese "data" sien soos wat dit deur ander navorsingsmetodes gebruik word en geanaliseer word nie. St. Pierre (2013:224) meen dat sodra jy woorde as harde "data" interpreteer dat "... these researchers strip the words from context, manipulate them, order them in binaries and hierarchies and categories, label some words with other words (code data), and even count words." Woorde is so vol betekenis, dat 'n navorser nie een enkele betekenis daaraan kan heg nie en hom/haar ook nie kan losmaak van die konteks en onderliggende diskoerse nie. Ontologiese benaderings in postmoderne begrip, aanvaar nie dat daar 'n wêreld is met absolute waarhede (data), wat versamel en geanaliseer word nie (St. Pierre, 2013:225).

White (1990:35) meen dat onafhanklike kennis in 'n gemeenskap kan bestaan en kan oorgedra word deur middel van skryf, maar ook deur storievertelling. Die doel van hierdie navorsing is dus om na die unieke verhale van mense wat afhanklik is of was, te luister en an tot 'n holistiese verstaan van hulle verhale te kom.

## 2.2 Kwalitatiewe navorsing

Daar is verskillende benaderings waarmee navorsing gedoen kan word. Hulle kan in twee basiese groepe ingedeel word, naamlik kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing (Neuman, 1997:14). In hierdie studie is die kwalitatiewe navorsingsmetode gebruik om "data" in te samel. Volgens Struwig en Stead (2007:11) bestaan kwalitatiewe navorsing nie uit slegs een navorsingsmetode nie. Daarom is dit belangrik om kwalitatiewe navorsing te beskryf binne die raamwerk van hierdie studie.



© University of Pretoria

Wanneer ’n modernistiese benadering gebruik word om navorsing te doen, word dit gebaseer op die basiese riglyne van objektiwiteit, universele geldigheid, wetenskaplike en statistiese geldigheid, en veralgemening. Die modernistiese navorser sal nie betrokke raak by die navorsing nie, die objek of objekte bestudeer en slegs by ’n feitlike interpretasie uitkom. Persoonlike ervarings kan egter die navorsing beïnvloed en daarom is die objektiewe kliniese weergee van “data” nie altyd moontlik nie (Neuman, 1997:4).

Kwalitatiewe navorsing is ’n manier waarop daar in die wêreld van die medenavorsers ingeklim word. Dit is ’n metode wat help om die wêreld van ander te verstaan, eerstehands te hoor en te beleef. Dit wat jy hoor en leer, verbreed jou kennis en navorsing ten opsigte van tyd-, geslag-, ras- en geografiese verdeeldheid (Rubin & Rubin, 1995:1). Mense is gedurig in gesprek met mekaar en hulle deel gevoelens, emosies en belewenisse. Hierdie gesprekke gaan gepaard met vrae. Almal het die vermoë om vrae te kan vra. Kwalitatiewe navorsing bou voort op hierdie reeds aangeleerde tegniek van elke mens, die tegniek om vrae te kan vra. Rubin en Rubin (1995:2) sê verder dat kwalitatiewe navorsing ’n filosofie is. Die eerste aspek van hierdie filosofie is om mense aan te moedig om hulle wêrelde te bespreek in hul eie woorde. Verder help hierdie filosofie om te onderskei tussen interessant en eties om sodoende die standaard van die navorsing te bepaal.

Vir Rubin en Rubin (2005:20) is dit belangrik om die filosofie agter kwalitatiewe navorsing te verstaan, sodat wanneer onverwagte probleme tydens die navorsing opduik, nuwe oplossings gevind kan word, wat deeglik en kredietwaardig is. Om kwalitatiewe navorsing te verstaan, gebruik Rubin en Rubin (2005:19) eerder die ‘interpretatiewe konstruksionistiese’ benadering as die positivistiese benadering. Leedy en Ormrod (2005:94) sluit by laasgenoemde stelling aan deur te sê dat die positivistiese benadering gegrond is in kwantitatiewe navorsing. Vir ’n navorser wat die interpretatiewe konstruksionistiese benadering gebruik, is dit belangrik hoe mense voorwerpe en gebeurtenisse interpreteer en betekenis daaraan gee. Vir hierdie rede kan interpretasies wat verskil en somtyds kontrasterend is, nie as ’n bedreiging gesien word nie. Dus is die interpretatiewe konstruksionistiese navorser op soek na die lens waardeur mense na gebeurtenisse en voorwerpe kyk, en die betekenis wat hulle daaraan heg. Kennis wat vanuit ’n postmoderne siening geïnterpreteer word, is



© University of Pretoria

kontekstueel en kwalitatiewe navorsing. Dit fokus op unieke stories wat in 'n unieke konteks ontstaan het (Rubin & Rubin, 2005:27-30). Vir hierdie rede is kwalitatiewe navorsing ideaal binne die narratiewe benadering.

Leedy en Ormrod (2005:94) sê dat kwantitatiewe navorsing op 'n spesifieke hipotese gefokus is, waar kwalitatiewe navorsing eerder met algemene navorsingsvrae begin. Kwalitatiewe navorsing is dus daarop gefokus om 'n gebeurtenis vanuit die medenavorsers se oë te interpreteer, eerder as 'n algemene interpretasie daaroor te vorm. Vir hierdie rede word ook soms na kwalitatiewe navorsing verwys as die post positivistiese benadering (Leedy & Ormrod, 2005:94).

Struwig en Stead (2007:12-13) gee vier karaktereienskappe wat kwalitatiewe navorsing beskryf, naamlik:

- **Die deelnemers en navorser se perspektiewe**

Kwalitatiewe navorsing is geïnteresseerd in die verstaan van probleem vanuit die oogpunt van die medenavorsers. Die navorser is dus besig om deur die oë van die medenavorser te kyk, nie net hulle opinies weer te gee nie, maar 'n in-diepte studie daarvan te maak. "Data" word dus in samewerking met die medenavorsers geïnterpreteer.

- **Kontekstualisasie**

Menslike ervaring gebeur nie in 'n vakuum nie en daarom is kwalitatiewe navorsing in die sosiale konteks van die medenavorser geïnteresseerd. In baie gevalle reageer die medenavorsers as gevolg van 'n spesifieke kulturele of konteksgebaseerde opinie, op 'n spesifieke manier. Kontekstualisasie fokus op die makro- sowel as die mikrokonteks van die medenavorsers en die interaksie tussen die twee.

- **Die proses**

Prosesnavorsing herken die geïntegreerde gebeure in mense se lewens en daarom is dit belangrik om relevante, historiese gebeure van die medenavorsers te ondersoek. Sosiale gebeure is nie staties nie, dus is dit belangrik om verandering te verstaan.


© University of Pretoria

- **Buigbaarheid en die gebruik van teorie**

Kwalitatiewe navorsing begin met ’n relatiewe oop en ongestruktureerde proses. Dit gee aan die navorser die geleentheid om onverwagte gebeure raak te sien en dan toe te laat dat dit verder ontwikkel. Kwalitatiewe navorsing vertrou dus nie teorie nie, omdat die konteks van die medenavorsers van die navorser kan verskil en die teorie nie relevant is in spesifieke gevalle nie. Navorsing word dus met ’n oop gemoed aangepak.

Die postmoderne, kwalitatiewe navorser sien die medenavorsers as individue wat hulle sosiale konteks konstrueer; die navorser daarteen is ’n individu wat hierdie sosiale konteks interpreteer. Die kwalitatiewe navorser staan nie eenkant van die navorsing nie, maar vorm deel daarvan, nie net deur die interpretasie daarvan nie, maar ook deur aktief deel te neem daaraan (Holliday, 2007:19).

Patton (1990:10) beweer dat daar drie tipes maniere is waarop kwalitatiewe “data” ingesamel kan word: in-diepte-oop-einde-onderhoude, direkte waarneming en geskrewe dokumente. Wanneer in-diepte-oop-einde-onderhoude gevoer word, is die vrae meestal gefokus op die persoon se gevoelens, ervarings, belewenisse, emosies, opinies en kennis rondom die saak. Die data wat ingesamel word van direkte waarneming is gefokus op ’n gedetailleerde beskrywing van ’n persoon se gedrag, aksies en aktiwiteite, wat direk deel uitmaak van die persoon se meelewing van die omgewing en kringe waarin die persoon beweeg. Data kan ook ingesamel word deur geskrewe dokumente, wat meestal bestaan uit dagboeke, amptelike dokumente en reaksie op vraagstukke wat opgestel is. Dit is duidelik dat hierdie metodes aangaande “data”-insameling direk gefokus is op die mens en sy ervaring, en sy belewenis van die werklikheid en die omgewing om hom. Dit is dus gefokus op gedrag en die belewenis daarvan. Wanneer hierdie “data” ingesamel word, fokus die navorser op ’n spesifieke organisasie, gemeenskap of omgewing. Die navorser fokus op enige plek wat te make het met die tema wat ondersoek word en die mense met wie onderhoude gevoer kan word. Kwalitatiewe “data”metodes vereis harde werk, dissipline, kennis, opleiding en oefening (Patton, 1990:11).

Ek het van in-diepte-oop-einde-onderhoude gebruik maak. Inligting oor die medenavorsers is op geen ander manier ingesamel nie. Dit wat deur die groep op die


© University of Pretoria

tafel geplaas is, is dit waarmee ek gewerk het. Volgens Patton (1990: 280) is daar drie tipes in-diepte-oop-einde-onderhoude wat binne kwalitatiewe navorsing gebruik kan word. Elkeen van hierdie drie onderhoudmetodes het hul eie voorbereiding en gereedskap. Die drie onderhoudmetodes is as volg:

a) Die **informele gespreksonderhoud** is absoluut afhanklik van die spontane gang van die gesprek. Vrae word spontaan gevra en die gesprek is nie vooraf baie gestruktureerd nie. Die gesprek is só informeel en spontaan dat die respondent nie altyd besef dat ’n onderhoud gevoer word nie. Daar kan glad nie vrae vooraf geformuleer word nie, omrede die vrae direk afhanklik is van die inhoud van die gesprek. Daar kan nie vooraf bepaal word wat die reaksie van die respondent gaan wees nie. Dit is hier waar die spontaniteit na vore tree. Dit is belangrik dat die navorser op sy voete moet kan dink om die volgende vrae te formuleer terwyl die gesprek aan die gang is. Hierdie tipe onderhoud word die *ongestruktureerde* onderhoud genoem (Rubin & Rubin, 1995:5). Rubin meen dat slegs ’n voorstel gemaak word aangaande die onderwerp en dat min of geen spesifieke vrae vooraf geformuleer word nie.

   Die waarde van hierdie tipe onderhoud is vasgevang daarin dat meer as een gesprek met die respondent op verskillende terreine en omgewings kan plaasvind. Hierdie gesprekke volg op mekaar en so word die data oor ’n tydperk ingesamel. Een groot voordeel van hierdie tipe onderhoud, is dat die navorser ontvanklik kan wees vir die opinies en siening van die medenavorsers (Patton, 1990:282). Die onderhoude is dus nie beperk tot ’n bepaalde uitkoms nie.

b) Die **algemene onderhoudmetode-riglyn** bepaal vooraf die sake wat ter sprake is voordat die onderhoud begin. Wat belangrik is om te onthou, is dat die volgorde en presiese bewoording van die vrae en antwoorde nie vooraf bepaal mag word nie. Hierdie riglyne dien slegs om meer struktuur aan die gesprek te verleen. Omdat meer as een persoon ondervra word, wil die navorser meestal dieselfde tipe inligting tydens elke gesprek bekom. Hierdie tipe onderhoud vind binne ’n spesifieke raamwerk of tema plaas. Dit is dus belangrik dat die navorser die gesprek binne hierdie tema hou. Rubin en Rubin (1995:5) noem hierdie tipe onderhoud die *semi-gestruktureerde* metode. Rubin meen dat die gesprek in hierdie tipe onderhoud deur die navorser in ’n spesifieke rigting gelei word.



© University of Pretoria

c) Die standaard **oop-einde-onderhoud** het duidelik uiteengesette vrae in ’n spesifieke volgorde. Die doel van hierdie onderhoud is om aan die respondente dieselfde stel vrae te vra en in en dieselfde situasie te plaas. Hierdie tipe onderhoudmetode word gebruik wanneer daar min tyd is om persone te ondervra en wanneer net een gesprek met elkeen moontlik is. Hierdie tipe onderhoud is nie buigsaam nie, eerder baie gestruktureerd. Aangesien sekere navorsers op hul eie manier onderhoude voer, dwing hierdie metode jou om ’n spesifieke standaard te volg en daarvolgens te werk. Die data wat bekom is uit hierdie onderhoudmetode, is baie makliker om te evalueer en te prosesseer as die vorige twee metodes.

Ek het die **informele gespreksonderhoudtegniek** gebruik. Daar is vooraf geen agenda of gestruktureerde vrae uitgewerk nie. Elke sessie is gelei deur die medenavorsers. Hulle het grotendeels die rigting bepaal waarheen die gesprek ontwikkel het. Elke sessie was dus uniek en groot waarhede aangaande die wêreld waarin die groep beweeg, is op hierdie waarhede ontgin.

## 2.3 Narratiewe navorsing

Mense se lewens bestaan uit stories. Die narratiewe navorsing is in hierdie stories geïnteresseerd. Om navorsing te doen, word ’n paradigma gekies waarbinne hierdie navorsing gedoen gaan word. In hierdie navorsing is alreeds in diepte verwys na die postfundamentele benadering en transversale rasionaliteit, en die belangrikheid daarvan in my verstaan van kennis en waarheid is bespreek. Verder kies ek om narratiewe terapie te gebruik om my navorsing mee te doen. In die narratiewe navorsing, is dit belangrik dat die navorser nie gesien word as iemand wat net “data” insamel en analiseer nie, maar eerder as iemand wat ’n proses fasiliteer, waar die medenavorsers geleentheid kry om deel te hê aan die interpretering van hulle ervarings, kennis en waarde. Die navorser is ook nie die spesialis op die gebied van mense se verhale wat die “data” interpreteer en sy/haar konklusie weergee nie. Die proses moet eerder die medenavorsers na ’n plek lei waar hulle ’n ‘dikker’ verstaan van hulle ervarings en kennis het (Tootell, 2004:56).

Polkinghorne (2007:1) verduidelik die rol van die narratiewe navorser, en meen dat narratiewe navorsing die studie van stories is: “... in addition to the stories that appear in people’s ordinary conversations, narrative researchers study stories they solicit from


© University of Pretoria

others: oral stories obtained through interviews and written stories through requests." Hy meen verder dat 'n groot deel van die sosiale wetenskaplikes in die vroeë 20ste eeu tot 'n konsensus gekom het oor wat geldige bewyse is en watter soort kennis waardig is (Polkinghorne, 2007:2). Mense het persoonlike ervarings wat hy/sy op 'n sekere manier verstaan, en dit kan as bewyse dien van areas in die menslike bestaan wat groot waarde het tot die opdoen van kennis. Volgens Clough (2002:8) is "narrative […] useful only to the extent that it opens up (to its audience) a deeper view of life in familiar contexts: it can make the familiar strange, and the strange familia." Die potensiaal om 'n dieper verstaan van die lewe te kry, is een van die karaktereienskappe wat narratief uniek maak. Hy argumenteer verder vanuit 'n opvoedkundige oogpunt en sê sekere waarhede kan nie op 'n ander manier opgedoen word as deur die vertel van ware gebeurtenisse nie. Clandinin (2006:44) sê mense leef en vertel stories oor hulle lewens. Wanneer hierdie stories vertel word, is dit 'n manier waarop betekenis aan ons lewens gegee word.

> It is equally correct to say 'inquiry into narrative' as it is "narrative inquiry. By this we mean that narrative is both phenomenon and method. Narrative names the structured quality of experience to be studied, and it names the pattern of inquiry for its study …. Thus, we say that people by nature lead storied lives and tell stories of those lives, whereas narrative researchers describe such lives, collect and tell stories of them, and write narratives of experience (Connelly & Clandinin, 1990:2).

Polkinghorne (2007:4) meen dat daar 'n onsekerheid is aangaande die geldigheid van navorsing en die opdoen van kennis. Die geldigheid van 'n stelling lê in die konsensus van die groep sprekers waarin dit voorgegee word. Dus is 'n stelling net geldig binne 'n sekere konteks en nie universeel geldig in alle opsigte en omstandighede nie. Narratiewe navorsing fokus op die waarde wat persoonlike ervaring vir mense het. Dit gee aandag aan hoe mense situasies, ander en hulself verstaan.

Polkinghorne (2007:10) meen dat daar 'n wanindruk tussen 'n persoon se ware betekenis van ervaring en hulle vertelde verstaan daarvan is. Hy gee vier aspekte wat in ag geneem moet word wanneer dit gaan oor die geldigheid van iemand se verhaal:



© University of Pretoria

1. **Taallimiete wat die diepte en kompleksiteit van die betekenis van ervarings belemmer**. Alhoewel die betekenis wat mense aan ’n situasie heg, beïnvloed word deur hulle taal, is die ervaring meer kompleks as wat taal dit kan beskryf. Die verduideliking van die betekenis van ervarings neem ’n taal-geïnduseerde struktuur aan. Hierdie struktuur gebruik woorde wat deur ’n spesifieke taal voorgestel word. Dit is die rol van die navorser om die medenavorsers te motiveer om figuurlike uitdrukkings te gebruik om die betekenis van ervarings te deel.
2. **Die refleksie van verhale het verskillende lae en daar is limiete daaraan**. Hierdie is nog ’n rede waarom “gevoel-betekenis” meer waarde het as wat oor die ervaring gesê of waargeneem kan word. Die betekenis van ervaring is nie bloot net ’n oppervlakkige verskynsel nie, maar kom tot in die diepte van die menslike psige voor. Een manier om hierdie dilemma te oorkom, is om die medenavorsers kans te gee om oor hulle “gevoel-betekenis” te reflekteer.
3. **Mense bied weerstand as gevolg van die sosiale begeerte om die totale omvang van die betekenis van ervarings te beskryf**. Mense is somtyds huiwerig om hulle ervarings en die self-verkenning daarvan, met vreemdelinge, soos die navorser, te deel. Dus kan medenavorsers sekere dele van hulle verhale en ervarings uitlaat omdat dit dalk as sosiaal onaanvaarbaar gesien kan word. Hierdie brug kan egter oorkom word deur vertroue te skep en die medenavorsers te laat voel dat die navorser hom/haar nie gaan oordeel nie. Dit is ook somtyds nodig om tyd te gee tussen die verskillende onderhoude sodat die medenavorsers oor hulle ervarings kan reflekteer.
4. **Die navorsing is somtyds ‘n gesamentlike poging van die navorser en medenavorser en hierdie proses kan gekompliseerd raak**. Die teks wat voorgelê word, is dus nie ‘n suiwer refleksie van die medenavorser nie, maar die navorser het ook ‘n aandeel daaraan. Dit is ‘n refleksie op die navorser se agenda en daarom kan navorsers die medenavorsers se reaksies beïnvloed. Die navorser se liggaamshouding en gesigsuitdrukkings kan die medenavorser ook beïnvloed.

Die navorser moet daarteen waak om ’n eie agenda en gemanipuleerde teks na vore te bring en eerder oop wees vir onverwagte reaksies van die medenavorsers en uitkomste wat nie noodwendig die norm is nie (Polkinghorne, 2007:12). Hierdeur word die stem van die medenavorser gehoor.


© University of Pretoria

Connelly en Clandinin (2000:54) het ’n metafoor ontwikkel vir ’n driedimensionele narratiewe navorsingsbenaderin: (1) persoonlike en sosiale interaksie; (2) verlede, hede en toekoms; en (3) plek of situasie. Hierdie drie dimensies is teenwoordig wanneer navorsing gedoen word. Dit is ’n poging om in die ervarings van die medenavorsers te klim sowel as die mede-gekonstrueerde ervarings van die navorsingsproses. Volgens Clandinin (2006:47) beweeg narratiewe navorsers in verhoudings wat tot onderhandeling lei en wat deel is van narratiewe navorsing. Hierdie onderhandelinge vind plaas tussen verhoudings, die navorsingsdoel en oorgange.

Vanuit die kwalitatiewe en narratiewe benadering tot navorsing, is dit nie vir die navorser moontlik om nie betrokke te raak by die navorsing nie. Dit is nie moontlik om mense as bloot objekte te sien nie, veral nie wanneer jy hulle stories hoor en deel word van hulle verhale nie. Die integriteit van narratiewe navorsing lê juis in die egte vertel van die verhale van die medenavorsers. Ek as navorser moet myself oopmaak vir die ontwikkeling van stories en so ook die medenavorsers se verhale kans gee om te ontwikkel. Ek moet eerlik wees oor my eie verhaal, en moontlike vooropgestelde idees oor die studie en verhale van die medenavorsers. In hierdie studie poog ek om die verhale van die medenavorsers so eerlik as moontlik weer te gee en saam met hulle daarop te reflekteer. Hierdie studie is dus ’n weergee van die verhale van mense wat afhanklik is of was van dwelms. Daar is baie teorieë en verskillende benaderings oor afhanklikheid en as narratiewe navorser werk ek nie binne een van hierdie teorieë nie. Hierdie teorieë vorm deel van die interdissiplinêre gesprek, maar is nie die benadering van hierdie studie nie.

In hierdie studie beweeg ek van narratiewe navorsing na narratiewe terapie. Dit is moeilik om hierdie twee begrippe uitmekaar uit te haal in die gesprekke met die medenavorsers. Narratiewe navorsing en narratiewe terapie oorvleuel op verskeie terreine. Al twee gebruik die verhale van mense se lewens. Müller en Schoeman (2004:7-12) beskryf die geldigheid van narratiewe navorsing as volg: “Narrative research: a respectful and fragile intervention.” Volgens hulle is die doel van navorsing om na mense se verhale te luister en deel daarvan te word. Polkinghorne (2007:6) sê dat narratiewe navorsing geïnteresseerd is in die betekenis van gebeurtenisse in mense se lewens. Nie alle narratiewe navorsing sluit interpretasie in nie. Die


© University of Pretoria

bevindinge is gegrond in die verhale self (Polkinghorne, 2007:12). Die verhale bied genoeg insig in die ervarings van die medenavorsers. Die narratiewe proses is nie om objektief te wees nie, maar streef eerder na subjektiewe integriteit en interaksie (Müller & Schoeman, 2004:9). Hulle sê verder dat die doel nie is om algemene stellings te maak nie, maar om eerder op die klein gemarginaliseerde verhale te konsentreer. Die rede waarom daar na die klein gemarginaliseerde verhale geluister word, is omdat die gemarginaliseerde persone nie gehoor word nie:

> The narrative approach recognises the the narator as a unique domain of skills and techniques, with enables such a person to derive meaning from his/her perseptions of the world;therefore they should be voiced and formulated through the research proses. This should be done in such a sensative way that the research proses leads towords understanding and empowerment (Müller & Schoeman, 2004:9).

Hierdie tipe van navorsing gee ‘n gevoel van hoop en bestaan dus uit positiewe intervensie. Dit is ‘n terapeutiese proses wat plaasvind wanneer mense se stories vertel word en die navorsers daarna luister en daarop reageer. Daarom is narratiewe navorsing en narratiewe terapie onlosmaaklik deel van mekaar in hierdie studie.

## 2.4 Metodologie

Hierdie deel van die studie bevat die buitelyne van die metodes wat gebruik is om navorsing te doen oor mense wat afhanklik is of was van dwelms en hulle identiteit. Die sewe bewegings van praktiese teologie (Müller, 2005:8-9) dui die navorsingsproses aan. Hierdie sewe bewegings gebruik die verhale van die medenavorsers as vertrekpunt en geskied vanuit die narratiewe benadering.

### 2.4.1 ‘n Spesifieke konteks word beskryf

Die eerste stap in die navorsingsproses is om die konteks van die mense wat verslaaf is of was aan dwelms te beskryf. Die konteks waarbinne mense wat verslaaf is of was aan dwelms hulself bevind, is baie breed. Verslawing kan met enige iemand in enige konteks gebeur en daarom is dit nodig om ’n sekere groep mense af te sonder waaroor navorsing gedoen gaan word. Soos in hoofstuk een beskryf, is die persone in hierdie studie posthoërskool, wit Afrikaanssprekendes, tussen die ouderdom van 18 en 30.


© University of Pretoria

Rubin en Rubin (1995:8) sê ook dat om verder as die verhaal te luister en by betekenis uit te kom, moet die gesprek meer gefokus wees op spesifieke gebeure en detail anders as tydens gewone gesprekke. Dus word die medenavorsers aangemoedig om gebeurtenisse in diepte te bespreek en daardeur data te bekom wat betekenis het.

Die medenavorsers het ander belangrike mense wat 'n groot rol in hulle lewens speel. Dit is mense soos ouers, broers en susters, vriende en familielede. Hierdie belangrike mense vorm 'n unieke identiteit en vorm 'n sentrale narratief (Freedman & Combs, 1996:2). Daarom was dit belangrik om tydens die onderhoude oor hierdie belangrike mense in die medenavorsers se lewens te praat. Die opinies van hierdie mense het 'n groot invloed op die identiteit van die medenavorsers, en hoe hulle afhanklikheid beleef en interpreteer. Hierdie verhoudings is deel van die sosiale konstruksionisme van postfundamentele teologie.

Tydens hierdie beweging is onderhoude gevoer met die medenavorsers oor hulle konteks en die belangrike verhoudings wat 'n groot invloed op hulle lewens gehad het.

Deel van hierdie beweging was ook om uit te vind hoe die medenavorsers te doen gekry het met dwelms. Vrae is dus gevra soos: hoe het hulle daarmee te doen gekry? Wie hulle aan dwelms voorgestel? Dit het dan ook gelei tot die konteks waarbinne die medenavorsers hulleself gevind het met betrekking tot die dwelmwêreld.

### 2.4.2 Binne-konteks ervarings word na geluister en verduidelik

Nadat die konteks van die medenavorsers ondersoek is, word die ervarings van die medenavorsers in hierdie spesifieke konteks ondersoek. Freedman en Combs (1996:1) meen dat as ons die narratiewe metafoor gebruik, daar na mense se lewens gekyk kan word as verhale. Goldenberg en Goldenberg (2008:44) sê ook dat mense daartoe geneig is om hulle lewenservarings in 'n self-narratief te organiseer. Wanneer daar dus na mense se verhale geluister word, kan hierdie verhale gebruik word om waardevolle inligting oor hulle ervarings te bekom.

In hierdie beweging van die postfundamentele beweging van Praktiese Teologie word daar dus na die ervarings van die verhale van die medenavorsers geluister.

Die volgende metodes is tydens hierdie beweging gebruik:


© University of Pretoria

- Onderhoude is gebruik om die ervarings te beskryf wat die medenavorsers in hulle konteks het.
- Ek het responsief aktief na die medenavorsers geluister en ‘n nie-wetende posisie ingeneem.
- Die metafoor van die draak wat nie getem kan word nie, was ook tydens hierdie beweging bespreek.

### 2.4.3 Interpretasie van ervarings word in samewerking met die medenavorsers gemaak, verduidelik en ontwikkel

Sosiale konstruksionisme meen dat mense se verhale sosiaal gekonstrueer word deur interaksie met ander mense en menslike instansies, wat betekenis aan hulle lewens gee (Freedman & Combs, 1996:1). Tydens hierdie beweging is daar na rolspelers geluister wat ’n invloed op die medenavorsers se lewens het. Die sosiale interaksie met ander mense gee betekenis aan hulle wêreld waarvan dwelms deel is. Hierdie rolspelers kan positief of negatief wees.

Sosiale konstruksionisme aanvaar dat elke mens sy/haar eie subjektiewe siening en interpretasies van soortgelyke gebeurtenisse het (Goldenberg & Goldenberg, 2008:341). Al sou die medenavorsers almal van dwelms afhanklik gewees het of steeds is, beteken dit nie dat hulle dieselfde betekenis aan soortgelyke ervarings heg nie. Daarom was dit vir my belangrik om die betekenis van elke medenavorser se gebeure te verstaan, en nie te veralgemeen en te aanvaar dat hulle dieselfde betekenis aan hulle verhale heg nie. Müller (2003:302) meen dat in hierdie navorsingsbenadering daar nie bloot net na ’n beskrywing van ervarings gesoek word nie, maar ook die betekenis daarvan vir die medenavorsers.

Die volgende metodes is tydens hierdie beweging gebruik:

- Die medenavorsers het geleentheid gekry om op hulle verhale te reflekteer. Ek het die verhale soos wat ek dit in die eerste sessie gehoor het, hervertel en die medenavorsers kans gegee om kommentaar daarop te lewer.
- Verder het ons oor die betekenis van hierdie ervarings gepraat en daarop gereflekteer.


© University of Pretoria

In gemeenskappe wat te doen het met families en werk bestaan daar somtyds spesifieke diskoerse (Demasure & Müller, 2006:413). In hierdie beweging is dit dus belangrik om verskillende diskoerse van die medenavorsers se verstaan van hulle verhale, te identifiseer. Dit is ook verder belangrik om te besef daar is verskillende tradisies van die interpretasies van die medenavorsers (Freedman & Combs, 1996:1). Hierdie tradisies word gevorm deur die interaksie met ander mense, sowel as menslike instansies, wat ’n invloed uitoefen op die sosiale realiteite en betekenis van mense se lewens.

Die volgende metodes is tydens hierdie beweging gebruik:

- Daar was ‘n verkenning van kulturele en sosiale belange van die medenavorsers om sodoende moontlike diskoerse te identifiseer.
- Geleentheid om weer te reflekteer op die metafoor van die draak wat jou net wil verslind en waarvan daar geen uitkoms is nie.
- ‘n In-diepte literatuurstudie van dwelms en verslawing.
- Die bywoning van ‘n kursus by die Elim-kliniek in Johannesburg oor verslawing en dwelms.
- ‘n Gesprek met terapeute van die Castle Carry-kliniek in Pretoria oor hulle ervarings met mense wat verslaaf is of was aan dwelms.

### 2.4.4 ‘n Refleksie op die geestelike en godsdienstige interpretasie – die ervaring van God

Tydens hierdie beweging word die teenwoordigheid van God in die medenavorsers se lewens verken. Die primêre doel van Praktiese Teologie is om na ’n betekenisvolle manier te soek om die geestelike en godsdienstige invloed op medenavorsers se verhale te identifiseer en op dié manier ook na sekere leidrade te luister wat na God se teenwoordigheid lei. In narratiewe benadering word gesprekke oor God en godsdiens, en die teenwoordigheid van God in gebeure, nie geforseer nie (Müller, 2005:84-85). Daar moet eerder na die godsdienstige en geestelike ervaring van die medenavorser op ’n eerlike manier geluister word. Dit is ook belangrik dat ek as navorser bewus moet wees van my eie verstaan van God se teenwoordigheid. My verstaan van God mag moontlik ’n waardevolle toevoeging tot die verhaal van die medenavorsers wees.


© University of Pretoria

Die volgende metodes is tydens hierdie beweging gebruik:

- Luister na leidrade in die medenavorser se verhale oor die teenwoordigheid van God.
- Die gebruik van die nuwe metafoor waar die draak getem kan word en waar God moontlik in hierdie metafoor teenwoordig kan wees.
- Gesprek is gevoer oor die konsep van sonde en die medenavorser se verstaan van sonde, en hoe afhanklikheid hierby inpas. Daar is verder onderhoude gevoer oor hoe God afhanklikheid interpreteer en wat die medenavorsers tot hierdie nuwe verstaan gelei het.

### 2.4.5 ‘n Verduideliking van ervarings wat verdiep word deur interdissiplinêre ondersoek

Hierdie beweging vind sy wortels in die postfundamentele verstaan van realiteit. Van Huyssteen (2000:428) meen dat Praktiese Teologie die ideale plek vir interdissiplinêre gesprekke is. Dit gee die kerk die geleentheid om met ander dissiplines in gesprek te tree. Müller (2005:76) meen dat transversale redenering, ’n ander, tog gelyke, legitieme manier is waarmee spesifieke onderwerpe, probleme, tradisies, of dissiplines gesien kan word. Verskillende stemme hoef nie kontrasterend te wees nie, maar eerder interaktief.

In hoofstuk vier is ’n in-diepte studie oor afhanklikheid en dwelms gedoen. Hierdie studie bevat verskillende teorieë oor afhanklikheid. Hierdie teorieë help my om tot ’n beter verstaan van verslawing te kom. Die studie van hierdie teorie help my om my eie verstaan van verslawing nie op dié van die medenavorsers af te dwing nie, maar om eerder tot ’n meer holistiese verstaan daarvan te kom.

Die volgende metodes is tydens hierdie beweging gebruik:

- Die bestudering van verskillende relevante teorieë.
- Gesprekke met terapeute van Elim-kliniek in Johannesburg.

### 2.4.6 Die interpretasie van alternatiewe verhale wat verby logika strek

Die laaste beweging is die konstruering of ontwikkeling van alternatiewe verhale wat verder as die huidige gemeenskap strek (Müller 2005:78). Freedman en Combs



© University of Pretoria

(1996:42) sluit hierby aan en meen dat die narratiewe benadering negatiewe diskoerse dekonstrueer en plek maak vir ’n meer positiewe voorkeurrealiteit.

Die ontwikkeling van alternatiewe verhale geskied nie op ’n onnatuurlike manier nie en ook nie sonder die insette van die medenavorsers nie. Die ontstaan van alternatiewe verhale begin by die eerste beweging waar die konteks beskryf word. Dus is hierdie beweging eerder die resultaat van die sewe bewings van Praktiese Teologie, as die vorming van ’n konklusie oor die verhale en diskoerse van die medenavorsers.

Die volgende metodes is tydens hierdie beweging gebruik:

- Die identifisering van unieke uitkomste.
- Die eksternalisering van die probleem in samewerking met die metafoor van die draak wat getem kan word.
- Die konstruering van ‘n alternatiewe verhaal na die eksternaliseringsproses.

## 2.5 Metafore en die “gevreesde draak”

Daar is ’n algemene stigma wat die rondtes doen wat sê: “eenkeer ’n verslaafde, altyd ’n verslaafde,” en dit ondermyn die persoon wat afhanklik is van dwelms se eie pogings om gerehabiliteer te word (McIntosh & McKeganey, 2002:1). Ek gebruik die narratiewe pastorale benadering omdat dit die potensiaal het om die godsverhaal en die lewensverhaal bymekaar te bring ten einde mense wat verslaaf is te begelei om verhale van hoop te ontwikkel. In die narratiewe benadering word daar baie van metafore gebruik gemaak. Die primêre doel vir die gebruik van metafore is om aan mense se lewens te dink as ’n storie. Op so ’n manier kan dit betekenis kry (Freedman & Combs, 1996:1). Elke mens se verhaal is uniek en het ’n eie betekenis. Die media weerspieël ’n negatiewe verhaal van persone wat afhanklik is van dwelms. Hulle word as ’n geheel hanteer en daar word baie veralgemeen. Wat een persoon doen wat verslaaf is, word op die ander ook geprojekteer. In hierdie deel hanteer ek die metafoor wat deur my en die medenavorsers ontwikkel is, naamlik: “die draak wat getem kan word.” Die metafoor het by ’n negatiewe siening van die draak begin en ontwikkel in ’n mooi metafoor wat terapeute kan gebruik wanneer hulle met mense wat afhanklik is van dwelms werk. Voor die metafoor van die draak bespreek word, is dit nodig om na die hoofstroomteorie van metafore te kyk.



© University of Pretoria

Metafore soos in hierdie studie gebruik, is afkomstig van die narratiewe benadering. Die motivering vir die gebruik van metafore in narratiewe terapie is as gevolg van mense wat hulle lewens as stories sien. Mense konstrueer stories uit hulle ervaring en heg betekenis daaraan (Demasure & Müller, 2006:412). Wanneer ’n narratief dus vertel word, kom meervoudige betekenisse na vore. Demasure en Müller (2006:214) sê dat narratiewe baie meer as konsepte voorstel. Dit bevat die lewensverhaal van mense en wanneer hierdie mense oor hulle lewensverhale praat, word hierdie lewensverhaal op die voorgrond geplaas. Elke persoon het dus ’n narratiewe identiteit waaruit hulle gebeurtenisse verstaan en ervaar. Terapeute wat vanuit ’n narratiewe benadering werk, gebruik dekonstruktiewe luister en vra dekonstruktiewe vrae as metodes om met stories te werk (Loubser en Müller, 2011:5). Die terapeut is saam met die kliënt op soek na unieke uitkomste deur van ’n eksternaliseringsproses gebruik te maak, sodat moontlike nuwe uitkomste gekonstrueer kan word. Narratiewe terapeute sê dat hierdie nuwe interpretasies voorkeur moet geniet bo ander narratiewe voor dit as ’n leidende metafoor gebruik kan word (Loubser & Müller, 2011:5). Metafore kan dus ook gebruik word in die soektog na unieke uitkomste. Freedman en Combs (1996:2) gebruik in terapie dieselfde metafore as ons, waardeur lewens gekonstrueer en georganiseer word. Vanuit ’n narratiewe benadering het die gebruik van metafore dus ’n belangrike funksie.

Goldenberg en Goldenberg (2008:365) wys ook op ’n metafoor wat betekenis het. Hulle wys daarop dat ons persepsies oor ons eie realiteit organiseer en in stand hou, deur die stories en metafore waarmee ons kennis opdoen aangaande onsself en ons rolle in die samelewing. Daarom kan die metafoor van die draak wat getem kan word, gebruik word as ’n betekenisvolle metafoor, wat saam met die medenavorsers se verhale gebruik word om betekenis en verstaan van hul eie lewens te herkonstrueer.

Lakoff en Johnsen (2003:8) skryf: “Metaphor is for most people a device of the poetic imagination and the rhetorical flourish a matter of extraordinary rather than ordinary language.” Metafore is dus belangrik in die lewe van mense, nie net deur taal nie, maar ook deur dink en aksie (Lakoff & Johnsen, 2003:8). Mense se konseptuele stelsel speel ’n belangrike rol in die dag-vir-dag funksionering en gekonstrueerde realiteite. Hierdie konseptuele stelsel is metafories van aard (Lakoff & Johnsen, 2003:9). Teoretici en praktisyns is al lank geïnteresseerd in die gebruik van metafore



© University of Pretoria

in psigoterapie, en in verskeie terapeutiese benaderings soos psigoanalise, kognitiewe-gedragsterapie, familie- en groepterapie (Liu et al., 2012:65). Long en Lepper (2008:343) beskryf metafore as "by wyse van spreke," waar 'n term van die objek van oorsprong verplaas word na een wat hy moontlik kan aanneem deur vergelykings en analogie. Legowski en Brownlee (2001:3) sê: "The essential value of metaphor for therapy lies In the transfer of meaning, the capacity to bridge concepts and the capacity to extend the imagination into recognizing new possibilities." Metafore kan dus sinvol in terapie gebruik word om nuwe toekomsverhale te konstrueer. Legowski en Brownlee (2001:3) sluit by narratiewe kenners (Freedman & Combs, 1996, White & Epston, 1990) in terapie aan deur te sê dat sosiale metafore 'n invloed uitoefen op individuele metafore. Die kulturele en sosiale wêreld is dus belangrik wanneer metafore gebruik word. Die metafore van verhale word 'n voertuig waardeur terapeute kliënte se ervarings kan filtreer en ïnterpreteer. Wiklund (2010:61) sê die wêreld van mense is 'n metaforiese wêreld. Ons gebruik metafore om te redeneer en so tot nuwe insigte en verstaan te kom. Die gebruik van metafore het baie betekenis in verhale (Wiklund 2010:61).

Ricoeur (1978:144) skryf dat Aristoteles alreeds verwys het na die semantiese rol van verbeelding in 'n metaforiese sin. Volgens Ricoeur, sê Aristoteles dat die gawe om goeie metafore te konstrueer, gegrond is in die vermoë om ooreenkomste raak te sien (Ricoeur, 1978:144). Wat voorgestel word, is geïllustreerde afmetings, en wat Ricoeur (1978:144) die geïllustreerde funksie van metaforiese betekenis noem. Hy sê verder, net soos Aristoteles, dat 'n metafoor nie net verstaan moet word as woord-vir-woord-vervanging of naam-vir-naam-vervanging nie, maar eerder as 'n interaksie tussen logiese objek en bepaalbaarheid (Ricoeur, 1978:144). Die psigologie van verbeelding moet geïntegreer word in 'n semantiese metafoor. Ricoeur verduidelik laasgenoemde gedagte verder:

> ... a bad psychology of feeling is responsible for a similar misunderstanding. Indeed, our natural inclination is to speak of feeling in terms appropriate to emotion, that is, to affections conceived as (1) inwardly directed states of mind, and (2) mental experiences closely tied to bodily disturbances, as is the case in fear, anger, pleasure, and pain. In fact both traits come together. To the extent that in emotion we are, so to speak, under the spell of our



© University of Pretoria

> body, we are delivered to mental states with little intentionality, as though in emotion we "lived" our body in a more intense way (Ricoeur, 1978:155-156).

Gevoelens vergesel en voltooi verbeelding, ons "sien" dus soos wat ons "voel" (Ricouer, 1978:156). Hieruit lei ek af dat dit wat jy ervaar kan deur die metafoor geskied oor hoe jy die wêreld om jou sien. Ricouer (1978:157) sê dat gevoelens 'n bydrae lewer tot die gesplete verwysings van poëtiese diskoerse: "The imagination contributes to it, as I said, owing to its own split structure*."* Hierdie gesplete strukture aan die eenkant verwys na die spaning van verbeelding met die verloop van gedagtes en die objek van algemen denke. Aan die ander kant bied dit modele om realteit op 'n nuwe manier te interpreteer (Ricouer, 1978:157). Hierdie gesplete struktuur, is die struktuur van verbeelding as fiksie.

### 2.5.1 Die draak metafoor

Deur die narratiewe benadering te gebruik vir data-insameling, asook die interpretasie daarvan, het ek die metafoor van die animasiefilm *How to train your dragon* (hierna verwys as "die draak wat getem kan word") gebruik om die medenavorsers te help om te reflekteer op hul huidige verhale en 'n betekenisvolle nuwe toekomsverhaal te konstrueer. Freedman en Combs (1996: 2) stel dit dat ons metafore gebruik wat deur ons gekies word en waardeur ons ons lewens en werk organiseer deur die konstruering van ons persepsies en gedrag. Die metafore wat ons gebruik, beïnvloed die manier waarop ons kyk, luister en voel. Dit wys daarop dat metafore 'n baie groot invloed in ons lewens het en daarom is dit belangrik, volgens Freedman en Combs (1996:2).

Die metafoor van die draak wat getem kan word, help die medenavorsers om verslawing beter te verstaan, in dié sin dat hulle verstaan dat afhanklikheid nie 'n gevreesde draak is wat jou gaan verslind en 'n einde aan jou lewe gaan maak nie. Dus kan die medenavorsers reflekteer op die diskoers van die gevreesde draak en betekenis heg aan die metafoor, waar die draak getem en beheer kan word en 'n hoopvolle lewe van betekenis kan lei. Die medenavorsers het gesê dat die metafoor van die draak wat getem kan word, meer betekenis het en 'n metafoor is wat aan hulle 'n hoopvolle toekoms bied. Deur die gebruik van die narratiewe benadering en die metafoor van die draak wat getem kan word, kan die verhale van die medenavorsers



© University of Pretoria

dikker gemaak word omdat hulle die mag van afhanklikheid in hulle eie hande en beheer oor hul eie lewens neem.

Demasure en Müller (2006:412) praat van die dialektiese beweging tussen tekste met hul simbole en metafore, en die aktiewe bydrae van mense tussen tekste en metafore om betekenis aan hul verhale te gee, om sodoende hul eie wêreld te verstaan. Tydens die onderhoude met die medenavorsers het ek hulle gelei met die metafoor van die gevreesde draak wat lewens verwoes en nie gestop kan word nie. Al die medereisigers het hulself met hierdie metafoor vereenselwig en was van mening dat hierdie draak nie gekeer kan word nie. Dit dui op 'n hopelose negatiewe toekomsverhaal. Later in die onderhoude is die metafoor van die draak wat getem kan word, ingebring. Die gevolg was 'n herkonstruering van die medenavorsers se toekomsverhaal na 'n moontlike positiewe hoopvolle een. Deur hierdie metafore te gebruik, word die medenavorsers gehelp om betekenisvol oor hulle lewens as stories te dink (Freedman & Combs, 1996:1).

### 2.5.2 Die ontstaan van die gevreesde draak

Die verhaal begin in 'n rehabilitasiesentrum in Pretoria. Dit was 'n gewone jaarvergadering en sommige persone wat afhanklik was van dwelms en die sentrum se program gevolg het en al 'n geruime tyd lank "skoon" is, het die vergadering bygewoon. Na die tyd het ek 'n gesprek met een van die persone gehad. Hierdie persoon was 'n vrou in haar laat twintigs. Sy was op dié stadium al minstens drie jaar "skoon." Ek was verbaas en het haar gelukgewens. Dis wonderlik dat iemand sy/haar lewe kan verander en verlos van dwelms wees. Die volgende reaksie het ek nie verwag nie. Sy het gesê: "Dwelms is soos 'n draak wat deel geword het van my lewe en waarvan ek nie weer ontslae kan raak nie. Jy moet die heeltyd waaksaam wees, anders gaan die draak jou verslind." Die gesprek het geen spesifieke uitkoms gehad nie en ons het informeel oor afhanklikheid gesels.

Wanneer die narratiewe benadering gebruik word om data in te samel en te interpreteer, is dit 'n sinvolle tegniek om metafore te gebruik. Freedman en Combs (1996:1) wys daarop dat die gebruik van metafore baie belangrik is vir die wyse waarop mense hul lewens en werk interpreteer en organiseer. Dit is dus nodig om 'n leidende metafoor te gebruik wat waarde sal toevoeg tot mense se lewens binne 'n



© University of Pretoria

spesifieke konteks. Dit was ’n ontnugterende gedagte om te dink dat jou identiteit verander wanneer jy van dwelms afhanklik is of was. Hieruit het die navorsingsvraagstuk ontstaan: Vorm afhanklikheid deel van jou identiteit, of is daar ’n alternatiewe manier om na die identiteit van ’n persoon wat afhanklik is of was van dwelms, te kyk? In my gesprekke met die medenavorsers het ons hierdie metafoor van die draak as vertrekpunt gebruik.

### 2.5.3 Die gevreesde draak kan nie oorwin word nie

Die metafoor van die draak lui as volg: Die draak is ’n vreeslike monster wat almal in sy pad probeer verslind. Hy is ewigdurend besig om mense se lewens te verwoes. Baie het al onder sy mag gestruikel en selfs gesterf. Hy is ’n gevreesde dier. Daar is baie helde wat al teen hom te staan gekom het en van mening is dat die draak onoorwinbaar is, dat daar niks is wat die swakplek van die draak ontbloot nie. Hy is maar net te sterk en jy ontsnap nie uit sy kloue nie. Daar word gesê dat as hy eers deel van jou lewe is, jy hom nooit weer kan wegkry nie, en dat jy gereeld weer in geveg met hom is tot wat hy jou eendag heeltemal verslind.

Die metafoor van die draak beklemtoon hoe ernstig verslawing werklik is. Dit is die metafoor waarmee baie persone wat afhanklik van dwelms is of was, rondloop. Vir hulle word gesê dat die draak nie oorwin kan word nie. Die draak is dus deel van hulle lewens. Dit beteken dat afhanklikheid altyd deel van hulle lewens gaan wees. In hoofstuk vier word die verskillende teoretiese benaderings van verslawing bespreek. Die algemene benadering wat die meeste gebruik word deur rehabilitasiesentrums en mense wat met verslawing werk, is die siektebenadering. Die siektebenadering sê dat verslawing sekere breinfunksies verander en daarom is die persoon nooit werklik weer vry van verslawing nie. Vir hierdie rede word daar vir persone wat afhanklik is of was vertel dat hulle altyd ’n afhanklikheidsprobleem gaan hê. Dit maak dan sin dat die leidende metafoor in baie mense se lewens een is waar die draak ’n gevreesde dier is, waarvan hulle nooit ontslae kan raak nie. Dit impliseer dat verslawing deel word van hulle identiteit en hulle self-konsep. Dit word die leidende verhaal in die verstaan van hulle identiteit. Wanneer so ’n persoon gevra word wie hulle is, sal verslawing deel moet wees van hulle antwoord. Dit impliseer dat hulle nooit die etiket van verslawing sal kan afhaal en wegbêre nie. Van Hout en McDonnell (2011:19) sê dat mense wat aan heroïen verslaaf is, geestelike, emosionele, sosiale en fisiese uitdagings ervaar.


© University of Pretoria

Hierdie uitdagings sluit onder andere in “om as ‘junkie’ en ‘scumbag’ geëtiketteer te word.” Dit kan ’n invloed hê op hoe mense wat afhanklik is van dwelms, hulle identiteit interpreteer en ervaar: “Hallo, my naam is ... en ek is ’n verslaafde.”

### 2.5.4 Moet net nie die slangetjie kos gee nie

Die metafoor van die draak wat nie oorwin kan word nie, het die medenavorsers moedeloos en weerloos gelaat, want dis hoe hulle verslawing ervaar. Hulle het vrae gevra soos: “Hoekom probeer ek nog as ek in elk geval net gaan struikel en deur die draak verslind word, dan gee ek liewers nou op en geniet die laaste paar oomblikke van my lewe voor die draak my opvreet?” Saam met die medenavorsers het ons na ’n ander metafoor van die draak gesoek, een wat nie so negatief is nie.

Een van die medenavorsers het verslawing op ’n ander manier probeer verstaan. Hierdie poging was goed, maar het steeds ’n negatiewe verstaan van afhanklikheid gelaat wat nie die toekomsverhaal meer positief maak nie. Hy verduidelik dit aan die hand van die volgende metafoor: “Afhanklikheid is soos ’n slang wat in jou maag bly. Hy is stil en sluimer. Hy is skadeloos en jy is nie eers bewus van hom nie. Tot die dag wat jy hom kos gee, dan word hy ’n draak wat jou probeer verslind.” Hierdie metafoor verduidelik iets van hoe afhanklikheid deel word van jou lewe wanneer jy wel al afhanklik was. Die afhanklikheid gaan nooit heeltemal weg nie. Dit bly deel van jou lewe. Dit is wat die rehabilitasiesentrums aan die medenavorsers sê en die rede daarvoor is die aanhang van die siekteteorie van afhanklikheid. Die mediese wêreld maak van afhanklikheid ’n siekte. Dit kan vergelyk word met diabetes. Die persoon leef met diabetes, maar dit kan deur medikasie beheer en hanteer word. So ook leef die persoon met afhanklikheid, maar dit kan beheer word en selfs ook genees word. Dit is wat die sluimerende slang beteken. Dit is daar, maar gaan jou nie noodwendig skade aandoen nie. Wanneer jy egter die slang voer, verander hy in ’n draak wat jou lewe probeer verslind. Die voer van die draak is om jou weer oor te gee aan dwelms. Selfs om dit net weer een keer te gebruik, is genoeg om die verslawing wakker te maak.

Bogenoemde metafoor is ’n beter poging tot ’n nuwe hervertelde toekomsverhaal, maar impliseer steeds dat verslawing deel is van jou identiteit wat deel uitmaak van wie jy is, en dit beweeg nie weg van die algemene siening van “eenkeer ’n verslaafde,


© University of Pretoria

altyd 'n verslaafde" nie. Dus is verdere pogings aangewend om 'npositiewer metafoor te konstrueer.

### 2.5.5 Die draak kan getem word

Die metafoor van die verskeurende draak het 'n baie negatiewe konnotasie. Dit gee nie die persone wat van dwelms afhanklik is of was, nie baie hoop vir die toekoms nie. As die lewe elke dag 'n oorlog teen 'n draak is, impliseer dit dat mens moeg kan word en ingee sodat die draak jou net kan verslind. 'n Ander metafoor het tydens my gesprekke met die medenavorsers wat van heroïen en cat afhanklik was, ontstan. Hulle het die draak beskryf as een wat beheer kan word. Al kan hy nie in sommige gevalle heeltemal vernietig word in 'n persoon se lewe wat byvoorbeeld aan heroïen verslaaf is of was nie, kan hy tot 'n groot mate beheer word. Die animasiefilm *How to train your dragon* het verskyn. Dit kan as 'n alternatiewe metafoor gebruik word.

In hierdie film is die hoofkarakter se naam Hickup. Hy is nie baie gewild in sy gemeenskap nie en word voorgestel as 'n swak onbeholpe seun wat nie die naam van 'n Viking kan dra nie. Selfs sy pa is verleë oor hom. Boonop is Hickup se pa die leier van die Viking-gemeenskap. Hierdie Viking-gemeenskap baklei gereeld teen drake wat hulle kleinvee steel. Hickup se grootste behoefte en droom is om eendag 'n draak dood te maak sodat hy ook as 'n waardige Viking gesien kan word. Eendag kwes hy 'n draak. Hy kry die geleentheid om die draak dood te maak, maar kon dit nie regkry nie. Die draak is egter gekwes en kon nie wegvlieg nie. So kry Hickup die geleentheid om die draak te bestudeer en beter te leer ken. Hy het steeds respek vir die draak en weet dat die draak gevaarlik is, maar hy leer tegnieke aan om die draak te tem. Hickup se gemeenskap het die drake as gevaarlik en dodelik gesien en daarom het hy besluit om hulle te wys dat die drake getem kan word.

Tydens die sessies het ons die metafoor van die gevreesde draak verander na die draak wat getem kan word. Die animasiefilm *How to train your dragon* is vertel om seker te maak dat die medenavorsers die verhaal ken en verstaan. "Hickup" verteenwoordig medenavorsers. Hulle wou ook die draak doodmaak en 'n lewe lei sonder dwelms (die draak). Tydens hierdie punt het ons dieper in die verhale van die medenavorsers geklim. Hulle het geleentheid gekry om dit wat Hickup deurgemaak het voor hy die draak gekwes het, deel van hulle eie storie te maak en oor te vertel.



© University of Pretoria

Die medenavorsers moes alles vertel wat hulle voel ’n rol in hulle lewens gespeel het. In Hickup se geval is hy gespot en geterg omdat hy nie sterk genoeg was om ’n draak dood te maak nie. Hy het amper geen verhouding met sy pa gehad nie omdat sy pa hom verafsku het en hy nie soos die ander Vikings was nie. Al hierdie gebeure het ’n groot rol in Hickup se lewe gespeel. So ook is daar gebeure in die medenavorsers se lewens wat ’n groot invloed op elkeen se verhaal gehad het.

In die verhaal kom dit na vore dat die Vikings ’n sekere verstaan van die samelewing en die wêreld het. Hulle het hulle eie klein gemeenskappie wat op sekere maniere glo en leef. Dit is die wêreld waarin Hickup grootword. Sy verstaan van die realiteit is beïnvloed deur die Vikings se verstaan van realiteit. Die medenavorsers het elkeen ook hulle eie verstaan van realiteit. Hierdie verstaan van die realiteit word deur verskillende faktore beïnvloed. Die tipe kultuur waarin hulle grootgeword het, die sosiale verstaan van die samelewing, die tipe kerk waarheen hulle gaan, sal ’n sekere verstaan van verslawing en dwelms hê. Dit gaan ’n invloed hê op die manier waarop die medenavorsers God in hulle lewens beleef en verstaan. Soos reeds in hoofstuk een beskryf, verstaan ek verhale vanuit ’n postfundamentele verstaan van Praktiese Teologie. ’n Postfundamentele verstaan van Praktiese Teologie help om die verskillende aspekte van verhale en mense se interpretasie van hulle eie verhale te verstaan (Müller, 2009:204, Van Huyssteen, 1999:33). Daarom kan daar nie veralgemeen word wanneer daar na die verhale van die medenavorsers gekyk word nie. Elkeen se verhaal is uniek en het sy eie betekenis. Persone kom op verskeie maniere in aanraking met alkohol of dwelms. Mense se reaksies verskil wanneer hulle in aanraking met die draak kom. Sommige persone sal die draak ignoreer en nie toelaat dat die draak deel word van hulle lewens nie. Ander sal die draak ontmoet en deel maak van hulle lewens. Daar is verskeie maniere waarmee persone met die draak kennis maak. Sommige maak kennis met die draak deur iemand naby aan hulle wat self verslaaf is, ’n pa wat ’n alkoholis is, of selfs deur sosiale geleenthede. Dann (2002:38) meen dat daar nie spesifieke redes is waarom mense verslaaf raak nie. Hy meen dat afhanklikheid ’n baie komplekse verskynsel is: “In reality, addiction does not have a single or primary cause, and most addicts probably have a variety of causes for their own habits” (Dann, 2002:38).



© University of Pretoria

Hickup se pa wou hom nie aanvaar soos wat hy is nie, en op dieselfde wyse mag daar mense in die medenavorsers se lewens wees wat hulle beïnvloed en ’n groot rol speel. Dit kan mense wees wat hulle seergemaak het, of selfs mense wat hulle verwerp het as gevolg van die afhanklikheid. Dit kan ook mense wees wat hulle ondersteun en alles in hulle vermoë doen om hulle te help baklei teen die “draak.”

Die volgende deel van die medenavorsers se verhaal was om te sien hoe Hickup die draak tem. Dit is belangrik om te weet dat die draak steeds daar is en deel vorm van die medenavorsers se lewens, veral in die begin as gevolg van die chemiese wanbalans wat veroorsaak word deur dwelms in die menslike liggaam. Later kan die draak heeltemal vernietig word en ’n lewe sonder afhanklikheid moontlik wees. Hierdie stelling is moontlik aangesien daar vanuit die staanspoor afgelei is dat dwelms ’n siekte is. Die nuutste navorsing aangaande afhanklikheid wys daarop dat afhanklikheid ’n invloed op die breinfunksies het en dit selfs verander (seminaar: “The new face of addiction”). Afhanklikheid is dus iets wat in baie gevalle nooit werklik weggaan nie, maar wat beheer kan word. Dit wil nie sê dat mens nie heeltemal gesond kan word van afhanklikheid nie. Daar is gevalle wat toon dat mense afhanklikheid heeltemal uit hulle lewens verwyder het en dit dan eerder as ’n verlede hoofstuk in hulle lewens sien, as iets wat permanent teenwoordig is. Dit is dan amper soos ’n verkoue waarvoor medikasie gebruik is en dan heeltemal weggaan. Dit is egter nie die norm nie. In die meeste gevalle is die afhanklikheidsiekte deel van ’n persoon se lewe sodra die liggaam fisies afhanklik geraak het aan ’n chemiese middel. Hierdie nuutste verstaan van afhanklikheid gee insig oor hoekom persone so sukkel om op te hou om ’n substansie te gebruik, ongeag die nagevolge daarvan. Selfs al is die persoon vir ’n aantal jare dwelmvry, kan hy/sy maklik weer die chemiese middel begin gebruik. Die nuwe verstaan van afhanklikheid lyk aanvanklik soos ’n doodloopstraat, maar dit hoef nie noodwendig so gesien te word nie. Hierdie verstaan van afhanklikheid is aan die medenavorsers vertel, sodoende weet hulle wat die vertrekpunt is en dien as hulp om afhanklikheid beter te verstaan. Om hierdie inligting met die medenavorsers te deel, bemagtig hulle sodat hulle die terugslag- en voorkomingsproses beter kan verstaan.

Hickup het aanvanklik die drake as gevreesde diere gesien, maar later het hy geleer hoe om die drake te hanteer en te tem. Die draak bly steeds gevaarlik en kan weer vernietigend raak wanneer die persoon die verkeerde aandag aan hom gee. Met


© University of Pretoria

verkeerde aandag word bedoel wanneer die persoon weer dwelms gebruik. Sekere tegnieke kan aangeleer word om die impak van dwelms in jou lewe te beheer. In die verslawingswêreld beteken dit om terugslae te beheer en te voorkom. Terugslae word in diepte in hoofstuk drie behandel.

Wanneer die metafoor "die draak kan getem word" gebruik word, eerder as die gevreesde draak wat jou net wil verslind, kan 'n persoon se identiteit beïnvloed word. Afhanklikheid hoef nie meer op die voorgrond van jou identiteit te wees nie en 'n persoon kan hom-/haarself as soveel meer as net 'n afhanklike beskryf. Die erkentenis word dan eerder: "Hallo my naam is ... en ek is ... ('n persoon in eie reg sonder die etiket van afhanklikheid)."

## 2.6 Persoonlike refleksie oor hoofstuk twee

Die skryf van hierdie hoofstuk was 'n wonderlike ervaring. Om te besluit watter tipe onderhoudstyle gebruik gaan word en hoe die gesprekke ingerig gaan word, was 'n opwindende proses. Wanneer 'n navorser hom-/haarself in 'n benadering posisioneer, moet daar mooi gedink en verstaan word oor hoe hierdie benadering die navorsing hanteer. Daar is soveel verskillende tegnieke en style oor hoe om "data" in te samel, dat jy as navorser moet kophou.

Kwalitatiewe navorsing het vir my as mens baie beteken omdat veralgemening kan beteken dat die uniekheid van elke mens en sy storie gemis kan word. Die mens is ryk en vol unieke ervarings wat somtyds verlore gaan in 'n veralgemening. Dit het my weer oor my eie lewensverhaal laat dink en die uniekheid van my eie verhaal laat raaksien. As ek net deel was van 'data' wat op wit en swart geskryf is, voel dit of my verhaal goedkoop is en min waarde het. Dit is juis deur kwalitatiewe navorsing wat my unieke verhaal vertel kan word, en die eienskappe en konteks van my eie verhaal na vore kom en nie oorskadu word deur 'data' nie.

Die gebruik van die sewe bewegings van Praktiese Teologie in die navorsing, het die werk vir my baie makliker gemaak. Daar is soveel aspekte wat in ag geneem moet word wanneer 'n mens met navorsing besig is en die sewe bewegings het my konstant op koers gehou. Wanneer ek verdrink het in die navorsing en somtyds gevoel het dat ek nie kop bo water kan hou nie, het die sewe bewegings my weer soos 'n padkaart in die regte rigting gestuur.


© University of Pretoria

Verder het die ontdekking van die metafore my baie oor die lewe laat dink. Dis ’n wonderlike metode wat narratiewe terapie gebruik om aspekte van jou lewe met ’n metafoor te vergelyk. Vir my het dit die harde werklikheid van die dwelmwêreld beskryf. Die aanvanklike metafoor van die gevreesde draak het my baie laat dink oor die uitdagings en voortdurende stryd waarin mense wat verslaaf is en was aan dwelms, hulleself bevind. Vir iemand wat nooit werklik aan die dwelmwêreld blootgestel is nie, het die metafoor van die draak my gehelp om iets te beleef van wat die persoon beleef wat aan dwelms verslaaf is of was. Ek het persoonlik nie besef dat dit so ’n harde aanhoudende stryd is nie. Die ander metafoor van die slangetjie wat jy net nie moet kos gee nie, het ook vir my iets laat beleef van hierdie stryd wat net nooit ophou nie en my laat dink aan die versigtigheid waarmee hierdie mense moet saamleef. Dis ’n nagmerrie en ’n lewe van aanhoudend “op eiers loop.”

Met die ontdekking van die alternatiewe metafoor, het ek baie oor die metafoor van my lewe gedink. Ek het myself gevra of die metafore wat ek in my lewe gebruik, die beste metafore is wat ek kan gebruik, of is daar ander metafore wat dalk beter sou werk? Na die skryf van hierdie metafoor, het ek oor my eie lewe en denke gereflekteer.

Ek is persoonlik baie lief vir animasiefilms. Dit kan soms baie seer en moeilike lewensvrae op ’n sagte en mooi manier dekonstrueer en alternatiewes skep. Die animasiefilm *How to train your dragon* het vir my persoonlik baie betekenis gehad omdat dit die eerste film is wat ek en my vrou saam gaan kyk het. Ons was op daardie stadium net goeie vriende gewees en nie gedink dat ons ’n paar jaar later in die huwelik bevestig sou word nie. Hierdie film se storielyn bevat so baie aspekte van sosiale konstruksionisme. Dit stel die onbekende voor en wat gebeur wanneer die onbekende of sosiale omgewing van ‘’n ander kultuur in ag geneem word. Die film kan selfs as metafoor vir aspekte in my lewe dien na die afhandeling van hierdie navorsing.


© University of Pretoria

# 3. HOOFSTUK 3: IDENTITEIT VAN DIE DRAAK

## 3.1 Inleiding

> Imagine the feeling of being able to capture and hold the entire Milky Way in your hand, this is what the addict feels she is loosing every time she puts down her bottle, marijuana, cocaine, heroin, pills, or food (Diamond, 2002:1).

Hierdie is ’n stelling wat mens moontlik laat verstaan waarom, ten spyte van die beste pogings deur professionele mense en instansies, ons die oorlog teen afhanklikheid verloor (Diamond, 2002:1). Afhanklikheid is ’n komplekse verskynsel waarvan die volle omvang en verstaan daarvan, nog ver in die toekoms lê. Diamond meen dat wanneer psigologiese gesondheidsnavorsers dwelmmeetinstrumente gebruik om die omvang van ’n persoon se afhanklikheid te meet, mis hulle die punt. Hulle probeer die onmeetbare meet. Wanneer die mediese navorsing ’n wetenskaplike benadering tot afhanklikheid het, gaan dit nie ’n wetenskap van gene, neurotransmitters of breingolwe wees nie (Diamond, 2002:1).

Die doel van hierdie hoofstuk is om identiteit te bespreek, spesifiek die identiteit van iemand wat van dwelms afhanklik is of was. Identiteit is ’n kerndeel van hierdie studie, daarom is dit belangrik om hieroor navorsing te doen. Daar gaan spesifiek gekyk word na hoe persone wat van dwelms afhanklik is of was, hul eie identiteit sien. Hoe persone hulle identiteit sien en internaliseer, maak deel uit van hulle vermoë om afhanklikheid te hanteer. Vanuit ’n postfundamentele teorie word daar nie veralgemeen nie en word daar eerder na elke persoon as individu gekyk. Vir hierdie rede is identiteit baie belangrik, want elke persoon se identiteit is uniek, so ook hoe elkeen van hierdie individue hulle eie identiteit sien. Yalom (1980:229) meen dat elke persoon verantwoordelikheid moet raaksien en hiermee saam besef dat elke persoon sy/haar eie self ontwikkel en hulle toekoms, asook in sommige gevalle hulle eie swaarkry, bepaal. Ek het ‘n metafoor ‘die draak wat getem kan word’ ontwikkel saam met die medenavorsers. Hierdie metafoor fokus op die identiteit van die persoon wat afhanklik is of was van dwelms. Voordat hierdie metafoor bespreek word, is dit nodig om na die konsep van identiteit te kyk en die impak wat dit op mense wat afhanklik is of was van dwelms, se lewens het.



© University of Pretoria

Daar is met die medenavorsers gepraat oor hoe hulle hul eie identiteit sien. Almal waarmee hierdie onderhoude gevoer is, het hul identiteit as baie vaag en ongedefinieerd beleef. Afhanklikheid het ’n negatiewe impak op hulle identiteit gehad. Die medenavorsers sien hulleself as doelloos en waardeloos. Redes wat hulle hiervoor gee, is hoe ander mense hulle hanteer. Een medenavorser het dit as volg beskryf: “... Ek voel soos die skuim van die aarde, mense kyk my aan asof ek die duiwel is.” Die impak van hierdie negatiewe siening van die medenavorsers se identiteit het ’n direkte impak op hulle afhanklikheid. Hulle droom en smag na ’n positiewe dwelmvrye lewe, maar hulle is moedeloos en sien nie kans vir die vernedering van ander mense nie. Vir die medenavorsers is afhanklikheid deel van hulle identiteit. Hulle sien hulleself as iemand wat afhanklik is. Al die medenavorsers was al minstens een keer by ’n rehabilitasiesentrum gewees en die algemene siening by die meeste sentrums is dat die persoon wat afhanklik is van dwelms moet erken dat hulle ‘n afhanklike is. Hierdie erkenning van afhanklikheid kom van die AA af. Later in die hoofstuk gaan daar in meer diepte oor hierdie organisasie gereflekteer word. Hierdie hoofstuk redeneer oor die identiteit van persone wat van dwelms afhanklik is of was.

## 3.2 Algemene identiteitsteorie

### 3.2.1 Godsdiens en identiteit

Volgens Oppong (2013:10) het daar binne die sosiale wetenskap ’n nuwe belangstelling teenoor godsdiens en identiteit ontwikkel. Dit is moontlik dat daar ’n verhouding tussen godsdiens en identiteit is, veral wanneer dit bestudeer word binne groepe mense, soos adolessente of volwassenes. Oppong is verder van mening dat daar ’n sterk verband is tussen godsdiens en etniese groepe. Die uitkoms van hierdie verband het ’n sterk uitwerking op identiteitsvorming.

Duriez en Soenens (2006:120) bou op ’n teorie van Erikson (1968) en sê dat een van die belangrikste ontwikkelingstake van adolessente is om ’n stabiele identiteit te vorm. As deel van hierdie proses moet adolessente ’n persoonlike standpunt handhaaf aangaande eksistensiële probleme, wat die rol van godsdiens in hulle lewe insluit. In die verlede is persoonlikheids- en identiteitsontwikkeling bestudeer in korrelasie met die rol wat godsdiens in hulle lewens speel. Dit wil voorkom asof die spesifieke houding wat ’n persoon teenoor godsdiens het, ’n direkte verwantskap het met sy/haar houding


© University of Pretoria

teenoor sosiokognitiewe prosesse wat te doen het met identiteitsvorming (Duriez & Soenens, 2006:120).

Fowler (1981:20) beskryf verskillende fases van geloofsontwikkeling en sluit daarom by Erikson (1968) se werk aan.

**Fase 0: Ongedifferensieerde geloof**

Fowler begin met wat hy ’n “voorfase” noem. ’n Gevoel van verworpenheid of vertroue kan by ’n baba ontstaan, wat deur die voogde beïnvloed word. Dit kan geloofsvorming later in die lewe bevorder of bekamp. Negatiewe taal soos “die duiwel” en “sonde” kan baie skade aanrig in hierdie fase.

**Fase 1: Intuïtief-projektiewe geloof**

Kinders se kognitiewe ontwikkeling is tydens dié fase van so aard dat hulle nie abstrak kan dink nie. Deur volwassenes dop te hou en na hulle gesprekke te luister, vorm kinders ’n eie idee van God en geloof. Kinders sien God as ’n persoon en die beeld wat hulle van hul ouers het, kan somtyds ook die beeld wees wat hulle vir God het. Kinders word nie hiervolgens voorgeskryf nie, maar doen dit instinktief.

**Fase 2: Mistiek-letterlike geloof**

Tydens hierdie fase begin die kinders die wêreld om hulle as belangrik ag en hulle begin ’n onderskeid tussen werklikheid en fantasie maak. Hier strek godsdienstige outoriteit verder as hulle ouers. Alles wat hulle glo, word letterlik geïnterpreteer, al spring hulle gereeld rond tussen die werklikheid en fantasie. Tydens hierdie fase aanvaar die kinders hulle godsdienstige agtergrond en beleef godsdiens vanuit ’n rituele perspektief.

**Fase 3: Sinteties-konvensionele geloof**

Tydens hierdie fase begin die wêreld om hulle ’n groter rol speel en hulle begin meer abstrak dink. Vriende, die skool, sport en die media speel ’n belangrike rol in hulle lewens. Geloof word tydens hierdie fase deur interpersoonlike verhoudings gevorm en hulle probeer hul eie siening met dié van ander rondom hulle vergelyk. Die sosiale konteks waarbinne hulle beweeg, het ’n groot invloed in hulle geloofsontwikkeling, alhoewel hulle geloof steeds deur hulle ouers gevorm word.


© University of Pretoria

**Fase 4: Individualiserende-reflektiewe geloof**

Adolessente begin meer krities oor die lewe dink en tree meer individualisties op. Tydens hierdie fase word daar nader beweeg aan menings wat persoonlike voorkeur ondersteun. Hulle kan selfs tydens hierdie fase hul geloof verlaat as die antwoorde op hulle vrae nie bevredigend genoeg is nie. Die self word meer losgemaak van die groep en hulle fokus meer op wat hulleself werklik glo en sin van maak. In hierdie fase ontstaan ’n groter internalisering van wat hulle glo en wat hulle oortuiging is.

**Fase 5: Paradoksaal-konsoliderende geloof**

Hierdie fase word gekenmerk deur nadenke oor sieninge wat teenstrydig is met hulle eie siening. Hierdie is ’n positiewe fase. Nie alleen word daar baie oor hierdie teenstrydighede nagedink nie, maar ook vrede gemaak met die feit dat nie alle vrae noodwendig beantwoord kan word nie.

**Fase 6: Universaliserende geloof**

Metafories en simboliese denke ontwikkel in hierdie fase. Daar is minder spanning tussen die teenstrydighede van die individu en die opinie van ander. Tydens hierdie fase kan individue godsdienstige leiers word. Die fokus word meer op die gemeenskap as die individu se belange geplaas.

Vanuit Fowler (1981) se teorie beleef mense verskillende fases in hulle geloofslewe. Hierdie teorie sluit by Erikson (1968) aan in dié sin dat geloof gevorm word deur die sosiale konteks waarbinne iemand beweeg. Die invloed wat ouers en die sosiale konteks op persone se geloofslewe het, kan ook ’n invloed op hulle verstaan van die “self” hê. Dit het weer ’n invloed op hul identiteit.

Mullis et al. (2003:968), sê dat ouers ’n baie spesifieke en groot rol speel om hulle kinders by te staan in die identiteitvormingsproses, veral die rol wat godsdiens speel. Die resultaat is dat kinders meer emosioneel verbind voel aan hulle ouers en ook ’n definitiewe gevoel van sy/haar “self” ontwikkel.

Die identiteit van ’n persoon word dus, ten spyte van ander moontlik invloede, beïnvloed deur ’n godsdienstige standpunt of denominasie. Godsdiens bepaal hoe ’n persoon sy/haar self’ evalueer en sien. Die standpunt wat deur ’n spesifieke kerklike denominasie voorgestel word, kan ’n invloed op die persoon se ‘self’ hê. Sekere


© University of Pretoria

denominasies het spesifieke standpunte oor die rol van geslag, die rol van God in individue se lewe, definisies oor sonde en hoe sonde ’n rol speel in persone se lewens. Al die medenavorsers sien afhanklikheid as ’n sonde en teen die wil van God. Om afhanklikheid as sonde te definieer binne ’n godsdienstige konteks, het ’n definitiewe invloed op ’n persoon se identiteit. Twee van die medenavorsers sien hulleself as mislukkings en as ‘n teleurstelling vir God. Dit beïnvloed hulle identiteit negatief in dié sin dat hulle nie die moeite werd voel om gelowig te wees nie. Dit maak dus sin dat die twee medenavorsers nie meer kerk bywoon vandat hulle afhanklik geraak het van dwelms nie. Hulle is vol sonde en waardeloos, en vermy dan godsdienstige byeenkomste. Al het hierdie twee medenavorsers nie meer kerk toe gegaan nie, is hulle steeds bewus van ’n God of ’n goddelike entiteit. Fishlegs is ‘n gelegitimeerde predikant en baie lief vir die kerk ten spyte van die feit dat hy dwelms gebruik. Die kerk het hom egter op ander maniere benadeel as gevolg van sy seksuele oortuiging.

Tydens my gesprekke met die medenavorsers oor geloof en kerk, het dit duidelik na vore gekom dat sodra die ander lidmate in die kerk te hore gekom het van die feit dat hulle afhanklik is van dwelms, hulle heeltemal anders behandel word. Hulle word vermy en eenkant toe geskuif en daar word glad nie meer met hulle gepraat nie. Ander mense in die kerk word teen hulle gewaarsku en selfs hulle kinders mag nie naby hulle kom nie, want hulle is bang hulle kinders word aan dwelms blootgestel. Die een medenavorser het gesê hy voel soos kanker wat sleg is en gevrees word. Hulle voel dat God hulle ook verwerp en afskryf. Hierdie het ’n invloed op die persone wat afhanklik is of was van dwelms se verstaan van wie hulle is en hulle identiteit.

Dunnington (2011:deel 281) skryf dat afhanklikheid vanuit die konsep van sonde gesien moet word en dat dit die persoon wat afhanklik is van dwelms kan help. Volgens hom is afhanklikheid nie gelyk aan sonde nie, maar kan ook nie van sonde verwyder word nie. Die mag van afhanklikheid kan nie ten volle verstaan word indien dit nie gesien word as ’n afwyking van menslike pogings om in die regte verhouding met God te staan nie (Dunnington 2011:deel 281). Die kerk het baie waardetoevoeging tot die gesprek oor afhanklikheid: dus alhoewel afhanklikheid as sonde gedefinieer word en mense skuldig laat voel, kan dit ook mense wat afhanklik is in die herstelproses help. Afhanklikheid hoef nie deel te wees van ’n persoon se identiteit en godsdiens nie. Die konsep van sonde hoef nie deel wees van ’n persoon se identiteit nie. Al word



© University of Pretoria

afhanklikheid deur sekere denominasies as sonde gedefinieer, vorm dit nie deel van jou identiteit nie. Dunnington (2011:deel 1239) sê verder die oeroue betekenis van sonde is dat dit deel van die menslike natuur vorm en dat ons God se genade nodig het. Instansies en literatuur wat handel oor en werk met afhanklikheid, leer baie keer dat afhanklikheid nie sonde is nie, maar wel fundamenteel anders as sonde is. Afhanklikheid word eerder gedefinieer as ’n siekte en nie ’n sonde nie. Dunnington redeneer verder dat sonde skade aan die mens doen en selfs die mens verwoes. Dieselfde eienskappe is teenwoordig in afhanklikheid: dit kan persone skade aandoen en verwoes. Volgens hom is dit vir die mens verwyderd van die wil van God. Afhanklikheid val dus nie in die kategorie van sonde nie, maar is op dieselfde manier besig om die verhouding tussen mense en God skade aan te doen. Om afhanklikheid in dié lig te sien, bied ’n alternatiewe manier vir mense wat afhanklik is aan dwelms om los te kom van die greep van afhanklikheid. Ek het laasgenoemde teorie van Dunnington by die medenavorsers getoets. By al die medenavorsers was dit makliker om die gesprek oor God en godsdiens te begin volgens Dunnington se teorie as om skuldgevoelens en waardeloosheid te kweek omdat hulle vasgevang is in die greep van afhanklikheid.

Die konsep van die ingryping van ’n hoër mag, word sterk deur die Christendom gekoester. Dit is heel verstaanbaar dat gelowiges die hunkering het na God wat ingryp en hulle van afhanklikheid verlos. So ook is dit verstaanbaar dat die christelike leiers meen dat die ingryping van God nodig is om afhanklikheid te hanteer. Ek het die opinie van verskillende predikante in die Nederduitse Gereformeerde Kerk getoets. Ek het drie vrae gevra waarop hulle moes reageer. Daar is aan hulle verduidelik dat die antwoorde anoniem sal bly vir die doel van die navorsing. Die vrae was as volg:

| Vraag 1: Wat is jou verstaan van dwelmafhanklikheid? |
|---|

Die algemene antwoord op vraag een was dat afhanklikheid ’n emosionele of fisiese afhanklikheid van dwelmmiddels is en die afhanklike nie meer daarsonder kan klaarkom nie. Die meeste predikante verstaan verslawing as ’n chemiese afhanklikheid wat veroorsaak word deur die dwelmmiddel self. Predikante se kennis aangaande navorsing oor afhanklikheid en afhanklikheid blyk nie te goed nie. Vir hierdie rede is dit makliker en beter in hulle opinie om eerder iemand wat afhanklik is


© University of Pretoria

aan dwelms na ’n “kundige” verwys. Ek het wel ook in gesprek getree met ander kerklike instansies se leiers aangaande hulle verstaan van dwelmafhanklikheid. Uit my gesprekke met hierdie mense het dit uitgekom dat afhanklikheid as sonde gesien moet word. Hulle bedoeling hiermee is dat ’n mens nie aan enige iets afhanklik mag raak behalwe God nie. Wanneer jy afhanklik van iets raak, neem dit beheer oor jou lewe en dit raak jou “god.”

Een pastoor vanuit ‘n bekende kerklike denominasie in Pretoria het die volgende aan my gesê oor afhanklikheid van sigarette:

> Jy dra die sigarette in jou hemp se sak en dit is baie naby aan jou hart. Jy raak afhanklik daarvan en dit is al waarna jy uitsien deur die dag. Jy is dus net besig om te beplan hoe en wanneer jy weer ‘n sigaret kan rook. Omdat dit so naby aan jou hart gebêre word (hempsak) is dit vir jou die belangrikste ding en selfs meer belangrik as God en daarom word dit jou god. Dit is hoekom dit sonde is.

’n Sondebelydenis is dus nodig en dan sal God hierdie afhanklikheidsbande breek. Dit is egter nie ’n nuwe verskynsel om so oor afhanklikheid en die belydenis van sonde te dink nie. Soos reeds genoem, kom die siening dat afhanklikheid ’n sonde is al baie lank saam met die mensdom. Dit is die siening wat van die medenavorsers gehad het. Alhoewel die medenavorsers in die Nederduitse Gereformeerde Kerk groot geword het, is hulle beïnvloed deur die siening dat hulle God teleurstel omdat hulle aan dwelms afhanklik geraak het. Hierdie is egter ’n diskoers waaraan die medenavorsers gereeld gedink het. Nadat hierdie gedagte gedekonstrueer is, het dit uitgekom dat hulle so oor God dink omrede die kerk nie simpatie met hulle het nie. Met die kerk bedoel hulle die lidmate van die kerk wat hulle vermy en uitskuif, en soos die slegte mense van die samelewing hanteer. Vir die medenavorsers is dit ’n slegte ervaring om kerk toe te gaan omdat mense hulle oordeel; altans dit “voel” so.

| Vraag 2: Hoe sal jy ’n dwelmafhanklike hanteer as hy/sy by jou deur aanklop? |
| --- |

Die een predikant het gesê hy sal na die persoon se verhaal luister en raad gee waar hy kan. Daarna sal hy die persoon verwys na ’n rehabilitasiesentrum wat met afhanklikheid werk. Hy sal selfs die afspraak maak en die opvolgwerk doen, indien moontlik. Die ander predikante wat die vraag beantwoord het, se hantering is baie


© University of Pretoria

dieselfde. Predikante is oor die algemeen bang om met mense te werk wat van dwelms afhanklik is. Hulle rede is juis omdat hulle weet dat dit ’n onbekende wêreld is waarvan hulle nie veel weet nie en wil nie meer skade as goed doen nie. ’n Ander predikant het gesê dat indien dit nie die eerste keer is wat die persoon by sy deur aanklop nie, wil die persoon nie gehelp word nie. Wanneer ek met mense praat, word hierdie siening baie gedeel. Vir baie mense is dit ’n mislukking as die persoon wat afhanklik is of was aan dwelms, ’n terugval het en weer gebruik. Navorsing toon egter ’n ander tendens as die mening wat mense handhaaf. Dit dui aan dat ’n terugslag baie normaal is en deel is van die genesingsproses. Dit word egter in meer diepte in hoofstuk vier beskryf. Deel van my sessies met mense wat afhanklik is aan dwelms en wat opdaag vir terapie, is om met die naasbestaandes ook in gesprek te tree oor hulle siening en hoe hulle afhanklikheid verstaan. Die prominente siening is dat indien die persoon wat afhanklik is aan dwelms wel ’n terugslag sou kry, die persoon se poging ’n mislukking is en hulle sal baie teleurgesteld wees. Een van die predikante het ook van opvolgwerk na die rehabilitasiesentrum gepraat. Die tema van sy opvolgwerk is meer geestelik ingestel. Hiermee bedoel hy dat hy saam met die persoon ’n pad sal stap om aan sy verhouding met God te werk: “Die persoon moet besef dat ’n verhouding met God hom baie gaan help om afhanklikheid teen te staan. As die persoon besef dat God soveel meer in gedagte het vir hom/haar as die afhanklikheid, kan dit hulle motiveer om op te hou om dwelms te gebruik.”

Ander kerklike leiers sal heeltemal anders werk met iemand wat afhanklik is van dwelms. Vir die rede dat hulle afhanklikheid as ’n sonde definieer, moet hierdie sonde bely word. Hulle sal dus die persoon ’n gebed laat doen om sodoende die geestelike bande van afhanklikheid te breek. Ek wil egter vra: Indien afhanklikheid ’n geestelike band is wat gebreek moet word, hoe word ’n terugslag dan gedefinieer? Een van die antwoorde wat ek gekry het, is: “Die persoon het weer oorgegee aan die sonde en die bande moet weer gebreek word.” Hierdie denkwyse sluit baie aan by die twaalf-stap-program in die sin dat ’n persoon wat afhanklik is of was aan dwelms moet oorgee aan ’n hoër mag, want self is hulle nie sterk genoeg om afhanklikheid te oorkom nie. Oorgee aan ’n hoër mag, word deur Dyslin (2008:43) beskryf as ’n innerlike losmaking, ontkenning van jouself, sterf in jouself en eenwording met Christus. Dyslin wys op ’n teorie wat ontwikkel is deur Gerald May wat meen dat afhanklikheid ontspoorde begeertes is wat gekoppel word aan die Bybelse konsep van ontspoorde skatte soos


© University of Pretoria

gevind in Matteus 6:21 (Dyslin, 2008:47). Dit handel oor innerlike begeertes van die mensdom om God te vind en een met Hom te word. Dyslin (2008:47) verwys na May en brei uit op sy teorie en meen dat wanneer iemand wat afhanklik is van alkohol of dwelms hom/haar distansieer of losmaak van afhanklikheid, word vryheid meer en hierdie "afgode" word vernietig. Hierdie losmakingsproses kan volgens May 'n geskenk van God verteenwoordig wat 'n persoon nader aan Hom bring.

| Vraag 3: Hoe sal jy die identiteit van die dwelmafhanklike beskryf? |
|---|

Die een predikant het gesê dat bogenoemde 'n baie moeilike vraag is omdat elkeen se omstandighede verskil. Daarom sal hy hulle nie etiketteer as dwelmafhanklikes nie. Hy sal hulle eerder wil beskryf as mense wat onderliggende emosies moet uitsorteer. Verder parafraseer hy 'n bekende TV-reeks (hy noem nie die naam nie): "There is no chemical solution to a spiritual problem." Dit is baie gerusstellend dat predikante so oor afhanklikheid dink. Die feit dat hulle nie die persoon as 'n afhanklike etiketteer nie. Die ander predikante wat hierdie vraag geantwoord het, se opinie is baie dieselfde. Die persone is nie 'n afhanklike nie, maar mense met emosionele probleme wat uitgesorteer moet word. Die gevolgtrekking wat ek maak uit die antwoorde van vraag drie, is dat dit impliseer dat alle persone wat afhanklik is van dwelms, een of ander emosionele probleem het. Daar lê wel waarde in hierdie stelling en dit is so dat baie mense wat afhanklik is of was aan dwelms, dit as 'n kruk gebruik om hulle te help met hulle emosionele probleme. Dit word in hoofstuk vier in meer diepte bespreek, maar vir die doel van hierdie vraag is dit nodig om te sien dat emosionele probleme, of te wel trauma, 'n persoon wat afhanklik is of was aan dwelms, kan beïnvloed om weer die dwelm te gebruik. Die afskeiding van dopamien soos bespreek sal word in hoofstuk vier, het baie hiermee te doen en gee moontlike antwoorde oor hierdie verskynsel.

Vanuit die gesprekke met predikante en geestelike leiers wil dit voorkom asof daar 'n konneksie met God moet wees om oor afhanklikheid te kom. Sommige denominasies het 'n baie radikale benadering vir die ingryping van God en ander het weer 'n meer bewuswordingsbenadering dat God sal leiding neem en genesing bring. Dit wil dus voorkom asof God op een of ander manier teenwoordig behoort te wees in die genesingsproses van afhanklikheid.


© University of Pretoria

Die gevolgtrekking word gemaak dat geloof en godsdiens ’n groot rol speel in die verstaan van ’n persoon se ‘self’ en identiteit. Die siening wat die geloofsgemeenskap het oor afhanklikheid en sonde, het ’n groot impak op die lewe van iemand wat afhanklik is of was aan dwelms. Dit bepaal hoe die persoon God beleef en definieer en dit het ook ’n invloed op hulle identiteit. Verder is Dunnington (2011:deel 1239) se teorie van waarde wanneer dit kom by die gesprek oor godsdiens, afhanklikheid en sonde, en dat dit persone kan help om meer positief te dink oor God en afhanklikheid.

### 3.2.2 Sosiale identiteitsteorie

Die sosiale identiteitsteorie sê dat ’n persoon se identiteit gevorm word deur aan ’n spesifieke groep te behoort (Brown, 2000:746). Mense is aanhoudend besig om ’n positiewe, sosiale identiteit te vorm wat vergelyk kan word met die groep waaraan die persoon wil behoort en die een waaraan hy/sy nie wil behoort nie. Dit lei daartoe dat persone somtyds nie tevrede is met die groep nie en dan alternatiewe groepe soek waaraan hy/sy kan behoort. Hogg (2006:111) sê dat ’n groep uit drie of meer persone bestaan wat dieselfde eienskappe deel en wat hulle anders maak as ander groepe. Die sosiale identiteitsteorie ondersoek verskynsels soos bevooroordeling, diskriminasie, stereotipering, interne groepkonflik, ooreenstemming, groepgedrag, organiese gedrag, leierskap en groepsamehang (Hogg, 2006:111). Hierdie teorie is in 1970 deur Henri Tajfel van Brittanje ontwikkel. Hy was geïnteresseerd in sosiale persepsie, sosiale kategorisering en sosiale vergelykings. Die sosiale identiteitsteorie het ontwikkel in ’n bekende sosiale psigologiese teorie wat wêreldwyd gebruik word om mense se self-begrip teenoor dié van ’n ander groep, na te vors (Hogg, 2006:111).

Dawson (2007:470) skryf dat vriendskap of interpersoonlike verhoudings ’n baie belangrike rol in identiteitsvorming speel. Dit mag dalk wees dat wanneer persone dieselfde ervarings deel, hulle met mekaar identifiseer. Gedeelde ervarings ontwikkel wanneer algemene begrip van situasies ervaar word. Dus vorm ’n persoon se identiteit nie in isolasie nie en dit word beïnvloed deur ’n groep. Identiteitsvorming word dus beïnvloed deur die spesifieke konteks waarin die persoon hom- of haarself bevind en word gekonstrueer deur interaksie met ander mense (cf. Dawson, 2007:470).

Dit is waardevol om na die sosiale identiteitsteorie te kyk, aangesien persone wat van dwelms afhanklik is of was, dit dikwels saam met groepe gebruik. Sosiale groepe kan



© University of Pretoria

ook ’n platvorm wees waar dwelms aan ’n persoon bekend gestel word. Tydens my gesprekke met die medenavorsers het een van hulle deur sy sosiale groep te doen gekry met dwelms. Tydens sy matriekjaar het vriende hom aan dagga bekend gestel. In sy vroeë studentejare het ’n ander groep vriende hom aan cat bekend gestel. Sy verhaal met afhanklikheid het by ’n groep begin. In sy eie woorde: “As dit nie vir my groep vriende was nie, sou ek moontlik nie dagga en cat gebruik het nie.” Tydens sy dwelmgebruik het hy sy ander groep vriende wat nie dwelms gebruik het nie, afgeskryf. Hy vind dit moeilik om weer die vertroue van die groep vriende terug te wen wat nie dwelms gebruik het nie. Sy identiteit was gevorm deur die groep vriende wat dwelms gebruik het. Hy het homself aan hulle gemeet. Nou is hulle nie meer deel van sy lewe nie en dit voel asof ’n groot deel van sy identiteit verdwyn het. Hy sê dat hy weer van voor af sy identiteit moet vind: “Ek weet nie meer wie ek is nie, ek moet myself weer vind.”

### 3.2.3 Siosiale konstruksionisme

White (2002:43) skryf dat daar sosiale gekonstrueerde norme is waaraan persone hulleself en ander oordeel en vergelyk. Hierdie teorie word deur White gegrond op Foucault se navorsing oor moderne en tradisionele mag. Sosiale beheer is aan die ontwikkel en is gegrond in ’n mag wat persoonlike teleurstelling na vore bring. Die moderne vorm van mag moedig mense aan om hulleself en ander te oordeel deur sosiaal gekonstrueerde norme. White sê verder dat daar sosiale beheer bestaan wat ’n karaktereienskap van moderne mag is en dit beheer mense se lewens. Hierdie tradisionele en moderne verskynsels van mag, en informele sieninge van populêre kulture, is belangrik in die vorming van mense se lewens en identiteit (White, 2002:43). Mense se identiteit word gevorm deur sosiaal gekonstrueerde norme en dit bepaal die egtheid en waarde van ’n persoon.

## 3.3 Identiteit en afhanklikheid

Daar is ’n teorie oor afhanklikheid wat die identiteit van ’n persoon in ag neem. Daar gaan kortliks na hierdie teorie verwys word. Om die omvang van identiteit te verstaan, is dit belangrik om hierdie teorie te bestudeer. Goffman (1963:19) het die term “bedorwe identiteit” ontwikkel as ’n kernrede waarom mense van dwelms afhanklik word. Die sentrale punt van ’n bedorwe identiteit is om tot ’n besef te kom dat die persoon sekere karaktereienskappe besit wat onaanvaarbaar is vir hom-/haarself en



© University of Pretoria

hulle betekenisvolle ander (Goffman, 1963:19). Die teorie wat volg is gegrond op die teorie van ’n “bedorwe identiteit.”

### 3.3.1 Betekenis-georiënteerde program

Betekenis-georiënteerde programme is nie ongewoon nie. In ’n artikel gepubliseer deur Geoff Thompson, het hy navorsing gedoen oor positiewe eksistensiële terapie (Thompson, 2012:428). Hierdie navorsing is in die Sunshine Coast Health Centre in Colombia gedoen. Die program wat hy ontwikkel het, is gebaseer op ‘practice of Meaning-Centered’ (MCT)-terapie. Hierdie terapie is deur Paul Wong ontwikkel. Die basis van die MCT is gegrond in die beginsel dat die fundamentele motivering van die mens die wil tot betekenis is. Dit beteken dat elke individu sin wil maak van sy/haar lewe. Hulle streef na ’n persoonlike betekenisvolle bestaan.

Thompson (2012:431) sê dat die totale menswees belangrik is. Die eksistensiële benadering wat deur Thompson (2012:489) voorgestel is, het baie te doen met ’n individu se identiteit en die motivering wat identiteit kan bied tot die behandeling van afhanklikheid. Hy skryf dat die lens waardeur ’n mens na ’n verskynsel kyk en nie die metodologie nie, ’n benadering eksistensieel maak (Thompson, 2012:430). Hierdie terapeutiese benadering veronderstel dat daar verskillende maniere is om kennis op te doen. My verstaan is dat hierdie terapeutiese benadering nie ’n spesifieke metode volg met persone wat afhanklik is of was van dwelms nie. Thompson is ook van mening dat hierdie benadering baie van die eksistensiële sielkundige verstaan van terapie deel. Hy meen dat terapeute wat met hierdie benadering werk, nie opsigself aanvaar dat ’n persoon wat afhanklik is of was aan dwelms, in een of ander ontkenningsfase is of ’n narcissis is of selfs ’n vaag gedefinieerde afhanklikheids-persoonlikheid het nie. Singer (1997:17) meen dat ons alle dimensies van ’n individu in ag moet neem en verken en die individu moet sien as ’n heel individu wat sukkel om identiteit te vind. Dus is die individu die skrywer van sy/haar eie lewe. Daarom help hierdie benadering persone om ’n rede te kry om die chemiese middel eerder te los (Thompson, 2012:432). Volgens hom misluk die meeste rehabilitasiesentrums omdat hulle nie die onmiddellike soeke na betekenis aanspreek nie. Hulle is daarop gefokus om trauma deur te werk, diëte te volg, oefening en ander gesonde leefstyltegnieke na te streef. Die *rede* waarom hulle dit doen, is nie ter sprake nie. Thompson (2012:432) verwys na Frankl se bewering dat daar groot betekenisse en klein betekenisse in die


© University of Pretoria

lewe is. Die MCT fokus op die klein betekenisse wat op die oomblik sin in die lewe gee. Klein betekenisse is egter nie genoegsame motivering nie, langtermyndoelwitte is ook nodig. As daar nie na ’n groter doel gestreef word nie, is terapie nie voldoende nie.

Een van die voertuie waarmee terapeute in die betekenis-georiënteerde program werk, is die narratief (Dobson & Wong, 2008).

> In its simplest terms, the meaning-centered approach emphasizes the human capacity for narrative construction and the healing and transforming power of meaning. It incorporates cognitive behavior theory and narrative psychology as import devices for transforming negative events and thoughts into coherent, positive stories (Dopson & Wong, 2008:179).

Mag lê in die vermoë om te kan kies. Daarom word keuses deur elke persoon se eie identiteit gevorm. As postfundamentele praktiese teoloog, poog ek juis om betekenis te vind in elke persoon se rede om gesond te word. Hierdie proses het baie te doen met die hervertelde toekomsverhaal waar die individu ’n nuwe unieke verhaal ontwikkel oor die toekoms van sy/haar lewe. Identiteit vorm dus ’n baie belangrike deel van hierdie hervertelde toekomsverhaal. As afhanklikheid ’n integrale deel van die persoon se identiteit en toekomsverhaal vorm, is dit ’n verhaal met baie negatiewe ondertone. Dit is juis die toekomsverhale wat deur die AA en NA se twaalf-stap-program na vore kom. Hierdie persone se identiteit is gegrond op die feit dat hulle afhanklikes is. Hulle lewens kan dus nie gedefinieer word sonder die bewustheid dat hulle afhanklikes is nie. Indien iemand die res van hulle lewens rondloop met die gedagte dat hy/sy ’n afhanklike is, dan het afhanklikheid gewen.

Ek het in gesprek getree met ’n terapeut by ’n bekende rehabilitasiesentrum. Sy is van mening dat dit nie noodwendig negatief is as iemand rondloop met die gedagte dat hulle afhanklikes is nie. Haar rede hiervoor is dat dit juis somtyds die motivering is wat sommige mense nodig het om gesond te word. Die konstante bewustheid dat hulle afhanklik is, hou hulle op hulle tone en waaksaam om ’n moontlike terugslag te keer. Daar is baie waarde in wat sy sê. Ek verstaan die motivering daaragter. Dit is moontlik dat baie persone wat afhanklik is of was aan dwelms, dit positief ervaar om afhanklikheid so deel te maak van hulle identiteit. Hierdie siening kan net nie



© University of Pretoria

veralgemeen word en as die leidende metode vir behandeling gebruik word nie. Indien ’n persoon afhanklikheid wil deel maak van hulle identiteit om hulle te herinner waar hulle vandaan kom en so te motiveer om nie weer in daardie gat te trap nie, kan dit as positief gesien word. In hierdie geval word die hervertelde toekomsverhaal steeds positief benader met ’n hoopvolle toekoms van gesond word. As ’n persoon dit as ’n metode vind om die draak te tem, dan is die hervertelde toekomsverhaal hoopvol. Die doel is juis om metodes in elke individu se lewe te identifiseer om hom/haar te help om die draak te tem.

### 3.4 ‘n Narratiewe verstaan van identiteit

In hoofstuk vier word die hoofstroomteorie oor afhanklikheid vanuit die mediese, wetenskaplike en psigologiese velde beskryf. As postfundamentele praktiese teoloog is die doel nie om een teorie te kies en daarmee te werk nie. Elke teorie het meriete in hulle eie gerespekteerde velde. Al is ’n narratiewe benadering die voertuig waarmee daar met afhanklikheid en identiteit gewerk word, sou dit onwys wees om die chemie, Nero biologiese en ander wetenskaplike teorieë oor afhanklikheid te ignoreer, want dan vorm dit nie deel van die groter verhaal nie (Diamond, 2002:7). Daarom verwerp die narratiewe benadering nie die ander stemme in die studieveld van afhanklikheid nie, en is bewus daarvan dat dit ’n bydrae lewer tot ’n beter en meer holistiese verstaan van afhanklikheid. Hierdie navorsing is geïnteresseerd in die uitwerking wat afhanklikheid het op ’n persoon wat afhanklik is of was van dwelms, ten opsigte van die verstaan van hulle identiteit: “When the self is thought of as a narrative or story, rather than a substance or thing, the temporal and dramatic dimension of human existence is emphasized” (Polkinghorne, 1991:135). Vanuit die narratiewe benadering is identiteit nie staties nie, maar dinamies en ontwikkel dit soos wat unieke verhale mense se lewens vorm en beïnvloed. Allport (1955:133) het in 1955 teen die idee gegaan dat die eksistensiële konsep van die self verskil van die tradisionele idee dat die self/identiteit staties is, maar eerder verstaan moet word as iets wat wordend is. Polkinghorne (1991:144) sê verder dat die gebeure van ons lewensverhale nie ’n ‘eens en vir altyd’-gebeurtenis is nie, maar eerder iets is wat aanhou ontwikkel. Hieruit kan die afleiding gemaak word dat identiteit dinamies is en nie gegiet is in sement nie, maar kan verander en ontwikkel deur die interpretasies van ons lewensverhale. Singer (2004:438) sê dat daar nuwe belangstelling in navorsing getoon word oor die rol wat verhale in mense se identiteit speel. Mense heg betekenis aan hoe hulle hulleself


© University of Pretoria

verstaan as unieke skepsels en sosiale wesens wat gedefinieer word deur lewensfases, geslag, klas en kultuur. In die kern van hierdie teorie staan narratiewe geheue en lewensverhale. Om die identiteitsvormingsproses te verstaan, moet die manier waarop mense verhale interpreteer, internaliseer en aan ander oorvertel, begryp word. Kennis oor die self, ander en die wêreld word deur die verstaan van verhale opgedoen (Singer, 2004:438).

White (2002:35) skryf ’n artikel vanuit ’n narratiewe verstaan van identiteit, gegrond op persoonlike teleurstelling. Vir hom gee narratiewe terapie ’n persoon die moontlikheid om hulle probleme te verken, wat die kern van hulle lewe en identiteit is. Die term teleurstelling het ’n spesifieke betekenis vir White. Dit verwys nie na persone se onvermoë om roetinetake van elke dag en die lewe, soos byvoorbeeld die nalatigheid om na ’n kind om te sien, te voltooi nie. White (2002:35) verwys eerder na roetines wat reflekteer op ’n persoon se identiteit, wat hulle definieer as ’n teleurstelling, soos byvoorbeeld ’n persoon wat dit nie in die lewe maak nie. Die kultuur waarin ’n persoon hom/haar bevind, kan ’n algemene identiteit vorm van wat dit beteken om ’n ‘ware’ of ’n suksesvolle mens te wees. Die term kultuur verwys na die onvermoë om sekere dinge op ’n sekere manier te hanteer, dus die persoon se ontoereikendheid, onbevoegdheid, tekort, agteruitgang, ens. Wanneer mense na White toe gaan vir probleme wat te doen het met teleurstelling soos White dit verstaan, verken hy die identiteit van ’n persoon waaraan min aandag gegee was (White, 2002:42). Teleurstelling soos voorheen na verwys, beskou White as mag wat sosiaal gekonstrueer is deur ’n kultuur en ’n persoon se onvermoë om hierby aan te pas. Hieruit kan daar gesê word dat mense se identiteit bepaal word deur die sosiaal gekonstrueerde norme van wat dit beteken om ’n egte mens te wees. Die manier hoe mense na hulleself kyk, word beïnvloed deur die norme wat kulture stel. Indien hierdie norme nie bereik word nie, word ’n persoon as ’n teleurstelling gesien en iemand wat ’n swak identiteit het.

Polkinghorne (1991:165) sê dat wanneer ’n mens sy/haar lewe as ’n storie eerder as ’n toestand sien, bring dit die ontwikkeling en verskillende dimensies van die menslike bestaan na vore. Polkinghorne meen verder dat die konteks van ons menslike ervaring betekenisvol en verstaanbaar is. Narratiewe terapie word gebruik om betekenis aan verskillende stories te heg en hulle deel te maak van ’n groter verhaal van ’n persoon


© University of Pretoria

se lewe. Stories is die basis van identiteit en ’n persoon se verstaan van hulleself. Dit verskaf moontlike antwoorde op die vraag: “Wie is ek” (Polkinghorne, 1991:136). My self-storie gee ’n geheelverstaan van wie ek is, hoe ek my lewe leef en wat die natuur van my individuele bestaan, karakter en identiteit is.

Holstein en Gubrium (2000:3) sluit by Polkinghorne aan in die sin dat hulle sê die narratief self-gekonstrueer is. “Narrative practise lies at the heart of self construction” (Holstein & Gubrium, 2000:104). Om die self in die lig van die narratiewe praktyk te ondersoek, maak dit moontlik om die verhouding tussen die “wat” en die “hoe” van die storie te vertel, te analiseer en die analisering van die storieverteller se konstruering van sy/haar identiteit (Holstein & Gubrium, 2000:104). Ons is elke dag deel van die lewe en die omgewing rondom ons. Ons word hierdeur gevorm en konstrueer. Holstein en Gubrium (2000:103) verwys na Rosenwald en Ochberg (2002) se stelling dat insameling en analisering van mense se stories meer metodologies as ooit te vore raak. Dus word die stories van mense baie belangrik in die navorsingswêreld, veral wanneer dit kom by die verstaan van die self. Holstein en Gubrium (2000:153) sê dat die self gevorm word deur sosiale interaksie en die omgewing om ons waarvan die beskikbaarheid van hulpbronne deel vorm. Laasgenoemde stelling sluit tot ’n mate by White aan, in die sin dat die hulpbronne waarvan Holstein en Gubrium praat, kultuur insluit.

Die mens kan gedefinieer word as ’n “self-vertellende” organisme (Maines, 1993:23). Ezzy (1998:239) sê dat elke persoon ’n biografie van hulle lewens het en kan daarom hulle lewensverhaal vertel. Ezzy verwys na Mead se teorie oor gebeurtenisse en hulle interpretasie (Ezzy, 1998:242). Hy meen dat die verlede, en by implikasie die toekoms, aanhoudend geherinterpreteer word en is daarom aanhoudend en het nie ’n einde nie.

### 3.5 ‘n Narratiewe verstaan van afhanklikheid en identiteit

Deur die loop van die jare is daar al baie geskryf oor die moontlike rol wat die narratiewe benadering tot die verstaan van afhanklikheid kan bied. Die narratiewe benadering bied terapeute ’n alternatief tot die dominante biologiese en siektebenadering (Diamond, 2002:5). Diamond (2002:5) sê verder dat stories, nie die biologiese samestelling nie, die middel is wat mense se lewens aan mekaar hou. Die narratiewe benadering bied ’n baie meer holistiese benadering tot die persone wat



© University of Pretoria

afhanklik is of was aan dwelms. Die narratiewe benadering kyk na mense se unieke stories en werk daarmee. Persone wat afhanklik is of was, het elkeen ’n eie unieke verstaan van afhanklikheid en hoe hierdie verskynsel ’n invloed op hulle persoonlike lewens het. Diamond (2002:xvii) stel ’n narratiewe benadering voor vir die behandeling van afhanklikheid. Hy gebruik die narratiewe benadering om mense wat afhanklik is of was aan dwelms, uit te nooi om hulle verhouding met dwelms te ondersoek en om die eerste stap te vat om afhanklikheid uit hulle lewens te verwyder (Diamond, 2002:xxv). Dit help om na die unieke stemme te luister wat ’n rol speel in die persone se lewens. As die unieke stories van die afhanklike verstaan wil word, is daar nie ’n beter manier as om dit van die persoon wat afhanklik is of was, self te hoor nie. Die narratiewe benadering kan ook gebruik word om die stories te hoor van persone wat al ’n geruime tyd nie meer dwelms gebruik nie, en wat hulle help om nie weer ’n terugslag te kry nie. Hierdie stories kan insig gee oor hoe persone wat afhanklik is aan dwelms, moontlik hulle lewens kan benader en wat moontlik vir hulle voorlê. Wanneer daar na ander persone se verhale gekyk word, kan dit ’n persoon aanmoedig om aan te hou, al is dit ’n baie moeilike proses, want ander persone was al in hierdie selfde situasie, het dit deurgemaak en leef nou ’n nuwe dwelmvrye lewe.

White (1997:38) skryf dat persone wat afhanklik is van dwelms of alkohol dikwels by terapeute opdaag vir hulp en vrae vra soos: “Hoekom kan ek nie ophou dwelms gebruik nie?” en “Waarom kan ek nie alkohol weerstaan nie?” White sê dat terapeute met alternatiewe vrae kan kom soos: “Hoekom is dit so dat sommige mense nie dwelms gebruik nie?” en “Waarom is dit so dat sommige mense nie alkohol oormatig gebruik nie?” Hy gaan ’n tree verder met hierdie vrae: “Hoe is dit in hierdie omstandighede vir jou moontlik om aan ’n dwelmvrye lewe te dink?” Hierdie tipe vrae maak die moontlikheid oop om meer positiewe feite van ’n persoon se lewe te identifiseer, wat vroeër oorskadu was deur negatiewe verhale. Hierdie vrae, volgens White, kan ’n teenverhaal losmaak, waar die identifisering van ‘weerstand teen afhanklikheid en selfsorg getoon word.

Wanneer ’n persoon die verhouding wat hulle met afhanklikheid het, wil verander, moet hulle bewus wees van waarmee hulle te doen het wanneer hulle hierdie ambisie aanpak (White, 1997:39). Wanneer persone wat afhanklik is aan dwelms vanuit die beginsel leef dat hulle eenvoudig net nie kan ophou dwelms gebruik nie, is die kans


© University of Pretoria

dat hulle 'n teleurstelling beleef, groot en kan dit verdere komplikasies in hulle lewens veroorsaak. Hulle moet dus bewus wees waarvoor hulle hulleself inlaat en moet hulle goed voorberei vir die pad vorentoe. White (1997:39) sê verder dat wanneer 'n persoon hierdie verhouding met afhanklikheid wil verander, dit 'n totale verandering in elke aspek van hulle lewens meebring. Dit is, om weg te breek van hoe 'n persoon oor sy/haar eie lewe dink, asook dié van ander, en selfs om weg te breek van 'n netwerk van mense. Dit behels 'n groot lewensverandering en 'n wegbreek van 'n persoon se huidige identiteit om sodoende 'n nuwe lewe te begin: "It is to break from a familiar sense of being in the world. It is to break from certain ways of relating to one's own life and to the lives of others. And, for many, it is to break from familiar networks of people" (White, 1997:40). Hierdie wegbreek van die ou lewe en identiteit gaan nie oor na 'n ander bekende lewe nie, dit is eerder die ontdekking van 'n nuwe onbekende lewe. White (1997:40) gebruik die metafoor van 'op reis wees' na 'n nuwe onbekende lewe. Persone is net seker van hulle algemene rigting, maar is onseker hoe ver hulle moet reis en wat langs die pad gaan gebeur. Dit is dus 'n herontdekking en herskryf van hoe 'n persoon hom-/haarself sien en 'n herontdekking van hulle identiteit. Vir hierdie rede is 'n spesifieke model met spesifieke stappe nie haalbaar nie, want 'n postfundamentele praktiese teoloog verstaan elke persoon se lewe as uniek. Elke persoon het hulle eie verstaan van die lewe en interpreteer hulle lewens en identiteit anders. Die narratiewe benadering help juis om hierdie unieke verhale in 'n persoon wat afhanklik is van dwelms, te ontdek. Deur die narratiewe benadering vir terapie te gebruik, kan 'n persoon se reis begin. Hierdie reis is egter onbekend, en die persoon weet nie waar hy/sy gaan eindig en hoe lank hierdie reis gaan duur nie.

Ek skaar myself by hierdie siening van White met die besef dat daar baie nagevolge gaan wees wanneer die verhouding met dwelms gestaak wil word. Die fisiese onttrekkings waardeur 'n persoon gaan na die staking van sekere dwelms, is baie erg en kan baie selde sonder mediese hulp deurgemaak word. Soos reeds genoem, is daar verskillende teorieë vanuit die wetenskaplike, sosiale en psigologiese velde oor afhanklikheid en wanneer hierdie teorieë in ag geneem word, is dit duidelik dat dwelms baie moeilik gelos word deur net bloot 'n wilsbesluit te neem. Dit gaan moontlik lei tot 'n terugslag en verdere teleurstellings. Een van die persone wat die eerste keer die narratiewe benadering gebruik het, was Patrick Biernacki. In sy boek *Pathways from*


© University of Pretoria

*heroin addiction: recovery without treatment* maak hy groot aanspraak op identiteit in die herstelproses van afhanklikheid (Biernacki, 1986:51).

Irving (2011:182) verwys na McIntosh en McKeganey (2002) se stelling dat alkohol- en dwelmafhanklikheid gepaard gaan met van die lewe se mees traumatiese ervarings. Volgens Irving sluit die lewensverhale van mense wat kronies afhanklik is van dwelms, trauma in, soos mishandeling tydens kinderjare, ernstige misdaad, geweld, lewensverlies en die konstante destruktiewe leefstyl van mense wat aktief dwelms misbruik. Hierdie trauma kan ’n persoon se normale ontwikkeling van hul identiteit asook hul huidige siening van hulleself beïnvloed (Irving, 2011:182).

Giddens (1991:72) sê dat ’n terugkyk in die verlede waardevolle inligting kan bied oor die huidige identiteit van ’n persoon. Volgens Giddens (1991:72) is die verhale van ’n persoon se lewe die primêre vorming van identiteit. Een van die terapeutiese tegnieke wat deur Giddens (1991:72) voorgestel word, is die vertel van ’n traumatiese gebeurtenis in ’n persoon se lewe asook die invloed wat hierdie ervaring op die persoon se lewe gehad het. Daarna word die verhaal oorvertel soos die persoon sou wou gehad het die uitkoms moes wees. Die rekonstruksie van ’n persoon se verledeverhaal kan ’n potensiële positiewe toekomsverhaal voorstel (Giddens, 1991:72). McIntosh en McKeganey (2000:1504) se navorsing toon dat die verhale van ’n persoon wat aan dwelms afhanklik is of was, herkonstrueer word en ’n nuwe identiteit sonder afhanklikheid gekonstrueer kan word. Dit geskied eerstens deur ’n herinterpretasie van die persoon se dwelmverwante leefstyl, tweedens deur ’n herkonstruering van die persoon se “self” en derdens deur ’n geldige rede te gee waarom hy/sy dwelms wil los (McIntosh & McKeganey, 2000:1504). Die leefstyl van ’n persoon wat aan dwelms afhanklik is of was, word deur McIntosh en McKeganey verduidelik as die herinterpretasie van die vooropgestelde idees van wat dwelms kan bied, die interaksie met ander verbruikers van dwelms en die leefstyl wat gehandhaaf moes word om die afhanklikheid te voed. Die persoon wat afhanklik is of was van dwelms trek ’n vergelyking tussen die persoon wie hulle glo hulle in wese is, die persoon wie hulle geword het tydens die gebruik van dwelms en die persoon wie hulle glo hulle kan word nadat hulle ’n lewe sonder dwelms begin leef (McIntosh & McKeganey, 2000:1509).


© University of Pretoria

In ’n ander artikel deur McIntosh en McKeganey (2001:57) is hulle van mening dat daar twee motiverings is waarom ’n persoon wat aan dwelms afhanklik is, ’n keuse maak om op te hou. Dit is: (1) ’n motivering om op te hou wat gegrond is op ’n bedorwe identiteit en (2) ’n toekomsverwagting wat anders is as die huidige een. Baie persone wat afhanklik is van dwelms bereik ’n punt waar hulle die huidige evalueer, nie tevrede is met wat hulle sien nie en besluit om te verander. Hierdie verandering bied ’n nuwe toekomsverhaal. Die wil om te verander, het waarskynlik al baie na vore gekom in die persoon se reis na ’n lewe sonder afhanklikheid, maar die bepalende faktor is die implikasies wat die verandering op die persoon se identiteit het (McIntosh & McKeganey, 2001:57). In ’n boek wat geskryf is deur Mclntosh en McKeganey, werk hulle met ’n groep mense wat afhanklik is van dwelms (McIntosh & McKeganey, 2002:43). Wanneer daar vir die mense gevra word watter motivering hulle het om op te hou dwelms gebruik, sal die antwoorde in lyn wees met baie boeke en die volgende redes gegee: die effek wat afhanklikheid op hulle huweliksmaat, kinders of familielede het, die dood van iemand naby aan hulle as gevolg van dwelms en die moontlikheid van arrestasie. Hierdie motivering om op te hou dwelms gebruik, was nie genoegsame rede om vir lang periodes op te hou nie en is hulle weer terug in hulle afhanklikheidsgewoonte. ’n Ander moontlikheid word deur Mclntosh en McKeganey voorgestel wat meer motivering bied as die voorafgaande motiverings, naamlik identiteit. Die fokus van hulle werk lê daarin om die gebroke identiteit wat deur dwelms veroorsaak is, te herstel (McIntosh & McKeganey, 2002:44). Die herstel van ’n persoon se identiteit gaan oor die persoon self en nie oor eksterne faktore soos huweliksmaats, kinders ens. nie. Dit beteken nie dat eksterne faktore ’n persoon nie kan motiveer om vir ’n kort tydjie dwelms te los nie. Mclntosh en McKeganey (2002:45) sê ook dat die meeste mense wat afhanklik is van dwelms met wie hulle werk, van mening is dat jy net kan ophou dwelms gebruik as jy dit vir jouself doen, vir jou eie identiteit. Die meeste van die mense was nie tevrede met die tipe mense wat hulle besig was om te word nie en die gebruik van dwelms het hulle identiteit waardeloos gemaak (McIntosh & McKeganey, 2002:50).


© University of Pretoria

## 3.6 Die twaalf-stap program van Alkoholiste Anoniem (AA)

### 3.6.1 Inleiding

Die wêreld van alkohol, dwelms en afhanklikheid is ’n bekende, tog onbekende wêreld. Daar is baie navorsing gedoen in hierdie veld, maar tog is daar nog baie om te leer. Die algemeenste en bekendste manier om met afhanklikheid te werk is die AA se twaalf-stap-program. Die twaalf-stap-program is die benadering wat al jare lank gebruik word in die meeste van die rehabilitasiesentrums en programme reg oor die wêreld.

Pax Prentiss (2007:11) beskryf in sy boek hoe hy ’n twaalf-stap-byeenkoms bygewoon het. Tydens hierdie byeenkoms is ’n man gelukgewens omrede hy al twaalf maande nugter is. Hy het ’n getuienis gelewer oor hoe hy dit reggekry het om vir ’n jaar nugter te bly. Elke dag staan hy op, val op sy knieë neer en smeek God om hom te help om nie ’n terugslag te kry nie. Die tweede ding wat hy elke dag doen, is om sy borg te bel en te vra wat die dag se aktiwiteite is waarmee hy homself moet besig hou. Die laaste ding wat hy doen net voor hy gaan slaap, is om weer op sy knieë te val en God te dank vir nog ’n dag wat hy skoon was. Pax was baie diep deur die man se getuienis geraak en het hom bewonder, maar tog het hy die man jammer gekry. Het hierdie man ’n kalm lewe sonder die vrees om weer ’n terugslag te hê? Elke oomblik van elke dag het die vrees van ’n terugslag oor hierdie man se kop gehang. Die vraag wat by my opkom: Is hierdie ’n effektiewe en regverdige manier om jou lewe te leef?

Daar bestaan verskillende terapeutiese benaderings om met afhanklikheid te werk. Jung (2010:356) deel hierdie benaderings in twee hoofgroepe, naamlik informele selfhelpgroepe soos die AA wat die twaalf-stap-program gebruik en formele of professionele behandeling wat individuele of groepsessies aanbied. Die formele behandeling sluit psigoterapie, kognitiewe-gedragsterapie en farmakologiese behandeling in. Jung meen dat hulle gewoonlik ’n kombinasie van die verskillende behandelings gebruik. Die doel van hierdie gedeelte is om die AA se twaalf-stap-program te bestudeer en die gedeeltes te identifiseer wat te doen het met die identiteit van persone wat afhanklik is of was aan dwelms.



© University of Pretoria

### 3.6.2 Die twaalf-stap plan

Die huidige algemene metode waarmee daar met dwelm afhanklikes gewerk word, is die twaalf-stap-metode. Vyf-en-negentig persent van die afhanklikheidsinstansies in Amerika, gebruik die AA of die NA op een of ander vlak (Brown et al., 1988). Die twaalf-stap-metode is ontwikkel deur die AA. Later van tyd het die NA ontwikkel. Bill Wilson en dr. Robert Smith het in 1935 die AA ontwikkel (Prentiss & Prentiss, 2007:134). Die twaalf-stap-program dien ook as basis vir verskeie ander selfhelpgroepe wat te doen het met verskeie vorme van afhanklikheid (Jung, 2010:357). Hierdie program is in sy wese ’n herbelewing van die geestelike aspek van die lewe en die hulp wat afhanklikes mekaar aanbied deur ondersteuning. Bill Wilson het in 1935 die eerste amptelike boek van die AA gepubliseer en die boek is tans in sy derde uitgawe beskikbaar. Hierdie boek word die *Big Book* genoem en bevat die storie van Bill Wilson se geveg met alkoholisme (Jung, 2010:357). Dann (2002:63) noem hierdie benadering die mees effektiewe manier om met afhanklikheid te werk. Soos Dann is daar baie mense wat steeds beweer dat hierdie benadering die beste manier is om met afhanklikheid te werk. So stem Flowers (2010:47) ook saam met Dann en beskryf die twaalf-stap-program as een wat wonders verrig. Ek stem saam met Dann, in die sin dat hierdie benadering ’n grondslag gelê het wat baie waarde het en dat die meeste selfhelpgroepe wêreldwyd hulle wortels in hierdie program het. White (1997:6) het in artikel wat hy geskryf het, waarin hy vanuit ’n narratiewe perspektief na afhanklikheid kyk, gemeld dat hy baie respek vir die AA se twaalf-stap-program het. Hy meld egter dat wel baie standpunte en idees van die AA se twaalf-stap-program, kontrasterend is met die narratiewe benadring. So ook gee Prentiss en Prentiss (2007:135) erkenning aan die twaalf-stap-program en meen dit het al duisende se lewens verander. Die wêreld en wetenskap verander op ’n daaglikse basis. Nuwe ontdekkings word gereeld gemaak en baie navorsing word in die veld van afhanklikheid gedoen. Soos reeds verduidelik, is hierdie steeds ’n komplekse veld waarvan daar net navorsing gedoen kan word met persone wat by rehabilitasiesentrums opdaag vir hulp. Net soos wat die navorsing verander en nuwe ontdekkings gemaak word, moet die terapeutiese wêreld ook groei en nuwe maniere soek om na afhanklikheid te kyk, en nuwe maniere ontdek om terapeuties met persone om te gaan wat afhanklik is of was aan dwelms. Vir hierdie rede het ek ’n alternatiewe manier tot terapie met persone wat van dwelms afhanklik is of was, as wat die twaalf-



© University of Pretoria

stap-program gebruik. As postfundamentele praktiese teoloog, word daar dieper gekyk na die unieke wêrelde van elke persoon wat van dwelms afhanklik is of was. Elke persoon se verhaal het verskillende aspekte en word ook verskillend geïnterpreteer deur die persoon self (Van Huyssteen, 1999:33; cf. Müller, 2009:204). Daarom kan daar binne hierdie raamwerk nie veralgemeen word nie en ook nie ’n benadering op die tafel neergesit word wat nie vir almal nuttig gaan wees nie. Dit is ook nie die doel van die navorsing om ’n nuwe model of benadering te ontwikkel nie, maar om bloot net vanuit ’n ander hoek na terapie te kyk en met ’n ander lydende metafoor te werk as die huidige een.

Prentiss en Prentiss meen dat alhoewel die AA en die NA al baie persone wat afhanklik was aan dwelms, se lewens verander het, is daar nog duisende wat nie aanklank vind by die twaalf-stap-program nie. Die rede hiervoor is dat hierdie persone nie daarvan hou om hulleself afhanklikes te noem nie. Een van die eerste stappe van die AA en die NA is om jouself voor te stel as ’n afhanklike en oor te gee aan die feit dat jy magteloos is teen afhanklikheid (Prentiss & Prentiss, 2007:135). Die twaalf-stap-program etiketteer persone en maak afhanklikheid deel van hulle identiteit. Die eerste stap in die twaalf-stap-program is die volgende: “Ons erken ons was magteloos oor alkohol – en ons lewe het onbeheerbaar geword” (AA, 2014:21). Let daarna op dat die AA die grondslag is vir die NA. Dit impliseer dat wanneer daar oor alkohol gepraat word, daar ook na dwelms verwys word. Die NA volg dieselfde stappe en vervang net die alkohol met dwelms. Die heel eerste stap is dus om te erken dat jy magteloos teen afhanklikheid is. Afhanklikheid het jou dus heeltemal oorgeneem. Die persoon wat afhanklik is aan dwelms moet heeltemal verslaan voel en oorgee aan die feit dat die dwelms gewen het. Die persoon moet gevolglik heeltemal platgeslaan wees. Die gedagte is dat die persoon sal besef dat hy/s nie meer uit sy/haar eie uit afhanklikheid kan oorwin nie. In films sien mens hierdie eerste stap gou raak wanneer die film ’n toneel in het waar die AA- of die NA-stappe toegepas word. Elke persoon sal die geleentheid kry om hulleself voor te stel as “... ek is ’n afhanklike.” Dit ander been waarop die twaalf-stap-program gefokus is, is dat persone magteloos is teen alkohol of dwelms.

Stap twee neem ’n hele ander wending in. Stap twee lui as volg: “Kom op ’n plek waar jy glo dat ’n hoër mag jou tot gesonde verstand kan herstel” (AA 2014:25). Die derde


© University of Pretoria

stap is waar die persoon hom-/haarself moet oorgee aan die hoër mag. Die tweede en derde stap is baie nou aan mekaar verbind. Hierdie is egter die stappe waar baie mense teen die twaalf-stap-program skop. Die rede is dat nie almal in ’n hoër mag soos God glo nie. Die twaalf-stap-program is self bewus van hierdie dilemma. Hulle skryf in hulle boek dat baie van die kommentaar wat hulle kry oor stap twee is mense wat meen dat hulle nou net oortuig is dat hulle magteloos teenoor alkohol of dwelms is en dat hulle lewens onbeheerbaar is (AA, 2014:25). Nou moet hulle skielik oorgee aan ’n hoër mag wat alleenlik hulle kan bevry van die mag van afhanklikheid. Die AA brei hierdie term van ’n hoër mag uit om mense te akkommodeer wat nie in ’n hoër mag glo nie. Dit gaan oor die bewuswording dat hulp nodig is en dat ’n persoon moet oorgee aan hulp (Jung, 2010:362).

Stap vier dwing die persoon om ’n in-diepte studie van hom-/haarself te maak. Hulle noem dit ’n ‘moral inventory’ (AA, 2014:42). Tydens hierdie stap moet die persoon bewus word van hulle sterk en swak punte. Hierdie stap is ’n moeilike stap om te neem omdat dit jou dwing om jouself te evalueer en die rede vir die misbruik van drank of dwelms te identifiseer.

Tydens stap vyf moet die persoon aan hom-/haarself en aan die hoër mag, hulle foute en swakpunte herken. Verder moet hulle aan die res van die groep ook hulle foute erken. Volgens Jung (2010:362) is hierdie ’n baie vernederende stap, maar het waarde in die hele proses. Stap ses volg op stap vyf in die sin dat die persoon moet erken dat hulle gereed is vir die hoër mag om oor te neem en te help. Nederigheid is die kerngedagte tydens hierdie twee stappe.

In stap sewe vra die persoon met ’n nederige houding dat die hoër mag sy/haar tekortkominge sal wegneem (AA, 2014:70). Nederigheid is ’n baie belangrike deel van die twaalf-stap-program vir die rede dat die AA glo dat totale genesing nie daarsonder kan gebeur nie. Hierdie nederige gesindheid gaan voort in stap agt waar die persoon ’n verbintenis maak om aan mense wie hulle seergemaak het of skade aangedoen het, moet gaan om verskoning vra. Volgens die AA is hierdie ’n moeilike stap omdat mense op die seer fokus wat die persoon aan hulle verrig het en nie anders om nie (Jung, 2010:363). Stap nege gaan oor tot die doen van die daad in stap agt, deur fisies vir die mense te gaan verskoning vra. Die AA waarsku egter dat hulle nie moet gaan verskoning vra indien dit meer skade sou rig nie. In stap tien word die persone daaraan


© University of Pretoria

herinner om gereeld nabetragting oor hulle lewe te doen en so gou as moontlik te gaan verskoning vra waar hulle iemand te na gekom het.

Stap elf het ’n meer geestelike inslag, waar die persoon herinner word om te bid en te mediteer sodat hulle nooit die krag van die hoër mag vergeet nie (AA, 2014:96). Stap elf gaan oor die wil van die hoër mag vir elke persoon se lewe en dat hulle op die wil moet bly fokus. Indien die persoon al die stappe gevolg het en op ’n plek gekom het waar hulle heeltemal oorgee aan die hoër mag, nederigheid aanvaar en gaan regstel waar hulle teenoor ander oortree het, kan hulle na stap twaalf toe aanbeweeg. Stap twaalf is die uitreik na ander mense wat afhanklik is van alkohol of dwelms en hierdie beginsels elke dag in hulle lewens uit te leef.

### 3.6.3 Evaluering van die twaalf-stap-program

Dit is baie moeilik om werklik die sukses van enige benadering te toets en te evalueer. Die rede hiervoor is dat daar nie baie opvolgwerk gedoen word na ’n persoon die twaalf-stap-program of enige ander benadering deurgemaak het nie. Verder is dit moeilik om die sukses van die twaalf-stap-program te bepaal omdat baie groepe nie amptelik aanmeld en rekord hou van die persone wat deur die stappe gegaan het nie. Vanuit ’n postfundamentele posisie word daar nie kwalitatiewe navorsing gedoen nie, maar word daar eerder gefokus op elke individu en sy/haar verhaal. Daarom is statistiek aangaande die sukses van enige benadering nie die oorwegende faktor nie en moet eerder op ’n individuele basis benader word. Soos ek reeds genoem het, kan dit wees dat die twaalf-stap-program moontlik vir sekere persone werk. Daarom skiet ek nie die program heeltemal af nie en het baie respek vir ’n program wat baanbrekerswerk gedoen het in die veld van afhanklikheid en gesond word. Soos wat White tereg gemeld het, is daar sekere dele van die twaalf-stap-program wat nie ooreenstem met die narratiewe benadering nie (White, 1997:6). Diamond (2002:xix) verwys na White en Epston se werk oor die skryf van briewe as ’n terapeutiese hulpmiddel. Hierdie metode meen Diamond (2002:xix) help persone om anders na afhanklikheid te kyk, van ‘ek is die probleem’ na ‘ek teenoor die probleem’. Die twaalf-stap-program maak gebruik van die uitgangspunt van ‘ek is die probleem’. Eksternalisasie word gebruik in die narratiewe terapeutiese benadering om die persoon van die probleem te verwyder (Diamond, 2002:xix).


© University of Pretoria

Twee kerndele van die twaalf-stap-program is magteloosheid en die ingryping van 'n hoër mag. In die volgende afdeling gaan ek die twee dele bespreek binne die raamwerk van die narratiewe benadering.

### 3.6.4 Magtelose posisie van die twaalf-stap-program: 'n diskoers

Die eerste stap in die twaalf-stap-program is om totale magteloosheid te erken teenoor afhanklikheid. Die vraag is of hierdie magteloosheid werklik vir almal van nut is wanneer dit kom by terugslae en hoe die persoon aanvanklik afhanklikheid verstaan na die program voltooi is. Hierdie gevoel van magteloosheid kan dalk as 'n verskoning gebruik word om weer oor te gee aan alkohol of dwelms. As 'n persoon nie mag daaroor kan uitoefen nie, waarom dan probeer om gesond te word? Bemagtiging is 'n proses waar nie net die persoon nie, maar ook ander om die persoon en die gemeenskap by kan baat (McWhirter, 1991:224). McWhirter skryf oor hoe belangrik dit is om mense te bemagtig. Is die AA nie juis besig om mag van mense af weg te neem deur magteloosheid te erken nie? Dit maak jou nie magteloos indien jy op ander mense steun om jou in die lewe te help nie. Dit is juis 'n magtige manier om te oorleef. Die narratiewe benadering is juis 'n denkwyse wat mense bemagtig in die manier hoe hulle self oor hulle lewens dink en toekomsverhale formuleer. Volgens die narratiewe terapie is die terapeut in 'n nie-wetende posisie en gee die mag oor aan die persoon as die kenner van sy/haar eie lewe. Die narratiewe terapeut is net 'n ruisgenoot in die persoon se storie van sy/haar lewe. Hierdie posisie van die narratiewe benadering impliseer dat die terapeut nie die kenner van die persoon se lewe is nie en daarom dien die terapeut as bloot iemand wat sekere vrae vra sodat die persoon tot eie insig oor sy/haar eie lewe kan kom. Dit is bemagtiging as iemand sy/haar eie storie kan skryf en besef dat hulle juis die mag oor hulle eie lewens het.

### 3.6.5 Ingryping van 'n hoër mag

Die AA sal redeneer dat jy juis oorgee aan die hoër mag as die kruk wat jou gaan help om gesond te bly. Jy het dus nie die vermoë om afhanklikheid te oorkom sonder die hulp van die hoër mag nie. Hierdie skep egter 'n verdere dilemma vir persone wat glad nie in 'n hoër mag glo nie. Gevolglik is die twaalf-stap-program net vir spirituele persone of godsdienstiges. Pogings is deur die AA aangewend om hierdie brug te oorkom. Bristow-Braitman verwys na Brown se drie dimensies van spiritualiteit, naamlik die verhouding met ander, die verhouding met jouself en die verhouding met



© University of Pretoria

’n hoër mag (Bristow-Braitman, 2001:414). Dit gaan oor ’n konneksie met jouself en ander moontlike groter magte. Bristow-Braitman (2001:414) meen dat jy die hoër mag kan definieer as enige iets of iemand wat transendent is. Dit behels ’n konneksie met mense en diere of die natuur byvoorbeeld die oseaan en berge, of iets metafisies soos God. Sy meen ook verder dat daar ’n neiging is dat mense nie voltooid in hulleself is nie, maar lewe in iets groter as hulleself vind.

Die bewuswording van ’n hoër mag word dikwels deur mense as die tradisionele God gesien. Hierdie siening word afgedwing op ander persone wat die bymekaarkomste bywoon en geen ruimte word geskep vir ’n alternatiewe verstaan van ’n hoër mag nie. Deur die geskiedenis heen was dit belangrik vir christelike leiers wat met afhanklikheid werk, dat die persoon wat afhanklik is of was hom-/haarself heeltemal oorgee aan God en somtyds baie spesifiek aan Jesus Christus. Wilkerson was ’n sendeling wat in die strate van New York onder die bendes, spesifiek die jeug, gewerk het. Hy het ’n organisasie geskep genaamd Teen Challenge. Hulle spesialiseer in jong mense in die strate van Amerika wat afhanklik is van dwelms. Wilkerson het ’n boek geskryf, genaamd *The cross and the swithblade*, waarin hy sy werk onder die bendes in New York beskryf. Sy beginsel tot die genesing van afhanklikheid is ’n totale oorgawe aan God en spesifiek aan Jesus Christus. Vir hom is afhanklikheid ’n sonde en die persoon moet wedergebore word, dit is die enigste manier om afhanklikheid te oorkom (Muffler et al., 1997).

Wanneer ek krities vanuit ’n postfundamentele narratiewe navorser se oogpunt kyk, is die manier hoe God gesien “moet” word volgens die twaalf-stap-program, nie die enigste manier nie. God word op ’n baie spesifieke manier geprojekteer en God moet so verstaan en beleef word. Die AA gee wel alternatiewe maniere om die ingryp van ’n hoër mag te beskryf, maar selfs die maniere hoe die hoër mag verstaan moet word, al word dit in iets of iemand anders gevind, moet op ’n spesifieke manier gebeur. Die klem val op die totale oorgee aan die hoër mag. Dit impliseer ’n baie spesifieke manier hoe hierdie mag verstaan moet word. Hierdie mag is dus op ’n baie spesifieke manier teenwoordig in mense se lewens. Dit impliseer dat die hoër mag direk betrokke is en heeltemal beheer neem van dit wat op die aarde gebeur. Dit lig verdere teologiese vrae uit soos: Hoe is God teenwoordig, wanneer gryp Hy in en wat is die rol van ons as skepsels? Hierdie is ’n baie eensydige siening en gee geen ruimte vir ’n ander


© University of Pretoria

verstaan van ’n hoër mag nie. Ander gelowe sien die invloed van ’n hoër mag op heel ander maniere. Die klem val meer op die doen en late van die mens, en dit bepaal die manier waarop die hoër mag ingryp al dan nie. In die Moslem-geloof word daar baie rituele beoefen om Allah te bevredig. Hierdie rituele bepaal tot watter mate Allah ingryp in die lewens van mense. Die Hindoe-geloof het weer baie gode wat hulle aanbid en die twaalf-stap-program gee geen ruimte vir so ’n verstaan van hoër magte nie. As ons nader kom aan die christelike geloof waar die God Jahweh aanbid word, is daar baie verskillende maniere hoe Jahweh aanbid en verstaan word. Veral wanneer dit by Jahweh se teenwoordigheid en invloed, soos wat dit op aarde gebeur, kom. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk gebruik die Apostoliese Geloofsbelydenis as basis vir dit waarin hulle glo. Die eerste drie artikels lui as volg: ”Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde; en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; wat ontvang is van die Heilige Gees,” (Kerk, 2010:363). Hierin word erkenning gegee aan God en dat Hy die skepper is, die een wat alles aanmekaar gesit het. Die Skepper van die hemel en aarde impliseer dat Hy ook die mens geskep het. Die laaste paar artikels lui: “Ek glo in die Heilige Gees; ek glo aan ’n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges” (NG Kerk, 2010:363). Hierin word daar nie baie gesê van hoe presies God teenwoordig is of hoe Sy teenwoordigheid verstaan moet word nie. Dit gee ruimte vir verskillende interpretasies van hoe God teenwoordig is in die wêreld en Sy omgang met mense. Binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk is daar nie ’n spesifieke manier oor hoe God se teenwoordigheid verstaan moet word nie. Daar word ruimte geskep vir kerkleiers en mense om God se teenwoordigheid op diverse maniere te verstaan. Daar kan nie baie diep in hierdie gesprek ingegaan word nie, aangesien dit ’n studie op sy eie is. Vir die doel van hierdie argument is dit net belangrik om te weet dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk ruimte bied vir verskillende maniere om God se teenwoordigheid te verstaan.

Verdere implikasies van die twaalf-stap-progam se verstaan van die hoër mag, beteken dat indien die hoër mag nie ingryp nie, jy nie verlos kan raak van die siekte van afhanklikheid nie. Dit dui weer op die magteloosheid van die persoon wat afhanklik is of was aan dwelms. Kritiese vrae word gevra soos: Wat gebeur as die hoër mag nie ingryp nie? Is die persoon dan verdoem om nooit verlos te word van die kloue van afhanklikheid nie? As praktiese teoloog erken ek die werk van ’n hoër mag wat God genoem word. Dit kan terapeuties baie beteken indien iemand vashou aan ’n hoër


© University of Pretoria

mag en weet dat daar byvoorbeeld ’n God is wat bystaan in ons menslike lewens. Wat die verstaan van hierdie invloed en bystaan van God is, is oop vir interpretasie, maar dit kan troos en moed bring.

### 3.6.6 ‘n Moontlike alternatiewe verstaan

Prentiss en Prentiss (2007:14) bied ’n alternatiewe manier om na die benadering van die twaalf-stap-program, soos wat hulle dit noem, te kyk. Hulle maak ’n stelling wat sê dat ’n persoon nie ’n alkoholis of ’n afhanklike is nie, hulle het net afhanklik geraak van alkohol of dwelms om te help met traumatiese gebeure in hulle lewens en indien hulle genesing vind vir hierdie probleme, gaan die afhanklikheid ook verdwyn. Hierdie is ’n baie sterk stelling om te maak, veral in die lig daarvan dat die twaalf-stap-program juis mense aanmoedig om te erken dat hulle afhanklikes of alkoholiste is. Die heel eerste stap in die twaalf-stap-program is om te sê “ek is ’n afhanklike ....” Hierdie magteloosheid oor afhanklikheid is juis wat die twaalf-stap-program laat werk al dan nie. Indien ’n persoon nie kan erken dat hulle afhanklik is en dat hulle magteloos teen afhanklikheid is nie, kan hulle nie na die volgende stappe aanbeweeg nie. Baie ander instansies in Amerika gebruik ’n strafstelsel om die persone wat afhanklik is van dwelms mee te straf. Hulle moet bv. toilette skrop of huis skoonmaak as straf vir hulle oortredings. Baie van die rehabilitasieprogramme stel voor dat die persoon nie die huis mag verlaat sonder nodige toesig nie, nie mag televisie kyk sonder toesig nie en ander strafmetodes (Prentiss & Prentiss, 2007:131). Volgens Prentiss is die rede dat die gebruik van dwelms gesien word as negatiewe gedrag wat gestraf moet word. Straf laat die persoon besef sy/haar gedrag is swak en moet gestraf word. Wanneer afhanklikheid gesien word as ’n siekte, nie ’n ongeneesbare siekte nie, kan die straftegniek werk en is dit ’n regverdige manier om iemand te benader wat afhanklik is of was aan dwelms? Tegnieke waar die persoon gedreig word met die doel om hulle te laat skrik, werk ook nie in alle gevalle nie. Dit is selde dat die persoon ophou dwelms gebruik, al sê die dokter hulle ingewande gaan ingee en dood die volgende stop is vir hulle afhanklikheid.

Volgens Prentiss bied die meeste rehabilitasiesentrums in Amerika ’n algemene program aan wat vir elke persoon geld (Prentiss & Prentiss, 2007:133). Hierdie programme is nie gefokus op die individu, nie maar eerder op die groep. Die verwagting is dat die groepswerk ’n positiewe effek op die individu sal hê. Hy meen


© University of Pretoria

dat elke mens anders is en nie op dieselfde manier hanteer kan word nie. Vanuit die postfundamentele benadering, is elke persoon uniek met unieke uitdagings en ’n unieke konteks. Daarom kan elke persoon nie dieselfde hanteer en benader word nie.

Stap een van die twaalf-stap-program is dus nie ’n haalbare gesonde en positiewe manier om na afhanklikheid te kyk vanuit ’n postfundamentele narratiewe benadering nie. Die rede wat Prentiss hiervoor gee is dat selfs wanneer ’n persoon “skoon” is, met ander woorde vir ’n geruime tyd nie meer dwelms gebruik nie en geen onttrekkingsimptome of begeerte het om te gebruik nie, hulle steeds met ’n stigma rondloop, wat meen dat al is hulle heel, hulle steeds gebroke is (Prentiss & Prentiss, 2007:135). Juis hierdie stigma impliseer dat die persoon deur die draak gejaag word en dat die draak nooit getem of selfs verslaan kan word nie. Die identiteit waarmee die persoon rondloop, is dus een waar afhanklikheid ’n integrale deel daarvan moet wees. Hy/sy is dus ’n unieke persoon maar ’n unieke afhanklike. Nooit word die stigma van afhanklikheid werklik gelos en agtergelaat nie. Die draak is altyd daar om die persoon aanhoudend te herinner dat hy/sy ’n slegte keuse gemaak het en altyd daarvoor sal moet boet.

Die alternatiewe siening van stap een word deur Prentiss en Prentiss (2007:137) as volg verduidelik: die persoon sien hom-/haarself nie as magteloos nie. ’n Paradigmaskuif moet gemaak word om te besef dat jy juis beheer oor afhanklikheid het, eerder as om oor te gee aan ’n gedagte dat jy magteloos is teen dwelms. Stap een word in die verlede tyd geskryf en gebruik die woord “was.” Die persone was magteloos teenoor afhanklikheid en het hulleself daaraan oorgegee, maar het besluit om die mag terug te neem en beheer uit te oefen oor hierdie afhanklikheid. Die eerste stap word geïnterpreteer asof jy steeds magteloos is en as jy net die woord “was” as verlede tyd raaksien, kan ’n fokusverskuiwing plaasvind.

Wanneer daar oor identiteit gepraat word, is dit juis dinamies en kan verander. Dit mag dalk so wees dat afhanklikheid deel uitgemaak het van die persoon se lewe omdat afhanklikheid ’n groot deel van jou lewe word, maar dit hoef nie ’n persoon se identiteit te bly nie. In die volgende hoofstuk gaan daar na die metafoor van die draak gekyk word. Die uiteinde van die metafoor is juis een waar die draak nie meer die hoofstorie van die persoon se lewe is nie en so ook nie meer die persoon se identiteit bepaal nie.


© University of Pretoria

### 3.7 ‘n Persoonlike refleksie oor hoofstuk drie

Identiteit is ’n moeilike term om te beskryf, maar dit was nog altyd vir my as persoon ’n belangrike aspek van mense se lewens. Ek is van mening dat dit belangrik is hoe jy oor jouself dink en hoe jy veronderstel ander mense jou sien. Ek voel dalk so, omrede my identiteit vir my as persoon baie belangrik is. Dis waarskynlik ook deel van die rede waarom ek hierdie studie aangepak het. Dit moet sleg wees om elke dag van jou lewe met die idee rond te loop dat jou identiteit bepaal word deur iets wat jou lewe skade aandoen. Hiermee bedoel ek dat dit sleg moet wees indien jou identiteit deur iets soos afhanklikheid beheer word. Ons almal het swakpunte en foute en dit maak van ons mens, maar dit word selde in die openbaar bekend gemaak soos wat dit die geval is met afhanklikheid.

Deur die skryf van hierdie hoofstuk het ek besef hoe naby afhanklikheid aan die identiteit is van mense wat afhanklik is of was aan dwelms. Dit was vir my persoonlik sleg om te dink dat iemand wat van dwelms afhanklik is of was, dit elke dag moet erken. Elke dag wanneer jy opstaan en vir jouself in die spieël kyk, sien jy ’n afhanklike. Kan jy anders as om jouself as ’n swakkeling te sien as afhanklikheid dan so deel van identiteit is? Wanneer iemand aan hoë bloeddruk lei, stel hy homself nie voor as “hallo ek is ... en ek is ’n hoë bloeddruk” nie. Hoë bloeddruk is deel van jou lewe en jy kan nie anders as om aandag daaraan te gee deur sekere medikasie te gebruik nie, maar dit impliseer nie dat hoë bloeddruk deel is van jou identiteit nie. Waarom moet afhanklikheid dan as deel van identiteit geïmpliseer word? Miskien was dit nie die oorspronklike bedoeling gewees dat afhanklikheid as deel van jou identiteit gesien moet word nie, maar dit is hoe dit deur die medenavorsers beleef word. Ja, afhanklikheid is deel van jou lewe en dit moet hanteer en aangespreek word, maar dit hoef nie noodwendig deel van jou identiteit te wees nie.

My navorsing aangaande die twaalf-stap-program, was baie insiggewend. ’n Mens sien altyd op televisie die groepe mense wat bymekaar kom en dan bely dat hulle ’n alkoholis of een of ander afhanklike is. Nooit het ek die omvang hiervan verstaan nie, totdat ek hieroor navorsing begin doen het. Eerstens was dit interessant om te sien waar die twaalf-stap-program vandaan kom en hoe dit ontwikkel het. Dit het my ’n baie hoër sin van respek daarvoor gegee. Dit kom al ’n lang pad en het al baie mense se lewens verander. Dit is goed deurdagte stappe en word wêreldwyd erken as een van


© University of Pretoria

die bekendste metodes om te gebruik met mense wat afhanklik is of was aan alkohol of dwelms.

Soos wat ek verder en dieper in die twaalf-stap-program gegrawe het, het daar klomp vrae by my opgekom. Hierdie vra het ek in die hoofstuk bespreek. In hoofstuk ses word daar saam met die medenavorsers na hulle verstaan van afhanklikheid gekyk en hoe dit hulle lewens beïnvloed het. Saam bied ons ’n alternatiewe manier om na sekere dele van die twaalf-stap-program te kyk. Dit word nooit direk aangespreek as ’n manier om met die twaalf-stap-program te verskil nie en ook is die medenavorsers nie regtig bekend met die presiese stappe daarvan nie, maar op ’n indirekte manier word dit wel aangespreek en bespreek.


© University of Pretoria

# 4. HOOFSTUK 4: DIE GEVREESDE DRAAK - 'N OORSIG OOR AFHANKLIKHEID

> This is what scares me late at night: If somebody like Hoffman had gone so long without smack (heroin), and just jumped back in one day – how close am I to doing the same? I live in real fear that I'll relapse, and being so much older now, there's no way I'd survive this time around (Gene, webwerf Alternet.org: 37 Quotes from Heroin Users on Addiction and the Struggle to Stay Sober).

## 4.1 Inleiding

Die doel van hierdie hoofstuk is om ’n algemene oorsig aangaande afhanklikheid weer te gee. Die navorsing is gefokus op afhanklikheidsidentiteit en daarom is dit noodsaaklik om afhanklikheid te ondersoek. Verskeie navorsing is gedoen oor afhanklikheid en daar is verskillende opinies oor wat afhanklikheid is en wat hierdie afhanklikheid veroorsaak. In hierdie hoofstuk word hierdie opinies kortliks weergegee en beskryf. Dit is ook belangrik dat ek ’n beskrywing gee oor hoe ek afhanklikheid verstaan om ten einde die afhanklikheidsidentiteit beter te beskryf. Daar is verskeie middels waarvan ’n mens afhanklik kan raak. Afhanklikheid is ’n breë studieveld en daarom fokus hierdie studie spesifiek op persone wat afhanklik is of was van heroïen en cat.

As postfundamentele praktiese teoloog wat die narratiewe benadering gebruik om ‘data’ in te samel, gebruik ek metafore. Die metafore is ’n belangrike deel om afhanklikheidsidentiteit te kan verstaan. Metafore word in hierdie navorsing gebruik om onder andere die medenavorsers se verstaan van afhanklikheid, asook die verstaan van hulle identiteit, weer te gee. Die metafore vorm deel van die verstaan van afhanklikheid in hierdie navorsing en daarom word dit in hierdie hoofstuk bekend gestel. Afhanklikheid word vergelyk met ’n draak en dien as leidende metafoor vir die navorsing. In hoofstuk drie is die metafore van die draak verduidelik. Die eerste metafoor dien as ’n gevreesde draak wat nie oorwin kan word nie. Daarna plaas ’n medenavorsers ’n ander metafoor op die tafel van ’n slangetjie wat in sy maag bly en nie mag kos kry nie. ’n Alternatiewe metafoor ontwikkel waar die draak eerder gesien word as een wat nie so vreesaanjaend is nie en wat getem kan word.


© University of Pretoria

### 4.2 Wat is afhanklikheid

Daar is verskillende moderne teorieë wat op die tafel geplaas word, wat die kompleksiteit van afhanklikheid beïnvloed. Alhoewel dit as onvoldoende beskou word om die mens en die menslike ervaring van die wêreld te ondersoek, gaan ek wel gebruik maak van hierdie teorie om die komplekse verskynsel van afhanklikheid beter te verstaan. Modernistiese teorieë lewer ’n belangrike bydrae tot my studie en daar word van sodanige teorieë in hierdie hoofstuk gebruik gemaak, alhoewel my studie vanuit die hoek van die postfundamentele gedoen word. Hierdie teorieë bied ’n raamwerk vir verkenning. Ek gaan kernelemente uit verskillende benaderings tot afhanklikheid bespreek voordat ek gaan stilstaan by die benadering van hierdie studie. Vir die doel van hierdie navorsing is dit belangrik om te besef dat daar baie verskillende redes kan wees waarom mense afhanklik raak en waarom mense hunker na ’n afhanklike middel, of dit bewustelik was al dan nie.

Mense veronderstel dat persone wat afhanklik is van dwelms deur ’n wilsbesluit hulle gedrag kan verander en sodoende afhanklikheid kan los. Persone wat nie kan vry kom van afhanklikheid nie, word as ’n mislukking gesien. Terugslae word gesien as ’n mislukte poging en is ’n teleurstelling vir almal om hulle. Hierdie gedagtes hoor jy wanneer daar met mense in gesprek getree word oor hulle opinie van persone wat van dwelms afhanklik is of was. Die misbruik van dwelms het ’n slegte invloed op ’n persoon se gesondheid en sommige dwelms kan tot die dood lei. Die National Institute on Drug Abuse (NIDA, 2014:25) beskryf hoe dwelms ’n negatiewe effek op persone se gesondheid kan hê. Hierdie newe-effek sluit in longsiektes, kanker, beroertes, sowel as geestelike versteurings. X-strale en bloedtoetse toon aan hoe skadelik die langtermyngebruik van dwelms op die liggaam is (NIDA, 2014:25). Elke dwelm het ’n ander newe-effek op die liggaam. In hierdie navorsing is daar met persone gewerk wat van heroïen en cat afhanklik is of was. Ander negatiewe gevolge kan wees dat die persoon hulle werk verloor, familiebande breek, die gesin uitmekaar val en selfs in die tronk beland. Flowers (2010:70) sê dat wanneer persone dwelms gebruik, hulle baie in die lewe verloor. Volgens Flowers is die rede dat persone wat afhanklik is of was van dwelms slegs daarop gefokus was om dwelms te bekom. Om dwelms te gebruik, word die belangrikste deel van die persone se lewens. Flowers toon aan dat baie persone wat van dwelms afhanklik is of was, as ’n resultaat van die gebruik van dwelms hulle kinders, gesin, huis en werk verloor (Flowers, 2010:70). Hierdie persone



© University of Pretoria

tree anders op as vantevore toe hulle nie dwelms gebruik het nie. Daarna sit hulle met skuldgevoelens as gevolg van hulle optrede. Hierdie is ’n paar gedagtes en bekommernisse wat deur afhanklikheid na vore gebring word. Dit is moeilik om hierdie gedrag te verstaan en te regverdig. Hier volg ’n paar hoofstroomteorieë aangaande afhanklikheid.

### 4.2.1 Neurologiese of siekteteorie

Afhanklikheid word beskryf as ’n siekte. Hierdie is egter ’n baie komplekse siekte wat nie in kort beskryf kan word nie. Daar is nie wêreldwyd eenstemmigheid oor die navorsing dat afhanklikheid ’n siekte is nie. Gorski, een van die wêreld se voorlopers in die studie oor afhanklikheid, meen egter dat afhanklikheid as ’n siekte gesien moet word vir die wêreld om afhanklikheid effektief te behandel (Gorski, 2001). Volgens hom is afhanklikheid ’n siekte en hy sluit met hierdie siening aan by voorlopers in die veld, naamlik die Wêreldgesondheidsorganisasie (WHO), die Amerikaanse mediese assosiasie (AMA) en die Amerikaanse psigiatriese organisasie (APA) (Gorski, 2001). Gorski sê aan die begin van die artikel dat hy van alkohol praat, maar ook van afhanklikheid oor die algemeen. Daar is dus vir Gorski geen twyfel dat afhanklikheid as ’n siekte geklassifiseer kan word nie. Nora Volkow stem saam met Gorski. Sy skryf in die voorwoord van ’n publikasie wat vrygestel is deur die NIDA, dat afhanklikheid gesien word as ’n siekte wat die brein en gedrag beïnvloed (NIDA, 2014). Volkow sê dat die algemene persepsie deur die jare heen was dat persone wat aan dwelms afhanklik is, geen wilskrag het nie en moreel gestrem is. Dit het die manier bepaal waarmee daar met persone wat afhanklik was aan dwelms gewerk is. Afhanklikheid was gesien as ’n morele mislukking eerder as ’n gesondheidsprobleem.

Die NIDA gee die volgende definisie van afhanklikheid: “Addiction is defined as a chronic, relapsing brain disease that is characterized by compulsive drug seeking and use, despite harmful consequences” (NIDA, 2014:5). Dit impliseer dat afhanklikheid, soos ander siektes, breinfunksies verander en beïnvloed. Hierdie verandering kan langtermynskade veroorsaak en verduidelik ook sommige van die destruktiewe gedrag wat by sommige persone voorkom wat van dwelms afhanklik is. Breinstudies wat gedoen is op mense wat afhanklik is van dwelms, wys verandering in die manier hoe die persoon oordeel, situasies interpreteer en ook ’n versteurde gedrag. Tydens adolessensie ontwikkel ’n sekere deel van die brein, naamlik die prefrontale korteks.


© University of Pretoria

Hierdie deel van die brein help ’n persoon om situasies te analiseer, om keuses uit te oefen en om emosies en gedrag in toom te hou. Wanneer ’n adolessent dwelms gebruik, kan dit groot invloed hê op die persoon se brein op ’n later stadium (NIDA, 2014:10). Dit is een van die redes waarom dit baie gevaarlik is vir adolessente om dwelms te gebruik. Die NIDA wys verder daarop dat die deel van die brein wat die limbiese stelsel genoem word, baie deur afhanklikheid beïnvloed word. Die limbiese stelsel is verantwoordelik vir die breinfunksies wat insluit emosies, gedrag, motivering en langtermyngeheue. Die beloningsfunksie val onder die motivering van die limbiese stelsel. Hierdie funksie het te doen met die ervaring van plesier in die liggaam. Wanneer plesier ervaar word, poog die liggaam om hierdie gedrag te herhaal. Die limbiese gedeelte word geaktiveer deur aktiwiteite soos eet en sosialiseer, maar kan ook geaktiveer word deur die gebruik van dwelms. Dit het dan weer ’n invloed op die emosies van mense. Hierdie verskynsel kan ook ’n antwoord gee aangaande die onstabiele emosies van ’n persoon wat aan dwelms afhanklik is of was.


Om verder te verstaan waarom afhanklikheid as ’n siekte geklassifiseer word, moet daar na die werking van die brein gekyk word, spesifiek hoe die brein kommunikeer. Die NIDA verduidelik dat die brein ’n kommunikasiesentrum is wat uit biljoene neurone bestaan. Die perifere senuweestelsel is konstant besig om boodskappe heen en weer in die liggaam te stuur. Dit bepaal hoe die mens voel, dink en optree (NIDA, 2014:16). Die brein bestaan uit neurone wat as transmitters en ontvangers funksioneer. ’n Neurotransmitter is aanhoudend besig om chemiese boodskappe heen en weer in die brein van een neuron na ’n ander te vervoer. Die neurotransmitter heg homself aan ’n deel op die neurone wat die “ontvangers” genoem word. Hierdie konneksie maak seker dat die korrekte boodskap oorgedra word. Dwelms is chemikalieë wat die kommunikasiedeel van die brein beïnvloed. Hulle beïnvloed die manier waarop neurone boodskappe stuur, ontvang en interpreteer. ’n Dwelm soos heroïen aktiveer die neurone, aangesien hulle chemiese struktuur dieselfde is as dié van die neurotransmitters. Hierdie chemiese struktuur flous die neurone en verkeerde boodskappe word heen en weer gestuur. Ander dwelms soos kokaïen ooraktiveer weer die neurotransmitters en so word verkeerde boodskappe ook oorgedra (NIDA, 2014:17). Die meeste dwelms beïnvloed direk of indirek die brein se beloningstelsel, deur ’n oormate dopamien vry te stel. Dopamien is ’n neurotransmitter wat dele van die brein beheer wat te doen het met beweging, emosies, motivering en die belewenis


© University of Pretoria


van plesier. Wanneer dopamien op ’n gesonde manier vrygestel word, beloon dit die liggaam se optrede. Wanneer die stelsel oorgestimuleer en te veel dopamien vrygestel word, kan die gebruik van dwelms versterk en die gebruiker geleer word om sy/haar gedrag te herhaal. Dit beteken om meer en meer dwelms te gebruik en al meer beheer te verloor. Wanneer die beloningstelsel geaktiveer word, verwag die brein dat “iets belangriks” gaan gebeur wat onthou moet word. Hierdie gedrag van “iets belangriks” word dan herhaal sonder dat dit werklik besef word of oor nagedink word. Dwelms aktiveer die beloningstelsel en daarom word die gebruik van dwelms oor en oor gedoen. Die NIDA verduidelik die gebruik van dwelms aan die hand van die volgende voorbeeld: die verskil vir die brein tussen normale belonings en dwelmmisbruik, is soos iemand wat in jou oor fluister en ’n ander persoon wat deur ’n mikrofoon in jou oor skree. Net soos wat ons die radio sagter stel, pas die brein aan by die oormatige vrystelling van dopamien deur minder dopamien te produseer. Die produksie van dopamien deur iemand wat dwelms gebruik, raak baie laag en veroorsaak gevolglik dat die persoon nie meer plesier op ’n normale vlak ervaar nie. Die persoon wat dwelms gebruik, probeer om sy/haar dopamienvlakke aan te vul en gebruik dan meer dwelms (NIDA, 2014:19). Hoe meer dwelms gebruik word, hoe erger raak die probleem. Hierdie oorsig oor die funksie van die brein en hoe dwelms die funksie van die brein kan beïnvloed, gee meer insig aangaande die komplekse verskynsel van wat afhanklikheid is. Wanneer ons afhanklikheid verstaan, of eerder tot ’n beter verstaan van afhanklikheid kom, kan meer effektiewelik gewerk word met persone wat afhanklik van dwelms is of was.

Die volgende twee prente verduidelik die kommunikasie van die brein, sowel as hoe afhanklikheid die kommunikasie van die brein beïnvloed:


© University of Pretoria




**Figuur 4.1:** **Kommunikasie van die brein (NIDA, 2014)**




**Figuur 4.2:** **Brain's Communication System on Drugs (Hamrah, 2015)**

Indien afhanklikheid as 'n siekte geklassifiseer word, ontstaan die vraag of persone wat afhanklik is of was aan dwelms, 'n keuse het om vry te kom van afhanklikheid. Wanneer daar na siektes soos kanker in sy ongeneesbare vorm gekyk word, het die persoon nie 'n keuse om vry te kom daarvan nie. Die persoon kan 'n baie sterk wilskrag hê om gesond te word, maar die dood staar hulle in die oë. Die rede is omdat sekere vorms van kanker tot op hede nie genees word nie. Wat staan die persoon wat afhanklik is of was, dan te doen indien afhanklikheid geklassifiseer word as 'n siekte? Afhanklikheid kan ook as 'n siekte gesien word waaroor jy as persoon beheer kan uitoefen. Iemand wat 'n diabeet is, kan sekere medikasie gebruik en sekere lewenstyle


© University of Pretoria

aanleer wat hulle in staat stel om ’n baie goeie en betekenisvolle lewe te lei. Ek wil afhanklikheid eerder in die laasgenoemde kategorie plaas. Die NIDA meen dat die siekte afhanklikheid, baie effektief beheer kan word (NIDA, 2014:25). Die NIDA meen dit is moontlik om die negatiewe effek wat afhanklikheid op ’n persoon het, teen te staan en dat die persoon weer beheer oor sy/haar lewe kan neem. Die rede waarom ek afhanklikheid eerder beskryf as ’n siekte wat beheer kan word, is omdat daar baie bewyse is dat persone al baie lank skoon is en nie meer ’n chemiese middel gebruik nie. Flowers (2010:75) sluit by die NIDA aan deur te sê: “Afhanklikheid is ’n siekte wat behandel kan word.” Dit bly steeds ’n keuse en die keuse lê nie daarin of dit ’n siekte is of nie, maar eerder hoe die persoon sy/haar lewe gaan inrig om die siekte van afhanklikheid te beheer en selfs te genees. Soos reeds genoem en verduidelik in hoofstuk twee, plaas die narratiewe benadering mense in die middel van hul eie stories en is ook die kenners in hulle eie lewensverhale (Morgan 2000). Daarom is ek van mening dat die narratiewe benadering persone wat van dwelms afhanklik is of was, kan help om sin te maak van hul eie lewens. Saam kan ek en die medereisigers soek na maniere waarmee hulle die siekte van afhanklikheid kan hanteer.

### 4.2.2 Genetiese teorie

Die genetiese teorie toon ’n genetiese predisposisie aan. Daar is sterk bewyse wat wys dat afhanklikheid van dwelms deur genetiese faktore beïnvloed word. Studies wat op tweelinge gedoen is, dui aan dat die oorvleuelings met betrekking tot afhanklikheid ’n resultaat is van genetiese faktore (Agrawal & Lynskey, 2006:801). Onlangse studies toon dat daar sekere gene is wat bydra tot afhanklikheid van alkohol en ander dwelms (Dick & Agrawal, 2008:111). Hierdie genetiese predisposisie gee uiting aan eksterne faktore soos die misbruik van alkohol en dwelms, sowel as ander gedragsafwykings (Dick & Agrawal, 2008:112). Kenners op die gebied van die genetiese teorie, sê dat psigologiese aspekte van toleransie en onttrekking, bewyse is dat afhanklikheid biologiese entiteite het en mediese probleme is (Du Plessis, 2012:5).

Bewyse dat afhanklikheid oorerflik is, het die identifisering van gene wat die oorsaak is, aangemoedig (Edwards et al., 2009:41). Die studie van gene en die konneksie met afhanklikheid en ander afwykende gedrag is kompleks. Sekere gene wat ’n invloed op afhanklikheid het, word geïdentifiseer. Persone wat afhanklik is van alkohol of dwelms kan ’n kombinasie van hierdie gene bevat. Dit beklemtoon die kompleksiteit van die


© University of Pretoria

probleem (Dick & Agrawal, 2008:113). In die verlede was daar mislukte pogings om gene aan komplekse gedragspatrone te koppel. Huidige navorsing slaag daarin om gene te identifiseer wat ’n variasie van kliniese fenotipes bepaal. ’n Verskeidenheid faktore het bygedra tot die ontwikkeling hiervan. Dit is goedkoper om ’n persoon se genetiese samestelling te identifiseer. Verdere faktore is die voltooiing van verskeie navorsingspogings soos die “Human Genome Project” en die internasionale “HapMap”-projek wat inligting oor die genoom van mense bekend gestel het. Hierdie ontwikkeling is gekomplimenteer deur vooruitgaan in die statistiese analises van genetiese data (Dick & Agrawal, 2008:113).

Die studie van gene is baie kompleks en nie die doel van hierdie studie nie. Daarom gaan ek nie in diepte oor hierdie gekompliseerde verskynsel skryf nie. Vir die doel van hierdie studie gaan ek net die bekendste gene wat tot op hede geïdentifiseer is en ’n invloed uitoefen op afhanklikheid, kortliks bespreek. Een geen, die D2 wat ’n subtipe is van dopamien-ontvangers, is in-diepte bestudeer in korrelasie met chemiese afhanklikheid. Die D2-ontvanger reageer op die chemiese stof dopamien, wat ’n gevoel van beloning en aangename emosies in die brein losmaak. Navorsing toon dat mense wat hierdie afwyking in die dopamien-reseptor het, meer as genetiese normale gelykes geneig is tot afhanklikheid van alkohol (Thanos et al., 2011:22). Genetiese variasies van die D2-geen word ook geassosieer met metamfetamien-, heroïen- en sigaretafhanklikheid (Edwards et al., 2009:43). Hulle is ook van mening dat ’n tekort aan D2 ook die vergoedingsvlakke van die cannabinoïde-reseptor CB1 beïnvloed. Dit impliseer dat beide hierdie genetiese faktore saamwerk om alkohol en kokaïen in die brein, sowel as die normale regulasie van dopamien, te reguleer. Persone wat hierdie genetiese afwyking van die D2-dopamien-ontvanger het, mag waarskynlik daartoe neig om hierdie middels wat plesier/vergoeding produseer te soek, aangesien hulle minder ontvanklik is vir die normale “voel goed”-effekte van dopamien (Thanos et al., 2011:23).

Na aanleiding van die bevindings wat deur die genetiese teorie na vore gebring word, wil dit voorkom asof afhanklikheid ’n oorerflike faktor kan hê (Agrawal & Lynskey, 2008:9). Ten spyte van hierdie navorsing is daar geen enkele geen wat die direkte oorsaak van afhanklikheid is nie. Hierdie teorie dui eerder aan dat daar ’n kombinasie


© University of Pretoria

van gene is wat moontlik ’n invloed op afhanklike gedrag kan uitoefen (Agrawal & Lynskey, 2008:9).

#### 4.2.3 Afhanklikheid as aangeleerde gedrag

Carlo DiClemente beskou afhanklikheid vanuit ’n gedragshoek en sê:“Learned habits that once established become difficult to extinguish even in the face of dramatic, and, at times, numerous negative consequence” (DiClemente, 2003:4). Die hoek waaruit DiClemente afhanklikheid benader, plaas baie klem op die gedragspatroon wat deur afhanklikheid in die afhanklike se lewe gevestig word. Dit impliseer dat iemand wat van dwelms afhanklik is, sekere gedrag aangeleer het en hierdie gedrag word moeilik verander. Aangeleerde gedrag het by Ivan P Pavlov in die vroeë 1900’s begin en staan vandag as klassieke kondisionering bekend (Wolpe & Plaud, 1997:966). Gawin en Kleber (1986:108) sê dat afhanklikheid gestimuleer kan word deur klassieke kondisionering, ook bekend as die Pavlov-kondisionering. Hierdie bevinding veronderstel dat afhanklikheid deur omgewingstimuli gedrag kan herroep selfs lank na dwelms nie meer gebruik word nie.

’n Ander hoek van aangeleerde gedrag toon aan dat die misbruik van dwelms deur adolessente teruggetrek kan word na hulle ouers se gebruik van dwelms (Hawkins et al., 1992:82). Op ’n indirekte manier het ouers ’n invloed op adolessente se misbruik van dwelms en alkohol. Indirekte metodes sluit in swak opvoeding vanaf die ouers, konstante konflik in die huislike omstandighede en ’n swak band tussen die ouers en adolessente (Hawkins et al., 1992:82). Bandura (1977b:3) skryf dat deur die sosiale leer, kan nuwe gedragspatrone ontwikkel deur eie ervaring of deur ander se gedrag waar te neem. Mense is aanhoudend besig om in situasies te beland waarvoor hulle oplossings moet vind. Sommige pogings is suksesvol, ander nie. Hierdie suksesvolle pogings geskied deur dit kreatief te ondersoek, terwyl die onsuksesvolle pogings geïgnoreer word (Bandura 1977b:3). Bandura is verder van mening dat persone van dwelms afhanklik raak as gevolg van modulering. Wanneer ’n persoon sien dat iemand anders genot put uit sekere aksies, kan dit die persoon oortuig om dieselfde aksies uit te oefen. Mense beoefen ’n sekere gedrag gebaseer op hul verwagting dat die gedrag ’n sekere versterkende effek gaan hê (Bandura, 1977a:193). Dit impliseer dat die gebruik van dwelms gemotiveer word deur ’n sekere verwagting van ’n spesifieke uitkoms. Moontlike positiewe verwagtings is bv. ’n gevoel van opgewondenheid en


© University of Pretoria

plesier. Die nagevolge van dwelmgebruik word deur die positiewe verwagtings oorskadu. Hierdie verwagtings is soms onrealisties. Wanneer daar in ’n film gewys word dat die gebruik van dwelms persone laat ontsnap van die werklikheid, kan dit onrealistiese verwagtings skep.

### 4.2.4 Psigoanalitiese teorie

Jung (2010:40) sê dat die psigoanalitiese teorie gefokus is op die onderbewuste redes waarom ’n persoon dwelms gebruik. Die onderbewuste kan beïnvloed word deur emosionele ervarings tydens ’n persoon se kinderjare. In psigoanalises het ’n fokusverskuiwing plaasgevind na die belangrikheid van die ego en self-strukture van die regulering van emosies, selfbeeld, gedrag, en om by hulle omgewing aan te pas (Khantzian, 1985:1259). Khantzian (1999:335) het ’n selfmedikasieteorie van afhanklikheid ontwikkel. Gevoelens van hulpeloosheid, waardeloosheid en depressie word deur ’n persoon ervaar. Afhanklikheid raak ’n plaasvervanger vir hierdie gevoelens. Die persoon wat afhanklik is, ontdek ’n dwelm wat sy/haar pyn verlig en ’n tydelike oplossing bied. Die persoon gaan oor en oor terug na hierdie ervaring toe, wat dan ’n leefstyl vorm. Die resultaat hiervan is afhanklikheid. Die persone wat afhanklik is van dwelms gebruik nie dwelms om aan die werklikheid te ontsnap nie, maar om ’n plek in die lewe te vind, en die rituele wat gepaard gaan met afhanklikheid gee betekenis aan hulle lewens (Khantzian, 1999:335). Die psigoanalitiese teorie sê dat ’n gevoel van hulpeloosheid tot afhanklikheid lei. Persone probeer om die gevoel van hulpeloosheid om te draai en dwelms help hulle hiermee. Afhanklikheid bied ’n valse gevoel van mag wat daartoe lei dat die persoon wat afhanklik is aan dwelms in beheer van sy/haar emosies is.

Khantzian (1985:1262) meen dat persone wat dwelms misbruik, kies watter dwelms hulle wil gebruik eerder as om dit op ’n onreëlmatige manier te bekom. Opioïede is ’n chemiese middel wat dieselfde effek as morfien het en pyn verlig. Dit het ook ’n kalmerende effek op persone en dis een van die redes waarom dit so aanloklik vir baie mense is. Khantzian (1985:1262) se navorsing toon aan dat persone wat opioïede gebruik, uit ’n familie-omgewing van geweld en aggressie kom. Opioïede het ’n kalmerende effek op die persone gehad en hulle gehelp om normaal en ontspanne te wees. In plaas van oorgawe of selfverwoesting, is mense besig met selfmedikasie teen psigologiese probleme en pynlike ervarings (Khantzian, 1985:1263). Die


© University of Pretoria

psigoanalitiese teorie en selfmedikasie het vir Khantzian ’n beter verstaan van afhanklikheid gegee.

### 4.2.5 Kultuur-identiteitsteorie

Hierdie teorie is deur Anderson (1998:234) ontwikkel en poog om afhanklikheid as ’n identiteitveranderingsproses te beskryf. Volgens hom is die ander teorie meer gefokus op die persoon wat dwelms gebruik as die een wat dwelmmisbruik. Anderson se teorie fokus eerder op die misbruik van dwelms (Anderson, 1998:234). Die teorie begin met ’n sosiologiese definisie van dwelm misbruik wat die volgende insluit:

- ’n patroon van gereelde of hewige gebruik oor ’n spesifieke tydperk;
- ’n groep dwelmverwante probleme soos byvoorbeeld ’n negatiewe invloed op die werkomstandighede of interpersoonlike verhoudings;
- vorige pogings om op te hou; en
- om self te erken dat jy ’n dwelmprobleem het (Anderson, 1998:241).

Volgens Anderson is sekere motiverings teenwoordig wat deur die omgewing beïnvloed word. Identiteit speel ’n groot rol in hierdie teorie wat gedragsmotivering bepaal. Persone is gemotiveerd om hul identiteite te verander via dwelms as gevolg van persoonlike en sosiale veranderingservarings tydens die kinder- en adolessente jare (Anderson, 1998:243).

Negatiewe gebeurtenisse soos die dood van ’n geliefde, mishandeling en gereelde geografiese verandering, bring skade aan die vermoë om jouself positief te ervaar en kan ’n moontlike negatiewe identiteit na vore bring. Dit lei na die tweede onderliggende tema, volgens Anderson (1998:246) se kultuur-identiteitsteorie, naamlik ‘geleentheid’. Hierdie teorie is geïnteresseerd in die geleenthede wat ’n persoon gevorm het tydens sy/haar vroeë ontwikkelingsfase. Anderson (1998:247) deel hierdie geleenthede op in vier hoofgroepe, naamlik identifisering met ’n dwelm-subkultuurgroep; ekonomiese geleenthede; opvoedkundige geleenthede en populêre kultuur. Vir die doel van hierdie studie is dit nie belangrik om hierdie vier groepe te verduidelik nie. Vir verdere studie hieroor, kan Anderson (1998) se artikel geraadpleeg word.

Dus handel die kultuur-identiteitsteorie oor die interaksie tussen ’n sosiaal en kultureel gekonstrueerde betekenis, simbole en instansies wat dwelms misbruik (Anderson,



© University of Pretoria

1998:255). Die teorie handhaaf ’n siening dat persone wat dwelms misbruik, persoonlike en sosiale marginalisering, sowel as ’n ongemak oor hul identiteit, ervaar. Deelname in dwelmmisbruik word ’n oplossing vir ’n persoon se verwronge identiteit, omdat dwelms mense laat goed voel en ’n meer aanvaarbare identiteit bied (Anderson, 1998:256).

### 4.2.6 Samevattende opmerkings

Geen enkele teorie kan die antwoord vir afhanklikheid bied nie (Jung 2010:56). Elke teorie voeg waarde tot die navorsing oor afhanklikheid, maar het ook leemtes. Daarom bied die kombinasie van teorieë ’n geheelprentjie oor die komplekse verskynsel van afhanklikheid. Sommige teorieë, soos die sosiale waarnemingsteorie het ’n meer konkrete definisie as ander teorieë. Die siektebenadering word sterk deur baie geleerdes aanvaar en weer deur ander afgekeur (Luke et al., 2002:90).

## 4.3 Opsoek na ’n omskrywing van afhanklikheid

In die voorafgaande afdeling is die verskillende benaderings tot afhanklikheid verduidelik. As gevolg van die verskillende teorieë, is dit moeilik om ’n korrekte definisie vir afhanklikheid te gee. Volgens Doweiko (2006:12) is dit ’n wanpersepsie dat navorsing die omvang van afhanklikheid ten volle verstaan: “Most of what is known about addiction is based on mistaken assumptions, clinical theory, or, at best, incomplete data” (Doweiko, 2006:12). Mense is geneig om persone wat een of twee drankies te veel gedrink het as afhanklikes te identifiseer. Mense doen dieselfde met die misbruik van sekere chemiese middele of dwelmafhanklikheid. ’n Persoon sal een keer dagga (marijuana) rook en dan word hy/sy as ’n afhanklike geëtiketteer. Afhanklikheid is ’n baie komplekse verskynsel, as gevolg van die impak wat dit psigologies, sosiologies en biologies op ’n persoon het, asook die effek wat dit op die samelewing, die wet, die politiek en die ekonomie het (Lettieri et al., 1980:14). De Miranda (1987:5) beskryf afhanklikheid as ’n onbeheerbare drang om sekere behoeftes te bevredig. Die herhaalde gebruik van ’n chemiese middel belemmer die fisiese en emosionele funksionering van persone. Afhanklikheid is dus die punt waar die afhanklikheid vir ’n sekere chemiese stof ontwikkel word. Lewis, Dana en Blevins sluit tot ’n mate by De Miranda aan en skryf dat afhanklikheid geïdentifiseer kan word wanneer ’n chemiese middel negatiewe gevolge op ’n persoon, sowel as ’n ander se lewe, het (Lewis et al., 2002:4). Hulle werk vanuit ’n terapeutiese benadering en noem



© University of Pretoria

dit ’n veranderende werksdefinisie. Dus sal medikasie wat die gemoedstoestand en gedrag verander, nie gedefinieer word as afhanklikheid nie, behalwe as dit ’n negatiewe impak op die individu het. Verder onderskei hulle tussen die misbruik van sekere middele en afhanklikheid. Afhanklikheid, volgens Lewis, Dana en Blevins (2002:4), word gedefinieer wanneer ’n persoon onttrekkingsimptome beleef of ’n weerstand teen die middel beleef. Volgens Dann (2002:13) is die definisie van afhanklikheid vaag. Ander geleerdes wat die veld van afhanklikheid bestudeer, verskil oor die definisie van afhanklikheid. Dit beklemtoon die kompleksiteit van afhanklikheid. Omdat die definisie so vaag is, is dit moeilik vir mense om afhanklikheid te identifiseer en uit te ken, en ontstaan wanpersepsies daaroor (Dann 2002:14).

Een van die wanpersepsies is juis dat mense dink dat daar ’n duidelike definisie of verstaan van die probleem is (Dann, 2002:14). Hy sê dat afhanklikheid eerstens as ’n sosiale verskynsel gesien moet word. Daar is sekere situasies waar dwelms in ’n spesifieke kultuur gebruik word en dit word as “normaal” gesien, terwyl dieselfde gebruik in ’n ander kultuur as afhanklikheid gesien sal word. Byvoorbeeld, die maniere waarop vodka in Rusland gedrink word, sal as alkoholmisbruik in Amerika gesien word. Deel van die sogenaamde Rastafarïer-geloof’ is om dagga (marijuana) te rook. In Suid-Afrika is dit teen die wet om dagga te rook. Wederregtelike vervolging kan plaasvind wanneer ’n groen daggaplant in jou tuin gevind word. Dann (2002:14) stel dus voor dat die kulturele konteks van afhanklikheid in ag geneem moet word wanneer daar na ’n definisie daaroor gesoek word.

Dann (2002:15) toon aan dat daar selfs binne die professionele gebied van afhanklikheid nie ’n universele definisie is nie. Selfs dokters en sielkundiges bied verskillende definisies vir afhanklikheid aan. Dit opsig self moet ons laat besef dat afhanklikheid ’n baie komplekse verskynsel is wat nie ligtelik opgeneem moet word nie. Met ligtelik word bedoel dat afhanklikheid nie ’n klinkklare definisie het nie en dat elke situasie op meriete beoordeel moet word. Om te veralgemeen, doen nie reg aan afhanklikheid nie. Doweiko (2006:13) sê dat die meeste van die navorsing oor afhanklikheid gedoen is slegs met mense wat vir hulp opdaag. Daar is ’n groot klomp mense wat dwelms gebruik en nooit aanmeld vir hulp nie. Hierdie mense hanteer hul afhanklikheid op ’n ander manier as dié wat vir hulp aanmeld. Hierdie verskynsel maak dit moeilik vir navorsing om ’n algemene definisie te konstrueer. Doweiko (2006:13)


© University of Pretoria

gebruik die term “chippers” om hierdie standpunt te verduidelik. “Chippers” is ’n groep dwelmgebruikers wat verslawende chemiese middels per geleentheid kan gebruik. Hulle beskik oor die vermoë om net een keer per geleentheid te gebruik en op te hou, indien hulle sou wou. Vir hulle dien dit slegs as ’n sosiale geleentheid. Dit is ’n teorie wat Doweiko (2006:13) handhaaf en hy skryf dat daar nog nie baie navorsing hieroor gedoen is nie. Verder sê hy dat daar ook nie baie navorsing gedoen is oor die verskillende redes waarom mans en vrouens verskillende dwelms gebruik nie. Daar word wel veralgemeen dat mans en vrouens dit vir dieselfde redes gebruik. Jung (2010:301) daarteenoor bied verskeie verskille aan tussen mans en vrouens wat alkohol gebruik. Die verskille lê in die fisiese uitwerking wat alkohol op mans en vrouens afsonderlik het. Vir die doeleindes van hierdie navorsing, gaan daar nie ’n onderskeid gemaak word tussen mans en vrouens wat dwelms gebruik nie. Die fisiese uitwerking wat dwelms op mans en vroue het, is nie van toepassing op die fokusarea van hierdie studie wat handel oor afhanklikheidsidentiteit nie.

Dann (2002:15) wys op ’n tweede wanpersepsie en dit is dat ’n persoon wat afhanklik is van dwelms, herken kan word aan sekere kenmerke. Fisiese kenmerke wat geassosieer word met dwelmmisbruik, is bv. rooierige oë en merke op die arms. Hierdie fisiese kenmerke word nie net met dwelmafhanklikheid geassosieer nie en daarom dien hierdie kenmerke nie as ’n bewys dat die persoon wel dwelms gebruik nie. Ander kenmerke wat volgens Dann (2002:15) tot wanpersepsies lei, is persone wat op straat bly, asook misdadigers wat afhanklik van dwelms is. Die suksesvolle besigheidsmanne en -vroue wat baie vir die kerk doen en elke Sondagoggend kerk toe gaan, is volgens mense nie afhanklikes nie. Ander glo weer dat dit net adolessente is wat in die townships bly wat afhanklikes is. Ek het as pastorale hulp gehelp by ’n kliniek vir afhanklike in Pretoria en ek het agtergekom dat drank en dwelms nie ’n spesifieke kultuur of tipe mens kies nie. Die tyd wat ek by die afhanklikheidskliniek spandeer het, het ek te doen gekry met arm, ryk, swart, wit en bruin adolessente. Hierdie adolessente kom almal uit verskillende huisgesinne en omgewings. Van hulle het ouers gehad wat betrokke was in hulle lewens, terwyl ander afwesige ouers gehad het. Sommige van die adolessente kom uit goeie gesinne en ander uit geskeide gesinne. Van die adolessente het boeties en sussies wat glad nie afhanklik is van dwelms of alkohol nie, en ander het weer deur ’n ouer boetie of sussie in aanraking


© University of Pretoria

gekom met drank of dwelms. Dit wys daarop dat iemand wat afhanklik is van dwelms of alkohol, nie algemene kenmerke of omstandighede het nie.

Navorsing toon dat afhanklikheid nie noodwendig geneties is nie:

> Despite some evidence that addiction may run in families, there are no genetic markers. And although a person can be tested for the presence of drugs or alcohol, a positive test does not necesseraly mean the person is addicted. People do experiment or engage in occasionale use (Dann, 2002:17).

Dit impliseer dat indien een van die ouers aan dwelms afhanklik was, dit nie noodwendig die geval sal wees dat een van die kinders van dwelms of alkohol afhanklik sal raak nie. Die NIDA (2014:8) verskil van Dann in dié sin dat hulle meen wetenskaplike navorsing toon dat daar wel genetiese merkers kan wees wat 'n persoon meer kwesbaar maak tot afhanklikheid. Hulle is egter van mening dat hierdie genetiese merkers nie noodwendig net biologies is nie, maar ook sosiologies. Dit beteken dat indien 'n persoon in 'n huis grootgeword het waar daar wel alkohol- of dwelm-misbruik was, dit moontlik is dat die persoon meer kwesbaar sal wees tot afhanklikheid en nie geneties is nie. Dit staan bekend as aangeleerde gedrag. Die adolessente sien die gebruik van dwelms of alkohol in die huis en assosieer dit as nie so gevaarlik soos wat almal sê nie, of dat dit sosiaal aanvaarbaar is. Dit kan dan daartoe lei dat wanneer die adolessent ouer word, hy/sy kan oorgaan tot die gebruik van dwelms of drank. Hierdie teorie handel oor die gesinsdinamika. Jung (2010:153) sluit by die NIDA aan in terme van genetiese merkers. Wanneer hy die term gene in verband met afhanklikheid gebruik, het dit nie dieselfde betekenis as die gene wat 'n persoon se kleur van sy oë bepaal nie. Die verhouding tussen genetika en gedrag is meer gekompliseerd:

> Genes may indirectly affect behaviour by determining how drugs are metabolized or by creating temperamental characteristics such as impulsivity or anxiety. In turn, these characteristics can influence the likelihood that exposure to drugs may eventually lead to abuse or dependency (Jung, 2010:153).



© University of Pretoria

Genotipe is die onderliggende kombinasie van gene wat van albei biologiese ouers afkomstig is (Jung, 2010:155). Die gene wat aan alkoholafhanklikheid gekoppel is en merkers genoem word, is nie direk verantwoordelik vir die afhanklikheid soos op die wyse wat haar kleur geneties bepaal word nie. Jung (2010:155) sê dat gene op ’n indirekte manier verantwoordelik is deur ’n invloed uit te oefen op ensieme en neurotransmitters wat metabolisme affekteer, wat dan gedrag beïnvloed. Verder sluit Jung (2010:156) by aangeleerde gedrag aan. Hy sê dat gesinne dieselfde omgewing gedurende die vormingsjare van adolessensie deel. Deur waarneming en modulering van een of albei ouers wat van dwelms afhanklik is, kan adolessente moontlike waardes en norme aanleer wat vir hulle aanvaarbaar is, en later meer vatbaar maak vir dwelm- of alkoholafhanklikheid. Van Hout en Connor (2007:40) sê dat adolessente baie meer toegang tot dwelms het en dit lei tot ’n publieke gesondheidsprobleem. Sy is verder van mening dat adolessente wat afhanklik is van dwelms ’n breë sosiale agtergrond het, wat ’n effek op fisiese, psigologiese en sosiale ontwikkeling het (Van Hout & Connor, 2007:40).

Dann (2002:17) meen dat indien mediese toetse bewys dat alkohol of dwelms in iemand se bloedstroom is, dit nie noodwendig impliseer dat die persoon afhanklik daarvan is nie. ’n Mens kan dit nog van drank verstaan, aangesien iemand wat ’n glasie wyn gedrink het ook positief sal toets vir alkohol en dit nie beteken dat die persoon van alkohol afhanklik is nie. Wanneer ’n mens na dwelms kyk, moet daar onderskeid getref word aangaande die verskillende tipes dwelms. Iemand wat byvoorbeeld een keer dagga gerook het, is nie noodwendig afhanklik daarvan nie. Dit is moontlik dat dit ’n eenmalige eksperiment of ’n sosiale geleentheid was. Dieselfde kan nie noodwendig van iemand gesê word wat heroïen eenmaal gebruik het nie. Heroïen is ’n baie sterk en gevaarlike dwelm en selfs net een keer se gebruik kan jou daarvan afhanklik maak. In breë terme stem ek saam met bogenoemde stelling van Dann. In ’n poging om ’n “multiple-model theory” te ontwikkel, skryf Gorsuch en Butler (1976:121) dat die teorie se “take it once and hooked for life” nie noodwendig op alle dwelms en persone van toepassing is nie. Volgens Gorsuch en Butler (1976:121) impliseer ’n eenmalige gebruik van sekere dwelms nie afhanklikheid nie. Daar is mense wat op ’n sosiale basis dwelms gebruik en nie noodwendig afhanklik daarvan raak nie (Lettieri et al., 1980:63).


© University of Pretoria

Daar is egter nog ’n wanpersepsies wanneer dit by afhanklikheid kom. Die feit dat dwelms teen die wet is, maak nie dat iemand wat dit gebruik ’n afhanklike is nie. Soos alreeds genoem, kan dagga op ’n sosiale basis gebruik word wat nie beteken dat die persoon daarvan afhanklik is nie. Om dagga te gebruik, is egter in Suid-Afrika teen die wet, maar beteken steeds nie dat die persoon wat dit gebruik ’n afhanklike is nie (Dann 2002:19). Daar is groot kontroversie aangaande die gevare van dagga. Sommige mense is van mening dat dagga aanvaarbaar is en nie noodwendig verslawende kenmerke het nie. Ander redeneer weer dat dit wel gevaarlik is en verslawend kan wees. Volgens die NIDA (2014:23) is dagga gevaarlik, omdat dit jou konsentrasievermoë en korttermyngeheue aantas, jou bloeddruk verhoog, skadelik vir die longe is en psigose kan aanmoedig by mense wat ’n neiging daartoe het. In ’n ander artikel wat deur die NIDA op hulle webblad geplaas is, verwys die term mediese dagga na die hele daggablaar as medisinale waarde (NIDA, 2015). Die FDA (*Food and Drug Administration)* in Amerika het egter nog nie die daggaplant onwettig verklaar vir mediese waarde nie. Daar is wel studies, volgens die NIDA (NIDA, 2015), wat aandui dat daar ’n chemiese stof in dagga teenwoordig is wat wel medisinale waarde het, naamlik kannabinoïed. Die FDA het wel die gebruik van die kannabinoïedsubstansie, wat in pilvorm gebruik kan word, vir medisinale gebruik goedgekeur. Hierdie kannabinoïed kan pynverwante kondisies en epilepsie verlig (NIDA, 2015). Dagga is statisties steeds een van die dwelms waarvoor die meeste mense opdaag vir behandeling by afhanklikheidsentrums. Elim-kliniek se jaarverslag van 2013/2014 wys dat dagga die tweede meeste opnames getoon het, ná cat (Elim, 2014). Volgens ’n verslag van die SACENDU (2015:1), is dagga die dwelm wat die meeste gebruik word en in die afhanklikheidsentrums die meeste behandel word. Die moontlike gevaar van dagga en of dit verslawend is of nie, is nie die doel van hierdie navorsing nie. Die rede waarom ek dit hier noem, is om die kompleksiteit van afhanklikheid te beklemtoon. Ek skaar my by die groep wat redeneer dat dagga wel gevaarlik en afhanklikheidsvormend is.

### 4.4 Redes vir afhanklikheid

Navorsing toon verskeie redes waarom mense dwelms of ’n afhanklikheidsmiddel gebruik. Die uitkoms blyk verskillende aspekte te wees wat nie veralgemeen kan word nie. Elke persoon se lewenstorie is anders, elke persoon hanteer die lewe anders en maak verskillende keuses aangaande hulle lewens. Die narratiewe benadering help


© University of Pretoria

om hierdie storie te ontgin en elke persoon se unieke reis met afhanklikheid te identifiseer. Sekere algemene faktore is egter deur navorsing geïdentifiseer. Doweiko (2006:16) noem ’n paar, naamlik fisiese beloning; aanleer deur die sosiale komponent; die individu se verwagting; kulturele en sosiale invloed en lewensdoelwitte.

Fisiese beloning handel oor die verwagting dat die dwelm ’n aangename effek gaan hê. Wanneer die aangename effek plaasvind en die ongemak van sekere lewensprobleme verlig, is dit moontlik dat die individu weer die dwelm gaan gebruik. Die fisiese beloning het dus te doen met trauma wat ’n persoon beleef en deurgemaak het. Trauma laat emosionele pyn agter en ’n afhanklikheidsmiddel soos alkohol en dwelms is ’n manier om hierdie pyn vir ’n oomblik te verlig. Daar is al baie navorsing gedoen en geskryf oor die verband tussen trauma en afhanklikheid. Vir die doel van hierdie navorsing is dit nie nodig om ’n in-diepte studie te maak oor die verband tussen trauma en afhanklikheid nie. Wat wel nodig is om te weet, is dat daar tog ’n verband is en dat trauma ’n baie groot rol speel in die lewe van mense wat afhanklik is of was van dwelms.

Niemand kom in die wêreld in met die gedagte dat hul dwelms gaan gebruik nie. Die misbruik van dwelms moet aangeleer word. Hierdie proses noem Doweiko die aanleer deur sosiale komponente. Die individu leer van dwelms deur middel van sosiale media, hoe die televisie byvoorbeeld dwelms vertoon en wys hoe dit gebruik word. So ook word die individu beïnvloed deur mense in sy/haar sosiale kringe. In hierdie kringe word dwelms beskou as aanvaarbaar. Sommige mense word in ’n huis groot waar alkohol en dwelms gebruik word. Hulle raak gewoond daaraan en sien nie die gevaar van afhanklikheid raak nie. Jung (2010:246) verwys na verskillende studies wat gedoen is op gesinne waar daar alkoholmisbruik is en hoe die waarskynlikheid ontstaan dat die kinders ook later in hulle lewens alkohol op dieselfde manier sal misbruik.

Somtyds word ’n verwagting geskep deur vriendekringe en die media aangaande die gebruik van dwelms. ’n Stigma word geskep dat dwelms of drank ’n sekere positiewe en sogenaamde “lekker” effek gaan gee en daarom kan ’n individu oorgaan tot die gebruik van dwelms. In die adolessente fase skep alkohol bv. ’n sekere verwagting wat daartoe lei dat iemand alkohol begin gebruik. Dit gaan die meeste van die kere gepaard met sosiale geleenthede en kuier saam met vriende. Die teenoorgestelde is


© University of Pretoria

ook natuurlik waar. Iemand kan in ’n huis grootword waar alkohol of dwelms misbruik is en die persoon besluit om self nooit naby drank of dwelms te kom nie. Wanneer drank of dwelms egter die gegewe positiewe effek skep, is dit moontlik dat die persoon sal aanhou met die gebruik daarvan.

Verder speel die kulturele en sosiale invloed ook ’n rol aangaande mense se gebruik van dwelms. Die kulturele invloed sluit faktore in soos die area waar iemand woon en die algemene kulturele omgewing. Doweiko maak gebruik van ’n voorbeeld van ’n groep Indiane in die suidwestelike deel van Amerika, wat tydens sekere rituele ’n sampioen eet wat hallusinasies veroorsaak. Jung (2010:325) wys daarop dat die meeste studies oor afhanklikheid, gedoen is met ’n spesifieke kulturele groep, naamlik wit middelklas, Europese Amerikaners. Hierdie stelling maak die hantering van afhanklikheid baie moeilik. Aangesien daar verskillende kulturele groepe mense is met verskillende idees oor die lewe, kan ’n universele metode om met afhanklikheid te werk, nie gebruik word nie. Die mensdom met die verskillende kulture is te divers. Met my navorsing het dit na vore gekom dat vir adolessente wat in sekere gebiede van Suid-Afrika grootword, dit meer aanvaarbaar is deur die omgewing om dwelms te gebruik. Dit raak ’n sosiale geleentheid waar dwelms oop en bloot beskikbaar is en dus aanvaarbaar raak. Adolessente sien dit, met die gevolg dat dit nie vir hulle vreemd is om dan self met dwelms te begin eksperimenteer nie. Deur my gesprekke met verskillende mense van verskillende kulture wat van dwelms afhanklik is of was, kom dit uit dat die kulture nie eenders dink oor afhanklikheid nie. Die wit Afrikaners waarmee ek praat, heg baie status aan die samelewing en daarom is dit ’n groot vernedering indien hulle van dwelms afhanklik raak, so ook vir die familie van die persoon. Die naam van die familie word verneder. Die swart en bruin mense sien dit weer in ’n ander lig. Die dwelm, dagga, is baie vrylik beskikbaar en hulle sien dit nie oor die algemeen as ’n negatiewe ding nie. Wanneer dagga met heroïen gemeng en gerook word, raak dit minder aanvaarbaar.

### 4.5 Die kriteria van afhanklikheid

Die vierde uitgawe van die DSM-IV (Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders of the American Psychiatric Association) gee sewe simptome waaraan afhanklikheid gemeet kan word. ’n Persoon moet aan drie van die sewe voldoen om


© University of Pretoria

in Amerika as ’n afhanklike erken te word (Dann 2002 :21). Hierdie sewe simptome is as volg:

- **Toleransie**

’n Persoon kan met tyd ’n toleransie opbou teen sekere substansies wat gebruik word. Iemand kan byvoorbeeld baie volumes alkohol inneem met baie min effek. Die persoon kon na alle waarskynlikheid in die verlede met minder alkohol baie groter newe-effekte gehad het. Soos wat mens alkohol op ’n gereelde basis gebruik, bou die liggaam weerstand op teen alkohol en al hoe meer moet op ’n slag geneem word om dieselfde effek te kry. So is dit ook met dwelms. Wanneer dwelms gebruik word, moet al hoe meer op ’n slag gebruik word om dieselfde gevoel (“trip”) te kry. Vir die liggaam om ’n toleransie op te bou teen alkohol of dwelms moet ’n groot hoeveelheid op ’n gereelde basis gebruik word. Daar moet net in ag geneem word dat toleransie nie op sy eie gebruik kan word as ’n kriteria vir afhanklikheid nie. Daar is mense wat baie meer as ander kan drink of meer dwelms nodig het om dieselfde effek te kry. Dit impliseer nie dat hulle op dit alleen as ’n afhanklike geklassifiseer kan word nie (Dann, 2002:23).

- **Onttrekking**

Wanneer iemand ’n groot hoeveelheid van ’n substansie gebruik het en daarna ophou, ervaar die persoon sekere newe-effekte. Elke tipe drank en dwelms veroorsaak hierdie ontrekkingsimptome wanneer iemand ophou om dit te gebruik. Die meeste dwelms het egter hulle eie newe-effekte. Sommige dwelms laat jou in koue sweet uitslaan, ander gee simptome soos spierkrampe, seer bene, diarree ens. Heroïen kan vir ’n mens sogenaamde insomnia gee wat vir weke kan aanhou. Hierdie is egter ’n baie slegte tyd in die afhanklike se lewe. Sommige kokaïengebruikers sal simptome ervaar wat medies bekend staan as anhedonie. Dit is wanneer jy die vermoë verloor om normale vlakke van plesier te ervaar. Hierdie kondisie kan vir jare aanhou. Baie afhanklikes hou aan om dwelms te gebruik om juis hierdie onttrekkingsimptome vry te spring. Dit is ook een van die groot redes waarom sommiges weer begin gebruik, die onttrekkingsimptome is net te erg. Weereens kan onttrekking op sy eie nie gebruik word as ’n kriteria om afhanklikheid te identifiseer nie (Dann 2002:25).


© University of Pretoria

- **Oorvloedige intensies (“exceeding intensions”)**

Hierdie is die derde toets volgens die DSM-IV. Oorvloedige intensies is wanneer iemand nie intensioneel dwelms of drank misbruik het nie. Hulle het nie genoeg selfbeheersing om dit binne perke te gebruik nie. Die stelling sal geuiter word soos “ek kan nie glo ek het dit gedoen nie ....” Daar word gewoonlik meer as wat beplan is geneem, of oor ’n langer tydperk as wat voorgeneem is. Dann (2002:25) sê dat een van die moeilikste dinge vir ’n afhanklike om te doen, is om te aanvaar dat hulle nie oor die vermoë beskik om die gebruik van ’n substansie te beheer nie. ’n Ander faktor wat ’n rol speel aangaande oorvloedige intensies, is dat afhanklikes nie altyd besef hoeveel tyd hulle spandeer aan hulle afhanklikheid nie. Iemand wat byvoorbeeld marijuana gebruik, is nie altyd bewus van hoeveel tyd verbygaan terwyl hulle besig is om dit te rook nie. Somtyds gaan jare verby waar daar baie min in hulle lewens bereik word (Dann 2002:26).

- **Onsuksesvolle pogings om op te hou**

Wanneer jy met iemand in ’n rehabilitasiesentrum praat, sal jy vind dat baie van die afhanklikes al ’n keer van tevore in ’n rehabilitasiesentrum was. Die tyd wat ek by ’n rehabilitasiesentrum gewerk het, het ek menigmale dieselfde jongmense in ’n jaar of twee gesien. Hulle is bewus daarvan dat hulle ’n probleem het, maar gee weer toe aan die smagting na dwelms of drank. Ek het ook meermale dieselfde mense, meer as een keer, na ’n rehabilitasiesentrum verwys nadat hulle gerehabiliteer was, maar weer begin gebruik het. Dann (2002:26) meen dat ’n terugslag (relaps) somtyds een van die beste tekens is dat iemand afhanklik is en wel ’n ernstige probleem het. Hulle raak naderhand magteloos en dit is ’n verskynsel wat mense wat nie afhanklik is nie, nie altyd verstaan nie. Die term afhanklikheid beteken in werklikheid magteloosheid (Dann 2002:27).

- **’n Swak gebruik van tyd**

Soos wat die afhanklike se toleransie en die hoeveelheid inname van dwelms toeneem by ’n persoon, word al hoe meer tyd aan dwelms spandeer en minder aan ander fasette van die lewe (Dann, 2002:27). Dwelms word die leefwyse van die afhanklike en alles draai rondom hierdie dwelms. Hulle leef vir die volgende keer wat hulle “hoog” kan word. Hoe meer dwelms gebruik word, hoe langer vat die herstelproses. Al hierdie newe-effekte dra daartoe by dat die afhanklike al minder tyd saam met hulle gesinne


© University of Pretoria

en vriende spandeer. Wanneer die dwelms uitgewerk het, word die volgende sessie weer beplan. Die beplanning is baie belangrik, omrede dwelms teen die wet is en afhanklikes nie die kans wil vat om uitgevang te word nie (Dann, 2002:28). Studies wys dat mense wat dwelms misbruik, drie tot veertien keer meer laat is vir werk as personeel wat nie gebruik nie. Hulle is vyf tot sewe keer meer geneig om glad nie op te daag vir werk nie en bly dan meer as agt dae in ’n ry weg. Hierdie statistieke dui nie op luiheid nie, maar eerder op swak tydsbestuur (Dann, 2002:28).

- **Invloed op belangrike take en verantwoordelikhede**

Die sesde kriteria volgens die DSM-IV, beweer dat belangrike sosiale en werksaktiwiteite afneem of heeltemal gelos word omrede meer tyd aan afhanklikheid gegee word. Volgens Dann (2002:28) is dit baie moeilik vir ’n afhanklike om sy of haar sosiale rol vol te hou omdat afhanklikheid baie tydrowend is. Verder bring afhanklikheid persoonlikheidsveranderings mee, asook verminderde funksionaliteit. Dit beteken dat afhanklikes hulle werk begin afskeep en soms per geleentheid glad nie opdaag nie. Dit lei tot die afhanklike wat dissiplinêre verhore moet deurmaak en in ekstreme gevalle selfs hulle werk verloor. Maryke was ’n onderwysers by ’n privaat skool. Sy was afhanklik van heroïen wat sy gerook het. Dit het gemaak dat sy nie haar werk as onderwyseres kon volhou nie. Een oggend was sy baie emosioneel. Iets wat ’n kind gedoen het, het haar hewig ontstel. Dit was iets wat haar normaalweg nie sou ontstel nie. Sy kon haar emosies nie beheer nie en het onnatuurlik gereageer en afgegaan op die kind. Hierdie optrede van Maryke het daartoe gely dat sy ’n dissiplinêre verhoor moes deurgaan. Hierdeur het die skool agtergekom dat sy van dwelms afhanklik is. Vir Maryke om haar werk te behou, moes sy op ongeskeduleerde tye getoets word vir dwelms. Sy het ’n kontrakpos by die skool gehad en die daaropvolgende jaar is haar kontrak nie hernu nie. Die skool beweer dit was omdat hulle nie meer haar dienste vir nog ’n verdere jaar kon bekostig nie, maar daar bestaan die moontlik dat die skool, as gevolg van die dwelms, nie haar kontrak hernu het nie. Die impak wat dwelms op ’n persoon het, is groter as wat die afhanklike self besef. Hulle verhoudings en amper elke deel van hulle lewens, ly daaronder. Die groter probleem wat hierdie tipe van optrede bevorder, is die tekort aan kapasiteit om take en verantwoordelikhede uit te voer en te voltooi (Dann, 2002:29).


© University of Pretoria

- **Maak probleme erger**

Sommige mense het psigiatriese of mediese kondisies wat deur dwelm- of alkoholmisbruik vererger word. Die finale kriteria volgens die DSM-IV is wanneer persone weet dat hulle 'n mediese of psigiese kondisie het en steeds dwelms of drank gebruik, al weet hulle dat dit moontlik hulle kondisies vererger. Wanneer iemand ten spyte van hulle kondisies steeds dwelms gebruik, wys dit op 'n groot probleem (Dann 2002:31).

Hierdie kriteria wat deur die DSM-IV voorgestel word, is baie hulpvaardig wanneer dit kom by die diagnosering van afhanklikheid. Dit het ook egter sy swakpunte wat nie noodwendig alle gevalle van afhanklikheid reg diagnoseer nie. Dann (2002:32) sê dat indien sewe stappe gebruik word soos 'n kontrole lys, dit baie onnatuurlik en kunsmatig is. Somtyds ontwikkel die gesprek in so 'n mate dat daar nie plek is vir 'n kontrole lys nie. Elke persoon het 'n storie wat vertel word en daarom is dit meer narratief as om 'n lys af te merk. Mense se lewens is baie meer gekompliseerd, waarin somtyds baie dieper as net 'n sewevoudige kriteria gevolg moet word.

### 4.6 Die draak het verskillende gesigte- verskillende tipe dwelms

Die wêreld van dwelms is 'n baie komplekse een. Elke dwelm beskik oor sekere eienskappe en bestaan uit verskillende chemiese middele. Vir hierdie rede is dit baie moeilik om te veralgemeen. Daar is vier hoof kategorieë waaronder dwelms geklassifiseer kan word, naamlik depressante/downers; stimulante/uppers; hallusinogene en opioïede. Elkeen word nou kortliks verduidelik:

#### 4.6.1 Depressante/downers

Dwelms in hierdie kategorie is alkohol, Mandrax en ketamine. Hierdie groep dwelms het 'n onderdrukkingseffek op die sentrale senuweestelsel, die kardiovaskulêre stelsel en die respiratoriese stelsel. Dit veroorsaak stadige reaksies, sowel as 'n swak onderskeidingsvermoë. Hierdie groep dwelms maak jou ook lomerig en laat die persoon ontspan. Dit het 'n hoogs verslawende karakter. Ketamine (of GHB) word gebruik om perde te sedeer en is die nuwe "date rape- dwelm. Mandrax word in onwettige laboratoriums geproduseer en word gemeng met middels soos rottegif, chloor, bakpoeier en Vim.


© University of Pretoria

### 4.6.2 Stimilante/uppers

Die dwelms in hierdie kategorie is Amphetamine, cat, tik en crack. Hierdie groep dwelms verhoog die sentrale senuweestelsel. Dit veroorsaak dat die persoon baie meer wakker is, nie meer wil eet nie en verhoog waaksaamheid. Hierdie groep dwelms is ook hoogs verslawend. Cat word deur sommige mense gebruik om vir lang periodes wakker te bly en kan dan vir dae aaneen aanhou. Dit help ook met konsentrasie en baie meer werk kan op ’n slag gedoen word. Hierdie dwelms kan op die lang termyn depressie, angstigheid, permanente breinskade en selfs die dood veroorsaak.

### 4.6.3 Hallusinogene

Die dwelms in hierdie kategorie is dagga, LSD, ecstacy en magic mushrooms. Hierdie groep dwelms veroorsaak distorte persepsies en emosies. Dit kan die brein se vermoë om tyd, plek en elke dag se realiteit te interpreteer, heeltemal van koers af gooi. Dit beïnvloed die deel van die brein wat gehoor en visie beheer. Persone wat hierdie groep dwelms gebruik, kan stemme hoor, visioene sien en ervarings beleef wat nie bestaan nie.

### 4.6.4 Opioïede

Dwelms in hierdie kategorie is heroïen, metadoon, morfien en kodeïn. Hierdie groep dwelms is baie sterk pynstillers. Dit is afkomstig van opium wat gemaak word van die papawerplant. Dit gee aanvanklik ’n intense gevoel van plesier, gevolg deur ’n merkwaardige kalmte. Langtermyngebruik van opioïede kan baie slegte newe-effekte hê.

Daar kan nog veel meer oor elkeen van hierdie groep dwelms geskryf word, maar dit is nie die doel van hierdie navorsing nie. Elke groep dwelms, asook elke tipe dwelm het sy eie karakter en uitwerking op die menslike liggaam. Ek het twee tipes dwelms gekies, waarvan die medenavorsers afhanklik is of was. Die een is afkomstig van die opioïede groep, naamlik heroïen en die ander een is van die stimulante/uppers afkomstig, naamlik cat. Ek gaan kortliks die effek van elkeen verduidelik.

- **Heroïne** - Hierdie dwelm is van die opiumpapawer, *Papaver somniferum*, afkomstig. Morfien is teenwoordig in hierdie papawer en word gebruik om heroïen van te maak. Heroïen word gevorm deur morfien en asynsuur warm te maak. Dit


© University of Pretoria

is dus nie heeltemal natuurlik nie as gevolg van die chemiese proses waardeur dit gaan. Heroïen reageer baie vinniger as morfien, aangesien dit baie vinnig deur die bloedstroom in die brein opgeneem word. Sodra heroïen in die liggaam opgeneem word, verander dit weer in morfien, maar ’n gedeelte word deur die brein opgeneem wat fisiologiese en psigologiese newe-effekte het (Harris, 2005:14).

In die dwelmwêreld word heroïen ook gekoppel aan ’n draak. Tydens ’n gesprek met een van die medereisigers, het hy my vertel van ’n frase wat wel bekend is onder mense wat heroïen gebruik, naamlik “chasing the dragon.” Hy vertel my dat dit meestal te doen het met heroïen. Die heel eerste keer wat jy heroïen gebruik, is die beste keer. Jou wêreld is rustig, alles is perfek en daar is geen beter gevoel in die wêreld nie. Maar na ’n ruk verloor heroïen sy uitwerking en alles keer terug na normaal. Of so dink jy. Skielik begin jou gedagtes hardloop, jy word uit jou droomwêreld geruk en dan begin jou probleme. Van daardie oomblik af, is jy op soek na net meer en meer heroïen. Jy smag weer na daardie heel eerste “high” wat jy gehad het. Vinnig is jy weer terug na die “dealer” toe en koop weer dieselfde hoeveelheid as die eerste keer. Dit voel goed, maar nie so goed soos die eerste keer nie. Van daar af gebruik jy meer en meer heroïen en is jy op soek na dieselfde gevoel van daardie eerste keer. Gou is jou geld klaar, want heroïen is duur. Jy begin jou besittings een vir een verkoop om geld te kry sodat jy jou afhanklikheid kan bevredig. Naderhand het jy niks meer oor nie en jy begin steel en selfs klein gunsies doen sodat jy net nog een keer die “high” kan kry. Dit is wat “chasing the dragon” beteken. Ek het hom gevra wat hy met die heroïen doen en waar die naam vandaan kom. Hy het soos volg verduidelik: “Jy vat ’n stukkie foeliepapier en gooi ’n bietjie heroïenpoeier daarop uit. Daarna maak jy die heroïen van onder af warm met ’n ‘laaiter’. Dit smelt en vorm ’n waterige substansie. Hierdie substansie maak dan patrone op die foeliepapier, wat soos Chinese drake lyk. Die heroïen gee dan ’n gas af wat jy dan inasem.” In sommige gevalle verwys mense na die soek van die eerste groot effek wat ’n spesifieke dwelm op ’n persoon gehad het, as “chasing the dragon.” Alhoewel dit begin het by die gebruik van heroïen, word dit soms ook vir ander dwelms gebruik. Dit is opmerklik hoe algemeen die term, “draak,” in die dwelmwêreld gebruik word.

- Cat (*Catha edulis*) is ’n struik afkomstig van Oos-Afrika en die Arabiese Skiereiland. Cat bevat twee hoofstimulante wat die sentrale senuweestelsel


© University of Pretoria

aantas, naamlik cathinone en cathine. Dit veroorsaak dieselfde reaksie as amfetamien wat simptome soos euforie, wakkerheid, energie, hiperaktiwiteit en gewigsverlies behels. Die effek van cat hou gewoonlik tussen negentig minute en drie ure. Newe-effekte soos slapeloosheid en ’n gebrek aan konsentrasie kom voor na die dwelm uitgewerk het. Die aanhoudende gebruik van cat kan lei tot gedragsverandering en die agteruitgaan van psigiese gesondheid (Drug Enforcement Administration 2013:1). Cat se blare word gekou en volgens die NIDA (2013:2) gebruik meer as tien miljoen mense dit wêreldwyd. Ander maniere om cat in te neem, is om dit uit te droog en as teeblare te gebruik of as wit poeier te snuif (Drug Enforcement Administration, 2013:2).

## 4.7 Behandeling van afhanklikheid en terugslae

In die voorafgaande afdeling is dit duidelik dat afhanklikheid ’n komplekse verskynsel is. Daar is verwys na verskillende moderne teorieë om afhanklikheid te verduidelik. In hierdie deel gaan ek na die behandeling van afhanklikheid en die terugslae kyk. Om tot ’n holistiese verstaan van afhanklikheid te kom, is dit belangrik om die verskillende behandelingsteorieë en terugslae te verken. Die fokus van hierdie navorsing is afhanklikheidsidentiteit. Om sinvol oor afhanklikheidsidentiteit te praat is dit nodig om ’n beter verstaan te kry oor die behandeling van afhanklikheid en die terugslae.

“Addictions are well ingrained and extremely difficult to overcome” (Jung, 2010:353).

Flowers (2010:69) beskryf die herstel van afhanklikheid met die woord ‘Tangu’. Hierdie woord is ’n Afrika-woord wat ’n “nuwe begin” beteken. Flowers (2010:69) sê ook dat dit die gevoel is wat die meeste mense wat afhanklik was, in die herste proses beleef. Soos vroeër in die hoofstuk beskryf, sê Flowers dat afhanklikheid ’n siekte is en daarom vergelyk hy dit met die herstel van ander siektes. Flowers (2010:69) sê verder dat sublimasie net by die herstel van afhanklikheid voorkom, vir die rede dat wanneer mense van ander siektes herstel, hulle terugkeer na hulle vorige leefstyl toe, waar dit met die herstel van afhanklikheid na die tyd beter met hulle gaan. Hy sê dat dit geestelik, emosioneel, fisies en in sekere gevalle ook finansieel, beter met hulle gaan (Flowers, 2010:69). Die persone wat afhanklik was aan dwelms, het so baie in die lewe verloor, byvoorbeeld hulle verhoudings, kinders, is somtyds finansieel onder druk en verloor ook hulleself. Hulle word sleg gesê deur geliefdes om hulle en gevolglik



© University of Pretoria

verloor hulle hul selfbeeld en hoop (Flowers, 2010:70). Die herstelproses, volgens Flowers (2010:75), is vir die persoon wat afhanklik was aan dwelms om hom-/haarself weer te vind. Hulle sterf as't ware in hulle ou afhanklike lewe en staan as vernude mense op. Daar is verskeie metodes vir die behandeling van afhanklikheid. Jung (2010:356) plaas hierdie metodes in twee hoofgroepe, naamlik informele selfhelpgroepe en formele of professionele behandeling.

### 4.7.1 Informele selfhelpgroepe

Die bekendste selfhelpgroep is die AA (Alcoholics Anonymous) se twaalf-stap-program. Die meeste van die bestaande selfhelpgroepe is gebaseer op die beginsels van die twaalf-stap-program. Die twaalf-stap-program het aanvanklik ontwikkel vir die doel om mense wat afhanklik is van alkohol by te staan, maar deur die jare het ander groepe wat met ander vorme van afhanklikheid werk, soos die Narcotics Anonymous, Cocaine Anonomous en Nicotine Anonomous ook hierdie twaalf-stap-program gebruik (Jung, 2010:356).

### 4.7.2 Formele en professionele behandeling

Die benadering van professionele behandeling van alkohol en ander dwelms verskil van die informele selfhelpgroepe (Jung, 2010:377). Formele behandeling is gegrond op spesialiseringsvelde soos die sielkunde, farmakologie en die neurosielkunde. Jung (2010:377) sê dat die meeste van die professionele benaderings klem plaas op een tot drie van die volgende drie velde, naamlik farmakologies, psigoterapeuties en gedragsbenadering. Jung (2010:378) verduidelik die algemene stappe van behandeling wat in die meeste 28-dagprogramme gebruik word. Eerstens daag 'n persoon by 'n hospitaal op as gevolg van 'n krisis wat ontstaan het, omrede die misbruik van alkohol of ander dwelms. Alvorens berading of psigoterapie kan begin, moet die persoon eers deur 'n paar dae van ontgifting gaan. Tydens hierdie paar dae is onttrekkingsimptome sigbaar, as gevolg van die onbeskikbaarheid van alkohol of dwelms. Mediese behandeling en waarneming is tydens hierdie ontgiftingsproses nodig, om te verseker dat die persoon veilig deur hierdie fase beweeg. Wanneer hierdie fase voltooi is, neem die persoon aan verskillende groeps- en individuele terapie deel. In hierdie sessies word daar kennis gedeel oor die fisiese uitwerking van die spesifieke dwelm wat gebruik is. Verder word daar ook ontspannings- en beroepsterapie toegepas vir die "binnepasiënt" se behandeling (Jung, 2010:378).



© University of Pretoria

"Binnepasiënt" is die term wat gebruik word vir persone wat opgeneem word in 'n rehabilitasiesentrum of kliniek.

### 4.7.3 Psigoterapie

Psigoterapie kom in baie vorme voor, maar die basiese beginsel is 'n gesprek tussen die pasiënt en die terapeut, hetsy in individuele of in groepsverband (Jung 2010:382). Die gesprek is gefokus op die persoon se agtergrond, huidige lewensituasie en die redes waarom die persoon afhanklik geraak het van dwelms. Die doel is om insig te gee oor die gevolge van die dwelm wat misbruik is en die redes waarom hulle op 'n spesifieke manier optree. Na psigologiese insig bekom is oor die gebruik van die dwelm, kan die persoon beheer terugneem oor sy/haar lewe (Jung, 2010:382).

Die psigodinamiese benadering interpreteer die misbruik van dwelms as 'n refleksie op konflik of karakterdefekte wat ontstaan het deur die vormingsjare van 'n persoon (Jung, 2010:382). Die persoon kon byvoorbeeld verwerping beleef het tydens die vormingsjare se voedingsfase en dwelms dien dan as 'n kompensasie vir hierdie verwerping. Wanneer die persoon se verlede geïnterpreteer is deur die terapeut, is die afleiding dat die persoon se verdedigingsmeganismes afgebreek word en dit moontlike herstel bevorder (Jung, 2010:382).

Rasionele emosionele terapie is daarop gefokus om die persoon meer bewus te maak van huidige en toekomstige motiveerders vir die gebruik van dwelms (Jung, 2010:383). Ellis et al., (1988:98) sê dat baie psigologiese probleme afstam van irrasionele waarhede wat gehandhaaf word deur die persoon wat afhanklik is of van dwelms. Die terapeut se doel is om hierdie wanpersepsies wat die persoon het, af te breek en hom/haar hierdie irrasionele denke te laat insien. Alternatiewe maniere word gesoek om die persoon se lewensdoelwitte te bereik (Jung, 2010:384).

### 4.7.4 Gedragsbenadering

Die gedragsbenadering stem baie ooreen met die behandeling van dwelmafhanklikheid deur aangeleerde gedrag (Jung 2010:384). Hierdie benadering is gebaseer op die aangeleerde en kondisioneringsteorie se beginsels. Gedragsbenadering veronderstel dat die gebruik van dwelms opgedoen of versterk is deur sosiologiese en psigologiese invloede (Jung, 2010:358). Jung (2010:385) sê ook dat stimulasie deur 'n fisiese en sosiale konteks wat versterk is deur die gebruik van


© University of Pretoria

dwelms, die verdere gebruik van dwelms motiveer. Op dieselfde manier word daar gepoog om gedragspatrone af te leer wat met die gebruik van dwelms geassosieer is. Dele van hierdie gedragspatrone moet in sommige gevalle heeltemal verwyder word in ’n poging om op te hou om dwelms te gebruik.

Jung (2010:386) verwys na twee tipes kondisioneringsmetodes, naamlik aversieterapie en operante kondisionering. Aversieterapie is gebaseer op die klasieke kondisioneringsbenadering wat deur Pavlov (1927:44) ontwikkel is. Met klassieke kondisionering word ’n persoon gestimuleer met ’n middel wat ’n positiewe of negatiewe uitwerking het en ’n middel wat nie daardie selfde effek het nie. ’n Positiewe middel is byvoorbeeld kos en ’n negatiewe middel is byvoorbeeld elektriese skok, wat gekombineer is met ’n ander middel soos lig. Die konstante kombinering van die twee middele impliseer dat die middel soos lig later dieselfde uitwerking as die kos of die elektriese skok sal lewer (Jung, 2010:386). Aversieterapie kombineer negatiewe stimulasie met alkohol of dwelms en veronderstel dat die negatiewe uitwerking daarvan later sal lei tot ’n verlaagde begeerte om dit te gebruik (Rachman & Teasdale, 1968:16). Operante kondisionering sien die persoon wat dwelms gebruik as ’n aktiewe deelnemer in sy/haar gedragsverandering (Jung, 2010:386). Die persoon leer om te besef watter stimulasie watter uitkoms veroorsaak. Die uitkoms dien as versterkers wat deur die persoon ontwikkel word. Alkohol en dwelms reageer dieselfde as ander gedrag, in dié sin dat dit versterk word deur die nagevolge van daardie gedrag (Jung, 2010:386). Die persoon wat alkohol of dwelms gebruik, beleef positiewe uitkomste wat hom/haar motiveer om die dosis daarvan te verlaag.

Daar is ander gedragsbenaderings, soos sosiale leer en kognitiewe gedragsleer (Jung, 2010:387). Sosiale leer implementeer prosesse wat persone wat van alkohol of dwelms afhanklik is, blootstel aan die gevolge van ander. Wanneer ’n persoon by ander sien dat minder gebruik van alkohol of dwelms tot beter sosiale aanvaarding of beter werksprestasie lei, kan dit lei tot minder gebruik daarvan (Jung, 2010:387). Kognitiewe gedragsleer sien die misbruik van alkohol of dwelms as die oorsaak dat persone probleme nie kan hanteer nie. Die fokus van hierdie metode is om vir persone ander maniere te leer oor hoe om probleme te hanteer (Jung, 2010:387). Tegnieke oor hoe om spanning te hanteer, soos byvoorbeeld ontspanningsoefeninge, word deur die kognitiewe gedragsleer gebruik.


© University of Pretoria

ŉ Kursus wat ek bygewoon het by die Elim-kliniek in Kemptonpark, wys daarop dat daar twee dele van genesing vir afhanklikheid nodig is, naamlik: wilskrag en vaardighede (De Swardt, 2015).

Wilskrag, volgens De Swardt, is wanneer die persoon besluit om afhanklikheid te los en sy/haar lewe in ’n meer positiewe rigting te verander. Wilskrag is ’n belangrike faktor indien ’n persoon afhanklikheid wil los. Op een of ander manier moet hulle tot die besef kom dat hulle lewens moet verander, anders kan hulle in die tronk beland of selfs die dood in die oë staar. Tydens hierdie kursus by die Elim-kliniek (De Swardt, 2015), is daar oor sekere tegnieke gepraat wat terapeute kan help om persone wat dalk met ’n afhanklikheidsprobleem sit, te nader. Die geliefdes van die persoon wat afhanklik is van dwelms, kan sekere grense stel indien die persoon nie vir behandeling gaan nie. In baie gevalle is die persoon vreeslik destruktief. Persone wat van dwelms afhanklik is, kan sekere dele van hulle lewens vernietig. Hulle sal verhoudings seermaak en nie meer as belangrik ag nie, van mense steel en waardevolle besittings verkoop om dwelms in die hande te kry. Die grense wat dan deur geliefdes gestel word, mag iets wees soos byvoorbeeld: “Indien jy nie vir behandeling gaan nie, sal jy uit die huis uit moet trek, want ons moet al ons besittings wegsteek en toesluit anders gaan jy dit ook verkoop.” Volgens hierdie tegniek mag dit moontlik die persoon oortuig dat daar groot fout in sy/haar lewe is en kan die grense lei tot die wilsbesluit dat behandeling nodig is.

Vaardighede is metodes wat persone in plek kan sit en aanleer om afhanklikheid te beheer. Hierdie vaardighede gee mag aan die persoon wat afhanklik is of was en nie andersom nie. Volgens die kursus wat Elim-kliniek aangebied het, is daar vier dimensies van jou lewe waaraan ’n persoon wat afhanklik is, moet werk, naamlik die fisiese dimensie; die emosionele dimensie; sosiale interaksies en die geestelike dimensie (Elim Clinic 2006, Annexure D).

- Fisiese dimensie: Hierdie dimensie van afhanklikheid word deur Elim-kliniek verduidelik as gesonde eet- en drinkgewoontes, fisiese oefening, televisie en medikasie. Hierdie dimensie kan aanleiding gee tot ’n terugslag indien daar nie goed genoeg aandag aan gegee word nie. Indien ’n persoon een van hierdie aspekte van die fisiese dimensie afskeep, kan hulle fisies sleg voel, wat hulle aan ’n moontlike terugslag kan blootstel. Die persoon moet ’n gesonde en


© University of Pretoria

gebalanseerde eetpatroon handhaaf. Hy/sy moet drie keer per dag eet en genoeg vrugte en groente inneem. Baie water en vrugtesap is ook nodig vir ’n gesonde liggaam. Fisiese oefening is baie nodig om te help met spanning. Aangesien baie persone dwelms gebruik as ’n manier om spanning te hanteer, help fisiese oefening die liggaam. Elim-kliniek beweer dat te veel tyd voor die televisie ’n persoon passief kan maak, daarom is lees en radio luister ’n beter alternatief. Hierdie passiewe stadium voor die televisie kan gedagtes aanwakker om weer dwelms te gebruik.

Die medikasiedeel word deur ’n mediese dokter gedoen. Die dokter moet die persoon ondersoek en bepaal of medikasie nodig is om die persoon by te staan. ’n Antidepressante middel kan bv. gegee word om die persoon se emosies te stabiliseer, indien die persoon aan depressie lei as gevolg van afhanklikheid. Verdere medikasie behels vitamines om die liggaam gesond te hou.

Om die fisiese dimensie saam te vat: Dit gaan oor ’n algemene gesonde leefstyl wat gehandhaaf moet word.

- Emosionele dimensie: Hierdie dimensie handel baie oor die persoon se selfbeeld. Indien die persoon nie baie van hom-/haarself dink nie, is ’n terugslag moontlik om die draai. Hierdie gedeelte is baie belangrik in terme van die doel van hierdie navorsing. Wanneer ek praat van afhanklikheidsidentiteit, gaan dit juis oor hoe die persoon hom-/haarself sien. Indien afhanklikheid deel vorm van die persoon se identiteit, kan dit ’n baie negatiewe siening van identiteit wees, wat min hoop vir die persoon bied. Daarom is die doel van hierdie navorsing om ’n alternatiewe manier te vind om na die identiteit te kyk van mense wat afhanklik is of was van dwelms. Meer hieroor word later bespreek. Wat belangrik is om te weet aangaande die emosionele dimensie, is dat daar na die persoon se selfbeeld en siening oor hom-/haarself gekyk moet word.
- Sosiale interaksies: Hierdie dimensie handel oor die interpersoonlike verhoudings van die persoon wat afhanklik is of was van dwelms. Die persoon kan moontlik getroud wees met kinders, of alternatief ’n kind wees wat nog in die ouerhuis woon. Sekere verhoudings is op die spel. Hierdie verhoudings is rolspelers in die persoon se lewe en kan ’n groot invloed hê op die persoon se herstelproses. My ervaring met mense wat van dwelms afhanklik is of was, is dat hulle ondersteuningsnetwerk



© University of Pretoria

baie belangrik is. Hierdie ondersteuningsnetwerk is die rolspelers wat vir die persoon se herstel baie belangrik is. Indien ’n vrou van dwelms afhanklik is, kan haar man ’n groot rol speel in haar herstelproses. Hy kan haar ondersteun en motiveer. Daar is ’n ander deel van verhoudings waarna ook gekyk moet word. Iemand wat dwelms gebruik of gebruik het, het dit waarskynlik nie alleen gedoen nie. Hulle is in kontak met mense saam met wie hulle dwelms gebruik het of by wie hulle dwelms gekoop het. Dit is vreeslik gevaarlik vir die persoon om steeds verhoudings en selfs kontak te hê met hierdie mense. Vir die rede dat afhanklikheid as ’n siekte geklassifiseer word, kan die interaksie met hierdie mense ’n terugslag veroorsaak. Elim-kliniek wys ook daarop dat dit belangrik is om by ’n ondersteuningsgroep aan te sluit. Hierdie groepe moedig mekaar aan en deel mekaar se uitdagings en volgehoue voorspoed.

- Geestelike dimensie: Elim-kliniek wys daarop dat daar ’n vierde dimensie in ’n mens se lewe is, naamlik die geestelike dimensie. Vir die Elim-kliniek is dit belangrik om deel te wees van ’n kerkgroep of om selfs net bewus te wees van “the higher power” wat jou help om afhanklikheid te oorkom. Hierdie studie word gedoen in die vakgebied Praktiese Teologie. Praktiese Teologie poog om mense se alledaagse lewens nader te bring aan die verhaal van die Bybel binne ’n spesifieke konteks en omgewing. Mense se verhale sluit trauma soos dood, egskeiding, werkverlies en siektes in (cf. Gerkin, 1991:13). Na aanleiding van Gerkin se stelling, kan ’n mens onder die trauma van siektes ook dan afhanklikheid plaas. My rol as Praktiese Teoloog is om die verhale van God en godsdiens nader te bring aan die realiteit en wêreld van die persone wat afhanklik is of was aan dwelms. Vir hierdie rede is die geestelike dimensie ook baie belangrik vir die herstelproses.

Die vaardigheidsbenadering wat deur Elim-kliniek voorgestel is, kan as riglyn dien wat gebruik kan word om na alternatiewe verhale van hoop te soek.

Hierdie navorsing se teoretiese vertrekpunt geskied vanuit Praktiese Teologie en daarom is dit belangrik om na die teologiese of godsdienstige definisies te kyk. Die teorie wat vooraf genoem is, behandel nie die gelowige of godsdienstige aspekte van afhanklikheid nie. Daar is wel teorieë wat aantoon dat afhanklikheid ’n spirituele siekte is, waar die persoon ’n geestelike gaping in sy/haar lewe wil vul (Miller, 1998). Ander


© University of Pretoria

beskryf weer afhanklikheid as ’n sonde en die persoon moet hierdie sonde bely en vrygespreek word. Hierdie is ’n baie negatiewe manier om vanuit ’n teologies oogpunt na afhanklikheid te kyk. Hierdie siening is egter die siening wat deur baie kerke en geestelike leiers verkondig word en waarmee die persone wat van dwelms afhanklik is of was, ook mee rondloop. Later in hoofstuk vyf word daar in meer diepte daarna gekyk.

### 4.8 Persoonlike refleksie oor hoofstuk vier

Hoofstuk vier was ’n interessante hoofstuk. Nadat die verskynsel van afhanklikheid deur verskillende teorieë verduidelik is en gekyk is na die verskillende benaderings om dit te behandel, wil dit voorkom of nog baie navorsing daaroor gedoen moet word. Hierdie teorieë vorm deel van ’n groter prentjie: ’n Poging om afhanklikheid te verstaan en persone wat van alkohol of dwelms afhanklik is, te help. Alhoewel hierdie studie vanuit ’n postfundamentele hoek benader is, dra die moderne teorie tot die groter prentjie by. Dann (2002:17) sê dat afhanklikheid nie ’n afwyking is wat verduidelik kan word nie. Daar is wel studies gedoen oor die brein wat moontlik die ontstaan van afhanklikheid verduidelik. Volgens Dann (2002:17) is hierdie navorsing op ’n spesifieke uitkoms gefokus. Dit kan dus gesê word dat afhanklikheid nog ’n misterie is (Dann 2002:17). Dit is ’n verskynsel wat nog nie regtig met groot sekerheid verstaan kan word nie.

Ek was nie bewus daarvan dat daar alreeds so baie navorsing oor afhanklikheid gedoen is nie. Ek sou gedink het dat indien daar soveel navorsing gedoen en teorieë gevorm is, dat afhanklikheid meer sinvol en met groter sukses behandel kon word. Dit is egter nie die geval nie. Dit wys weereens daarop dat vooropgestelde idees oor onkunde soms baie skadelik tot die persoon wat van dwelms afhanklik is, kan wees. Met hierdie stelling verwys ek na myself wat baie vooropgestelde idees oor afhanklikheid gehad het. Voor die bestudering van hierdie verskillende teorieë en benaderings, het ek ook gedink dat iemand wat konstant terugslae het en sukkel om op te hou, maar net nie ’n sterk genoeg wilskrag het nie. Ek het gou besef dat afhanklikheid nie maklik is om te oorkom nie, veral as al die verskillende teorieë nog nie afhanklikheid met groot sukses kan aanspreek nie.


© University of Pretoria

Ek voel weereens dat dit net genade is dat ek nie by die wêreld van afhanklikheid ingetrek is nie en dat ek ook hiermee moet worstel nie. Hier volg 'n gedig waarop ek afgekom het, wat my diep geraak het:

**Dwelm**

In lyne wit
snuif ek jou op
In jou besit
my hart se klop

Jy pols deur my
soos eie bloed
Hittig versprei
my lyf in gloed

In euphoria
ons vesting nou
Toekoms phobia
lewe sonder jou

Nog net een fix
ek is afhanklik
Ek speel weer trix
My lus te laaf

Want jy sien
JY is MY
-KOKAIEN-

(Smit, 2007, webwerf: Woes, 'n Plek om jou storie te vertel)



© University of Pretoria

# 5. HOOFSTUK 5: MEDENAVORSERS SE ERVARING VAN DIE GEVREESDE DRAAK

## 5.1 Inleiding

> Imagine the feeling of being able to capture and hold the entire Milky Way in your hand, this is what the addict feels she is losing every time she puts down het bottle – marijuana, cocaine, heroin, pills or food (Diamond, 2002:1).

Hierdie hoofstuk handel oor beweging twee en drie van die sewe bewegings van Praktiese Teologie. Beweging twee gaan oor die konteks waarin die medenavorsers hulleself bevind en beweging drie gaan oor die ontwikkeling en interpretasie van hierdie verhale in samewerking met die medenavorsers. Die metafoor, 'die draak wat getem kan word', is geneem uit die animasiefilm *How to train your dragon*. In hierdie film is daar behalwe vir die hoofkarakter Hickup, ander karakters wat Hickup se vriende is. Die name wat ek vir die medenavorsers gebruik, is die name van elkeen van hierdie karakters in die animasiefilm, naamlik Tuffnut, Ruffnut, Fishlegs en Astrid. Op hierdie wyse word die identiteit van die medenavorsers beskerm. Die taal wat ek gebruik in die volgende afdeling is eg aan die taal van die medenavorsers. Daarom kan daar moontlik foutiewe sinskonstruksies wees asook nie-akademiese woorde. Woorde wat deur die medenavorsers gebruik is, het ek tussen aanhalingstekens geplaas. Daar is sekere uitdrukkings en woorde wat nie verander moet word nie aangesien dit die emosies en belewenisse van die medenavorsers sou demper of selfs nie 'n egte refleksie daarvan wees nie.

### 5.1.1 Tuffnut en sy ontmoeting met die draak

Tuffnut was twee jaar oud toe sy pa en ma geskei is. Sy pa se lewe is deur alkohol regeer. Wanneer dit tyd was vir Tuffnut om by sy pa te gaan kuier, het sy pa hom nooit kom oplaai nie. Hy was heeltemal afwesig in Tuffnut se lewe. Op die ouderdom van vier jaar, trou sy ma met Gert (fiktiewe naam). Hy was 'n baie goeie pa vir Tuffnut. "Ek was baie goed in krieket en hy ondersteun my baie daarmee" (Tuffnut). Op die ouderdom van twaalf jaar, skei Tuffnut se ma en Gert. Hierdie gebeurtenis was baie erg op hom gewees en hy het dit baie sleg gevat. Na die egskeiding het hy en Gert steeds kontak en Gert gaan kyk steeds na sy krieketwedstryde. In 2011 is Gert egter oorlede. Dit was 'n groot skok vir Tuffnut gewees en dit het hom baie depressief



© University of Pretoria

gemaak. Die egskeiding maak dat hulle by sy ouma gaan bly met die gevolg dat hy van skole moet verwissel. Twee jaar later trou sy ma met Leon (fiktiewe naam). Tuffnut was op dié stadium ’n vroeë tiener en hy hou nie baie van Leon nie. Leon kan nooit die plek van Gert inneem nie.

Op die ouderdom van veertien is Tuffnut na ’n seunskool. Dit kom na vore dat hy nie in ’n seunskool aanpas nie en in Graad 9 is hy weer na ’n skool toe geskuif waar seuns en meisies is. Tydens hierdie fase van sy lewe het Tuffnut anders begin optree. Hy begin die grense van die huishouding en die skool uitdaag. Die onderwysers en hy sit baie vas tot op ’n punt waar die skool hom gevra het om te gaan. Tuffnut was gekenmerk as ’n stoute kind wat erg rebels is.

’n Jaar nadat sy ma met Leon getroud is, het sy ma geboorte gegee aan Henry (fiktiewe naam). Iets het vir Tuffnut gepla, maar hy was self nie seker wat dit was nie. Hy het baie ongemaklik gevoel oor die nuwe boetie in sy lewe, met die gevolg dat hy eintlik kwaad was vir sy ma.

Hierna is Tuffnut na ’n ander skool. Hy was in graad 11. Dinge gaan nie goed by die skool nie, soveel so dat die hoof sy ma moet inroep. Hy het klas gebank en die lewe vir die onderwysers hel gemaak. Tydens hierdie tydperk van sy lewe is hy ’n baie moeilike tienerseun en haal dit op sy ma en Leon uit. Hy breek die reëls in die huis en maak soos wat hy wil. Tuffnut se ma sê die volgende: “Hy het vreeslike woedeuitbarstings gehad teenoor my en Leon ....” Sy ma neem hom na ’n psigiater en hy meen Tuffnut ly aan erge depressie. Tuffnut word toe in Denmar, ’n psigiatriese eenheid, opgeneem toe hy in graad 11 was. In sy graad 11-jaar het hy begin eksperimenteer met steroïede en dit het hom vreeslik aggressief gemaak.

Na sy behandeling in Denmar is hy weer terug skool toe. Steeds maak hy dinge moeilik by die skool vir homself. Hy bank klas, doen nie sy huiswerk nie en tel vreeslike rusies op met seuns by die skool. Die gevolg is dat hy nie matriekafskeid toe mag gaan in sy matriekjaar nie. Tydens hierdie tydperk het Tuffnut ook kennis gemaak met drank en begin drink. Na matriek neem hy ’n “gap”-jaar. Die rede hiervoor was dat hy nog nie geweet het in watter rigting hy wil studeer nie. Tydens hierdie jaar begin hy by Leon werk. Na ’n paar maande raak hy verveeld en daag glad nie by die werk op nie. Hy


© University of Pretoria

het sy geld gevat en op ’n bus na sy vriend toe gegaan in die Kaap. Dit is hier waar sy pad met dwelms begin het.

In die Kaap by sy vriend het hy vir die eerste keer cat gesien. Hulle het sy vriend se pa se drank gesteel en begin drink. Sy ouers was nie tuis nie. Skielik haal sy vriend iets onder sy bed se matras uit. Eers het Tuffnut nie geweet wat dit is nie. Skielik het hy besef dat dit dwelms is. Hy wou dit aanvanklik nie gebruik nie, maar hulle was “lekker gekuier” en sy vriend het gesê dis cat en nie gevaarlik nie. Hy het die pilletjies fyn gemaal en twee lyntjies op die tafel gemaak. Hy vat toe ’n twintigrandnoot en rol dit op, sodat dit soos ’n dun strooitjie lyk. Hy druk die strooitjie in sy een neusgat en snuif die een lyntjie op. Tuffnut vat toe die noot en doen dieselfde. Vandaar af het dwelms, spesifiek cat, deel van Tuffnut se lewe geword.

Terug by die huis kry hy raas by sy ouers omdat hy nie vir hulle laat weet het dat hy Kaap toe is nie en omdat hy sy werk gelos het. “Hulle verstaan my net nie” (Tuffnut). Sy tweede jaar na skool is Tuffnut na ’n kollege om te studeer. Hy slaag net twee vakke en sy ma weier om verder vir sy studies te betaal. Haar voorstel is dat hy verder deur Unisa moet studeer en halfdag by Leon werk.

Tydens sy studiejare het hy verder met dwelms geëksperimenteer. Gou het hy geleer waar om cat in die hande te kry en ook begin meng met ouens by die kollege wat ook cat gebruik het. Tuffnut meen hy was een aand by die huis en het dagga gerook (marijuana). Skielik kry hy nie asem nie en hardloop na sy ma, gryp haar om die lyf en sê die volgende: “Ek is jammer oor als, ek wil ’n beter mens word, help my asseblief, ek is baie lief vir mamma.”

Hierdie gebeurtenis in sy kamer het ’n draaipunt in Tuffnut se lewe gebring. Hy is daarna vir die inplanting en het so by die sielkundige beland saam met wie ek werk. Sy storie het my aangegryp en hy het ingestem om deel te word van die navorsing.

### 5.1.2 Persoonlike refleksie: Eerste indrukke van Tuffnut

Tuffnut het deur die sielkundige ingestem om deel te wees van die navorsing. Hy was skepties en bang dat mense hom moontlik in die navorsing sou herken. Ek het hom die versekering gegee dat ek fiktiewe name gaan gebruik en niks in die proefskrif sou


© University of Pretoria

plaas wat nie sy goedkeuring wegdra nie. Ek het die indruk gekry dat hy baie skaam is oor sy lewe en wat hy alles aangevang het.

Tydens ons eerste ontmoeting het ek baie empatie vir hom gekry. Ek sien ’n skaam mens wat onseker is oor sy lewe en sy toekoms, en wat mense van hom gaan dink, sou iemand uitvind oor sy verlede. Terwyl hy vir my sy storie vertel, het hy die heeltyd afgekyk en somtyds so sag gepraat dat ek hom moes stop en vra om bietjie harder te praat. Tydens elke gesprek het dit egter beter geraak en hy het met meer selfvertroue gepraat. Hy het selfs harder begin praat en my in die oë begin kyk. Dit was ’n wonderlike ervaring om net te kon beleef hoe hy al hoe meer vrede met sy situasie begin maak het.

### 5.1.3 Fishlegs en sy ontmoeting met die draak

Fishlegs het in die Wesrand grootgeword. Hy en sy broer en susters het hulleself besig gehou met rommel en afvalmateriaal en daarmee hulle eie speelgoed gemaak. Hiermee het sy ma, wat self baie kunstig is, hulle baie gehelp. “Ek was nog altyd bietjie anders gewees.”

Sy pa het in Mosambiek gewerk as ’n roetedirekteur van die SAL. Hulle het amper elke vakansie daarheen gegaan en Fishlegs sê dat dit soos hulle tweede huis gevoel het aangesien sy ouer sussie daar skoolgegaan het. Sy pa was deel van die geheime diens en hy het dit eers tydens sy universiteitsjare uitgevind: “Ons het deur die kwartaal my pa net so elke tweede naweek gesien.”

Na die geboorte van sy jongste broer het hulle Johannesburg toe getrek omdat die mediese fasiliteite daar beter was. Hy is die tweede oudste van vier kinders. In 2007 is sy jongste broer oorlede aan ’n baie rare siekte.

“Ek het nie vreeslike vrolike herinneringe van my pa as kind nie ... dalk omdat ek nog so bietjie bitter is ... want daar was – veral later – goeie goed ook. Ek het nogal so jaar na sy dood vrede met ’n klomp goed gemaak ....”

Hy beskryf die verhouding tussen hom en sy pa as “nie vreeslik goed nie.” Hy beskryf sy pa as ’n linkerbrein wat met getalle werk en hy is ’n regterbrein. “My pa was lief vir my ..., maar daar was ’n kommunikasiegaping.” Hy onthou gevalle waar sy pa hom


© University of Pretoria

met vreeslik ywer op die rugbyveld ondersteun het. Hy was ’n goeie rugbyspeler en het twee agtereenvolgende jare Craven-week gespeel. Dit was tydens sy “standerd ses”-jaar wat hy opgehou rugby speel het as gevolg van ’n kniebesering. Die feit dat hy nie meer rugby gespeel het nie, was vir hom ’n moeilike tyd gewees, nie as gevolg van die sport self nie, maar omdat sy pa baie bekend onder die rugby-afrigters was, as gevolg van sy eie betrokkenheid by afrigting. Die ander afrigters het sy pa gereeld uitgevra oor waarom sy seun nie rugby speel nie. “... Een van my grootste angste ... rugby.” Ander positiewe herinneringe van sy pa was toe Fishlegs skool gegee het en ook die admin van die skool se rugby hanteer het. “Dis al, verder was my herinneringe maar negatief en ek werk hard daaraan om dit te verander.”

Ander dinge sou Fishlegs gepla het, soos die feit dat sy pa hom beloof het om op te hou rook, maar dit nooit gedoen het nie en vir Fishlegs gevra het om sigarette vir sy pa se vriende te hou: “Ek weet nie hoekom dit my so gepla het nie.” Somtyds sou sy pa ’n naweek huis toe kom en dan vir maande nie met hom praat nie, omdat hy nie sy pa “eerste” gegroet het nie. Selfs as volwassene het dit gereeld gebeur.

“Hy het ook nooit my kreatiewe kant of ‘shows’ ondersteun nie, maar alles wat my twee sussies gedoen het en ook my boet, wat ’n kranige hardloper was.” Hy het baie hiermee geworstel en ook baie met sy ousus daaroor gepraat. Sy is ook ’n linkerrein soos hulle pa. “Ek het altyd gedink ek sal my pa op sy sterfbed vra, hoekom? Maar toe is hy skielik, in ’n dag se tyd, oorlede, 5 jaar terug.”

“Hy het my baie ondersteun in sy laaste lewensjaar ... en hy het my styf vasgedruk toe ek uit die kas gemoker het ... en hy het byvoorbeeld my gehelp om gesond te word na my eerste *abusive verhouding* met ’n man.” Fishlegs is homoseksueel georiënteerd.

Hy meen die tipe opvoeding wat sy pa hom gegee het, was maar as gevolg daarvan dat hy ‘n kind van sy tyd was. “... met 'n patriargale pa, Calvinistiese geloofs-oortuigings, 'n ma wat die wiele aan de rol hou.” Hy sê dat hy eintlik sy pa jammer kry, want “... hy wou van my ‘n man maak.”

Tydens sy matriekjare het hy ’n duidelike roeping gekry. Hy wou drama gaan studeer het, maar dit was nie aan te bevele nie. Sy roepingsvers was Jesaja 6:8, maar hy het eers grade in ander rigtings gekry en dit maak die moontlikhede in sy lewe groter. Hy


© University of Pretoria

het sy grade met onderskeiding geslaag: "... nie omdat ek slim was nie, maar om die goedkeuring by my pa te kry." Fishlegs dink dat alles wat hy aangepak het in die lewe, op 'n subjektiewe wyse deur die goedkeuring van sy pa gedryf was.

Hy het 'n sendingpos in Afrika gekry en na twee jaar is hy terug in Suid-Afrika omdat die NG Kerk se sendinggeld opgeraak het. Hy kry toe 'n beroep as 'n jeugwerker by 'n gemeente in die buitewyke van Gauteng. Hy was deel van 'n span van ses leraars: "Wat 'n nagmerrie. Die aanpassing van die sendingveld tot wit kinders in 'n industriële gebied was 'n groot aanpassing en het ek aan depressie begin lei en was vir die eerste keer op 'n ligte antidepressant."

Tydens sy bediening het hy handpoppe en poppekaste begin bou.

Hy het uit die gemeente waar hy jeugwerker was, bedank. Tydens hierdie tyd het die internet sy verskyning in Suid-Afrika gemaak en saam met dit pornografie. Met sy eerste salaris het hy 'n rekenaar met 'n kleurskerm en modem gekoop wat "my aan die res van die wêreld verbind het ... en hier begin ek toe vir die eerste keer aandag gee aan die een ding waarmee ek my hele kinderdae en volwasse dae tot toe mee sukkel ... gay wees."

Na twee jaar se koppe stamp met 'n "ou" afgetrede dominee, het hy teruggetrek na sy ouerhuis. Hierna het hy begin skool gee en is ook 'n jeugwerker by 'n gemeente. Tydens hierdie tyd worstel hy baie met God en die kerk. Tydens sy jare as onderwyser word hy na 'n ander gemeente toe beroep.

"Een oggend, na 'n vreeslike gesuip saam met varsity pelle besluit ek dis nou dit. Ek het oor die telefoon begin praat met iemand in Bloem en hy was die eerste ou vir wie ek kon se ek is 'n dominee ... en gay." Op hierdie stadium wou hy selfmoord pleeg. In sy tuin was daar groot bome. Hy het in die pastorie rondgeloop en tou gesoek om homself mee te hang, maar kon nie kry nie. Hy vat toe 'n paar dasse en klim een van die bome uit. Terwyl hy op die tak sit kom sit daar 'n voëltjie langs my: "... vreemd ... en sing ... en toe besluit ek ... ek is meer en beter as dit."

Hy klim toe uit die boom en ry reguit vandaar af na sy ma toe en vertel haar dat hy gay is. Saam besluit hulle om sy pa te bel om die nuus aan hom oor te dra. Na baie gehuil


© University of Pretoria

en "... morsdood bang," is die waarheid uit. Sy pa het net opgestaan, hom styf vasgedruk en gesê: "Ek bly lief vir jou, wat nou?"

Daar is baie webtuistes waar jy mense kan ontmoet. Op een van hierdie webtuistes ontmoet Fishlegs vir Andy en Mathew (fiktiewe name). Andy is egter nie lank terug nie oorlede aan 'n oordosis dwelms. Hier het Fishlegs vir die eerste keer kennis gemaak met dwelms. Andy en Mathew het hom na partytjies toe genooi waar hulle skinkborde gehad het met "lyntjies" (poeiervorm-dwelms in die vorm van 'n lyntjie) daarop en almal kon dit gebruik. Fishlegs het egter nie van hierdie "lyntjies" geneem nie en so het hy bekend gestaan as die een wat nie gebruik nie. In die wêreld waarin Fishlegs beweeg het, word na dwelms verwys as "chems."

Na sowat 'n jaar ontmoet Fishlegs 'n man met die naam Mark (fiktiewe naam) en hy stel hom toe weer aan dwelms voor. Hulle het goed oor die weggekom, want Mark was ook 'n intelligente man. Hulle verhouding het toe oorgeskakel na 'n seksuele een. "Ek kon hom vertrou ... ja ja ek weet ...."

Van hier af het alles net geëskaleer. "Nooit word jy gedwing om iets te doen nie, maar hoe meer jy daaraan blootgestel word en die enigste een is wat dit nie doen nie, doen jy dit maar." Mark het hom aan cat voorgestel. Fishlegs was egter goed bewus wat cat was, want hy het daaroor gelees en ook gesprekke daaroor gehad. "Ek was dus nie mislei nie ... ek het dit met 'n gesonde verstand begin gebruik."

Hierna het hy 'n verhouding met Pieter (fiktiewe naam) begin: "... Ek het hook, line en sinker vir hom geval." Dwelms was nie deel van hierdie verhouding nie, maar daar was genoeg drank betrokke, aangesien Pieter 'n "alkoholis" was. Pieter het vir Fishlegs geslaan as hy dronk was en sigarette op sy rug gebrand "sommer vir die pret." Ten spyte hiervan was Fishlegs vir hom lief en hulle het baie goed saam gedoen. Dit was egter Fishlegs se pa wat dit raakgesien het en hom aangemoedig het om die verhouding te eindig. Een aand terwyl hy weer vir Pieter gaan kuier het, was hy weer onder die invloed van drank. Hy het vir Fishlegs beledig: "... Ek het nou al begin opstaan vir myself en het die verhouding beëindig, veral toe hy 'n geweer teen my kop gehou het."



© University of Pretoria

Hy het daarna nog net weer een verhouding gehad wat nie lank gehou het nie en tot nou toe (2015) nog geen verhouding verder gehad nie. Hy het wel ’n seksuele verhouding met iemand gehad en saam met hom het Fishlegs weer cat begin gebruik. “Ek het weer die ou gewoonte aangeleer.”

### 5.1.4 Persoonlike refleksie: Eerste indrukke van Fishlegs

Toe ek vir Fishlegs die eerste keer ontmoet het, het hy voorgekom as iemand wat weet wat hy in die lewe wil hê en baie gemaklik met sy seksualiteit was. Ek was baie verbaas toe ek gehoor het dat hy dwelms gebruik. Dit het my net weer laat besef dat dwelms enige iemand kies, dit het geen voorkeur vir ras, ouderdom, finansiële welstand, kultuur of geslag nie. Hy het sy verhaal met my gedeel en was heel gemaklik daarmee. Die pad wat hy met die kerk gestap het as gevolg van sy seksuele oortuigings het hom geraak en is iets wat steeds in die NG Kerk problematies is.

Hy het sy verhaal so eerlik, opreg en rou met my gedeel. Sy verhaal het my diep geraak. Terwyl ek met mense wat afhanklik is of was gewerk het tydens my betrokkenheid by ’n rehabilitasiesentrum, het ek baie die indruk gekry dat hulle nie die volle waarheid vertel nie en dit het in baie gevalle ook uitgekom dat hulle oor klomp aspekte van hulle lewe leuens vertel, maar Fishlegs se verhaal was anders. Dit het my laat besef hoe broos ’n mens kan wees en dat mense somtyds met seer rondloop wat mens nie sien nie en somtyds ’n baie groot stryd met omstandighede voer.

### 5.1.5 Astrid en haar ontmoeting met die draak

Astrid is 43 jaar oud en geskei. Astrid het ’n dogtertjie saam met haar eksman, vir wie sy baie lief is, maar die dogtertjie bly by haar pa as gevolg van die dwelmprobleem wat Astrid het. Astrid en haar man het geskei toe hulle dogtertjie drie jaar oud was. Sy kan egter enige tyd by Astrid gaan kuier en is nie gebind tot spesifieke besoektye nie. Astrid se eksman sê dat hulle dogtertjie nie sonder haar ma kan grootword nie en daarom is hierdie reëling getref. Astrid het op die oomblik ’n nuwe werk en is die bedryfsbestuurder van die besigheid.

Die draak het deel van Astrid se lewe geword toe haar eerste besigheid bankrot gespeel het. Sy kon die spanning en vernedering nie meer hanteer nie. Een dag het sy saam met vriende gesit en kuier en haar misnoeë teenoor hulle uitgespreek. Volgens haar was sy op ’n baie slegte plek in haar lewe en nie geweet hoe sy dit gaan


© University of Pretoria

hanteer nie. Haar vriende stel haar toe aan heroïen voor. Aanvanklik wou sy nie, maar het toe ingegee en dit gebruik. Sy vertel hoe dit haar lewe verander het. Skielik was die bekommernis oor die besigheid iets van die verlede en vir die eerste keer sien sy kans vir enigiets wat oor haar pad kom. Heroïen het so deel van haar lewe geword dat niks anders meer saak gemaak het nie. Haar man het toe besluit om te skei want hy kon nie meer met Astrid se nuwe liefde (heroïen) saamleef nie. Die besigheid het bankrot gespeel en sy het alles verloor.

Astrid het na twee rehabilitasiesentrums toe gegaan waar sy vir tydperke van twee tot drie maande skoon was. Sy het ’n baie goeie verhouding met haar pa gehad en in 2011 is hy skielik aan ’n hartaanval oorlede. Dit was ’n baie dramatiese ervaring vir haar en die enigste manier hoe sy oor die dood van haar pa kon kom, was om terug te gaan na die gebruik van heroïen toe. Vir ongeveer vier maande het sy weer op gereelde basis heroïen gebruik en oor niks en niemand anders omgegee nie, behalwe haar dogtertjie. “Ek kan nie glo dat ek dit aan haar gedoen het nie, sy verdien dit nie en watter voorbeeld van ’n ma het sy nie. Ek voel so skaam en kan nie glo ek het haar deur die trauma gesit nie.”

Wanneer heroïen uitgewerk het, is jy baie moeg en sukkel om te funksioneer en helder te dink. Daarom het Astrid saam met heroïen ook cat begin gebruik. cat, soos bespreek in hoofstuk vier, besit die vermoë om jou baie helderheid van verstand te gee, asook om jou energie te gee wat bo menslike vermoë strek. Dus, wanneer die heroïen begin uitwerk het en sy nodig gehad het om te funksioneer, het sy cat gebruik om haar deur die dag te bring.

Astrid se ma is ’n groot steunpilaar in haar lewe en het van dag een af alles in haar vermoë gedoen om Astrid van dwelms af te kry. Elke keer as Astrid op ’n ‘trip’ is, het haar ma haar kom haal en versorg totdat sy weer kon funksioneer. Selfs later toe Astrid weer werk gekry het en weer heroïen gebruik het, het haar ma die werk gebel en gereël dat sy nie kan gaan werk nie en so probeer verhoed dat sy nie weer haar werk verloor nie.

Na Astrid bedryfsbestuurder van die nuwe besigheid geword het, moes sy Durban toe trek om daar die besigheid op die been te bring. Hierdie was egter nie ’n goeie skuif nie. Astrid vertel hoe sy eensaam was omdat sy niemand geken het nie en in die


© University of Pretoria

aande net in die vier mure van haar woonstel vasgekyk het. Sy kon dit net nie meer hou nie en het weer heroïen in die hande gekry, net om die eensaamheid beter te maak. Deel van die eensaamheid was die verlange na haar dogtertjie, wat sy toe baie minder gesien het. “Ek het haar vreeslik gemis en al wat ek wou doen, is om op ’n vliegtuig te klim en na haar toe gaan.” Die gevolg is dat sy nie by die werk uitgekom het nie en so het hulle uitgevind dat sy afhanklik was van heroïen. Astrid was so seker dat sy haar werk gaan verloor en wat gaan sy dan doen? Hulle het haar twee dae kans gegee om te herstel en daarna was sy ingeroep vir ’n ernstige vergadering. “Ek het my gereed gemaak daarvoor dat hulle my gaan afdank en ek het ’n pakkie heroïen in my kar gelos wat ek beplan het om na die afdanking te gebruik.” Tot haar verbasing het hulle haar nie afgedank nie. Hulle het vir haar ses weke verlof gegee waarin sy haar lewe moes regkry en doen wat ook al sy nodig het om weer op koers te kom. Hulle sal selfs vir rehabilitasie betaal. Daar was net een voorwaarde en dit is dat as dit weer gebeur, hulle haar gaan afdank.

Astrid het teruggevlieg Johannesburg toe, na haar ma toe, waar sy met rehabilitasie begin het. Sy het die inplanting gekry en gaan besoek gereeld ’n sielkundige. Sy is onder die indruk dat ’n rehabilitasiesentrum nie werk nie, en sy kan self met die inplanting en met die hulp van die sielkundige deur hierdie stryd kom.

Sy is deel van ’n kerkgroep en glo in God. Vir ’n lang ruk het sy nie kerk toe gegaan nie omdat sy skuldig gevoel het oor haar dwelm“probleem.” “Ek voel skuldig om in die kerk te sit ... ek voel skynheilig en daarom het ek kerk net begin vermy.” Sy het egter elke keer wanneer sy gebruik, vir God gesê: “Help my, Here, hier gaan ek alweer.”

### 5.1.6 Persoonlike refleksie: Eerste indrukke van Astrid

Astrid het met baie vrae na my toe gekom. Sy wou alles weet van dwelms en afhanklikheid en hoe om dit te los. Ek moes haar egter inlig dat ek slegs die rol as navorser inneem en nie al haar vrae kan beantwoord nie. Hiervoor moes sy die sielkundige sien. Ek het haar wel ingelig dat die navorsing haar dalk persoonlik kan help en miskien sekere antwoorde bied aangesien ek ’n in-diepte studie van afhanklikheid en dwelms gedoen het.

Sy wou alles in haar vermoë doen om te verhoed dat sy weer heroïen gebruik met die vrees dat sy haar werk kan verloor en moontlik ook haar verhouding met haar dogter


© University of Pretoria

onherstelbaar kan beskadig. Die heeltyd gedurende ons gesprek het sy my gevra oor afhanklikheid en hoekom dit so moeilik is om heroïen te los.

Dit was ’n groot uitdaging om nie in die rol van ’n terapeut in te klim nie en om navorsingsgerig te bly. Dit was met tye nie moontlik nie en soms het ek pastoraal met haar gewerk. Ek het agtergekom dat die gesprekke groot waarde vir haar gehad het, omdat sy so entoesiasties was en baie meer gevra het as wat die navorsing moes bied. Sy kon nie wag vir ons volgende afspraak nie.

### 5.1.7 Ruffnut en sy ontmoeting met die draak

Ruffnut was die eerste en enigste kind in hulle gesin. Sy ouers het geskei toe hy drie jaar oud was. Op die ouderdom van vyf het sy ma weer getrou. Sy stiefpa het drie kinders gehad wat bestaan het uit twee boeties en een sussie en hulle is almal ouer as hy. Sy biologiese ma en stiefpa het ’n kind gekry en dit word toe Ruffnut se jonger boetie. Hy het elke tweede naweek en sommige vakansies by sy biologiese pa gaan kuier, “... soos gewoonlik die ooreenkoms is met ’n egskeiding. Altyd baie lekker by my pa gekuier. Ek was baie lief vir my pa.”

Ruffnut se biologiese pa is oorlede toe hy elf jaar oud was. “Somtyds is ek nog kwaad omdat my pa so vroeg oorlede is.”

Hy en sy stiefpa het nooit oor die weggekom nie en baie baklei. Dit het daartoe gelei dat sy ma altyd in die middel van die twee se bakleiery beland het. Ten spyte van die bakleiery het sy stiefpa hom steeds op sy hande gedra en hom soos al sy ander kinders hanteer en so die beste vir hom ook in die lewe gesoek. Op die huidige stadium kom hulle baie goed oor die weg en die verhouding het eers op die ouderdom van vyf en twintig ’n positiewe wending ingeneem. “Ek moes seker eers bietjie grootword ....”

“Ek het regtig ‘n lekker kinderlewe gehad, niks slegs het met my gebeur nie.”

Hy het die eerste keer op agt jarige ouderdom in aanraking met dwelms gekom. Hy het “dagga” gerook en dit was nie vir hom lekker nie en hy het nooit weer daaraan geraak nie.

“Ek was die jaar na skool Londen toe. Daar het ek toe met ’n paar dwelms geëksperimenteer. Die recreational soort. Ecstasy en mushrooms. Het dit miskien vier


© University of Pretoria

keer gedoen, die hele jaar wat ek daar was. Ek dink my groot probleem was dat ek nie die gevare van dwelms geken het nie. Ek wou maar net voel hoe dit voel. Sonder om enigsins te dink aan die gevare. Ek is nog altyd van die opinie dat mens dinge vir jouself moet toets."

Daarna is Ruffnut terug Suid-Afrika toe en het hy geen kontak met dwelms gehad nie. Sy vriende geniet dit om te "drink" en gebruik glad nie dwelms nie. "Dit is wat hulle van hou om te doen." Ongeveer twee jaar later het hy met 'n meisie begin uitgaan. Een aand het hulle saam met haar vriende gaan kuier en daar was 'n hele klomp cat en kokaïen gewees met die doel om "lekker te kuier." Hy en sy meisie het toe saam begin cat en kokaïen gebruik en dit was lekker. "My groot ding is dat ek nie regtig van drink hou nie. Het nog nooit nie. Dit proe nie regtig vir my lekker nie. Ek hou net soms van die dronk gevoel. Maar ek is ook nie mal daaroor om uit beheer uit te voel nie. Die ding van cat en kokaïen, is dat jy 100% in beheer voel. Jy voel eintlik beter as wat jy nog ooit gevoel het, met tonne energie en jy voel asof jy die wêreld kan oorneem. Wel, dit is hoe mens aan die begin voel." Later sou hy die nagevolge daarvan verstaan.

Op die ouderdom van 23 het Ruffnut mense bevriend wat gereelde cat-gebruikers was "... en met gereeld bedoel ek so elke 2de naweek." Die vriende het hom gevra of hy al vantevore cat gebruik het en as gevolg van sy ervaring saam met die meisie, het hy ja gesê. So het hy begin om elke tweede naweek cat te begin gebruik. "Dit was great kuiers. Altyd. Die rede hoekom ek dit so baie geniet het, is omdat hierdie presies was wat ek wou hê. Jy kan soveel drink soos jy wil, en met 1 lyn, is jy weer 100% nugter." Dit het vir hom gevoel of hy op die wolke loop. "Die was uit en uit my drug of choice. 'n Mens het meer selfvertroue as wat jy nog ooit gehad het."

Hierdie gedrag het vir ongeveer 'n jaar aangehou en het selfs so ver gegaan dat hy direk kontak met die verskaffer gemaak het. Dit het gemaak dat hy in die week ook begin gebruik het terwyl hy alleen was. Sy vriende was nie bewus daarvan dat hy dit in die week ook begin gebruik het nie, want hulle het dit net op naweke gebruik en nie 'n probleem ontwikkel nie. "Dit was net nie vir hulle so verslawend soos dit vir my was nie." Hierdie afhanklikheid het in 'n daaglikse gebruik van cat ontwikkel. "Ek dink dit was ook grootliks oor ek nie wou grootword nie. Ek was nie mal oor al die verantwoordelikhede van grootmens wees, en die stres van jou eie besigheid nie." As hy daaroor dink, dan het hy tussen R200 en R400 per dag uitgegee aan dwelms. In


© University of Pretoria

die begin het dit baie goed gegaan met sy besigheid en hy kon tot laat in die aande werk as gevolg van die energie wat die dwelms vir hom gegee het.

“Maar soos ek se, êrens draai die dwelms teen jou.”

In die begin het hy baie energie gehad en kon hy tot laat in die aande werk, maar die probleem was dat hy nie kon slaap nie. Hy het slaappille gedrink om te kon slaap, wat baie gevaarlik was, aangesien hy somtyds te veel slaappille gedrink het, en soms amper nie kon wakker word nie. Hy het homself begin afsonder en nie meer saam met sy vriende uitgegaan nie en meer van die alleen “high” gehou. Later kon hy glad nie meer sonder cat funksioneer nie en het soms vir twee dae aaneen geslaap wanneer hy vir ’n rukkie ophou.

Niemand het van hierdie “probleem” van hom geweet nie. “Ek het baie mood swings gehad, ek was depressed.” Sy ma het hom na ’n psigiater toe gevat en het hom as bipolêr gediagnoseer. Dit het baie sin gemaak vir hulle, aangesien sy ma ook as bipolêr gediagnoseer was en hy dus dit by haar geërf het.

“Dit was glad nie ’n lekker tyd in my lewe nie. Ek het besef ek het ’n probleem, maar ek kon niks daaromtrent doen nie. Ek kon net nie funksioneer sonder dit nie.” Op ’n dag het hy die moed bymekaar geskraap om vir sy ma te vertel dat hy ’n probleem het. In hierdie tyd was hy ook in ’n ernstige verhouding met ’n meisie wat amper op trou gestaan het. Die hele situasie het te veel begin raak vir Ruffnut en hy kon net nie meer met sy verantwoordelikhede “deal” nie. Sy meisie was onder die indruk dat hy net af en toe dwelms gebruik het. Omstandighede het net te veel begin raak en hy het al hoe meer begin gebruik. Hy kon dit nie meer hou nie en daarom het hy dit met sy ma gedeel.

Sy ma het dit glad nie verwag nie en het dit met sy meisie en haar ouers gedeel. “Dit was ook nie lekker nie, maar sy wou my met alle mag en krag help.” Hulle het alles probeer om sy afhanklikheid te stop, maar niks het gewerk nie, selfs nie eers “interventions” nie. Hy was van niemand afhanklik nie, dus het dreigemente en ultimatums nie gewerk nie. “Ek het net oor niks omgegee nie .... Ek was verlore.” Deur dit alles het sy meisie nog steeds by hom gebly, “... sy het seker gehoop ek sal êrens regkom ....”


© University of Pretoria

“Dit het toe alles op een dag inmekaar gestort.” Hy het die geld van die besigheid vir sy dwelmafhanklikheid gebruik en die kostes was ongeveer R10 000 per maand. Geld wat vir ander projekte toegeken was, het hy spandeer op dwelms en dan het hy nie geld gehad om die materiaal te koop vir die volgende projek nie. Die mense met wie hy besigheid gedoen het, het hom uitgevang en die geld teruggeëis. Alles het net te veel geraak en hy het “... letterlik my goed gevat en gery.” Hy het in Rustenburg opgeëindig met ’n paar Rand in sy sak. Sy selfoon se “sim-kaart” het hy uitgehaal sodat hy nie deur die polisie opgespoor kon word nie.

“Ek het geen idee wat ek gedink het nie. Ek is nie trots op hierdie dag nie. Ek het regtig oorweeg om selfmoord te pleeg. Maar het net besluit, dat dit nie die manier is wat ek wil doodgaan nie.”

Teen die aand se kant het Ruffnut besluit om sy ma-hulle te skakel en hulle gerus te stel dat hy nog leef. “Dit moes ’n terrible dag vir hulle gewees het.” Sy meisie het hom gelos, wat hy heeltemal verstaan het, na alles wat hy haar laat deurgaan het. Rehabilitasiesentrums was nooit ’n opsie vir hom gewees nie, maar die aand het hy ingestem om die volgende dag na een toe te gaan. Dit was egter nie vir die regte redes nie, want hy wou eintlik net wegkom van al die “gemors” wat hy aangevang het. Sy pa het die werk gaan doen waarvoor die man betaal het, sodat hy nie vir Ruffnut by die polisie sou aangee nie.

So het hy na sy eerste “rehab” toe gegaan. Dit was ’n “gagga” plek wat eintlik bedoel was vir mense wat geen heenkome gehad het nie, alhoewel die meeste van dwelms afhanklik was. Hy het in die rehabilitasiesentrum dwelms aanhou gebruik en het uiteindelik na vier weke homself uitgeteken teen die wil van sy ouers. Hy het geen plek gehad om te bly nie en het by ’n vriend wat hy by “rehab” ontmoet het, ingetrek. Om geld te maak, het hy al sy besittings verkoop soos sy skootrekenaar en televisie. Geld en besittings het uiteindelik opgeraak en weereens het hy geen heenkome gehad nie.

Sy ma-hulle het egter nooit moed opgegee nie en daarom het hy die vrymoedigheid gehad om na hulle toe te gaan vir hulp. Hy is Nieu-Seeland toe, waar sy niggie gebly het en hy het gedink dat hy daar sy afhanklikheid kon prysgee, omdat daar nie vrylik dwelms beskikbaar was nie. Na ’n maand was hy weer terug in Suid-Afrika omdat sy


© University of Pretoria

visa net vir een maand goedgekeur was. In hierdie tydperk het hy "gerecover en soos 'n mens begin voel."

Terug in Suid-Afrika het hy weer cat gebruik. Sy ma-hulle se geduld het ook nou opgeraak en hom uit die huis uit geskop. So beland hy by sy sussie vir 'n ruk, wat hom ook uitgeskop het toe hulle dwelms in sy kamer gevind het. Sommige aande het hy in sy kar geslaap en ander aande op rusbanke van sy vriende.

"Maar teen die tyd het almal geweet ek het 'n dwelm probleem. Wat vir my baie embarrasing was. Ek is 'n trotse mens. Ek kon nie glo dat iemand soos ek nou een van daai sorry cases geword het nie. Ek wou nie so wees nie. Maar ek wou ook nog nie regtig ophou nie. Ek wou 'n normale lewe hê, maar nog steeds kan dwelms doen. Dit werk ongelukkig nie so nie."

Teen daardie tyd het sy ma glad nie meer met hom gepraat nie, maar het gesê dat indien hy weer "rehab" toe gaan, sy weer met hom sal praat. "Na 'n paar aande in my kar se slaap met absoluut niks oor nie, het ek besluit, dit is tyd."

"Teen die tyd het ek al paar keer vir die Here gevra om my te help. Ek het vroeër in my lewe 'n great verhouding met die Here gehad, maar ek het weggedraai van Hom af." Deur al die moeilikheid wat hy beleef het, het hy die heeltyd die gevoel gekry die Here sê vir hom dat alles weer sal reg kom, hy moet net dwelms los. Die probleem was dat elke geleentheid wat hy gekry het om dwelms te gebruik, hy dit gebruik het. "Dit was asof die Here sê dat dinge nie gaan reg kom nie en erger raak solank ek aanhou hiermee. Ek het nog steeds nie gestop nie."

"So is ek na my tweede rehab toe. Ek was gereed, of so het ek gedink. Dit was suksesvol. Ek was so 'n maand in rehab. Het uitgekom en weer begin werk saam met my pa. Ek was elke dag na die Narcotics Anonymous meetings toe. Ek was omtrent so 3 maande skoon. Het weer my eie blyplek gekry met my salaris. En toe het ek een dag vir geen rede weer vir my 'n sakkie gaan koop. Net so was ek dadelik weer afhanklik. Ek dink die probleem was dat met die Narcotics Anonymous mag jy niks doen nie. Een slukkie alkohol en hulle het dit gesien as 'n relapse. Ek moes myself heeltyd weerhou van alles af. Daar was geen balans in my lewe nie. Jy mag net niks doen nie en jy tel elke dag wat jy skoon is. So asof jy wag vir die dag wat jy nie meer


© University of Pretoria

is nie. Jy is heeltyd bewus daarvan dat jy elke dag teen jou urges baklei. Vandag tel ek glad nie my dae skoon nie. Ek het eintlik geen idee hoe lank dit al is nie. Al wat ek weet, is dat ek dit nie weer sal doen nie."

Teen die tyd het sy ma hulle vir Ruffnut weer gestuur om getoets te word vir dwelms. Nadat die toetse positief terug gekom het, is hy weer uit die huis uit gejaag. Hy kon nie verstaan hoekom hulle vir hom kwaad was nie, hy het ten spyte van die gebruik van dwelms nog steeds sy werk gedoen.

"Hulle (sy ouers) was nice genoeg om nog steeds my huur te betaal, so ek was darem nie op straat nie. (Wie weet waar ek sou opeindig as dit nie vir my ouers was nie). (Ek kyk baie na die ouens langs die robot wat geld bedel, en dink, by the grace of God, is al rede hoekom ek nie in hulle posisie is nie). In hierdie tyd het ek regtig met die Here gepleit en gevra dat Hy my help. Ek was self moedeloos. Ek wou nie meer afhanklik van dwelms wees nie. Maar ek kon nie op my eie ophou nie. Rock bottom is definitief waar ek was."

Dit was ongeveer 'n week later wat hy met die Here "geworstel" het, wat hy een oggend opgestaan het en net "anders" gevoel het. "Ek kan dit nie aan jou beskryf nie, ek het anders gevoel as ooit tevore." Daardie oggend het hy na sy ma-hulle toe gery en met hulle gaan praat en gesê dat hy klaar is met dwelms en wil dit nooit weer gebruik nie. Ruffnut was bewus van die feit dat hulle hom nie dadelik sou vertrou nie, omdat hy al baie in die verlede daardie belofte aan hulle gemaak het, "... maar hulle sou my net moes vertrou."

Van daardie dag af het hy nooit weer dwelms gebruik nie. Intussen het hy sy vrou ontmoet en is hy baie "geseënd" omdat hy geen langtermyn skade oorgehou het nie.

"... en ek weet 100% dat ek nie self kon ophou met die dwelms nie. Ek het probeer ... Die Here het my gered."

### 5.1.8 Persoonlike refleksie: Eerste indrukke van Ruffnut

My eerste indrukke van Ruffnut was dat hy 'n baie goed gemanierde en goed opgevoede jong man is. As ek hom in ander omstandighede ontmoet het, sou ek nie vir een oomblik gedink het dat hy van dwelms afhanklik was nie. Hy lyk so agtermekaar


© University of Pretoria

en seker van homself. Om alles te kroon, was hy ook ’n suksesvolle besigheidsman, getroud en hy lyk baie gelukkig.

Hy was huiwerig in die begin om deel te neem aan die studie omdat hy gedink het sy storie het niks om te bied nie. Die “goddelike ingryping” soos wat hy dit beskryf, het hy nie gedink is goed genoeg vir ’n akademiese studie nie.

Terwyl hy sy verhaal vertel het, was hy kalm en stemmig. Emosies het egter begin wys toe hy oor sy pa praat wat oorlede is toe hy baie jonk was, en toe hy oor sy ma begin praat het en hoe hy haar seergemaak het. Daardeur het dit gelyk of hierdie twee mense baie vir hom het in sy lewe beteken.

Soos wat sy verhaal ontwikkel het en hy vertel hoe hy aan dwelms bekend gestel is, het dit voorgekom asof hy baie skaam is oor wat gebeur het en dat hy nie kan glo dat hy so ’n fout in die lewe gemaak het nie.

Uit sy verhaal kom dit voor asof hy ’n diep respek en dankbaarheid vir God het, en dat alles wat gebeur het net genade was dat hy dwelms kon los en weer op sy voete kon kom.

## 5.2 Persoonlike refleksie: My nadenke oor die verhale van die medenavorsers

Die skryf van hierdie deel was ’n baie moeilike en emosionele rit gewees. Om die eerste keer in gesprek te tree met mense wat afhanklik is of was van dwelms, is ’n intimiderende ervaring. Aanvanklik was ek baie bang as gevolg van my vooropgestelde idees dat ’n persoon wat afhanklik is van dwelms, baie gevaarlik is en ek te doen het met gevaarlike mense. Tydens my MA het ek met adolessente in ’n rehabilitasiesentrum gewerk en dit het my baie veilig laat voel. Maar hierdie keer was daar nie die veiligheid van die rehabilitasiesentrum se mure nie. Stories wat ek gehoor het, het ’n spesifieke prentjie in my kop gevorm oor die wêreld van iemand wat van dwelms afhanklik is of was. Ek het gedink dat hulle in kontak met baie gevaarlike mense is, wat my lewe ook in gevaar sou stel, indien ek in kontak kom met hulle. Daar is baie geld in die verkoop van dwelms en ek het ook gehoor dat die verskaffers die familielede pla indien die persoon nie sy/haar skuld betaal nie. Dus sou hulle my ook moontlik pla omdat ek ’n potensiële kliënt van hulle af wegneem en hulle daardeur


© University of Pretoria

geld verloor. Die eerste gesprek met ’n volwasse persoon oor afhanklikheid en dwelms was dus nie ’n maklike stap gewees nie.

Ek het baie simpatie met die adolessente gehad waarmee tydens my MA gewerk het, omdat hulle jonk was en nog in ’n mate op soek was na wie hulle is en in baie gevalle was dwelms die gevolg van trauma, wat veroorsaak is deur ouers en ander mense. Die volwassenes het ek gedink was in staat om beter keuses te maak en ek kon nie verstaan dat ’n volwasse mens dwelms kon neem nie. Die gevare is tog so algemeen bekend. Dus het ek aanvanklik nie baie simpatie met die medenavorsers gehad nie. Soos wat die gesprekke verloop het en die medenavorsers my al hoe meer deel van hulle verhale gemaak het, het my houding heeltemal verander. Ek het stadig maar seker begin sien hoe afhanklikheid hulle lewens verwoes. Almal van ons maak swak keuses in ons lewens, maar dwelms is ’n gevaarlike keuse met baie nagevolge. So het ek baie empatie vir die medenavorsers begin ontwikkel soos wat hulle verhale begin oopvou het. Die worsteling en amper magteloosheid waarmee hulle stories gedeel word, het my diep geraak. Met tyd het ek begin besef dat afhanklikheid nie ’n swart en wit, klinkklare uitkomkans het nie en dat die worsteling met die draak ’n realiteit is.

My persepsie van afhanklikheid het heeltemal verander. Van een waar ek min of geen simpatie gehad het nie, tot een waar ek diep in my hart bloei vir mense wat afhanklik is of was van dwelms.

### 5.3 Bestaande teorieë en die medenavorsers se verhale

In die voorafgaande afdeling van hierdie hoofstuk, het ons kennis gemaak met die medenavorsers se verhale en hoe hulle van dwelms afhanklik geraak het. Dit is belangrik om hierdie verhale van die medenavorsers in terme van bestaande teorieë te evalueer. In hoofstuk vier is hierdie teorieë in diepte bespreek en daarom gaan ek nie weer in hierdie hoofstuk in diepte daarop ingaan nie, maar eerder die hoofmomente van die teorieë met die verhale van die medenavorsers vergelyk. Vanuit die postfundamentele benadering, kan ons met ander teorieë in gesprek tree, om sodoende tot ’n dikker verstaan van afhanklikheid te kom.


© University of Pretoria

### 5.3.1 Die genetiese teorie en die medenavorsers se verhale

Die genetiese teorie toon ’n genetiese predisposisie aan. Dit beteken dat genetiese faktore ’n invloed het op persone wat afhanklik is of was van dwelms. Dick en Agrawal (2008:111) meen dat daar onlangse studies is wat aantoon dat daar sekere gene is wat bydra tot afhanklikheid van alkohol en ander dwelms. Bewyse dat afhanklikheid oorerflik is, het die identifisering van gene wat die oorsaak is, aangemoedig (Edwards et al., 2009:41). Iemand wat van alkohol of dwelms afhanklik is, kan moontlik ’n kombinasie van gene besit wat hulle in ’n predisposisie plaas en daarom is hulle vatbaar daarvoor (Dick & Agrawal, 2008:113). Die relevante gene word in hoofstuk vier beskryf en bespreek.

Wanneer hierdie teorie in die geval van die medenavorsers toegepas word, kan dit nie direk in hulle verhale van toepassing wees nie. Nie een van die medenavorsers se ouers is of was afhanklik van enige dwelm nie. Dit beteken egter nie dat hulle nie die gene bevat wat afhanklikheid kan aanwakker nie, maar dat hulle moontlik in hulle lewens nie aan dwelms bekend gestel is nie. Tuffnut se biologiese pa se lewe was deur alkohol regeer. Dit is egter nie duidelik of hy daarvan afhanklik was nie, maar as dit sy lewe regeer het, kan die afleiding gemaak word dat hy moontlik afhanklik was en dat hy die gene moontlik oorgedra het aan Tuffnut, wat gemaak het dat hy van dwelms afhanklik geraak het. Dit is egter nie konkreet en bewysbaar nie, maar wel ’n moontlikheid binne die genetiese teorie. Ruffnut se verhaal het nie net met dwelms te doen nie, maar ook met alkohol. Hy het ’n baie sterk opinie dat hy nie van alkohol afhanklik is nie. Hy gebruik alkohol wanneer hy wil en kan ophou wanneer hy wil. Ruffnut hou ook nie daarvan om dronk te word en beheer oor homself te verloor nie en daarom drink hy nie gereeld nie. Indien die genetiese teorie in sy lewe toegepas word, sou dit nie sin maak dat hy van dwelms afhanklik raak, maar nie aan alkohol nie.

### 5.3.2 Aangeleerde gedragsteorie en die medenavorsers se verhale

Carlo DiClemente (2003:4) beskou afhanklikheid vanuit ’n gedragshoek en skryf dat gedrag wat eers gevestig is, moeilik is om te verander. Dus word daar ’n sekere gedrag gevestig by mense wat afhanklik is van dwelms. Aangeleerde gedrag het by Ivan P Pavlov in die vroeë 1900’s begin en staan vandag as klassieke kondisionering bekend (Wolpe & Plaud, 1997:966). Gedrag wat aangeleer is tydens die gebruik van dwelms,


© University of Pretoria

kan lank na dwelms nie meer gebruik word nie, herroep word. Deel van hierdie teorie sluit ook die invloed van die ouers tydens ’n persoon se adolessente fase in (Hawkins et al., 1992:82). Die sluit ook in swak opvoeding, konflik by die huis en ’n swak band tussen die ouers en die kinders. Bandura (1977b:3) sê deur die sosiale leer, kan nuwe gedragspatrone ontwikkel deur eie ervaring of deur ander se gedrag waar te neem. Bandura (1977a:193) se teorie sluit ook die waarneming in van ander persone wat genot uit iets put. Dus word daar ’n verwagting geskep wanneer dwelms gebruik word.

Die gedragsteorie kan van toepassing wees op van die medenavorsers. Tuffnut het ’n moeilike kinderfase deurgemaak. Sy ma en biologiese pa het op die ouderdom van twee geskei en daardeur kan afgelei word dat daar moontlike konflik in die huis teenwoordig was. Daarna het sy ma en stiefpa ook geskei. Tuffnut was egter hierdeur geraak aangesien hy en sy stiefpa ’n baie goeie verhouding gehad het. Verder het Tuffnut baie van skole en omgewing verwissel. Hy het dit nie positief ervaar nie en toon ’n rebelse gedrag. Na skool het hy deur ’n vriend met cat te doen gekry. Dit was die eerste keer wat hy ’n uitkomkans gesien het vir al sy hartseer en pyn wat hy saam met hom gedra het. Die gebruik van cat het later ’n aangeleerde gedrag geword en deel van sy daaglikse roetine. Elke keer wanneer iets skeefloop, het hy cat gebruik. Dit het soos een van sy hanteermeganismes geword, ’n kruk vir sy probleme.

Fishlegs het ook nie ’n goeie verhouding met sy pa gehad nie en dit was vir hom traumaties. Hy het gesmag na ’n verhouding met hom en daarom kan die aangeleerde gedragsteorie ook van toepassing in sy verhaal wees. Later het hy van dwelms afhanklik geraak en dit was deel van die homoseksuele omgewing waarin hy beweeg het. Dit was deel van ’n sosiale geleentheid, wat later in algemene gedrag ontwikkel het.

Astrid het dwelms begin gebruik as ’n manier om te kompenseer vir die spanning wat sy beleef het, as gevolg van haar werk. Dit het dus ook as ’n kruk begin dien en so ook ’n aangeleerde gedrag gevorm. Later was dit die enigste manier hoe sy die probleme van die werk kon hanteer, al het dwelms later groter probleme veroorsaak. Dit het ook deel van haar sosiale gedrag geraak, want sy het dwelms gebruik elke keer wanneer sy verveeld en alleen was. Dus kan die aangeleerde gedragsteorie ook op haar lewe van toepassing wees.


© University of Pretoria

Ruffnut se verhouding met sy stiefpa was nie baie goed nie. Hy het ook in ’n huis grootgeword waar daar spanning was, aangesien sy ma ook deel van die konflik tussen hom en sy stiefpa was. Ruffnut skryf egter dat hy eintlik baie lekker kinderjare gehad het. Dit is dus moontlik dat die verhouding tussen hom en sy stiefpa nie deel is van die aangeleerde gedragsteorie nie. Later het hy te doen gekry met dwelms en dit het ook deel van sy sosiale lewe geword. Die eerste groep vriende wat hy gehad het, het baie gedrink en hy het nie van alkohol gehou nie. Later, nadat hy in aanraking met dwelms gekom het, het hy bevriend geraak met mense wat ook dwelms gebruik het. Dit het sy sosiale groep vriende geraak. Dit het gelei tot ’n aangeleerde gedrag. Dwelms het Ruffnut ook gehelp om die spanning van die werk te verlig deur hom energie te gee wat gemaak het dat hy onmenslike ure aanhoudend kon werk. Dus het sy werksvermoë afhanklik geraak van sy gebruik van dwelms.

### 5.3.3 Die psigoanalitiese teorie en die medenavorsers se verhale

Die psigoanalitiese teorie is gefokus op die onderbewuste redes hoekom ’n persoon dwelms sou gebruik. Die onderbewuste kan beïnvloed word deur emosionele ervarings tydens ’n persoon se kinderjare (Jung, 2010:40). Deel van die psigoanalitiese teorie is die selfmedikasieteorie wat van mening is dat emosionele gevoelens soos waardeloosheid, depressie en hulpeloosheid vervang word met dwelms (Khantzian, 1999:335). Afhanklikheid raak dus ook ’n kruk wat hierdie emosies hanteerbaar maak. Die psigoanalitiese teorie kan moontlik van toepassing wees op sommige van die medenavorsers.

Fishlegs se verhaal bevat elemente van die psigoanalitiese teorie in dié sin dat dwelms ’n plaasvervanger is vir sy emosionele probleme. Die soeke na aanvaarding van sy pa en die gevoel van waardeloosheid wat dit na vore gebring het, kon aanleiding gee tot die gebruik van dwelms. Verder het Fishlegs ook die geveg met homoseksualiteit baie traumaties ervaar, dit het verder bygedra tot sy gevoel van minderwaardigheid en ’n swak selfbeeld. Dwelms het daarvoor gekompenseer.

Tuffnut het ook ’n traumatiese kinderlewe deurgemaak met die egskeiding van sy ouers, sowel as die dood van sy stiefpa vir wie hy baie lief was. Dit het gelei tot opgeboude frustrasie, waarvan dwelms die ontladingsmeganisme was. Dit het ook gelei tot ’n gevoel van minderwaardigheid en ’n lae selfbeeld, wat ook kon bydra tot


© University of Pretoria

sy opstandige optrede tydens sy kinderjare by die verskillende skole. Dwelms het hom ’n plek gegee om te behoort en daarom kan sy verhaal met die psigoanalitiese teorie vergelyk word.

### 5.3.4 Die kultuur-identiteitsteorie en die medenavorsers se verhale

Hierdie teorie is deur Anderson (1998:234) ontwikkel en poog om afhanklikheid as ’n identiteitsveranderingsproses te beskryf. Identiteit speel ’n groot rol in hierdie teorie, wat gedragsmotivering bepaal. Persone is gemotiveerd om hul identiteite te verander, via dwelms, as gevolg van persoonlike en sosiale veranderingservarings tydens hul kinder- en adolessente jare (Anderson, 1998:243). Negatiewe gebeurtenisse soos die dood van ’n geliefde, mishandeling en gereelde geografiese verandering bring skade aan die vermoë om jouself positief te ervaar en kan ’n moontlike negatiewe identiteit na vore bring. Dus handel die kultuur-identiteitsteorie oor die interaksie tussen sosiaal en kultureel gekonstrueerde betekenis, simbole en instansies wat dwelmmisbruik aanhelp (Anderson, 1998:255). Die teorie handhaaf ’n siening dat persone wat dwelms misbruik, persoonlike en sosiale marginalisering, sowel as ’n ongemak oor hul identiteit ervaar.

Tuffnut se verhaal het baie raakpunte met die kultuur-identiteitsteorie. Hy het die trauma van die egskeiding van sy ouers beleef, sowel as die swak verhouding wat hy en sy biologiese, afwesige pa gehad het. Die afsterwe van sy stiefpa was ook traumaties. Die rondtrek van plek tot plek pas baie goed in die kultuur-identiteitsteorie. Dit kon die gevolg gehad het dat Tuffnut se identiteit daardeur beïnvloed was. Volgens hierdie teorie kan Tuffnut dus aan dwelms afhanklik geraak het as gevolg van die trauma van die egskeiding, dood en geografiese veranderings in sy lewe en dwelms was ’n manier om sy identiteit te definieer.

Fishlegs het gesê dat hy ’n baie swak selfbeeld het. Dit het baie te doen met sy verhouding met sy pa. Dit het gemaak dat hy wonder oor sy identiteit in terme van wie hy is en waarheen hy op pad is met sy lewe. Daarmee saam het hy baie met sy homoseksuele oriëntering geworstel. Hy was bang vir sy pa en sy ma se reaksies wanneer hulle uiteindelik daarvan sou uitvind. Hierdie worsteling was in ’n kultuur wat sê dat ’n homoseksuele oriëntering verkeerd is en veral in die geloofsomgewing wat baie sterk opinies oor homoseksualiteit het. Hierdie worstelinge waarmee Fishlegs


© University of Pretoria

gesit het, het ’n definitiewe invloed op sy selfbeeld en sy identiteit gehad. Volgens die kultuur-identiteitsteorie kon hierdie ’n rede wees waarom hy dwelms begin gebruik het. Vanuit sy verhaal het dit na vore gekom dat hy gemarginaliseerd voel in die sosiale omgewing waarin hy beweeg, as gevolg van sy homoseksuele oriëntering.

### 5.3.5 Afhanklikheid is ‘n siekteteorie en die medenavorsers se verhale

Afhanklikheid word beskryf as ’n siekte. Hierdie is egter ’n baie komplekse siekte wat nie in kort beskryf kan word nie. Gorski, een van die wêreld se voorlopers in afhanklikheid, meen egter dat afhanklikheid as ’n siekte gesien moet word vir die wêreld om afhanklikheid effektief te behandel (Gorski, 2001). Nora Volkow stem saam met Gorski. Sy skryf in die voorwoord van ’n publikasie wat vrygestel is deur die NIDA dat afhanklikheid gesien word as ’n siekte wat die brein en gedrag beïnvloed (NIDA, 2014). Die NIDA gee die volgende definisie van afhanklikheid: “Addiction is defined as a chronic, relapsing brain disease that is characterized by compulsive drug seeking and use, despite harmful consequences” (NIDA, 2014:5). Dit impliseer dat afhanklikheid, soos ander siektes, die breinfunksies verander en beïnvloed. Hierdie verandering kan langtermynskade veroorsaak en verduidelik ook sommige van die destruktiewe gedrag wat by sommige persone voorkom wat van dwelms afhanklik is. Breinstudies wat gedoen is op mense wat afhanklik is van dwelms, wys verandering in die manier waarop die persoon oordeel, situasies interpreteer en ’n versteurde gedrag. In hoofstuk vier word daar in meer diepte oor hierdie verskynsel gepraat.

Wanneer hierdie siekteteorie in die verhale van die medenavorsers geïmplementeer word, sou dit op almal van toepassing wees. Die medenavorsers sou almal moes besef dat hulle aan ’n siekte lei, naamlik afhanklikheid. Daar is dus sekere breinfunksies wat verander het as gevolg van die gebruik van dwelms. Hulle kan dus nie daarvan af wegkom nie en sekere stappe en medikasie is nodig om hierdie siekte teen te werk en te beheer. Dit gee tog ’n verduideliking waarom mense wat van dwelms afhanklik is of was, terugslae beleef. Die breinfunksies wat verander het, hunker na die dwelm.

## 5.4 ‘n Refleksie op die verskillende teorieë en die verhale van die medenavorsers

Bogenoemde teorieë hoef nie in hierdie studie verwerp te word nie. Dit is juis deel van die postfundamentele benadering om in gesprek met hierdie teorieë te gaan om tot ’n


© University of Pretoria

beter verstaan van afhanklikheid te kom. Al hierdie teorieë het meriete en kan van toepassing wees op die medenavorsers. Die veronderstelling is egter dat afhanklikheid deel van hulle identiteit word. Veral wanneer die siekteteorie gebruik word, wil dit voorkom asof afhanklikheid so deel van jou lewe geword het dat jy nie meer daarvan af kan wegkom nie. Vanuit ’n postfundamentele verstaan van Praktiese Teologie, wat van die narratiewe benadering gebruik maak, word die konteks en die sosiale omgewing van die medenavorsers in ag geneem wanneer ‘data’ ingesamel word. Dus kan daar raakpunte wees in die kultuur-identiteit, psigoanalitiese en aangeleerde gedragsteorie en ’n postfundamentele verstaan van afhanklikheid en identiteit.

Die terapeutiese behandeling van afhanklikheid vanuit ’n postfundamentele benadering wat van narratiewe terapie gebruik maak, gaan egter anders wees as die hoofstroombehandeling van mense wat afhanklik is of was van dwelms. Daar is al in diepte oor die behandeling soos die twaalf-stap-program gepraat en hoe post-fundamentele narratiewe benadering dit anders hanteer, veral die siening oor identiteit. In hoofstuk ses word ’n alternatiewe terapeutiese benadering voorgestel. Die narratiewe benadering maak gebruik van metafore. Deur die metafoor te gebruik van “die draak wat getem kan word,” word daar saam met die medenavorsers na alternatiewe oplossings gesoek. Verskillende hanteringsmeganismes wat deur die verskillende terapeutiese benaderings wat met afhanklikheid werk, voorgestel word, kan toegepas word en van waarde wees om hierdie “draak” te tem.

Wanneer Flowers (2010:69) oor die herstel en behandeling van afhanklikheid praat, meen hy dat wanneer persone wat afhanklik was van dwelms terugkeer na die samelewing, hulle ’n hele nuwe leefstyl moet kweek. Flowers (2010:69) is ook van mening dat afhanklikheid ’n siekte is, maar wat afhanklikheid anders maak as ander siektes is wanneer die persoon terugkeer na die samelewing, hy/sy aan ’n totale nuwe leefstyl gewoond moet raak. Hulle beleef soms verwerping van familielede, ’n omgewingsverandering, ens. ’n Totale nuwe ontdekking vind plaas in die persoon se lewe en veral op die punt van wie hulle is, met ander woorde, hulle identiteit. Hier het die postfundamentele benadering ’n rol te speel in die ontdekking van die persoon se identiteit. Die gaping in al die teorieë wat in hierdie studie genoem is, wat van sekere terapeutiese benaderings gebruik maak, plaas nie afhanklikheid buite die identiteit van


© University of Pretoria

’n persoon wat afhanklik is of was van dwelms nie, maar sê dat afhanklikheid ’n groot deel van hulle lewens vorm en dus deel van hulle identiteit is.

Tydens ’n seminaar wat ek bygewoon het oor afhanklikheid by die Elim-kliniek in Kemptonpark, is daar oor tegnieke gepraat wat persone wat aan dwelms afhanklik was, kan help om nie ’n terugslag te hê nie. Volgens die kursus wat Elim-kliniek aangebied het, is daar vier dimensies van jou lewe waaraan ’n persoon wat afhanklik is moet werk, naamlik die fisiese, emosionele, sosiale interaksies en die geestelike dimensie (Elim Clinic 2006, Annexure D). Om die draak te kan tem, is daar sekere tegnieke wat uniek is tot elke medenavorser en die dimensies wat deur Elim-kliniek voorgestel word, het waarde tot die metafoor van die draak wat getem kan word. Die fisiese dimensie handel oor gesonde eet- en drinkgewoontes, oefen en televisie. Afhangende van wat die struikelblokke vir die medenavorsers is, kan van hierdie fisiese dimensies gebruik word om die draak te tem. In hoofstuk ses sien ons dat een van die tegnieke wat deur van die medenavorsers geïdentifiseer is, oefening is. Dit is dus vir hulle belangrik om te oefen en so hou hulle die draak getem. Die sosiale interaksie dimensie kan ook as tegnieke gebruik word om die draak te tem. Sommige van die medenavorsers het verhoudings wat vir hulle baie belangrik is en hierdie verhoudings kan hulle gebruik as tegnieke om die draak te tem. Een van die medenavorsers het ’n dogter vir wie sy baie lief is en hierdie dogter wil sy nie teleurstel nie. ’n Ander medenavorser is getroud en wil nie sy vrou seermaak deur dwelms te gebruik nie. So ook kan die medenavorsers hulle sosiale omgewing verander deur ook nie saam met die mense te kuier wat dwelms gebruik nie. Van die medenavorsers het dit ook voorgestel as ’n tegniek om die draak te tem.

Die geestelike dimensie wat deur Elim-kliniek voorgestel is, kan inskakel by die Praktiese Teologiese gedeelte van hierdie studie. Praktiese Teologie impliseer die soeke na ’n Goddelike bestaan of die geestelike deel van die medenavorsers se verhale. Dit is juis die geestelike of geloofsdeel van hierdie studie wat dit van ander dissiplines onderskei. In die geestelike dimensie wat deur Elim-kliniek voorgestel is, is dit belangrik om deel te wees van ’n kerk of om die teenwoordigheid van ’n hoër mag te erken. Dit is hierdie hoër mag wat mense kan help om die draak te tem.

In die volgende afdeling van hierdie hoofstuk gaan die hoër mag in die medenavorsers se lewens verken word.


© University of Pretoria

## 5.5 Opsoek na mag bo ons begrip

Praise Me, says God, and I will know that you love Me.
Curse Me, says God, and I will know that you love Me.
Praise me or Curse Me,
And I will know that you love Me.

Sing out My graces, says God.
Raise your fist against Me and revile, says God.
Sing out graces or revile, Reviling is also a kind of praise, says God

But if you sit fenced off in your apathy, says God,
If you sit entrenched in “I don’t give a hang,” says God,
If you look at the stars and yawn,
If you see suffering and don’t cry out,
If you praise and you don’t revile,
Then I created you in vain, says God.

(Diamond, 2002:72)

Vir my as navorser wat myself in die Praktiese Teologiese postfundamentele benadering identifiseer, is deel van die navorsing gefokus op geloof en die soeke na God. Hierdie soeke vorm deel van beweging vyf in die sewe bewegings van Praktiese Teologie. Wat hierdie navorsing van ander dissiplines soos die sielkunde onderskei, is dat daar na geloofstaal of moontlike verwysings na God geluister word. In hierdie deel van die navorsing word daar na die geestelike deel van die medenavorsers se verhale geluister, en bespreek hoe dit moontlik ’n invloed op hulle siening van hulle identiteit het.

Verder fokus hierdie deel op moontlike diskoerse aangaande geloof en God wat deel vorm van die medenavorsers se verhale. Eerstens gaan ons na die verhale van die medenavorsers kyk wat handel oor hulle persepsie dat afhanklikheid ’n sonde is. Daarna beweeg die navorsing na die gedagtegang van Dunnington (2011:deel 1367) dat afhanklikheid nie as sonde gesien hoef te word nie, maar eerder iets wat nie God se bedoeling vir jou lewe was nie. Die gedagtes en reaksies van die medenavorsers word dan weergegee, waarna die diskoers van afhanklikheid en sonde bespreek word.


© University of Pretoria

Die gebed "If you look at the stars" het my persoonlik diep getref en my laat nadink oor my eie taal van God en oor my verstaan en begrip van die werking van 'n hoër mag. Dit het my laat besef hoe versigtig en nederig ek as navorser die godsverhale van die medenavorsers moet hanteer. Ek gebruik die woord nederig omdat ek respek moet hê vir die verstaan en belewenis van God in die lewens van die medenavorsers. As predikant, wat by die Universiteit van Pretoria gestudeer het en wat my eie verstaan van God op 'n daaglikse basis konstrueer, moes ek hiervan bewus wees en seker maak dat ek nie hierdie idees wat ek oor God het op my medenavorsers afdwing en oordra nie. Dus het ek gepoog om God en die geloofslewe van my medenavorsers binne hulle konteks te verstaan.

### 5.5.1 Geloof gewortel in 'n wit kultuur

Al die medenavorsers is wit mense wat deel vorm van 'n kultuur waar geloof deel uitmaak van hulle daaglikse lewens. Wat daarmee bedoel word, is dat die konsep van kerk en geloof deel van die wit kultuur vorm. Mense is oor die algemeen by een of ander vorm van 'n christelike kerk betrokke, al is dit net dat hulle lidmaatskap by 'n gemeente is en hulle nie noodwendig aktief betrokke is nie. Daar is 'n verskeidenheid van denominasies wat elkeen hulle eie dogmatiek ontwikkel het oor geloof en God. Die medenavorsers is elkeen deel van 'n kerklike denominasie. Dus was dit nie moeilik om oor geloof en God te praat nie. Diamond (2002:73) sê dat baie van sy kliënte ongemaklik is oor die geestelike aspek van afhanklikheid. Hiermee word bedoel dat hulle soms skuldig voel oor hulle dade en gevolglik nie met God kan kommunikeer nie.

Diamond (2002:73) sê dat die psigoterapeutiese beklemtoning van onafhanklikheid en selfhandhawing, somtyds in die pad van gesprekke oor die godstaal kan kom. Vir die herstel van afhanklikheid is dit belangrik om te aanvaar dat jy somtyds beheer verloor en gereeld op soek moet wees na hulp. Dit is die besef dat jy hulp van ander kan kry. Bogenoemde is die siening van Diamond en ek kan gedeeltelik hiermee vereenselwig in die sin dat daar genesing van afhanklikheid kan kom deur die vashou of herkenning van 'n hoër mag. Binne die Praktiese Teologiese raamwerk is so 'n gesprek moontlik.

### 5.5.2 Tuffnut se verstaan van 'n hoër mag

"My ma het net so nou en dan kerk toe gegaan toe ek klein was. Ek het toe saam met haar gegaan en nooit niks verstaan wat die dominee gesê het nie. Dit was baie boring


© University of Pretoria

en ek het niks daarvan gehou nie. Gert het altyd gebid voor ons geëet het en ek het hom soms sien Bybel lees.”

Tuffnut het op ’n jong ouderdom kerk as negatief beleef. Dit was grotendeels as gevolg van die feit dat hy baie jonk was en nie regtig die konsep van kerk verstaan het nie. Gert was ’n beter verwysing na God en geloof as om op ’n Sondagoggend in die kerkbanke te gaan sit. Hulle het te veel getrek in sy lewe en daarom dink hy was hy nooit ingeskryf in die kerk se Sondagskool nie.

“Ek het op skool altyd die ouens gespot wat VCSV toe gegaan het en hulle “pretenders” genoem. Miskien omdat ek die een was wat “pretend het. Eintlik was ek jaloers op hulle.”

Tuffnut het baie van skole verwissel in sy kinderjare as gevolg van huislike omstandighede. Soos ons weet, was hy ’n baie moeilike adolessent wat die lewe vir onderwysers en kinders baie moeilik gemaak het en ook bekend gestaan het as ’n rebel. Hy kon nooit die geloofspad loop nie, omdat hy ’n reputasie gehad het en geloof sou nie in hierdie raamwerk ingepas het nie. Ten spyte hiervan het hy altyd gehoop daar is ’n God en dat hy hom eendag sou genees van die hartseer en pyn wat hy moes deurmaak.

Tydens sy “gap”-jaar het hy “tot bekering” gekom en in sy woorde sy hart vir die Here gegee. Sy “bekering” was tydens ’n eerstejaarskamp van een van sy vriende wat gestudeer het en hom saamgenooi het. Hierdie was ’n christelike kamp wat deur een van die gemeentes aangebied is wat naby aan die universiteit was. Dit was ’n wonderlike ervaring en hy het weer kans gesien vir die lewe. “So het ek my seer en pyn vir God gegee.” Hy het ook by hierdie gemeente aangesluit wat die kamp aangebied het.

Tuffnut is tydens hierdie “gap”-jaar Kaap toe, waar hy vir ’n vriend gaan kuier het. Dit was juis hier waar hy van dwelms afhanklik geraak het. Na hy terug is by die huis het hy weer kerk toe gegaan. Hy kon egter nie meer lank sy “stokpertjie” – dwelms – vir die mense by die kerk wegsteek nie.

“Die dominee het my nooit veroordeel nie maar al die mense wat so “heilig” was en elke Sondag sê hoe hulle uitreik na mense toe, het my begin vermy en uitgeskuif.”


© University of Pretoria

Hy het toe al hoe minder begin kerk toe gaan, want hy kon die kyke en verwerping nie meer hanteer nie. Dit is dan ook Tuffnut wat gesê het dat hy soos kanker voel as hy in die kerk sit. Sy siening van God is een wat baie teleurgesteld in hom is, as gevolg van sy dwelmgebruik. “Hoe kan ’n God vir my omgee wat Hom so teleurstel ... kyk wat het ek in my lewe gedoen, ek was ’n rebel en ’n moeilike tiener en nou gebruik ek nog cat ook.”

### 5.5.3 Ruffnut se verstaan van ‘n hoër mag

Sy ouers was nog altyd deel van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en is steeds. “Ek het grootgeword met ’n verhouding met die Here, maar nie die tipe verhouding wat ek nou het nie.” Ruffnut het Sondagskool bygewoon, maar sou nie se dat dit vir hom werklik ’n prioriteit was of selfs dat hy wou gaan nie. Hy het gegaan, want hy moes.

Na skool het hy egter ‘n verhouding met die Here gehad maar “... ek het weggedraai en heeltemal my rug gedraai van die Here af. Soos die volgende paar jaar sou bewys, was dit nie 'n great besluit nie, maar, ek voel ook nou dat dit dalk nodig was. Ek het altyd so bietjie twyfel in my gehad. En ek het nou nie meer eers 'n bietjie twyfel nie.”

Na die Here sy lewe “gered” het, meen hy dat sy geloofslewe heeltemal verander het. Hy glo nou in die krag van gebed, want dit is bewys dat dit gehelp het. Selfs sy ouers se verhouding met die Here het verdiep as gevolg van sy verhaal hoe God hom uit die kloue van afhanklikheid gered het. “Almal het vir my gebid en almal het die krag van gebed gesien.”

### 5.5.4 Astrid se verstaan van ‘n hoër mag

Astrid behoort aan die plaaslike Nederduitse Gereformeerde Kerk waar sy grootgeword het. Sy het kategese bygewoon en ook belydenis van geloof afgelê. Na skool het sy gaan studeer en nie regtig aandag aan kerk gegee nie. Later, toe sy getroud is, het sy en haar man weer kerk toe gegaan. Haar plaaslike predikant weet dat sy van dwelms afhanklik is en het haar ondersteun waar hy kon. Toe sy in die rehabilitasiesentrum beland het, was die predikant een van die min mense wat haar gaan besoek het en dit het ’n groot indruk op haar gelaat. “Hy het gesê dat ek altyd welkom is en dat God dit nie teen my hou nie en dat hy die enigste een is wat my kan help om hierdeur te kom.”


© University of Pretoria

Sy sê dat dit net genade “van bo” is dat haar man haar nog toelaat om haar dogtertjie te sien, al het sy al so baie “relapse” gehad.” “Ek leef vir my dogtertjie en as ek haar heeltemal moet verloor sal my lewe leeg wees, so ek is dankbaar dat God my elke keer kom haal wanneer ek ‘relaps’ en vir my tyd saam met my dogtertjie gee.”

Astrid sê dat dit net God is wat haar ma elke keer die moed gee om haar weer te gaan haal in haar toestand en haar na die rehabilitasiesentrum toe te vat. Vir haar is dit ook net genade “van bo” dat sy nog nie by haar nuwe werk afgedank is nie en dat haar dogtertjie haar nog nie afgeskryf het nie “... al weet sy presies wat ek doen, want ek is eerlik met haar en vertel haar alles.”

Tans (2015) is Astrid aktief by haar gemeente betrokke. Sy is deel van ’n selgroep wat veronderstel is om mekaar te ondersteun en nie te oordeel nie. “Al sê hulle dat hulle okay is met my afhanklikheid, is dit die klein goedjies wat maak dat ek skepties is ....” Ek het haar gevra wat die klein goedjies is waarvan sy praat: “... Hulle bring nie hulle kinders naby my nie en ek word ook nooit na hulle sosiale geleenthede toe genooi nie ... hulle hanteer my anders.”

Sy skakel ook by die uitreikbediening in, waar hulle kos uitdeel vir mense in die omgewing wat nie kos kan bekostig nie. “Dis ’n manier hoe ek teruggee en dit hou my gedagtes weg van die ‘cravings’ af ... selfs hier word ek anders hanteer, so asof hulle bang is ek gaan die goed vat en dit verkoop vir dwelmgeld ... al ons ‘druggies’ steel mos ....” Hierdie is ook een van die redes waarom sy nie meer kerk toe gaan op Sondae nie, “ ... want ek kan nie, want mense is skynheilig.”

Alhoewel Astrid nie positief is oor die mense in die kerk nie, het sy steeds ’n positiewe siening van God en beleef hom net as genadig. “Ja, afhanklikheid is ’n sonde in die oë van die Here, maar dit is alles ek wat so aanjaag.” Dus is sy skaam oor die feit dat sy afhanklik is van dwelms en meen dat Sy God teleurstel. Astrid het onlangs weer gebruik en daarom wil sy nie meer kerk toe gaan nie, want sy wil nie ook skynheilig wees nie.


© University of Pretoria

### 5.5.5 Fishlegs se verstaan van ‘n hoër mag

Fishlegs het in ’n huis grootgeword waar sy ouers nie kerkmense was nie en ook nie belang gestel het in geloof en kerk nie. Dit was net Fishlegs en sy broer wat gelowiges was en ook kerk toe gegaan het.

Toe hy besluit het om Teologie te gaan studeer, het sy ouers en veral sy pa dit glad nie goedgekeur nie: “... Wanneer die gesprek opgekom het oor wat ek swot, het hulle altyd die onderwerp verander.” Fishlegs weet nie waar sy twee sussies staan in terme van geloof nie en weet net dat hulle “antikerk” is.

Eers in Fishlegs se derde jaar van studies het sy ouers tot “bekering” gekom en vandag is sy ma baie by die kerk betrokke.

Afhanklikheid het eerder sy verhouding met die Here sterker as swakker gemaak. “Ek bid en lees Bybel en het myself beloof om nooit werk af te skeep omdat ek gebruik het nie ... ek dink die Here beskerm my 10 000 keer meer as die ander ou op straat wat gebruik, al verdien ek dit nie.”

### 5.5.6 ‘n Vinnige kyk na die Nuwe Testament se sonde begrip

Hierdie studie is nie daarop gemik om die navorsing oor die sonde-begrip van die Bybel te ontleed en weer te gee nie. Omdat die medenavorsers hulle sonde-begrip na vore gebring het en omdat Praktiese Teologie te make het met die Godsbegrip, gaan ek in hierdie afdeling net vlugtig na ’n paar teorieë oor die sonde-begrip van die Nuwe Testament kyk. Ek is nie ’n kenner van die Nuwe Testament nie en daarom het ek ’n Nuwe Testamentikus se hulp gevra om my met hierdie deel te help. Hy bly egter anoniem.

Paulus het ’n baie spesifieke verstaan van sonde. Om Paulus se verstaan van sonde te verstaan, gaan ek na ’n deel in Romeine kyk:

> 12Verder nog dít: Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot al die mense deurgedring, omdat almal gesondig het. 13Die sonde was al in die wêreld nog voordat die wet van Moses gegee is, maar sonde word nie toegereken as daar nie ’n wet is nie. 14Nietemin het die dood heerskappy gevoer van Adam af tot by Moses, ook oor mense wat nie gesondig het op dieselfde manier as dié waarop Adam oortree het nie.



© University of Pretoria

> Daar is ooreenkoms tussen Adam en Hom wat sou kom, [15]maar met die genadegawe is dit anders as met die oortreding. Deur die oortreding van een mens het baie gesterf, maar die genade van God en die gawe wat deur die genade van die een Mens, Jesus Christus, gekom het, is veel oorvloediger aan baie geskenk. [16]En met die gawe van God is dit anders as met die sonde van die een mens. Op die oortreding van die een mens het die oordeel gevolg en dit het tot veroordeling gelei, maar op die baie oortredings het die genadegawe gevolg en dit het tot vryspraak gelei. [17]Deur die oortreding van die een mens het die dood begin heerskappy voer deur hierdie een mens, maar deur die Een, Jesus Christus, is veel meer bereik: dié wat die oorvloed van genade en die vryspraak as gawe ontvang het, sal lewe en heerskappy voer.
>
> [18]Soos een oortreding gelei het tot veroordeling vir alle mense, so het een daad van gehoorsaamheid dus ook gelei tot vryspraak en lewe vir almal. [19]Soos baie deur die ongehoorsaamheid van een mens sondaars geword het, so ook sal baie deur die gehoorsaamheid van die een Mens vrygespreek word. [20]Die wet het bygekom om die oortredinge nog meer te maak; en hoe meer die sonde geword het, hoe oorvloediger het die genade geword. [21]Die doel was dat, soos die sonde deur die dood heerskappy gevoer het, die genade deur die vryspraak ook heerskappy kan voer en tot die ewige lewe kan lei deur Jesus Christus ons Here..
>
> (Die Bybel: Nuwe Vertaling, 1983)

Paulus se teologie is gegrond op die gedagte dat daar geen verlossing buite Jesus Christus is nie. Dus is die vergewing van sonde nie moontlik buite Jesus Christus nie (Ridderbos, 1975:91-114). Sonde vir Paulus is universeel, met ander woorde dit geld vir alle mense, Jode sowel as nie-Jode. Paulus praat nie van individuele sondes wat deur mense gedoen word nie, maar van 'n universele sonde. Paulus praat van die "vlees" van die mens, wat die swakheid van die mense is, sowel as die afhanklikheid van God voorstel. Net so is die "vlees" ook verteenwoordigend van die mens en sy sonde en dus ook die betekenis daarvan om menslik te wees (Ridderbos, 1975:93). Dus is "vlees" en sonde vir Paulus een en dieselfde saak. Hierdie verhouding tussen die "vlees" en sonde is die antropologie van die Pauliniese denke.

Wanneer daar na die gedeelte in Romeine 5:12-21 gekyk word, is dit belangrik om die universele bestaan van sonde raak te sien, wat deur die mens in die wêreld ingebring is (Ridderbos, 1975:95). Vir Paulus het sonde in die wêreld ingekom deur een mens


© University of Pretoria

en so ook die dood, wat deur sonde gebring word, wat oorgevloei het na alle mense toe. Dus is alle mense sondaars as gevolg van ons konneksie met Adam, in dié sin dat ons almal van Adam afkomstig is (Ridderbos, 1975:96). Vir Paulus gaan die dood van die sonde nie oor die klein individuele sonde van elke mens nie, maar die een sonde wat deur Adam in die wêreld ingebring is. Hierdie gedagtegang van Paulus kan in meer diepte bespreek word, maar in hierdie studie is dit nie die doel nie. Bogenoemde is die kern van Paulus se denke oor hoe sonde in die wêreld ingekom het en dat sonde nie die dinge is wat mense doen nie, maar die een sonde wat deur een mens, naamlik Adam ingebring word.

Soos wat die sonde deur een mens in die wêreld ingebring is, is dit ook deur een mens weggeneem, naamlik Jesus Christus (Ridderbos, 1975:98-99). Vir Paulus gaan dit dus oor twee maniere oor hoe om te bestaan as mens: (1) deur die sonde wat deur Adam in die wêreld ingebring is, of (2) deur die vryspraak van Jesus Christus. Dit is dus die ou mens en die nuwe mens wat hier ter sprake is (Ridderbos, 1975:99). Bornkamm (1971:123) lewer ook kommentaar oor hierdie deel en meen dat die hele geskiedenis van die mensdom hierin vasgevang is. Hy meen dat Adam en Christus albei aan die begin en aan die hoof van hierdie deel staan. Adam as die hoof van die mensdom wat geval het onder die dood en Christus wat die mensdom vrygespreek het om te lewe. Bornkamm (1971:124) meen dat die sonde van die eerste mens (Adam) die wil van die menslike begeerte teenoor God s’n is. Dus is dit die menslike begeerte en nie sonde as ’n objektiewe realiteit nie, wat die oorsaak van sonde is. Brown (1979:581) voeg tot hierdie siening by deur te sê dat wanneer mens Christus leer ken, die krag van sonde verbreek word. Sonde is ’n krag wat deur die mens werk. Brown (1979:581) gaan bietjie verder met hierdie teks en praat van Christus wat hierdie sonde op Hom geneem het en Hy self “sonde” geword het om sodanig God se geregtigheid te openbaar. Paulus, volgens Brown (1979:581), beskryf die oorwinning van Christus oor die mag van die wet, sonde en die dood, wat vervang is met geregtigheid en lewe. Vrede word oor die gelowige uitgegiet.

Schulze (1978:118) sê dat die sonde en die genadige verlossing van God, eers in die eerste drie tot vier eeue vorm aangeneem het. Sonde en genade was nie die fokuspunt van die eerste-eeuse kerk gewees nie en daarom is daar nie in diepte daaroor gepraat nie. Schulze (1978:118) verduidelik verder dat die Apostoliese Vaders aanvaar het dat


© University of Pretoria

die mens sondig is, maar oor die oorsprong en die aard van sonde praat hulle nie. Hulle plaas meer klem op Christus as die nuwe wetgewer, die bringer van ware kennis, onsterflikheid en gemeenskap met God. Verder meen Schulze (1978:118) dat die Apologete die mens as dualisties gesien het, wat bestaan uit liggaam en siel. Hulle aanvaar dat die mens ’n vrye wil het en dus kan kies tussen reg en verkeerd.

Augustinus skilder die eerste mens in ’n ideale toestand (cf. Schulze, 1978:130). Adam was vry van siektes en besit uitmuntende intellektuele gawes, en onsterflikheid was sy voorland, mits hy nie van die lewensboom eet nie. Adam het toe geval en dit is nie aan God toegeëien nie, maar aan sy eie wil. Augustinus praat van die sonde as tweedelig: (1) hoogmoed aan die een kant en (2) begeerte aan die ander kant (cf. Schulze, 1978:131). Met sy hoogmoed het Adam die hele mensdom in sonde gedompel. Hierdie sonde-verstaan van Augustinus sluit by Paulus se siening oor sonde aan.

Paulus gebruik in Grieks spesifieke woorde vir sonde. In Romeine 5:12-21 gebruik hy die Griekse woord ‘hamartia’ wat oortreding van morele waardes, wette en mens of God is (Brown, 1979:573). Hamartia word altyd in die Nuwe Testament gebruik as die mens se sonde teen God (Brown, 1979:579). Brown verwys ook na Romeine 5:12-21 waar Paulus oor Adam praat as ’n voorbeeld van sonde. Deur die sonde van Adam het hy die dood in die wêreld ingebring en dit was van toe af die norm vir alle mense.

Die afleiding wat ek dus maak, is dat sonde deur Adam in die wêreld ingebring is. Dus wanneer ons oor sonde dink, moet ons nie aan die klein individuele sonde van elke mens dink nie, maar aan die sonde van die eerste mens. Hierdie sonde lei tot die dood. Daarna het Christus gekom en die mag van sonde, naamlik die dood, finaal oorwin. Daar is dus nie meer sonde vir die gelowiges nie. Die gelowige kan wel kies om te sondig en teen die wil van God in te gaan. Die medenavorsers se verstaan van sonde is die individuele aksies wat elke mens kies om te beoefen. Hierdie individuele aksies hou God egter teen hulle en daarom voel hulle deur God verwerp. Dit is eerder my verstaan van Paulus se sonde-begrip, dat dit heeltemal oorwin is en dat lewe deur Christus gekom het. Die medenavorsers is dus ook deel van die vergewing van sonde deur Christus en kan vanuit daardie verstaan lewe ontvang. Dit op sigself kan klaar die skuldgevoelens wat die medenavorsers oor sonde het, as gevolg van afhanklikheid, verander.


© University of Pretoria

### 5.5.7 ‘n Alternatiewe verstaan van afhanklikheid en sonde: Die medenavorsers se verstaan van sonde

Vroeër in die hoofstuk is daar gekyk na ’n siening van Dunnington (2011:deel 1374) wat meen dat afhanklikheid nie as ’n sonde gesien moet word nie, maar eerder as ’n afwyking van menslike pogings om in die regte verhouding met God te staan. Die siening dat afhanklikheid as ’n sonde gesien word, kan as ’n diskoers geïdentifiseer word. Dit is ’n menslike interpretasie van wat die Bybel moontlik daaroor te sê het. Die konsep van afhanklikheid kom nie in die wêreld van die Bybel voor nie en daarom is dit moeilik om te sê of afhanklikheid gesien word as ’n sonde, of nie. Dus identifiseer Dunnington (2011:deel 1239) ’n diskoers wat moontlik ’n invloed op die medenavorsers se identiteit kan hê. Hy stel ’n ander manier voor om afhanklikheid vanuit die Bybel te verstaan. Hierdie gedagte is met die medenavorsers gedeel en hulle is gevra om kommentaar daarop te lewer. Die volgende deel handel oor die kommentaar van die medenavorsers.

Ek het vir die medenavorsers gevra of hulle afhanklikheid as sonde sien en hulle reaksie was as volg:

- **Tuffnut**

Hy het geaarsel om die vraag te beantwoord en met ’n huiwerige stem gesê: “Ja, ek dink so, dis mos tog wat dit is, sonde.” Ek het daarop gereageer en gevra indien afhanklikheid dan sonde is, hoe dit sy siening en verhouding met God beïnvloed. Hy het as volg geantwoord: “Dit maak dit moeilik om te bid, want ek voel skaam daaroor. Hoekom sal God luister as ek sonde intensioneel doen. Afhanklikheid maak dat jy nie meer aandag aan jou geloof gee nie, want jy doen sonde en kan nie met God praat nie.”

- **Ruffnut**

Ruffnut het gesê dat afhanklikheid vir hom ‘n sonde is. Dit was juis as gevolg van afhanklikheid dat hy nie ‘n goeie verhouding met die Here gehad het nie. Nadat die sonde uit sy lewe verwyder is, daarmee bedoel hy dat God die sonde weggevat het, is sy verhouding met die Here vernuwe en baie sterker as tevore.

Ek het hierop gereageer en gesê dat indien ek hom reg verstaan dat as dit nie vir afhanklikheid was nie, hy nie die verhouding met die Here sou gehad het soos wat hy


© University of Pretoria

nou het nie. Afhanklikheid het hom dus nader aan God gebring. Ruffnut het hierop gereageer deur te sê dat hy nooit so daaroor gedink het nie. As dit nie vir afhanklikheid was nie, wonder hy waar hy in met sy verhouding met God sou gestaan het?

- **Astrid**

"Natuurlik is dit sonde, jy doen iets teen die wil van God, so dit moet sonde wees." Ek het op haar antwoord gereageer en gevra hoe dit haar siening en verhouding met God beïnvloed. Sy het geantwoord en gesê dat sonde, sonde is en God haat sonde. "Dit is 'n barrier tussen my en God."

- **Fishlegs**

"Ek dink nie dit is sonde in die kerklike sin van die woord nie." Hy weet dit is verkeerd en iets wat mens nie moet doen nie, omdat dit die potensiaal het om jou lewe te verwoes. "Ja, ek dink dit is teen die wil van die Here."

### 5.5.8 Medenavorsers se kommentaar: Afhanklikheid iets anders as sonde

Hierna het ek die konsep van Dunnington (2011:gedeelte 1239) met hulle gedeel en geïnsinueer dat afhanklikheid dalk nie sonde volgens die Bybel is nie en eerder nie is wat God vir jou lewe wil hê nie. Ek het toe gevra hoe hulle daaroor voel?

- **Tuffnut**

"Dit maak dit seker anders .... Ek weet ek het droog gemaak om dit te gebruik en nou sit ek daarmee. Is dit regtig nie sonde nie?"

Ek het hierop gereageer en gesê dat mense dit moontlik verkeerd kan hê en dat sonde nie noodwendig die enigste manier is hoe afhanklikheid beskryf kan word nie.

Tydens hierdie deel van die gesprek het Tuffnut baie emosioneel geword en gesê: "ek het nog altyd gedink ek is nie werd om God se kind te wees nie. Ek wil graag sy kind wees ... miskien is ek ...."

- **Ruffnut**

"Ja, afhanklikheid is definitief nie wat God vir my lewe of enige iemand anders se lewe wil hê nie. Dit vernietig net waar dit gaan." Hy veronderstel dat dit makliker is om oor


© University of Pretoria

afhanklikheid te praat as afhanklikheid nie as sonde gesien word, soos wat die Bybel oor sonde praat nie.

Hierop het ek gereageer en gevra wat maak dat dit makliker is om oor afhanklikheid te praat, indien dit nie as sonde gesien word nie. Ruffnut het as volg gereageer: "... sonde voel so sleg, ja afhanklikheid is sleg maar jy kan soms nie help nie, ek dink nie ek is 'n slegte mens nie ... sonde maak jou sleg ...."

- **Astrid**

"Almal het nog altyd my laat verstaan dat dit sonde is. Dis die eerste keer wat ek hoor dat dit nie sonde is nie. Maar as dit nie sonde is nie, wat is dit dan?" Ek het op hierdie vraag gereageer en gesê dat die Bybel nie direk oor afhanklikheid praat nie en dat dit 'n afleiding van mense is dat afhanklikheid sonde is. Ek het gevra of ons nie dalk afhanklikheid anders kan benader nie en eerder sê dat dit nie deel vorm van wat God vir ons lewens wil hê nie, omdat dit skade doen.

Hierop het sy as volg gereageer: "Sjoe, dit maak dit anders, want dan voel dit nie of God my wil straf omdat ek sonde doen nie ... dan hoef ek mos nie so skuldig te voel die heeltyd nie, nie dat dit reg maak om te gebruik nie .... Afhanklikheid vat my verder van God af weg, want dit is al waaroor ek dan dink."

Ek het gevra of hierdie benadering dalk die manier verander hoe sy oor haar verhouding met God dink?

Sy het as volg gereageer: "Ek dink so, want dit maak dit makliker om met God te praat en te vra om my te help, want ek doen nie 'sonde' nie. Ek is so bly ons kan hieroor praat, want dit is iets wat my nog altyd pla." Waarop ek gevra het, wat het haar nog altyd gepla? "Almal se altyd dis sonde en dit pla my, want hoe kan ek 'n verhouding met God hê as ek die heeltyd sonde doen."

- **Fishlegs**

"Ek voel nie meer skuldig daaroor nie." Hy meen dat hy al vir 'n paar aande skoon is en nie gebruik nie en dit is net genade wat hom hierdeur help. Fishlegs stem saam met die konsep dat afhanklikheid nie 'n sonde is nie: "... dis mos 'n siekte wat jou brein


© University of Pretoria

aantas en daarom sukkel mens so om dit te los ... as dit ’n siekte is, kan dit mos nie sonde wees nie.”

Vir Fishlegs het afhanklikheid nie sy geloofslewe so erg beïnvloed nie. Hy het wel ‘n groot vraagteken oor sy identiteit, maar die probleem lê nie by die gedagte dat afhanklikheid sonde is, of nie.

### 5.5.9 Die diskoers van afhanklikheid en sonde: ‘n Refleksie op die medenavorsers se verhale

In my opvolggesprekke met die medereisigers is dit duidelik dat hulle God se teenwoordigheid in hul lewens erken en dit nodig vind om Hom vir hulp te vra in die heelwordproses van afhanklikheid. Müller (2003:303) meen dat ’n eerlike poging aangewend moet word om die medereisigers se spirituele en religieuse verstaan van God se teenwoordigheid in hul verhouding met Hom te verstaan. God word nie gesien as een wat net ingryp en totaal en al beheer neem nie. Hy is eerder iemand wat hulp aanbied deur verskeie metodes, soos deur mense wat help, rehabilitasiesentrums, familie en vriende. God is dus op ’n meer indirekte manier teenwoordig, deur die skepping en deur mense. Vir die doel van hierdie navorsing is dit nie my plek om te sê hoe God beleef behoort te word nie en daarom ook nie om ’n teologie te ontwikkel van God se teenwoordigheid nie. Die wyse waarop die medereisigers God se teenwoordigheid beleef, het baie betekenis in hulle stories en die ontdekking van alternatiewe toekomsverhale. Die medereisigers het ook God se teenwoordigheid beskryf as iets wat hulle innerlike krag gee om op te staan teen dwelmafhanklikheid. Hy gee hulle dus die krag om deur die rehabilitasieproses te gaan en toe te laat dat spesialiste hulle help in die hele gesondwordproses. Vir die medereisigers help die christelike waardes hulle baie om die draak te tem en hulle hoop te gee vir die toekoms. ’n Postfundamentele verstaan van teologie erken dat tradisie ’n invloed op die epistemiese en nie-epistemiese waardes uitoefen, wat ’n refleksie oor God en die belewenis van God se teenwoordigheid meebring (Van Huyssteen, 1997:4). Hiermee wil Van Huyssteen sê dat die belewenis van God se teenwoordigheid deur mense en deur tradisie beïnvloed word. Daar is dus sekere vooropgestelde idees wat deur tradisie bepaal word. Een van hierdie vooropgestelde idees is die siening en verstaan van sonde.


© University of Pretoria

Sonde word nie deur al die christelike denominasies dieselfde gesien en beskryf nie. Liberale en konserwatiewe denkers het ook meningsverskille oor die konsep van sonde, soos wat dit in die Bybel beskryf word. Hierdie studie poog nie om die verskillende konsepte van sonde te bestudeer en daarop te reflekteer nie. Wat wel belangrik is vir die doel van hierdie studie, is hoe die konsep van sonde, spesifiek afhanklikheid as sonde, die medenavorsers se identiteit beïnvloed.

Menige diskoerse oor wat sonde is en teen die wil van God funksioneer, is al in die hedendaagse lewe geïdentifiseer. Die onlangse debatte oor homoseksualiteit, wat vroeër gesien is as sonde en teen die wil van God is, is deur ander geleerdes en predikante uitgedaag. Die konsep van apartheid wat uitgedaag is en as sonde gedefinieer is, blyk ook ’n goeie voorbeeld te wees van hoe sekere verskynsels en gedrag as sonde gesien word en ook dan verander. Selfs wanneer daar na die Ou en Nuwe Testament van die Bybel gekyk word, is daar ’n klomp wette wat daarin voorkom wat as irrelevant vir vandag se tyd beskou word. Soos wat tyd aangaan en tradisies en kulture verander en vernuwe, kom daar nuwe insigte na vore rondom die konsep van wat sonde is en nie is nie, en watter gedrag aanvaarbaar is en nie is nie.

Möller skryf in sy boek, wat handel oor dogmatiek, dat afhanklikheid sonde is. Hy meen dat afhanklikheid die vryheid van die mens wegneem:

> ... en laat hom nie toe om waarlik mens te wees, met ’n eie wil, keuse en verantwoordelikheid nie. Hy word behandel asof hy ’n dier of ’n lewelose voorwerp is waarmee jy kan maak wat jy wil. Aan die ander kant, beteken afhanklikheid dat jy gedwing word om die weg te gaan wat die vyandige en skadelike mag vir jou voorskryf ....
>
> Dit wat hy gehoop het wat lewensgeluk of lewensvervulling aan hom sou bied, word juis die mag wat hom afhanklik en vernietig. Die gevoel van bevryding en verrukking wat hy deur dwelmmiddels kry, die ontvlugting wat die sterk drank bied, die genot van seksuele sondes, die glorie en selfgelding wat die revolusionêre aksie beloof, die heerlikheid van baie geld te hê, ensovoorts, lok jou in die kragveld van die verslawende mag in (Möller (1991 hoofstuk 19, 13.4, Logos weergawe)).



© University of Pretoria

Die verduideliking van Möller in bogenoemde gedeelte het baie waarde, maar dit is weereens ’n opinie oor afhanklikheid en sonde. Ek stem met Möller saam dat afhanklikheid ’n aspek van vryheid wegneem, omdat dit mense wat afhanklik is van dwelms die heeltyd volg. Die mag van afhanklikheid is groot. Om afhanklikheid direk as sonde te beskryf, plaas groot druk op persone wat teen die draak van afhanklikheid veg. Dit kwes hulle verhouding met God en maak dat hulle met baie skuldgevoelens rondloop. Dit bied egter geen oplossing en geen motivering vir iemand wat afhanklik is of was van dwelms om dit te los nie.

Vanuit die refleksie van die medenavorsers en hulle opinies aangaande afhanklikheid en sonde, word afhanklikheid as sonde, as ’n diskoers beskryf. Vanuit ’n terapeutiese oogpunt bied dit vir die medenavorsers geen troos en genesing om afhanklikheid as sonde te sien nie. Die medenavorsers het kerk as negatief beleef, juis as gevolg van mense in die kerk wat hulle vermy en anders hanteer het as mense wat ander dinge doen wat nie goed is nie, soos om oneerlik teenoor hulle huweliksmaat te wees. Hierdie mense word nie vermy en anders hanteer soos mense wat afhanklik is van dwelms nie. Dit het selfs vir die medenavorsers gevoel asof afhanklikheid een van die grootste sondes is wat bestaan, juis as gevolg van die manier waarop hulle hanteer en geëtiketteer word. Daar word gereeld na hulle verwys as “druggies” deur die mense in die kerk. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk sien nie een sonde groter as ’n ander sonde nie, maar die houding van die lidmate teenoor mense wat afhanklik is van dwelms, maak dat hulle dit anders ervaar het.

Ruffnut, Astrid en Tuffnut het gesê dat ’n berg van hulle skouers af is noudat hulle anders na afhanklikheid kan kyk en dit nie meer as sonde sien nie. Veral vir Astrid was dit ’n baie emosionele belewenis toe sy besef dat sy nie deur God verwerp word, soos wat die mense in die kerk haar verwerp en verstoot het nie.

Hierdie studie gaan oor die identiteit van iemand wat afhanklik is of was van dwelms. Die fokus lê op die metafoor van ’n draak wat getem kan word. Uit my gesprekke met die medenavorsers is hulle Godsbelewenis een wat ’n groot rol in hulle identiteit speel, in dié sin dat dit vir hulle belangrik is wat God van hulle dink. In die verhale van die medenavorsers wil dit blyk asof hulle belewenis van God ’n rol te speel het in die tem van die gevreesde draak. In die animasiefilm *How to*


© University of Pretoria

*train your dragon* kom dit sterk uit dat Hickup (die hoofkarakter) baie ingestel is op dit wat sy pa van hom dink. So ook vereenselwig die medenavorsers hulle met Hickup en is hulle gesteld daarop oor wat God van hulle dink.

Dit wil dus blyk asof geloof, wat gewortel is in die kultuur van die medenavorsers, ’n groot rol te speel het in hoe hulle hulleself sien. Die dekonstruksie van die medenavorsers se Godsverhale en begrip van sonde, soos deur die narratiewe benadering voorgestel, het groot waarde vir die medenavorsers gehad.

### 5.6 Persoonlike refleksie oor die medereisigers se verhale oor afhanklikheid en sonde

In hierdie hoofstuk is die medenavorsers aan die lesers bekend gestel. Hulle verhale is weergegee soos wat hulle dit vertel het. Ek was diep geraak deur hierdie verhale van die medenavorsers. Hulle het dit so eerlik en rou aan my vertel en hulleself so blootgestel. Ek het beleef hoe hulle ’n deel van hulleself aan my openbaar. Dit het my met ’n diep waardering gelaat, dat hulle bereid was om hierdie seer en vertroulike inligting met my te deel. Ek voel bevoorreg om iemand te kan wees met wie hierdie medenavorsers hulle verhale kan deel.

Met die eerste hoor van die verhale, het ek gedink ek saal ’n perd op wat ek nie sal kan ry nie. Ek het weereens die erns van afhanklikheid besef en is met dankbaarheid gevul dat ek nie van iets afhanklik geraak het nie. In my lewe was ek blootgestel aan dwelms en kon ek maklik ook ingegee het. Ek onthou toe ek in graad elf was, het ek saam met ’n meisie, vir wie ek baie omgegee het, na die Kolonnade Sentrum toe gegaan om ’n film te gaan kyk. Na die film het sy van haar vriende, wat ek nie geken het nie, ontmoet en ons het saam met hulle ’n koeldrank by ’n restaurant gaan drink. Dit was tydens hierdie koeldrank wat een van haar vriende ’n sakkie met wit pilletjies uitgehaal het en vir elkeen een aangebied het. Ek het dadelik die gevoel gekry dat dit iets onwettig was, omdat hulle dit onder die tafel gedoen het, sodat niemand dit kon sien nie. Sy het vir my gesê dat dit cat is. Ek het dit nie geneem nie en dadelik opgestaan en weggeloop. Dit was nie omdat ek slim was of ingelig was oor die dwelm nie, maar eerder omdat ek te bang was, bang vir die onbekende en bang ek sou uitgevang word.



© University of Pretoria

Ek skryf dit net aan genade toe dat ek daardie dag nie ’n pilletjie gevat en gedrink het nie. Dit los my vandag nog met koue rillings wanneer ek daaraan dink. Om hierdie rede het die medenavorsers se verhale my diep geraak.

In die tweede helfte van die hoofstuk is daar na die geloofslewe van die medenavorsers gekyk. Dit was nie ’n geforseerde gesprek nie, omdat hulle dit self voorgestel het. Ek was geskok oor die ervarings wat die medenavorsers oor die kerk gehad het. Is dit nie juis die rol van die kerk om mense nie te oordeel en juis by te staan in hulle tye van nood nie? Die ervarings wat hulle by die kerk gehad het, het ’n direkte impak op die ervaring van God in hulle lewens gehad, en dit het ook deel uitgemaak van hulle identiteit. Dit het my weereens laat besef watter invloed mense op mekaar se lewens kan uitoefen, en hoe mense mekaar se denke en ervarings kan beïnvloed.

Al het die medenavorsers ’n negatiewe belewenis van kerk gehad, het hulle steeds ’n hunkering na God. Burber (1958:115) maak die volgende stelling: “Meeting with God does not come to man in order that he may concern himself with God, but in order that he may confirm that there is meaning in the world.”


© University of Pretoria

# 6. HOOFSTUK 6: OM DIE DRAAK TE TEM. 'N REFLEKSIE OP DIE MEDENAVORSERS SE REAKSIE OP 'N NUWE METAFOOR

## 6.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk handel oor beweging vier en sewe van die sewe bewegings van Praktiese Teologie wat deur Müller voorgestel is (Müller, 2004:304). Die medenavorsers het hulle verhale met my gedeel en ek het my interpretasie daarvan vir hulle gestuur en dan weer terugvoer van hulle af gekry. Die eerste deel van hulle verhale het gegaan oor hulle ontmoeting met die gevreesde draak: dwelms. In hoofstuk vyf is daar na die medenavorsers se verstaan van God gekyk en ‘n diskoers daarrondom is geïdentifiseer en met hulle behandel.

In hierdie studie is kwalitatiewe eerder as kwantitatiewe navorsing gebruik om ‘data’ in te samel (cf. Struwig & Stead, 2007:11). In hoofstuk twee is die metode waarvolgens navorsing in hierdie studie gedoen is, in diepte beskryf. Tydens hierdie navorsing is die informele gespreksonderhoudtegniek vir onderhoude gebruik (cf. Patton, 1990:282). Daar was dus nie vooraf uitgewerkte vrae nie, die gesprek was hoofsaaklik deur die medenavorsers gelei. As navorser het ek die metafoor van die gevreesde draak voorgelê as ’n manier om oor die medenavorsers se afhanklikheid te praat. Daarna het ons na ’n alternatiewe metafoor gesoek deur die verhaal van die animasiefilm *How to train your dragon* te gebruik as vertrekpunt vir die gesprek.

In hierdie eerste deel van die hoofstuk word die metafoor van die gevreesde draak aan die medenavorsers bekend gestel. Die metafoor van die gevreesde draak is in hoofstuk twee verduidelik en dien as die leidende metafoor in die medenavorsers se lewens. Die leidende metafoor handel oor dwelms wat gesien word as ’n gevreesde draak wat jou om elke hoek en draai wil vernietig. Hierdie draak is onoorwinbaar en is te sterk om teen te staan. Dus is dit ’n baie negatiewe metafoor, wat die identiteit van die medenavorsers op ’n negatiewe manier beïnvloed. Daar is ook in hoofstuk drie in diepte gekyk na die bekende twaalf-stap-program, wat juis die metafoor van die gevreesde draak ondersteun deur hulle eerste stap wat sê dat jy moet erken dat jy ’n afhanklike is. Dit maak dat afhanklikheid nie losgemaak kan word van die afhanklike se identiteit nie.


© University of Pretoria

In die tweede deel van hoofstuk ses word ’n alternatiewe metafoor voorgestel, wat ook in diepte in hoofstuk twee bespreek is. Die alternatiewe metafoor maak nie van die draak een wat gevrees hoef te word nie, maar eerder een wat getem kan word. Met “getem” word bedoel dat die draak beheer kan word. Die animasiefilm *How to train your dragon* word as agtergrond gebruik om hierdie metafoor te verstaan. Dit het ’n definitiewe invloed op die medenavorsers se identiteit gehad.

In hoofstuk twee het ek as deel van my metodologie die gebruik van metafore in narratiewe terapie verduidelik. ’n Paar opmerkings oor metafore: Die waarde van metafore in terapie lê in die verplasing of verskuiwing van betekenis sodat die verbeelding geaktiveer kan word om nuwe moontlikhede raak te sien (Legowski & Brownlee, 2001:20). Freedman en Combs (1996:1) gebruik metafore wat deur ons gekies word, waardeur ons ons lewens en werk organiseer, deur die konstruering van ons persepsies en gedrag. Goldenberg en Goldenberg (2008:365) wys ook op die sinvolheid van die metafoor, deur daarop te wys dat ons persepsies oor die realiteit organiseer en in stand hou deur die stories en metafore waardeur ons kennis opdoen aangaande onsself en ons rolle in die samelewing. Demasure en Müller (2006:412) praat van die dialektiese beweging tussen tekste, met hul simbole en metafore en die aktiewe bydrae van mense wat tussen tekste en metafore beweeg om betekenis aan hul verhale te gee, om hul eie wêrelde te verstaan.

Metafore as alternatiewe of ander taal, kan baie betekenis in mense se lewens hê. Dit gee ’n manier om anders oor hul lewens te dink, op ’n minder konfronterende manier. Daarom kan metafore gebruik word vir eksternalisering, wat ook deur die narratiewe benadering gebruik word. Die draak-metafoor is nie een wat ek uitgedink het nie, maar wat tot stand gekom het deur iemand wat afhanklik was van dwelms. Sy het haar afhanklikheid deur middel van die draak-metafoor verduidelik. Hierdie metafoor het aanvanklik aanklank gevind by die medenavorsers en saam was hulle ook op soek na ’n ander metafoor vir die draak.

## 6.2 Die medenavorsers se ontmoeting met die metafoor van die gvreesde draak

Tydens hierdie sessie is die metafoor van die gevreesde draak op die tafel geplaas. Hier volg die medenavorsers se reaksie op die metafoor.



© University of Pretoria

### 6.2.1 Tuffnut en die draak

Tydens ons sessies is die metafoor van die draak op die tafel geplaas. Die "draak" wat nie oorwin kan word nie en wat jou om elke hoek en draai wil verslind. Aanvanklik het Tuffnut homself vereenselwig met die metafoor van die gevreesde draak. Hy het magteloos gevoel en gesê dat die draak hom elke dag treiter en hom wil vernietig. Van die begin af was hy oortuig dat daar nie veel aan die draak gedoen kan word nie. Tydens die gesprek het ek hom gevra om die volgende sin te voltooi: "Hallo, ek is Tuffnut en ek is ...." Sy reaksie was skokkend. Hy het as volg geantwoord:

> Hallo, ek is Tuffnut en ek is 'n druggie, sal altyd een bly (Februarie 2014, onderhoud).

Hierna het ek hom gevra om my te vertel watter rol hierdie draak in sy lewe speel. Sy antwoord was:

> Die draak het my lewe oorgeneem. Hy is al waaroor ek dink elke oomblik van die dag. Nooit gedink ek sal betrokke raak by dwelms nie. Nou dat ek sien hoe moeilik dit is om dit te los en die skade wat dit aan my liggaam gedoen het, sou ek nooit begin het nie. Die draak is wreed, hy maak my baie selfbewus en ek wonder wat mense gaan dink as hulle sou uitvind. Dit maak dat ek baie gou kwaad word en nie omgee oor enige iets nie. Dit maak my ongelukkig want ek gym nie meer nie en speel nie meer krieket nie. Ek voel soos 'n nobody, 'n has been. Ek het alles geword wat ek nie wou wees nie, passieloos en alleen. Die draak laat my goed doen waaroor ek nie trots is nie ... jok en steel. As ek cat gebruik en my geld raak kla, sal ek maklik jok en steel om geld te kry. Ek het nie meer 'n gewete nie, jok sommer sonder om daaroor sleg te voel. Ek het nooit by winkels en so aan gesteel nie, net my ma se juwele en goed in die huis wat ek in die hande kon kry wat iets werd was.
>
> Ek het cat gebruik om te escape van my probleme af. Nadat ek cat gebruik het bel ek my vriende sodat ons iets kan doen. Dan het ek baie energie. Die cat het my gehelp dat ek nie meer omgee oor enigiets nie.
>
> Dit maak jou magtig, dit maak jou vry, dit is lekker en laat my escape van die pyn.



© University of Pretoria

### 6.2.2 Refleksie op Tuffnut se ervaring van die gevreesde draak

Vir Tuffnut is dit duidelik dat afhanklikheid deel is van sy identiteit. Veral omdat hy sê hy is ‘n “druggie.” Dit is hoe hy homself op dié stadium van die navorsing sien. Hy leef ‘n daaglikse stryd om nie cat te gebruik nie. Elke dag is vir hom ‘n konstante stryd en op ‘n stadium kan hy nie meer weerstand bied nie en gee hy in. Wanneer hy ingee, is dit ‘n wonderlike ervaring wanneer die chemiese gedeelte inskop en maak dat hy van alles vergeet wat hom pla. Hierdie gevoel van nie omgee oor sy probleme nie, hou net totdat die dwelm uitgewerk het en dan kom alles weer terug en is dit asof al sy ou probleme weer terug kom.

Afhanklikheid het egter gemaak dat hy nie meer die dinge doen wat vir hom lekker was, soos om by die gimnasium uit te kom en krieket te speel nie. Tuffnut meen dat dwelms hom heeltemal verander het en dat hy nie van die mens hou wie hy geword het nie. Dit het selfs gemaak dat hy sekere waardes laat vaar het en dat hy nou steel en leuens vertel. Afhanklikheid het hom verander, dit pla hom die meeste. Hy het al baie probeer om op te hou en dit vir tye reggekry, maar die draak kry elke keer die oorhand en dan gee hy in.

Tuffnut noem ook dat hy selfbewus is oor sy gebruik van dwelms en dat hy bekommerd is oor wat mense gaan dink, sou hulle uitvind daarvan. Die mense van wie hy praat, is vriende wat buite die grense van sy dwelmvriende is en nie van sy afhanklikheid weet nie. Hy sê hulle is goeie ouens en hy is bang vir wat hulle van hom gaan dink, sou hulle uitvind.

Hierdie reaksie sê iets van hoe sterk invloed afhanklikheid op sy identiteit het. Tuffnut het al so seergekry in die verlede deur mense wat hom afgeskryf het as gevolg van die feit dit hy dwelms gebruik, dat hy bang is dat dit by sy nuwe vriende sal uitkom. So voel hy ook skaam teenoor sy ma en dat hy sy hele lewe lank al dit vir haar moeilik gemaak het deur ’n “rebel” by die skool te wees, en dan ook later nie sy vakke deurgekom het nie, as gevolg van sy afhanklikheid. Sy ma verwerp hom egter nie en is baie ondersteunend. Sy betaal vir sy sessies by die sielkundige en sy inplantings wat hy elke ses maande moet kry.


© University of Pretoria

### 6.2.3 Fishlegs en die draak

Ek het die metafoor van die gevreesde draak aan Fishlegs voorgestel. Hy het onmidelik gereageer en gesê: "... dit is presies wat dit is." Hy het egter bygevoeg tot die metafoor en gesê dat dit 'n "chasing drug" is. Wat hy hiermee bedoel is dat die hele oploop tot die gebruik van die dwelms 'n "rush" is. "Dit is 'n rush om die dealer te bel, die dwelms te gaan koop, al jou eerste lyntjie in die kar te vat."

Ek het hom gevra watter invloed die draak op sy lewe gehad het?

"Dit is meer as net die gebruik van die dwelms." Fishlegs vertel hoe jy ander dinge ook "chase," soos 'n "vibe" en "sensual ervarings. In die begin lyk die draak glad nie gevaarlik nie, jy is die een wat eintlik die draak chase ... nog 'n pakkie en nog ...." In die begin het die draak vir Fishlegs skadeloos gelyk, of te wel, beheerbaar. Soos wat die tyd verloop het, het die draak egter sy ware kleure in Fishlegs se lewe begin wys.

"Wanneer jy eers in die wêreld begin beweeg, word almal in jou lewe mense wat ook gebruik. Jy sal verbaas wees wie almal gebruik, selfs mense wat jy dink dit nooit sal gebruik nie soos onderwysers en IT boffins." Fishlegs vertel hoe jy elke keer iemand anders ontmoet wat jou meer van die dwelmwêreld leer en so word jou sirkel al hoe groter, en kry jy al hoe meer geleenthede om te gebruik. "Die draak fluister die heel tyd in jou oor dat jy nog nodig het, meer nodig het." Later het Fishlegs drie "dealers" se nommers oral in sy huis gebêre sodat hy iemand het om te bel wanneer hy dwelms nodig gehad het.

Daarna begin Fishlegs self 'n "grammetjie" koop en werk dan deurnag. Die volgende oggend het hy weer 'n pakkie nodig om deur die dag te kom en dan: "... vier pakkies later kap jy om van moegheid." Hy en die vriende saam met wie hy gebruik het, het 'n sêding gehad: "One packet is enough, but one packet is never enough." Dit is hoe gevaarlik die draak is, hy los jou nooit uit nie.

Ek het vir Fishlegs gevra of hy al pogings aangewend het om dit in die verlede te los en hy het as volg gereageer:

> Ek het baie gelees oor hierdie afhanklikheid ... en wend allerhande pogings aan om dit hok te slaan. Partykeer is ek meer suksesvol. Ander kere glad nie. Ek lees daaroor, save die skakels. Ek het mantras wat ek opsê en



© University of Pretoria

> probeer doelwitte stel. Ek hou dagboek en lees franticly Bybel ... maar soms werk dit, ander kere nie.

Hy vertel dat die wêreld waarin hy beweeg het, nie meer die swakker cat gebruik nie, maar “crystal meth.” Dit is ‘n baie sterker dwelm en Fishlegs het dit een keer by ‘n geleentheid gebruik. Hy sê egter dat dit nie vir hom is nie en dat hy alreeds ‘n aktiewe stryd teen die swakker straatdwelm voer en nie kans sien vir die sterker een nie. Die wêreld van die “users” steel van mekaar om geld te kry, sodat hulle dwelms kan koop. Hy het nog nooit van iemand anders gesteel nie, maar daar was al baie van hom gesteel. Al sy gereedskap wat hy nodig het om mee te werk, is een keer gesteel, dit nadat hy vir die persoon gehelp het, omdat dit met hom sleg gegaan het. Die uiteinde van die saak was dat hy van sy besittings moes verpand om weer sy toerusting te kon aankoop sodat hy weer kon begin werk.

Die stryd teen die draak is hard genoeg alleen, maar dan maak die verskaffers dit nog moeiliker vir Fishlegs. Hulle sal na ‘n tydjie wat Fishlegs nie by hulle gekoop het nie vir hom ‘n: “... soppy sms stuur” en se dat hy vir Fishlegs mis, en dat hy nuwe skoner dwelms gekry het en dit teen half prys vir hom sal gee. “Ek weet nie hoekom nie maar ek val elke keer daarvoor ... en ek kry dit nooit half prys nie.”

### 6.2.4 Refleksie op Fishlegs se ervaring van die gevreesde draak

Vir Fishlegs is die draak ’n harde realiteit. Hy blameer niemand hiervoor, behalwe net homself nie. Dit is vir hom lekker om cat te gebruik en dit het hom selfs deur tye in sy lewe gehelp wanneer hy werk moes doen. Later eis dit sy tol. Die draak het wêrelde aan Fishlegs bekend gestel, wat hy moontlik nie sou ontmoet het as hy dit nie gebruik het nie. Hy is nie trots op die wêreld wat hy leer ken het nie en ook nie op die goed wat hy gedoen het nie. Deel van die ontmoeting van hierdie wêreld was ook sy worsteling met homoseksualiteit. Sy soeke om sin te maak van die homoseksuele wêreld het hom by plekke uitgebring wat hom net al hoe dieper in die dwelmwêreld ingeneem het. Hiermee meen hy nie dat die hele homoseksuele wêreld so lyk nie, maar daar is ’n donker kant daaraan en dit was die kant wat hy eerste leer ken het. In Fishlegs se verhaal was dit die plek waar die draak op elke geleentheid vir hom gelê en wag het.


© University of Pretoria

Van al die ander medenavorsers weet Fishlegs die meeste van afhanklikheid af omdat hy al baie daaroor gelees het. Hy ken die meeste van die teorieë daaroor en veral die teorie wat meen dat afhanklikheid ‘n siekte is. Hy is dus baie goed ingelig oor afhanklikheid.

Fishlegs is trots op die feit dat hy nie aan die sterker dwelms oorgegee het nie. Hy het die geleentheid gehad om dit te doen en het dit selfs eenkeer gebruik. Vir hom is dit reeds ‘n groot oorwinning oor die draak. Ons het dieper in hierdie oorwinning in gedelf deur die verhaal dikker te maak, soos wat die narratiewe benadering dit beskryf. Hy was sterk genoeg om die sterker draak te oorwin, maar hy sukkel met die swakker draak. Ek het hom gevra wat vir hom die krag gegee het om nie vir die steker draak in te gee nie. Hy meen dat hy bang is vir die sterker draak en kan sien wat die draak aan die mense doen wat dit gebruik. Ons het tot die verstaan gekom dat, indien hy die wilskrag het om die sterker draak te kon weerstaan, hy dit in hom het om die swakker draak te weerstaan. Sy reaksie was baie positief, maar steeds sê hy dat selfs die swakker draak baie sterk is en moeilik is om te weerstaan.

Fishlegs sukkel met sy identiteit en het as volg gereageer toe ons oor sy identiteit praat:

> Ek weet nie. Ek het al probeer dink of ek rebelleer ... my triggers is moeg, te veel werk, of ’n lae selfbeeld. Ek is slim genoeg om te weet ek kan my eie identiteit vorm ... en verby my ‘pa-verlede’ kyk, maar dom genoeg om eerder ’n pakkie te koop en vir ’n klein rukkie goed te voel.

Hy praat van “triggers.” Dit beklemtoon die feit dat hy al oor afhanklikheid gelees het en daaroor nagedink het. Aan “triggers,” soos te veel werk, kan hy maklik aandag gee en sy tyd beter inrig. Dit waarin hierdie navorsing belangstel, is die stelling wat hy maak dat hy ‘n lae selfbeeld het. Selfbeeld het baie met ‘n persoon se identiteit te doen. Sy lae selfbeeld kom van die manier hoe sy pa hom behandel het tydens sy jonger dae. Nooit het hy gevoel dat hy goed genoeg is nie en alles wat hy gedoen het, was bloot net om sy pa se erkenning te kry. Dit is dus vir Fishlegs baie belangrik wat sy pa gedink het tydens sy adolessente fase in sy lewe. Sy belangstellings was nie goed genoeg vir sy pa gewees nie.


© University of Pretoria

Met hierdie deel van sy verhaal het ons in meer diepte ingegaan en besluit dat sy pa deel was van ’n kultuur wat sekere verwagtings van die manlike geslag gehad het en dus ’n sekere verwagting van hom gehad het. Fishlegs het rugby gespeel en dit was baie belangrik vir sy pa. Later, as gevolg van ’n besering, kon hy nie meer speel nie en dit het sy pa nie goed verwerk nie. Sy belangstelling in kuns en kultuur was nie in die verwysingsraamwerk van die geslag mans waaruit sy pa kom nie. Soos wat Fishlegs gesê het: “... my pa was maar net ’n kind van sy tyd ....” Tydens ons gesprek het ons na ander groot gebeurtenisse in sy lewe gekyk en een daarvan was die dag toe hy vir sy pa gesê het dat hy homoseksueel is. Ons het sy pa se reaksie op die tafel geplaas en hy het gesê dat sy pa opgestaan het en hom ’n drukkie gegee het en vir hom gesê het dat hy nog steeds vir hom baie lief is. Met ander woorde, sy pa was nog altyd vir hom baie lief gewees, al het Fishlegs dit nooit so beleef nie. Deel van die kultuur waarin sy pa grootgeword het, was homoseksualiteit heeltemal taboe. Dit was ononderhandelbaar en verkeerd. Die feit dat sy pa met hierdie agtergrond nog steeds sy seun ’n drukkie gegee het en gesê het dat hy hom baie liefhet, moes opreg gewees het en het iets vir Fishlegs gesê. Sy pa het hom aanvaar en was steeds lief vir hom, ongeag sy seksuele oriëntering. Dit het vir Fishlegs baie beteken toe hy besef sy pa het hom tog aanvaar, ten spyte van wat hy beleef het. Sy pa kon dit dalk anders hanteer het, maar ’n groot stuk seer waarmee Fishlegs sy hele lewe mee rondgeloop het, kon hy verwerk.

Dus het ‘n groot deel van Fishlegs se identiteit nie net in afhanklikheid gelê nie, maar ook in sy verhouding met sy pa.

### 6.2.5 Ruffnut en die draak

Tydens my derde gesprek met Ruffnut het ek die tema oor die gevreesde draak wat jou net wil verslind, op die tafel geplaas en sy reaksie daarop gevra.

> Ek stem 100% saam met dit. Ek het al met my eie oë gesien en ervaar hoe afhanklikheid 'n mens se lewe heeltemal vernietig. Dit is soos 'n draak wat nie van jou rug af wil klim nie. Jy kan aan niks anders dink as waarvandaan jou volgende ‘fix’ gaan kom nie. Dit neem jou hele lewe oor. En in 'n baie slegte manier.



© University of Pretoria

Dus is die draak vir Ruffnut ‘n groot realiteit en vereenselwig hy homself met die metafoor van die gevreesde draak. Ek het vir Ruffnut gevra watter rol die draak in sy lewe gespeel het:

> Dit het my hele lewe oorgeneem, soos ek gesê het, jy dink aan niks anders as jou volgende “fix” nie. Dit het deel van my identiteit geword toe ek saam met vriende begin kuier het. Hulle het gedrink en ek hou nie van drink nie en toe begin ek cat gebruik tydens hierdie kuiers.

Tydens ’n opvolggesprek en refleksie op sy verhaal, het Ruffnut gesê dat dit lyk asof die draak aanvanklik by sy sosiale lewe deel van sy identiteit geword het. Hy wou nie uitvoel by die kuiers nie en hou nie daarvan om beheer te verloor nie, en cat was die naaste ding wat hom deel van die “lekker kuiers” gemaak het. Hy meen, anders as alkohol, verloor jy nie beheer van jouself wanneer jy cat gebruik nie, jy is helder en dink ook baie helder met baie energie. In die begin kon hy dit beheer en het net elke tweede naweek saam met sy vriende gebruik. Dit was ook die rede hoekom hy nie gedink het dat hy afhanklik daaraan was nie, want hy kon die draak beheer. Later het die draak sterker geword en het hy elke dag begin cat gebruik. Dit het ’n groot deel van sy lewe geword en ook ’n groot deel van sy identiteit. Hy het op ’n punt gekom waar hy nie meer saam met sy vriende wou uitgaan nie, maar eerder alleen wou wees en alleen die sensasie van die draak beleef. Dis asof hy die draak net vir homself wou gehad het. Dit is hoe groot die draak deel van sy lewe geword het en deel van sy identiteit ook, want hy kon glad nie meer daarsonder funksioneer nie.

Na sy eerste besoek aan die rehabilitasiesentrum, waar hy homself uitgeteken het, het hy net aangehou om cat te gebruik. Dit het van hom iemand gemaak van wie hy nie gehou het nie. Hy het begin aggressief raak en selfs by ’n vriend gaan bly wat hy in die rehabilitasiesentrum ontmoet het. Hy het al sy besittings verkoop, net om nog aandag aan die draak te gee.

Nadat hy vir ’n maand lank Nieu-Seeland toe is om by sy sussie te gaan kuier, het hy vir daardie tydperk die draak onder beheer gehad, want cat was nie beskikbaar nie. Die draak is egter te sterk en hy het dadelik in Suid-Afrika weer begin cat gebruik. Hy sê hy is ’n trotse mens en dit het hom vreeslik gepla dat amper almal om hom nou weet dat hy dwelms gebruik.


© University of Pretoria

Ruffnut gebruik vir ‘n geruime tyd nie meer dwelms nie en ek het hom gevra hoe hy die rol van die draak tans in sy lewe sien. Sy reaksie was as volg:

> Die draak sit daar in die hoekie en wag, wag dat ek net weer ‘n oomblik swak is en my oë vir ‘n oomblik van God af haal.

### 6.2.6 Refleksie op Ruffnut se ervaring van die gevreesde draak

Anders as die ander medenavorsers, is Ruffnut nou al vir ’n geruime tyd lank skoon. Hy gee dit toe aan die feit dat God hom gered het en daarvan genees het. Terwyl hy egter nog gebruik het, was die draak ’n baie sterk realiteit, wat sy lewe oorgeneem het. Dit was so erg dat hy sy werk heeltemal afgeskeep het en selfs die pad gevat het na ’n ander dorp toe, net om weg te kom van alles af.

Die draak het Ruffnut dinge laat doen wat nie deel was van sy menswees nie, sy besittings te verkoop, geld van die besigheid te vat om dwelms te koop en selfs sy besigheid laat skade lei, deur nie aandag aan sy kliënte te gee nie. Dit pla hom steeds dat hy hierdie dinge gedoen het.

Hy maak geen verskoning vir sy optrede nie en blameer niemand anders as homself nie. Hy sê hy het ’n baie goeie kinderlewe gehad. Dit lyk of selfs die egskeiding van sy ouers nie vir hom ’n traumatiese ervaring was wat hy saam met hom dra nie. Hy toon wel ’n emosionele reaksie oor sy biologiese pa wat vroeg oorlede is, maar hy sê dat dit niks te doen het met die keuse wat hy gemaak het om cat te begin gebruik nie. Die probleme waarvan hy wou weghardloop, was wat die draak veroorsaak het.

Hy praat daarvan dat hy ’n trotse mens is en dat die draak sy menswees en sy selfbeeld heeltemal afgetakel het. Terwyl ek met hom praat, kon ek sien hoe skaam hy daaroor kry. Ek het hom daaroor uitgevra en gesê dit lyk of dit hom nog pla dat hy so opgetree het. Hy het gesê, ja, dit pla hom dat hy so “dom” was om so iets te doen. Hy het ook gesê dit is nou in die verlede en hy gaan aan met sy lewe.

Al sê Ruffnut dat die draak in sy verlede is, beleef hy steeds die draak as ’n gevreesde een wat wag om hom te verslind, sodra hy “sy oë van God afhaal.”


© University of Pretoria

### 6.2.7 Astrid en die draak

Tydens my en Astrid se derde gesprek, het ek die metafoor van die gevreesde draak aan haar bekend gestel en haar reaksie daarop gevra.

> Dit is presies wat dit is, ‘n draak wat jou lewe verwoes.” In die begin was dit lekker gewees. Al my probleme was weg, wel hulle was steeds daar maar ek het net nie omgegee nie. Dit was wonderlik om net te ontsnap van hierdie wêreld en sy probleme en niks te voel nie, net niks ....

Na ‘n tydperk wat sy heroïne gebruik het, kon sy nie meer sonder dit funksioneer nie en sê sy dat sy daaraan afhanklik geraak het.

> Al waaroor jou lewe gaan is net die draak en jy kan nie wag vir die volgende geleentheid om net te gebruik nie.

Astrid se hele lewe het om die draak begin draai. Alles was rondom haar “habit” gereël en beplan.

Aanvanklik was dit lekker gewees en was dit vir haar ’n manier om van die wêreld af te ontsnap, maar later het die draak haar lewe begin oorneem en kon sy nie meer daarsonder funksioneer nie. Dit is juis hier waar haar probleme erger begin raak het. Sy was moeg by die werk en haar gedagtes was net by die volgende keer wat sy kon gebruik het. Soms het sy gebruik en kon sy glad nie die volgende oggend wakker word om werk toe te gaan nie, dus het sy in die moeilikheid gekom.

Sy het cat ontdek en dit het haar gehelp om haarself weer aan die gang te kry nadat die heroïen uitgewerk het: “Jy kan net vir so lank die draak wegsteek en selfs probeer regmaak met die ander draak, cat, maar dan haal dit jou ook in ....” Astrid besef dat sy van die draak ontslae moet raak, maar sy meen dat dit onmoontlik is. “Die draak word deel van jou en al probeer jy hoe hard, die draak vind jou weer en dan is dit te laat ....” Sy was al by twee rehabilitasiesentrums gewees en was vir tye lank skoon gewees, maar dit hou nie lank nie en dan val sy weer terug in haar ou gewoontes en gebruik weer heroïen en cat. Sy meen dat die rehabilitasiesentrums baie vir haar beteken het, maar dit het net vir ’n rukkie gewerk. Sy probeer nou die inplanting en woon die sessies by die sielkundige by met die hoop dat dit haar gaan help om die draak te oorwin.


© University of Pretoria

Ek het vir Astrid gevra wat haar in die eerste plek gemotiveer het om die draak te wou los?

"Ek kon dit nie meer aan my dogtertjie doen nie. Sy is my alles en ek kan sien hoe ek haar seermaak." Astrid sê dat haar dogtertjie alles weet van die draak en haar baie ondersteun in haar rehabilitasiefases in haar lewe. Sy is net bang dat haar man in die toekoms 'n hofbevel gaan kry dat sy nie meer haar dogtertjie kan sien nie, as gevolg van die draak: "... hy gaan net vir solank my nog 'n kans gee en dan gaan hy nie meer simpatie hê nie ...."

Ek het vir Astrid gevra watter rol die draak in terme van haar identiteit speel.

Sy het 'n rukkie gesit en dak toe gestaar voor sy geantwoord het: "... dit neem my lewe oor, so dit is so deel van wie ek is op die oomblik ...." Vir Astrid is die draak 'n groot deel van haar identiteit. Elke dag is dit 'n stryd om nie aan die draak te dink nie en dit voel asof die draak net te sterk is. "Ek sal seker altyd 'n druggie bly."

### 6.2.8 Refleksie op Astrid se ervaring van die gevreesde draak

Anders as die ander medenavorsers wou Astrid alles van afhanklikheid af weet en haar self inlig, want sy glo daar is 'n manier waarop sy die draak gaan oorwin, want sy wil nie haar huidige werk en haar dogtertjie verloor nie. Sy het my uitgevra oor die teorie wat meen dat afhanklikheid 'n siekte is en wat ek daarvan dink. Ek het op hierdie stadium van ons gesprek alreeds die siektebenadering in diepte ondersoek. Die afhanklikheid as 'n siektebenadering, is in hoofstuk vier in diepte bespreek. Ek het aan haar my verstaan daarvan verduidelik en gesê dat die biologiese navorsing wys dat afhanklikheid jou nerobane in jou brein verander en dat dit die dopamienvlakke ook beïnvloed. Volgens hierdie benadering is dit die rede hoekom die draak so sterk is en moeilik is om te oorwin. Verder het ek aan haar verduidelik dat hierdie benadering ook gesien word as die hoofstroombenadering, wat wêreldwyd deur die meeste van die rehabilitasiesentrums gebruik word.

Hierdie inligting het baie vir haar beteken en sy het gesê dat dit haar nie meer soos 'n swak en slegte mens laat voel nie, omdat daar fisiese veranderings in jou liggaam plaasvind en dit daarom so moeilik is om die draak teen te staan. Dit was op hierdie punt wat ek die alternatiewe metafoor van die draak wat getem kan word, met haar



© University of Pretoria

gedeel het. Hierdie deel van die gesprek word in die volgende deel van hierdie hoofstuk bespreek.

Wat opmerklik was van Astrid was die liefde wat sy vir haar dogtertjie het en bang is om haar te verloor. Dit dien as ’n groot motivering om die draak teen te staan, juis omdat sy nie meer haar dogtertjie wil seermaak nie en ook nie wil hê haar dogtertjie moet haar as ’n “druggie” sien nie. Hierdie is ’n belangrike deel van haar storie, wat in die volgende deel van die hoofstuk bespreek word.

Op hierdie punt van Astrid se lewe beskryf sy die draak as ’n groot deel van wie sy is en dus ook ’n groot deel van haar identiteit uitmaak. Sy wil dit egter nie so hê nie en wil heeltemal van die draak ontslae raak, maar dit voel nie of dit vir haar moontlik is nie.

### 6.3 Die ontdekking van ‘n alternatiewe metafoor. Die medenavorsers se reaksie op die draak wat getem kan word.

Tydens ’n opvolggespreksessie met elkeen van die medenavorsers, het ons op elkeen se verhaal gereflekteer, spesifiek oor die “gevreesde draak”-metafoor en hoe dit hulle identiteit beïnvloed. Dit het steeds deurgekom dat die algemene siening oor afhanklikheid, hetsy alkohol of dwelms, is dat dit jou identiteit in ’n groot mate beïnvloed. Daar was ’n televisiereeks wat op Comedy Central DSTV kanaal 122 gewys het, naamlik *Mom* en dit het gehandel oor twee vrouens wat afhanklik is van alkohol. Dit is ’n komedie en wys die ligter sy van mense wat veg teen die draak. In die program woon die twee vrouens geleenthede by wat afgelei kan word, deel is van die twaalf-stap-program se groepsessies, waartydens hulle elke keer hulle storie vertel. Reg aan die begin van elkeen se storie sê hulle: “... Hallo my name is ... and I am an alcoholic.” Selfs in die komediereeks kom die diskoers voor dat mense wat afhanklik is of was van alkohol of dwelms geëtiketteer word as ’n afhanklike. Selfs mense wat al vir ’n hele geruime tyd skoon is, word steeds geëtiketteer as ’n “recovering addict.”

As deel van hierdie gesprek het ek die medenavorsers gevra om ’n brief vir die draak te skryf oor hoe hulle verhouding tans lyk en wat hulle verhouding in die toekoms gaan inneem. Hierdie metode, om briewe te skryf aan die draak (afhanklikheid), is deur Diamond (2002:xix) gebruik in sy terapiesessies met mense wat afhanklik is van



© University of Pretoria

alkohol, dwelms en wat deur seksuele trauma gegaan het. Hy gebruik hierdie tegniek omdat hy van mening is dat daar krag daarin lê om ’n mens se ervarings in woorde om te sit. Dit is die konstruering van realiteite deur taal. Dit het die hoeksteun van baie narratiewe en postmoderne terapeute geword (Diamond, 2002:xix). Hierdie oefening vorm ’n ritueel wat sy pasiënte en vir hom as terapeut help om hulle verhouding met dwelms en alkohol te ontdek, en vas te stel watter rol chemiese middels en sy pasiënte se gedrag, in hulle lewens speel. Diamond (2002:xix) sê dat hierdie tegniek afstand bring tussen sy pasiënte en hulle probleme. Dit motiveer mense om hulle waardes en hulleself apart van hulle probleme te verstaan. In baie gevalle skuif die persone se perspektief van “ek is die probleem” na “ek teenoor die probleem.” Hierdie metode vorm ook deel van die eksternaliseringstegniek wat deur narratiewe terapie gebruik word.

In hoofstuk drie is die diskoers van afhanklikheid en identiteit bespreek. Tydens hierdie deel van die medenavorsers se gesprekke, het ons die moontlikheid van ’n alternatiewe metafoor bespreek. Hierdie metafoor handel oor die draak wat wel gevaarlik is, maar wat getem kan word indien jy die draak leer ken. Die animasiefilm *How to train your dragon*, is as vertrekpunt vir die gesprek gebruik.

### 6.3.1 Tuffnut en die draak wat getem kan word

Tydens een van ons sessies het ek en Tuffnut oor sy geveg met die draak gesels en weer daaroor gereflekteer. Na ons gesprek oor die gevreesde draak, is dit steeds vir Tuffnut ’n stryd, al is hy vir ’n paar maande skoon. Na ons refleksie het ons die metafoor van die draak wat getem kan word, bespreek. Hy het as volg daarop gereageer:

> Dit voel amper nie moontlik dat die draak getem kan word nie. Hy is baie sterk ... ek wil graag glo dat hy getem kan word ....

Ek het hierop gereageer en vir hom gevra hoe hy dit reggekry het om vir ‘n paar maande skoon te wees?

Hy het gesê dat die sessies met die sielkundige baie help en dat hy sekere dinge doen om nie aan afhanklikheid te dink nie, soos dat hy weer begin krieket speel het en selfs ook weer by die gimnasium uitkom. Dit alles help hom om nie weer te gebruik nie.


© University of Pretoria

Ek het vir hom gevra of hierdie nie alreeds tegnieke is wat hy in plek gesit het en waarmee hy besig is om die draak te tem nie? Om weer aandag aan sy sport te gee, waarvoor hy so lief is, beteken dat hy weer besig is om eg aan homself te wees en nie voor die eise van die draak te swig nie. Hy is dus besig om weer beheer oor sy eie lewe te neem en nie toe te laat dat die draak in beheer van sy lewe is nie.

Tuffnut het positief daarop reageer en gesê dat hy nooit so daaroor gedink het nie. “Dis waar, ek is weer besig om my ou self te word.” Ons het ook saam besluit dat dit goed is om die sielkundige op ’n gereelde basis te sien, aangesien dit vir hom ’n baie positiewe ervaring is en dus een van die tegnieke is waarmee hy die draak tem. Hy sê dat die sielkundige een van die min mense is by wie hy eerlik kan wees, want sy veroordeel hom nie. Op hierdie stadium sê Tuffnut dat hy en die sielkundige besig is om deur die trauma van sy kinderjare te werk en dit is vir hom baie positief. Ons het ook verder gesels oor moontlike ander tegnieke wat hy in plek kan sit om die draak te tem. Een ander tegniek waaraan hy gaan werk, is om meer tyd saam met God te spandeer, veral noudat hy weet hy nie hoef skuldig te voel oor die feit dat hy dwelms gebruik het nie en dat hy eintlik God in sy lewe nodig het. Hierdie tegniek kom van Tuffnut af en ek het dit nie voorgestel nie. Dit wil dus voorkom of sy geloofslewe vir hom belangrik is en asof dit hom gaan help om die draak te tem.

Ek het met Tuffnut oor sy identiteit gepraat. Tydens die metafoor van die gevreesde draak, het dit voorgekom asof die draak ’n groot deel van sy identiteit uitmaak. Tydens hierdie gesprek het ons ander moontlikhede van sy identiteit ondersoek. Ek het die eksternaliseringsproses wat deur die narratiewe benadering toegepas word, gebruik en vir hom gevra om homself te verbeel dat die draak op ’n stoel langs hom sit. Daarna het ek vir hom gesê om vir die draak te vertel wie Tuffnut is.

Tuffnut het aan die draak vertel dat hy eintlik ’n eerlike mens is wat nie die dinge doen wat die draak hom maak doen nie, soos steel en leuens vertel nie. Hy is iemand wat hou van sport en dat hy gaan aanhou om sy sport te beoefen en nie weer toelaat dat die draak dit van hom af wegneem nie.

Daarna het ek hom gevra om ‘n brief aan die draak te skryf, waarin hy vir die draak gaan vertel hoe hy oor hom voel en hoe hulle verhouding van hier af vorentoe gaan lyk. Hier volg die brief:


© University of Pretoria

Liewe Cat (naam wat hy vir die draak gegee het)

Ons het goeie tye in die begin gehad, maar daarna het alles net agteruitgegaan. Jy het my gehelp om van my verlede te vergeet en goed te voel, maar jy het my ook laat sleg voel en ek het my identiteit verloor en my doel om te lewe verloor. Jy het my in my eie grootste vyand verander en ek haat jou daarvoor.

Ek het goed gedoen, ek sou nooit mense seer gemaak het vir wie ek lief was nie. Ek het so baie verloor omdat ek jou ken, maar genoeg is genoeg!

Ek is so siek en sat om siek en sat te voel en om onwelkom te voel en om nie waardig te voel nie en dis als as gevolg van jou en hoe jy begin het om beheer oor my lewe te neem sonder dat ek dit besef het. Diep binne in my weet ek wie ek is en ek sal nie toelaat dat jy my verwoes nie.

So ek maak ‘n keuse vandag om hierdie verhouding te stop en vir jou te sê dat jy nooit ooit weer van my sal hoor of my sal sien nie. Hierdie is die einde van jou en die begin van my nuwe lewe. Ek is in beheer van my lewe en nie jy nie. Jy is dood vir my.

Cheers en totsiens
Tuffnut

### 6.3.2 Fishlegs en die draak wat getem kan word

Nadat ek die moontlike nuwe metafoor van die draak wat getem kan word, vir Fishlegs vertel het, het hy as volg daarop gereageer:

> Ek dink mens kan dit tem. Ek dink mens moet kies om dit te wil tem. Ek het ŉ druggie pel wat my konfident is en ek syne. Jou kop sê jy het nou nodig ... ons help mekaar om dit te tem deur: (1) Mekaar eerder as die dealer te bel. (2) Alternatiewes aan te bied ... bv. ŉ ‘Bar one’ of KFC ... wat ook jou serotonien levels lig.
>
> Ek dink as jy die draak verstaan ... kan jy hom tem.



© University of Pretoria

Fishlegs het baie positief op die moontlike nuwe metafoor gereageer en selfs die metafoor in sy verhaal aangepas om vir hom sin te maak. Hy sê dat die draak getem kan word as jy die draak verstaan. Dit is dus vir Fishlegs moontlik om die draak te tem, maar daar is sekere riglyne wat jy in jou lewe moet volg. Hy maak melding van ’n persoon vir wie jy kan bel indien jy ’n “craving” het en die rol van die persoon is om jou te help om iets anders te doen as om oor te gee aan die draak en dwelms te gebruik. In die konteks van Fishlegs se verhaal is die persoon ook iemand wat aan dwelms afhanklik was. Ek het hom gelukgewens dat hy pogings aanwend om die draak te tem, maar ek het gewonder of dit die beste strategie was om iemand te gebruik wat ook van dwelms afhanklik was en ook teen die draak baklei. Ek het my bekommernis gelig en gesê dat ek wonder of mens nie dalk iemand wat nie van dwelms afhanklik was, te gebruik om eerder hierdie rol te vervul nie. My rede hiervoor was, sou die draak op dieselfde stadium vir Fishlegs en sy vriend, wat ook afhanklik was, treiter, hulle nie dalk eerder sal ingee tot die mag van die draak nie.

Hy het daarop reageer en gesê dat dit ’n moontlikheid is en dalk nie die mees ideale situasie is nie, maar dat hy die vriend vertrou en glo dat hulle mekaar sal kan help om die draak te tem. Fishlegs verduidelik dat, indien jy nie al in die kloue van die draak was nie, jy nie regtig kan verstaan wat die draak doen en hoe hy werk nie. Iemand wat daardeur was, weet en verstaan dit en het meer “compassion.” Hy het ook gesê dat hy daaroor sal dink, om dalk ook iemand anders, wat nie van iets afhanklik was nie, te betrek in sy strategie om die draak te tem.

Sy tweede strategie is om alternatiewes aan te bied, wat in die plek van dwelms gebruik word, soos byvoorbeeld ’n “Bar one” of “KFC.” Weereens het ek hom gelukgewens op sy strategie om die draak te tem, deur iets anders te doen of te eet, as om in te gee en te gebruik. In hoofstuk vier is hierdie ook een van die tegnieke wat deur terapeute gebruik word om te help om die “craving” teen te staan. Vir Fishlegs werk dit om iets anders te gaan eet, wat dien as ’n plaasvervanger vir cat. Elke keer wanneer hy dit doen, voel hy ’n persoonlike oorwinning oor die draak en raak die draak al hoe makker.

Wat opvallend was, is die feit dat hy die vriend wat hy bel wanneer hy ’n “craving” het, ’n “druggie” noem. Hierdie taal wat Fishlegs gebruik sê iets van hoe hy iemand sien wat dwelms gebruik of gebruik het, naamlik ’n “druggie.” Dus impliseer dit dat, deur



© University of Pretoria

hierdie taal te gebruik, die algemene diskoers steeds ’n groot rol speel in sy verwysingsraamwerk aangaande afhanklikheid. Ons het hieroor gepraat en ek het hom gevra of hy homself ook as ’n “druggie” sien. Hy het hierop ja geantwoord, want dis tog hoe die wêreld hulle definieer. Hier kom die taal van die twaalf-stap-program in Fishlegs se woordeskat na vore. Ook hy is gekondisioneer om homself as ’n afhanklike te etiketteer.

Ek het hierop gereageer en gesê dat dit impliseer dat afhanklikheid ’n integrale deel van sy identiteit vorm en ek wonder of dit regverdig is om die draak soveel mag te gee, dat hy die reg het om deel van sy identiteit te wees. Ek het die eksternaliseringstegniek wat deur narratiewe terapie voorgestel is, gebruik en gevra of hy die draak op die stoel langs hom kan verbeel. So is die draak ’n eie entiteit wat op sy eie funksioneer en bestaan. Ek vra toe vir Fishlegs om aan die draak te vertel wie Fishlegs is, met ander woorde wie hy is sonder die draak. Die gesprek het as volg verloop:

Fishlegs noem sy draak: Duisternis.

| | |
|---|---|
| Fishlegs : | Duisternis … ek het nodig om jou iets te vertel. |
| Duisternis: | Wat … gaan jy alweer op die skuldige bootjie klim? |
| Fishlegs: | Seker. Dis ook nodig. |
| Duisternis: | Bla bla … jy weet dit werk nie met my nie. |
| Fishlegs: | Dis juis daarom dat jy dit moet hoor. |
| Duisternis: | Nou toe … laat ek tog na jou getreurmare luister |
| Fishlegs: | Ek het nie meer nodig om vir myself verskoning te maak nie. Ek hou van wie ek is. Ek is Fishlegs … uiterlik is ek dalk nou nie vreeslik mooi nie, maar ek is, okay. Ek mag nou wel my hare kleur om so bietjie die 45 jaar wat ek al die pad stap weg te steek … en dis ook okay. Ek het nie ‘n georganiseerde haar op my kop nie – en dis ook okay. Maar aan die ander kant dink ek as ek dalk bietjie meer georganiseerd kon wees sou ek nie nodig gehad het om by jou aan te klop nie, want een van my afhanklikhede van jou is dat ek gou benoud raak oor baie werk, of die onvermoë om te kan organiseer of prioritiseer. Ek is regterbrein kreatief en kan enige iets met my hande doen. |


© University of Pretoria

> Ek het vrede daarmee. Ek is nutteloos as ek nie skep nie. Ek is identiteitloos as ek nie skep nie … en ek kan nie nee vir ‘n geleentheid sê nie … dalk moet ek leer om hier en daar nee te sê. My doel en my identiteit is een. My doel is om deur my skep … nie net uiting aan myself te gee nie, maar ook uiting aan dit waarvoor ek hier op aarde is … om ‘n verskil te maak. Dalk lewe ek net in ‘n klein bubble wat dit aan betref, maar solank ek glo dat ek – al is dit net ‘n klein verskil, - maak die opstaan in die oggend vir my sin. Ek is regterbrein, Fishlegs.
>
> Ek is ‘n bietjie van ‘n hermiet … en aan die een kant ‘n bietjie lonely, en dis wanneer lonely sy kop uitsteek wat ek jou opsoek … vir geselskap, dalk self regverdiging … ek wonder?
>
> Ek is verstrooid. Ek dink ek is slimmmerig. Ek is ‘n akademiese boekwurm. Ek is ‘n afhanklike … en ek hou nie daarvan nie. Ek … liewe duisternis, kan eintlik sonder jou.

Hierdie was ’n wonderlike gesprek wat Fishlegs met die draak gehad het. Hy was baie verlig na die tyd en het geglimlag. Deur hierdie oefening het hy vordering gemaak met sy siening oor sy selfbeeld, wat aan die begin baie sleg en ongedefinieerd was. In bogenoemde gesprek kom dit na vore dat Fishlegs weer na homself begin kyk as menswaardig en hy praat weer van ’n doel hier op aarde. Ek het hom oor hierdie doel uitgevra en hy het gesê die doel waarvoor God hom gebruik, is deur sy kuns. Hy sien die mooi in sy kunswerk raak en waardeer dit weer, want dit is wie hy is.

Die hartseer en verwerping wat hy ervaar het tydens sy kinderjare, deur sy pa se vooropgestelde idees van wat ’n seun moet doen, is hy besig om vrede mee te maak. Hy kan nie iemand anders wees as wie hy is nie, en hy is besig om dit aan te gryp en uit te leef.



© University of Pretoria

Tydens ons gesprekke tot op hierdie punt het Fishlegs baie vordering gemaak en sy identiteit begin herontdek. Ons het met 'n opvolggesprek gesels oor die gesprek wat hy met die draak gehad het en hy sê dat hy weer begin om Fishlegs sonder die draak te ontdek, 'n eie unieke hy.

Na hierdie opvolggesprek het ek vir Fishlegs gevra om 'n brief aan Duisternis (sy draak) te skryf oor hulle verhouding. Hier volg die brief:

> Liewe Duisternis
>
> 'n Kort briefie
>
> Ek moet heel eerste vir jou dankie se vir al die goeie tye wat ons saam gehad het. Dit was vir my lekker. Dit was vir my by tye goed … om saam met jou en saam met vriende te kuier ….
>
> Ek weet ek is onnodig afhanklik, en soms verleë oor jou … maar jy – so glo ek – gee my moed – en maak my brawer as wat ek sou wees … of so dink ek, totdat ek eintlik agterkom dat wat ek in jou is ek maar ook sonder jou is. Maar – ek bly, in my gedagtes, en later in my lyf, nog afhanklik van jou.
>
> Ek het lankal totsiens gesê en 'n finale breuk gemaak tussen my en my vriende wat saam met jou gekuier het, maar ek sukkel nog om van jou afskeid te neem. Hoekom weet ek nie. Ek dink hierdie is die eerste stap om vaarwel te se … eintlik moes dit al lankal gebeur het … maar voor ek myself kan kry, dan soek ek jou weer op. Ons vriendskap is nie goed vir my nie. Dit hou my wakker en daarna begin ek spasmas in my dikderm kry.
>
> My grense van goeie oordeel skuif ook … en ek hou nie daarvan nie. Ek beskou myself as slimmerig … maar as dit by jou kom is daar nie rede nie.
>
> Ek is nog afhanklik van jou – en ek weet eintlik kan ek op my eie voete staan … ek het jou nie regtig nodig nie.


© University of Pretoria

Dus … dankie vir die goeie tye … maar iewers moet ons vaarwel roep!

Fishlegs

### 6.3.3 Ruffnut en die draak wat getem kan word

Tydens ’n opvolggesprek het ons weer oor die metafoor van die draak gepraat en daarop gereflekteer. Tydens hierdie gesprek het ek die nuwe metafoor van die draak wat getem kan word, voorgestel en hom kans gegee om daarop te reageer. Hierdie was Ruffnut se reaksie:

> Ek kan saamstem met die nuwe metafoor. Ek het al gehoor mens kry iets soos 'n verslawende persoonlikheid. En ek dink sulke mense word met die draak op hul skouer gebore. Dit hang net af watter kos mens hom gee, wat bepaal in watter tipe draak hy ontaard.
>
> Ek het hom verkeerde kos gegee. Maar, hy is nou getem. Hy is nogsteeds daar. Ek weet net watter kos ek hom nie kan gee nie. As ek weer dwelms moes gebruik, sal ek weer oor 'n maand of twee in die ‘gutters’ wakker word. Maar ek weet dit nou, en daarom sal ek dit nie weer doen nie. En ek is heeltemal te dankbaar dat my lewe gered is, en vir wat ek nou in my lewe het om ooit weer terug te gaan na daai lewe toe.
>
> Ek kan byvoorbeeld drink. Ek het geen probleem daarmee nie. Drank is nie 'n probleem vir my draak nie. Ek het omtrent 'n maand laas enige iets gedrink. Geen spesifieke rede nie. Ek is net nie nou lus nie. En dit is glad nie 'n probleem vir my draak as ek iets drink nie. Al die NA meetings laat dwelm afhanklikes glad nie toe om enige iets te drink nie. Dit word gesien as 'n relapse. Ek verstaan tot 'n mate hoekom hul so werk. Want mens het net soveel minder beheer oor jou aksies as jy bietjie dronk raak. Dan sal 'n dwelm afhanklike vinnig selfbeheersing verloor en weer dwelms optel, ongeag van hoe lank hul al skoon is. Ek verstaan dit als. Maar ek werk nie so nie. Ek kan hoe dronk raak, ek weet dat ek nie weer aan dwelms kan raak nie, want dit sal my lewe weer heeltemal verwoes. Ek WEET dit. So ek sal dit eenvoudig net nooit weer doen nie. Dit is nie eers by my 'n gedagte nie.



© University of Pretoria

> Ek het nog my hele lewe lank nie regtig 'n 'middel' gehad nie. Dit is, of alles, of niks vir my. Ek het ook nog nooit goed gevaar met enige tipe 'Authority' nie. Ek het nog altyd gedoen wat ek wil, wanneer ek wil. Ek het myself nooit perke gestel met enige iets nie. Ek het myself nog nooit terug gehou en beperk met goed nie soos byvoorbeel kos of sweets. Nou nog sal ek in die week mooi gesond eet en myself tot 'n mate beperk (wat ek nou eers onlangs in my lewe begin doen het) maar as ek dan lus is vir 'n soet ding, dan gaan koop ek vir myself 'n hele melktert, twee slabs en nog sweeties en ek eet dit alles een slag op. Dit is nie vir my genoeg om net 'n klein sjokolade te koop soos ander mense nie."

Op hierdie punt van die gesprek het ek hom gevra of hy moontlik in dit wat hy vir my vertel het, tegnieke kan identifiseer waarmee hy sy draak kan tem. Ruffnut het gesê dat hy 'n baie sterk wilskrag het en dat dit vir hom 'n tegniek is waarmee hy die draak kan tem. Saam het ons verder hierdie wilskrag van Ruffnut ondersoek en het ons iets meer konkreet geïdentifiseer. Wilskrag is 'n sterk deel van sy persoonlikheid en dus ook 'n sterk deel van sy identiteit. Ruffnut het gesê dat hy weer in die "gutters" sal beland as hy weer gebruik en daarom sal hy nie weer gebruik nie. Ons het gesê dat hy moontlik elke keer wanneer hy daaraan dink, of die behoefte het om weer te gebruik, hy daardie "gutter"-deel van sy lewe moet onthou en aan dink. Dit sal moontlik die wilskrag in hom wakker maak en so hom keer om weer te gebruik. Hierdie het hom baie opgewonde gemaak en hy het gesê dat dit hom baie in die toekoms gaan help, want nooit wil hy weer wees waar hy was toe hy dwelms gebruik het nie. Hy het 'n absolute afsku in die mens in wie hy verander wanneer hy gebruik.

Verder het ons oor sy kos-metafoor gepraat. Hy sê dat hy net nie die draak "verkeerde kos" moet gee nie. Hierdie is waar die slangetjie wat in jou maag bly-metafoor na vore gekom het. Saam het ons gesê dat die draak nie in sy maag bly en dus deel van sy identiteit is nie, maar eerder eenkant staan en soms ook honger word en op soek is na kos. Dus wanneer hy oor die draak praat wat gevoer wil word, is die draak nie deel van sy identiteit nie. Hierna het hy vir 'n oomblik stil geword en na die muur gestaar, waarop ek hom gevra het waaroor hy so diep nadink. Hy het gesê dat hy die draak wat getem kan word-metafoor al hoe meer verstaan. Die belangrikste is dat die draak nie deel van sy identiteit is nie en dat hy eenkant staan. Dit was 'n bevrydende oomblik vir Ruffnut. Die tegniek wat ons egter geïdentifiseer het, was een waar hy die



© University of Pretoria

draak met iets anders voer as dwelms. In sy geval het hy ’n groot soettand en kan baie soetgoed op een slag eet. Ons het dus gesê dat wanneer hy die gevoel kry dat hy weer ’n terugslag gaan kry, hy eerder die draak soetgoed sal voer, eerder as dwelms. Dit word dus een van sy tegnieke waarmee hy die draak kan tem.

Verder het Ruffnut gesê dat hy vreeslik lief is vir oefen en dat dit ook deel is van sy tegnieke oor hoe om die draak te tem. “Dit is baie beter om ’n fitness fanatic te wees, as ’n drug addict.” Ruffnut sê dat hy vreeslik hard oefen en dit baie geniet. Dit hou hom weg van die gevoel dat hy wil gebruik.

> Wel, ek wil maar net weereens se dat die draak nie deur my alleen getem kon word nie. Ek het probeer. Dit was werklik net die Here se genade wat my deur dit als gebring het.

Een van die ander tegnieke wat Ruffnut gebruik om die draak te tem, is sy geloof in God en die wete dat hy nie alleen die draak kan tem nie. Hy hou baie styf hieraan vas en meen dat dit die belangrikste tegniek is wat hy gebruik om die draak mee te tem. Ons het hieroor gesels en ek het hom gevra, dat indien hy weer sou gebruik in die toekoms, hoe dit sy verhouding met God sou affekteer. Sy antwoord was, dat indien hy weer sou gebruik dit nie God is wat hom verlaat het of nie meer ondersteun nie, maar dit eerder hy is wat die draak weer kans gegee het om oor te neem. God gee hom die wilskrag en waarsku hom wanneer hy op gevaarlike terrein beweeg. Nooit sal hy sy rug op God draai, of Hom die skuld gee vir sy swak keuses in die lewe nie.

Hierna het ek vir Ruffnut gevra of hy nie ‘n brief vir die draak wil skryf, waarin hy hulle verhouding in die toekoms definieer nie. Die brief gaan so:

> Liewe draak
>
> Ons het goeie tye saam gehad. Jy het my deur moeilike tye gehelp met die werk en ons kon saam groot projekte aanvat, want jy het my baie energie gegee. Maar jy was op die lang termyn nie goed vir my gewees nie.



© University of Pretoria

Jy het gemaak dat ek dinge doen wie ek nie is nie. Om so vir my ma hulle te lieg en amper my lewe te verloor, is nie wie ek is nie. Ek is 'n beter mens sonder jou. Ek moet vir jou sê dat ons verhouding verby is. Ek wil jou nooit weer deel van my lewe hê nie, in teendeel ek gaan jou nooit weer in my lewe toelaat nie.

Ek kon dit nie sonder die hulp van God gedoen het nie. Ek gaan deur God se hulp jou uit my lewe skuif. Ek het jou nie meer nodig om my te help met my probleme en my werk nie. God is nou daar om my te help.

So wat ek vir jou wil se is dis verby. Ons verhouding is verby.

Totsiens draak vir altyd.

Ruffnut

### 6.3.4 Astrid en die draak wat getem kan word

Tydens my gesprek met Astrid het ons weer oor die gevreesde draak gereflekteer, asook oor ons vorige gesprek oor die invloed van die draak in haar lewe. Daarna het ek met die voorstel gekom of ons nie 'n alternatiewe metafoor kan gebruik vir die gevreesde draak nie en het ek vir haar vertel van die draak wat getem kan word, asook die storie van *How to train your dragon*. Sy het as volg daarop gereageer:

> Ek het nog nooit so daaroor gedink nie. Was maar nog altyd deel van my identiteit en dis ook wat die mense my by die rehabilitasie sentrums geleer het. Ek moet erken ek het ''n probleem en is 'n verslaafde, dan eers kan ek daarteen baklei.

Ek het verder vir haar gevra of sy die nuwe metafoor in haar lewe kan gebruik:

> Beslis, alles wat ek gelees het sover laat my dink dat verslawing nie oorwin kan word nie en dat afhanklikheid net te sterk is, maar wat bedoel jy met, die draak kan getem word?

Ek het haar geantwoord en gesê dat die draak nie noodwendig so sterk hoef te wees soos wat meeste mense dink hy is nie en dat daar maniere is hoe om hierdie draak te beheer. Ek het met haar die tegnieke gedeel wat Fishlegs in sy lewe gebruik. Saam


© University of Pretoria

het ons na moontlike tegnieke gekyk wat sy kon implementeer in haar verhaal, wat haar moontlik kon help om die draak te tem. Ek het aan haar verduidelik dat dit belangrik is dat sy glo die draak kan getem word en nie haar lewe regeer nie, maar dat sy beheer oor die draak kan neem. Hierop het Astrid baie positief gereageer en gesê dat dit sin maak en dat dit haar meer motiveer om teen die draak te veg.

Die tegnieke wat ek en Astrid saam geïdentifiseer het in haar lewe was om weg te bly van die plekke waar sy gewoonlik die “dealers” ontmoet het. Vir haar was dit belangrik, want wanneer sy in die omgewing kom waar die “dealers” gewoonlik was, dan kry sy ’n “craving” en wil sy weer gebruik. In die psigologiese teorie noem hulle dit “triggers.” “Triggers” is gebeure en plekke wat die liggaam herinner aan dwelms en dan ’n “craving” aanwakker (hierdie verskynsel is in hoofstuk vier bespreek). Hierdie was nie so moeilik om toe te pas in haar lewe nie, aangesien sy die “dealers” by snaakse plekke ontmoet het, waarnatoe sy nie in haar alledaagse lewe gaan nie.

Sy het baie van Fishlegs se idee gehou dat sy iemand moet kan bel wanneer sy ’n “craving” kry. Hierdie is ’n tegniek wat sy kan implementeer om die draak te tem. Haar ma was nog altyd baie belangrik in haar lewe en het haar nog altyd deur alles heen ondersteun en nooit afgeskryf of veroordeel nie. Dus het sy haar ma geïdentifiseer as die een wie sy sou bel wanneer sy voel die draak raak nou te sterk. Later het sy my laat weet dat haar ma ingestem het om hierdie rol in haar lewe te speel en dat sy al twee keer “cravings” gekry het dan haar ma dadelik gebel het. Haar ma het haar dan daaruit gepraat en sy het nie weer gebruik nie.

’n Derde tegniek wat sy self voorgestel het, was hoe lief sy vir haar dogtertjie was en dat sy wil ophou om haar dogtertjie seer te maak. Sy het voorgestel dat ’n tegniek om die draak te tem, sou wees om ’n foto van haar dogtertjie in haar beursie te dra en wanneer sy “cravings” kry, na die foto te kyk en dan haar self te motiveer om nie te gebruik nie. Ek het haar gesê dat dit ’n moontlike opsie was, maar dat sy dit nie net vir haar dogtertjie moet doen nie, maar vir haarself ook. Dit is op hierdie punt waar ons oor haar identiteit begin gesels het.

Ek het vir haar gevra dat as sy haarself altyd as ’n “druggie” sien soos wat sy gesê het in ons vorige gesprek, dink sy dat sy ooit die draak sal kan oorwin en hom uit haar lewe uitskryf? Sy het gereageer en gesê: “... seker nie.” Ek het vir haar gevra of ek


© University of Pretoria

iets anders kan voorstel wat deel vorm van die draak-metafoor waar die draak getem kan word. Ek het gesê dat sy haar self moet verbeel dat die draak eenkant op die stoel langs haar sit en nie deel van haar is nie. Ek het soos met Fishlegs ook die draak geëksternaliseer. Daarna het ek haar gevra of sy die draak nie as los van haar lewe kan sien, eerder as ’n integrale deel van haar lewe nie. Of sy die draak as iets buite haarself kan sien en wat sy dan ook kan tem.

Sy het hierop gereageer en gesê dat sy dit kan doen. Ek het haar gevra hoe dit moontlik haar identiteit verander. “Dit maak dat ek myself eerder kan sien as iemand sonder die draak ... wow, dit is amazing, ek voel so vry ... so los ....” Uit haar reaksie wil dit voorkom asof Astrid ’n kopskuif gemaak het. Ek het haar gevra om ’n brief aan die draak te skryf waarin sy hulle verhouding beskryf en hoe hulle verhouding van hier af verder gaan lyk. Die brief lyk as volg:

> Dierbare Puf (naam wat Astrid aan die draak gegee het)
>
> Jy was vir so ‘n lang tyd my metgesel, ‘n metgesel wat my aan die begin so goed laat voel het. Aan die begin was dit goed om jou te gebruik, want dit was deel van sosiale aanvaarbaarheid ... almal het dit gedoen en hoekom sou ek wou “uit” wees?
>
> Maar mettertyd het jy meer as ‘n vriend geword. Voor ander mense kon ek jou wegsteek (hulle het nooit van jou geweet nie – soort van ‘n skelm verhouding!), maar wanneer ek alleen was, en veral wanneer ek aan al my probleme gedink het, het ek jou uitgehaal.
>
> Ek kon sekere tye, wanneer ek tussen mense was (en veral by die werk was waar baie mense om my was), sonder jou klaar kom, maar wanneer al die mense verdwyn het en ek alleen was, was dit so maklik om jou weer uit die kas te gaan haal. En al wou ek oor soveel jare nie erken dat jy stelselmatig besig was om my in die afgrond in te trek nie (my ma en mense om my het al die tekens gesien en my gewaarsku en ek weet as ek jou nie skei nie, gaan ek my meisiekind verloor), moet ek ongelukkig nou ‘n besluit neem ... dit is ek of jy!


© University of Pretoria

Al was ek vir so lank so lief vir jou, moet ek herken dat jy is nie goed vir my of my menswees is nie. Jy het my denke versluier en ek kon nie meer goed sien nie. Al is dit hoe swaar, moer ek vir jou sê: jy het na vandag geen sê meer oor my lewe nie. Ek wil jou nooit weer sien nie (al treiter jy my elke dag en verskyn jy by geleenthede wat ek nie verwag nie), gaan ek jou tem en jy gaan nie meer my lewe regeer nie. Jy is nie so verskriklik soos wat ek gedink het nie en ek gaan nie meer bang vir jou wees nie.

So, vandag se ek TOTSIENS vir die verhouding wat ons gehad het. Dit gaan nooit weer dieselfde wees nie, ek gaan nie meer so aanhou nie.

Astrid

### 6.4 Kom ons dans: Die diskoers dat ‘n terugslag ‘n mislukking is

Vanuit my gesprekke met die medenavorsers het dit ook na vore gekom dat hulle skuldig en soos ’n mislukking voel elke keer wanneer hulle ’n terugslag het. Hierdie is ’n diskoers wat in die harte van die medenavorsers leef. Daar is baie teorieë waarom terugslae voorkom. Die teorie wat meen dat afhanklikheid ’n siekte is, wys daarop dat dwelms sekere funksies in jou brein verander en dat die dopamienvlakke verminder. Dit impliseer dat wanneer die liggaam op soek is na ’n goeie gevoel, dit dan terugslaan na dwelms toe omdat dit al manier is wat die brein ken oor hoe om ‘goed’ te voel. Vanuit ’n Praktiese Teologiese, postfundamentele benadering, is ons in gesprek met ander teorieë en dissiplines en daarom kan ek na hierdie teorie verwys. Indien ons sou veronderstel dat sekere breinfunksies verander as gevolg van die chemiese samestelling van dwelms, dan maak dit sin dat terugslae gebeur. Die vraag is hoe benader ons as Praktiese Teologiese, postfundamentele navorsers hierdie verskynsel?

Ek het die metafoor van dans voorstel. Wanneer mens dans, gee mens ’n paar tree vorentoe en soms ’n tree terug. Wanneer ons hierdie metafoor sou toepas en dit aan terugslae koppel, kan ons sê dat jy soms met die draak dans. Jy gee ’n paar tree vorentoe en soms ’n tree terug. Hierdie tree vorentoe impliseer die draak wat in proses is om getem te word. Daar is dus vordering. Die een tree terug, verwys na ’n terugslag. Wat die metafoor verder beteken, is dat solank jy meer vorentoe beweeg as agtertoe


© University of Pretoria

in jou dans met die draak, is daar vordering. Mens moet dus nie te hard op jouself wees wanneer ’n terugslag plaasvind nie, want dit is deel van die dans. Dans is ’n positiewe, sosiale aksie wat mense as lekker ervaar. Daarom is die metafoor positief. Die metafoor ondersteun ook eksternalisasie, wat deur die narratiewe terapeutiese benadering gebruik word, in dié sin dat jy met die draak dans en dat die draak nie deel is van jou nie, want anders kon jy nie met die draak gedans het nie.

Een aspek van die dans-metafoor wat moontlik verkeerd verstaan kan word, is dat ’n tree terug in dans nie negatief is nie en deel van die dans is. In die metafoor om met die draak te dans, is die tree terug ook deel van die dans, maar dit is egter belangrik dat die meeste treë vorentoe gegee word en nie terug nie.

Die medenavorsers het hierdie metafoor van die dans met die draak positief beleef. Dit het ’n verandering aan hulle siening oor hulle selfbeeld gemaak, in dié sin dat hulle nie meer soos ’n mislukking hoef te voel omdat hulle terugslae het nie. Dit is deel van die proses waar die draak getem word en hoe meer hulle tegnieke in plek sit om die draak te tem, hoe minder treë gaan hulle terug gee. Astrid het dit veral waardeer en dit het vir haar baie beteken. Fishlegs en Ruffnut is al ’n paar maande skoon en hulle sê hulle wil nooit weer ’n tree terug gee nie, maar as hulle dalk eendag ’n terugslag sou hê, hulle die dans-metafoor sal onthou.

### 6.4.1 Skuldgevoelens as gevolg van terugslae

Deel van die medenavorsers se verhale is die skuldgevoelens wat opduik wanneer hulle terugslae het. Hulle voel skuldig oor twee aspekte:

- Hulle voel hulle stel weer hulle geliefdes teleur.
- Hulle voel skuldig voor God, as gevolg van die sonde wat hulle doen.

Die rede waarom dit nodig is om hierdie skuldgevoelens aan te spreek of daaroor te praat, is omdat mense wat afhanklik is van dwelms in baie gevalle weer begin gebruik as gevolg van skuldgevoelens oor sekere gedrag, ens. Dus, wanneer hulle “skuldig voel” omdat hulle weer begin gebruik het, gebeur dit dat hulle aanhou gebruik om die skuldgevoelens weer te laat verdwyn. So beland hulle in ’n bose kringloop wat somtyds nie ophou nie. Daarom is dit vir die medenavorsers belangrik om hierdie skuldgevoelens aan te spreek en te dekonstrueer.


© University of Pretoria

Die eerste rede wat die medenavorsers gee oor hoekom hulle skuldig voel, gaan oor hulle geliefdes. Vir Ruffnut gaan dit oor sy ouers en op hierdie stadium van sy lewe, ook sy vrou. Hulle speel ’n kardinale, belangrike rol in sy lewe en hy het hulle al te veel teleurgestel in die verlede, veral sy ouers. Vir Astrid is dit haar ma en haar dogtertjie. Haar ma was nog altyd die een wat haar deur alles heen ondersteun het en nooit verwerp het nie, ten spyte van herhaaldelike terugslae. Vir Fishlegs gaan die teleurstelling oor homself. Hy wil homself nie teleurstel nie. Vir Tuffnut gaan dit ook oor sy ma wat hom deur moeilike tye bygestaan het.

Ons het gepraat oor waarom hulle teleurstelling beleef wanneer hulle ’n terugslag beleef. Vir die medenavorsers gaan dit oor die opvatting daar buite, dat wanneer jy ’n terugslag het, jy ’n mislukking is en ’n swak mens wat nie sterk genoeg is om “nee” te sê nie. “Dis mos maklik, sê die mense ... jy hou mos net op en klaar ... jy maak mos ’n keuse en bly daarby ....” (Tuffnut). Die gevolgtrekking waarby ons uitgekom het, was dat mense oor die algemeen nie die kennis oor afhanklikheid het nie en nie weet wat dit van ’n mens vat om teen die draak te veg nie. Die meeste mense is naïef wanneer dit by afhanklikheid kom. Ek het met hulle gedeel hoe ek oor afhanklikheid gedink het voor ek by die rehabilitasiesentrums ingeskakel het, en voor ek met die navorsing begin het. Ek self het gedink dit is net sterk wilskrag wat nodig is om afhanklikheid te stop. Juis dit wat Tuffnut genoem het, is hoe ek aanvanklik daaroor gevoel het. Dit was vir die medenavorsers ’n ontnugtering, sowel as vertroosting, om te weet dat selfs ek so daaroor gedink het. Ek het vir hulle gesê dis omdat ek oningelig was. Dus moet hulle na die konteks kyk waarin hulle hulleself bevind en dit is afhanklikheid. Waarom voel hulle skuldig oor hoe mense moontlik mag dink oor terugslae? Ek het hulle aangemoedig om hierdie skuldgevoelens met hulle geliefdes te deel en op hulle reaksie te reflekteer. Wanneer mens die draak ken, kan jy hom tem en verstaan jy die wêreld waarin die medenavorsers hulleself bevind. Al die medenavorsers het teruggekom met ’n volgende sessie en was verbaas oor die reaksie van hulle geliefdes. Deur die bank het hulle geliefdes hulle verseker dat hulle altyd vir hulle lief sal wees en sal ondersteun, solank hulle aanhou om tegnieke in plek te sit om die draak te tem en nie net oorgee aan die draak nie. Astrid het vertel hoe sy in die kar saam met haar dogtertjie gery het, met haar daaroor gepraat het en haar dogtertjie het gesê: “Ek sal altyd lief bly vir mamma.” Dit het Astrid in trane gelaat.


© University of Pretoria

Dus het die medenavorsers tot die besef gekom dat hulle nie skuldig hoef te voel oor ander mense se onkunde nie. Wanneer ’n terugslag gebeur en in die dans met die draak ’n tree terug gegee word, moet hulle dit onthou. Solank hulle meer vorentoe dans as agteruit.

Die tweede rede waarom die medenavorsers skuldig voel, is die konsep van sonde en dat hulle sonde doen wanneer hulle ’n terugslag het en God teleurstel. Hierdie diskoers oor wat sonde is en hulle Godsbeeld is al in hoofstuk vyf aangespreek. Dus is hierdie diskoers reeds gedekonstrueer.

## 6.5 Persoonlike refleksie op hoofstuk ses

Hoofstuk ses was vir my die lekkerste hoofstuk om te skryf. Om te kon sien hoe die verhale van die medenavorsers ontwikkel het in positiewe hervertelde toekomsverhale, was ’n wonderlike ervaring en dit is ’n voorreg om deel daarvan te kon wees. Die medenavorsers is werklik ’n inspirasie vir my, om te dink dat hulle na die draak hulle lewens amper verwoes het, kon opstaan en genoeg energie en waagmoed het om aan te gaan. Hoofstuk vier vertel hoe sterk afhanklikheid is en hoe afhanklikheid nie ligtelik opgeneem kan word nie. Al die teorieë en tegnieke wat alreeds ontwikkel is in terme van afhanklikheid, wys daarop dat hierdie draak nie maklik is om getem te word nie. Tog sien die medenavorsers daarvoor kans, soos wat Hickup die gevreesde draak aangedurf en getem het.

Die brief wat die medenavorsers aan die draak geskryf het, was ’n groot oomblik in hulle lewens. Die verligting om die draak te kon eksternaliseer en vir hom te sê hoe hulle oor hom voel en hoe die toekoms verder gaan lyk, het vir hulle nuwe moed gegee. Dit het hulle die geleentheid gegee om die draak te kon konfronteer en in die oë te kyk, vir hom te kon sê wat hulle van hom dink en watter rol hy verder in hulle lewens gaan speel. Hulle wou elkeen hulle briewe hou as herdenking van die groot stap wat hulle geneem het.


© University of Pretoria

# 7. HOOFSTUK 7: IN GESPREK MET ANDER DISSIPLINES

## 7.1 Inleiding

Hierdie deel behels beweging ses van die sewe bewegings van Praktiese Teologie. Beweging ses handel oor gesprekke wat met ander dissiplines gevoer word oor die 'data' wat ingesamel is. In hierdie studie is die 'data' die verhale van die medenavorsers. Hierdie gesprekke maak die verhale van die medenavorsers "dikker." Vanuit 'n postfundamentele benadering, is dit belangrik om ander dissiplines te raadpleeg.

Dwelms en afhanklikheid is 'n studieveld wat deur verskeie dissiplines behandel word. Ek het dus spesifiek na dissiplines gaan soek wat met afhanklikheid werk, naamlik Sielkunde, Maatskaplike Werk asook 'n terapeut by 'n rehabilitasiesentrum in Kemptonpark. Ek het die verhale van die medenavorsers vir die onderskeie persone wat deel vorm van die interdissiplinêre gesprek, gestuur via e-pos, saam met vier vrae wat deur Müller (2009:227) voorgestel is vir 'n interdissiplinêre gesprek:

- Wanneer jy die verhale van die mense lees, wat is jou bekommernisse daaroor, hoe sal jou dissipline te werk gaan daarmee?
- Wat dink jy is jou dissipline se unieke perspektief oor hierdie verhale?
- Waarom dink jy sal jou perspektief verstaan en waardeer word deur ander dissiplines?
- Wat sal jou grootste bekommernis wees indien die perspektief van jou dissipline nie ernstig opgeneem word nie?

In die e-pos het ek hulle gevra om hierdie vrae vanuit hulle verskillende dissiplines te beantwoord. In die verskillende teologiese vakgebiede, is daar nie nut daarin om byvoorbeeld van die Nuwe-Testament en die Ou-Testament gebruik te maak nie, aangesien hulle met Bybelse tekste werk. Ek het wel in hoofstuk vyf 'n Nuwe Testamentikus geraadpleeg om my leiding te gee aangaande die sonde-konsep van die Nuwe Testament.


© University of Pretoria

## 7.2 Vanuit ‘n sielkundige oogpunt

Die sielkundige wat ek geraadpleeg het, is dr. Analise Endress. Sy werk baie met mense wat afhanklik is of was van enige vorm van afhanklikheid, veral alkohol en dwelms. Sy werk saam met ’n mediese dokter wat die Naltrexone-inplantings doen. Haar kommentaar vanuit ’n sielkundige oogpunt is as volg:

### 7.2.1 Ruffnut

- Sy ouers is geskei. Het hy berading gekry vir die egskeiding? Indien nie, kan dit lei tot skeidingsangs.
- ‘n Rou proses sou gehelp het om die verlies te aanvaar sodat ‘n ontkennende persoonlikheid nie ontwikkel nie, want ontkenning kon later ‘n groot rol speel in afhanklikheid.
- Ten spyte van die pogings van die stiefpa wat ‘n gesonde verhouding wou kweek, het hy hom elke keer uitgelok. Dit dui daarop dat hy nie deur egskeiding gewerk het nie en lei tot ‘n gevoel van verwerping.
- Met die dood van sy pa, was daar begeleiding deur die rouproses?
- Sy afhanklikheid het hom selfvertroue gegee wat moontlik daarop dui dat hy selfbeeldprobleme het.
- Sy vriende gebruik ook cat, maar hy raak afhanklik, wat daarop kan dui dat daar gene betrokke is wat tot afhanklikheid kan ly.
- Dit kan wees dat hy “confussed boundries” het en daarom nie weet wanneer om nee te sê nie.
- Die diagnosering van bipolêr kan daarop dui dat hy ‘n onstabiele gemoed het wat hom vatbaar maak vir afhanklikheid.
- ‘n Onstabiele gemoed maak dat jy opsoek is na iets anders.
- Die gebruik van dwelms kanselleer die medisyne uit wat vir bipolêr gebruik word en kon dus nie gewerk het nie.
- Hy ontwikkel ‘n afhanklikheidspersoonlikheid deur te steel, leuens te vertel en ander te blameer.
- Sy tye in die rehabilitasiesentrums was waarskynlik nie die regte tyd gewees nie. Hy het nog nie “rock bottom” geslaan nie en dan is die motivering om dwelms te los, nie baie groot nie.


© University of Pretoria

- Daar is vrae wat opkom oor die worsteling met God, aangesien hy op ‘n dag en datum opgehou gebruik het, naamlik: hoe het hy sy gemoed herstel om so skielik op te hou?, het hy dalk weer met sy medikasie begin om sy bipolariteit teen te staan?, hoe het hy slaap bestuur, want mense wat ophou om dwelms te gebruik het gewoonlik slaapversteurings en moet deur middel van medikasie dit weer in plek kry en min slaap verhoog bipolariteit.

### 7.2.2 Fishlegs

- Onbetrokke pa maak dat hy nie met ‘n manlike figuur kon identifiseer nie.
- Tydens sy ontwikkelingsfase waar sy selfbeeld ontwikkel, kon dit nie bestuur word deur ‘n manlike figuur nie.
- Met die dood van sy pa, is daar deur die rouproses gewerk?
- Hy het ‘n minderwaardigheidsgevoel, aangesien hy alles probeer het om sy pa se goedkeuring te kry.
- Wanneer het die homoseksuele gevoelens begin kom, was dit al van jongs af of het dit met die internet-pornografie begin?
- Die “abusive” verhouding wat hy met die man gehad het, het gelei tot manipulasie deur geweld en gemaak dat hy nie op sy eie voete kon staan nie. Dit was dieselfde boodskap wat hy van sy pa af ervaar het en dus moontlik die rede is waarom hy in die verhouding gebly het.
- Die gebruik van pornografie bring sekere vrae op: het sy seksuele kant seergekry tydens adolessente fase en hoe het pornografie dit verander of beïnvloed en het dit ‘n invloed op sy seksuele oriëntasie gehad?
- Alkohol, dwelms en pornografie dui op ‘n afhanklikheidspersoonlikheid. Waar sou dit vandaan kom?
- Was die selfmoordpoging as gevolg van dwelms of depressie? Waarskynlik depressie as gevolg van sy verlede.
- Hy besoek “dating” webtuistes. Was hy eensaam dat hy hierdie webtuistes besoek het om ander mense te ontmoet?
- Hy sê dat hy ‘n gesonde verstand gehad het toe hy dwelms begin gebruik het. My kommentaar sou wees dat ‘n gesonde verstand nie dwelms sou gebruik nie. Watter kernoortuigings was dus alreeds gevorm gewees?


© University of Pretoria

- Die skuif van een man na 'n ander in kort tydperke, dui daarop dat hy nie aanvaarding in homself beleef nie.

### 7.2.3 Tuffnut

- Sy pa was afhanklik aan alkohol, dus speel daar genetiese faktore 'n rol.
- Hy het baie verwerping beleef, as gevolg van sy pa wat nooit opgedaag het nie, en dit kon later 'n rol speel in die gebruik van dwelms.
- Sy ouers is geskei op die ouderdom van twee jaar, wat impliseer dat daar moontlike rusie in die huis kon wees. Watter invloed het hierdie rusies op sy lewe gehad?
- Sy optrede tydens sy skooljare is as gevolg van die verwerping wat hy tydens sy kinderjare beleef het, want 'n kind wat verwerp was, se optrede is van so aard dat hy weer verwerp word, want dan voel sy liggaam ontspanne.
- Hoekom het hy met steroïdes geëksperimenteer, wou hy goed voel oor homself? Dit dui op 'n swak selfbeeld.

### 7.2.4 Astrid

- Waar het haar dwelms begin, was dit voor die swangerskap en indien wel, hoe het sy opgehou tydens die swangerskap?
- 'n Vraag wat opkom is, wat het in haar kinderjare gebeur wat dit vir haar moeilik maak om spanning te hanteer dat sy so ekstreem optree deur heroïne te gebruik?
- Sy sê sy was lief vir haar pa. Het sy deur die rouproses gewerk na haar pa se dood?
- Sy was getroud toe sy dwelms gebruik het. Het haar man haar nie bygestaan deur die spanning van die besigheid nie? Wat was die rol wat hy gespeel het in hulle huwelik en die bystand van sy vrou?
- Haar ma het as 'n mede-afhanklike opgetree omdat sy haar elke keer gaan help het en so toegelaat het dat sy nooit verantwoordelikheid vir haar eie optrede aanvaar het nie en dus nie iets daaruit geleer het nie.
- Was depressie nooit gediagnoseer nie? Die feit dat sy nie meer die alleenheid kon hanteer nie, dui daarop dat sy moontlik 'n depressielyer was.

### 7.2.5 Analise Endres se antwoorde op die ander drie vrae

| |
|---|
| Vraag 2: Wat dink jy is jou dissipline se unieke perspektief oor hierdie verhale? |


© University of Pretoria

Die identifisering van trauma is baie belangrik in die herstelproses van afhanklikheid. Indien trauma nie geïdentifiseer en aangespreek word nie, kan die persoon net weer in dieselfde destruktiewe groewe val. Saam hiermee is die identifisering van sekere psigiese siektetoestande soos bipolêr en depressie. Sielkunde help met die identifisering hiervan.

| |
|---|
| Vraag 3: Waarom dink jy sal jou perspektief verstaan en waardeer word deur ander dissiplines? |

Elke dissipline het 'n unieke invalshoek en werk tot die genesing van die totale mens. Vanuit 'n sielkundige oogpunt word daar dus met verskillende dele van die mens gewerk en nie net die verhale wat oor afhanklikheid gaan nie.

| |
|---|
| Vraag 4: Wat sal jou grootste bekommernis wees indien die perspektief van jou dissipline nie ernstig opgeneem word nie? |

Indien sekere psigiese siektes soos bipolariteit nie gediagnoseer word nie, gaan daar nooit logiese denke wees nie en die gemoed gaan te onstabiel wees om goeie besluite te neem. Onopgeloste trauma, soos egskeiding, lei ook na psigiese siektes soos depressie.

### 7.3 Vanuit 'n terapeut wat met afhanklikheid werk se oogpunt

Amanda Richter is werksaam in Elim-kliniek in Kempton Park as 'n pastorale berader. Elim-kliniek is 'n professionele rehabilitasiekliniek wat spesialiseer in die behandeling van persone wat sukkel met afhanklikheid. Hierdie afhanklikheid kan wees van 'n verskeidenheid middele (drank, dwelms, medikasie) en ook aan prosesse (dobbel, tegnologie, seks). As pastorale berader help hulle die pasiënte om, as deel van hulle herstelproses, ook opnuut aandag aan hulle persoonlike verhouding met God te gee. Sy beskik oor 'n PhD (Teologie) in Pastorale Gesinsterapie, wat sy aan die Universiteit van Pretoria behaal het.

Amanda Righter se kommentaar vanuit 'n pastorale terapeut, wat werksaam is by 'n rehabilitaisekliniek, is as volg:


© University of Pretoria

In die veld van pastorale berading, veral vanuit die narratiewe benadering, is dit belangrik om te onthou dat elke pasiënt ’n unieke lewensverhaal het. Elkeen het gebeure en trauma (soos rousmart) beleef wat moontlik kon bydra tot die dwelmmisbruik. Skade aan verhoudings of negatiewe verhoudings in hulle lewens, het ook ’n groot rol gespeel. Veral hul verstaan van en verhouding met God speel ’n groot rol in hul lewensverhale, hulle afhanklikheid en soveel te meer in hul herstelproses.

Gevolglik sou my grootste bekommernis wees dat professionele persone nie as ’n geheel na die persoon se lewensverhaal sou kyk nie, maar dat elke dissipline (medies, terapeuties en ook pastoraal) afsonderlik te werk sou wou gaan met die persoon. Dit help nie om die persoon medies te detoks van die middele waaraan hy/sy afhanklik was, maar die trauma en die storie van die afhanklikheid word nie terapeuties aangespreek nie. Terselfdertyd moet die persoon gelei word om deur die vertel van sy storie tot ’n verstaan van sy/haar storie te kom. Dit sal die persoon gevolglik baat om dan aan verhoudinge in sy/haar lewe te werk as deel van sy/haar herstelproses. Met hom-/haarself, sowel as met ander en in die groter storie waarbinne sy/haar storie afspeel, ook met God.

Ter illustrasie hiervan, het Ruffnut as kleuter sy ouers se egskeiding beleef, asook sy ma se tweede huwelik, die geboorte van sy halfbroer en as pre-adolessent die afsterwe van sy pa. Konflik met sy stiefpa het ook ’n rol gespeel. Sy verhouding met sy stiefpa het later verbeter, moontlik omdat sy stiefpa nooit opgehou het om hom liefdevol te hanteer nie.

Fishlegs was kreatief aangelê, wat hom ‘anders’ gemaak het, hulle het as gesin baie rondgetrek en hy het ook konflik met sy pa beleef. Jare later, het sy pa hom egter ondersteun toe hy erken het dat hy gay is. Ook by Fishlegs was die dood van sy jonger broer aan ’n rare siekte, trauma wat hy beleef het.

Tuffnut het self ook die egskeiding van sy ouers beleef, en sy pa het self met afhanklikheid van alkohol gesukkel. Konflik met sy stiefpa het ook plaasgevind, asook die ontwrigting om na ’n seunskool te gaan, en die geboorte van sy halfbroer. Tuffnut se verhouding met sy ma het verbeter, na hy as gevolg van dwelmgebruik gesukkel het met sy asemhaling en sy ma om hulp gaan vra het.


© University of Pretoria

Astrid se egskeiding en die feit dat haar dogtertjie woonagtig is by haar eksman, sowel as die feit dat sy bankrot verklaar is, was moeilik vir haar om te hanteer. Die dood van haar pa, met wie sy ’n goeie verhouding gehad het, was ook baie traumaties vir haar. Haar ma is egter ’n groot ondersteuning vir haar en ook die feit dat sy haar dogtertjie kan besoek soos sy wil.

Tuffnut is die enigste een van die gespreksvennote wat nie ’n gesinslid aan die dood afgestaan het nie, of iets pertinents genoem het van sy verhouding met God nie. Waar dit in ’n groot mate vir Ruffnut, Fishlegs en Astrid bygedra het tot hul behoefte aan hulp, ’n keerpunt vir Ruffnut was om te verander en die nodige ondersteuning vir Astrid bied as deel van haar herstelproses.

### 7.3.1 Amanda Richter se antwoorde op die ander drie vrae

| Vraag 2: Wat dink jy is jou dissipline se unieke perspektief oor hierdie verhale? |
|---|

As pastorale berader wat spesialiseer in berading met diegene wat sukkel met ’n afhanklikheid, is dit opvallend dat vir die meeste mense wat sukkel met ’n afhanklikheid, gevoelens van skaamte (Fishlegs), skuldgevoelens (Astrid) en vernedering (Ruffnut) deel van die stryd is. Eers wanneer hierdie gevoelens erken en enige gepaardgaande negatiewe etikette ‘labels’ wat die persoon self of ander aan hulle self toegeken het as gevolg van die afhanklikheid weggevat word, kan die genesingsproses begin. Negatiewe etikette kan enige iets wees wat die persoon glo oor hom-/haarself, byvoorbeeld: “Ek is ’n druggie,” “Ek is ’n teleurstelling vir myself/my familie,” “Ek is ’n slegte ouer.” Menige maal is dit slegs dan wanneer die proses van vergifnis, wat sentraal tot geloof in God staan, kan geskied. Selfvergifnis, sowel as vergifnis van ander, die vra van vergifnis van ander en God, asook om dan in God se genade en vergifnis te leef.

| Vraag 3: Waarom dink jy sal jou perspektief verstaan en waardeer word deur ander dissiplines? |
|---|

Die bekende sielkundige, Carl Jung, het in ’n studie oor alkoholisme verwys na die behoefte van persone wat sukkel met afhanklikheid, na ’n “need to fill a void inside with spirits,” waar die leemte slegs deur God en die Heilige Gees (‘Holy Spirit’) gevul


© University of Pretoria

kan word. Ook die AA gee erkenning aan die rol van ’n sogenaamde ‘Higher Power’/‘God of your understanding’ in die herstelproses.

In my werk as pastorale berader in ’n rehabilitasiekliniek, oorvleuel van die temas wat pastoraal aangespreek word met die pasiënte, baie maal met die temas wat terapeuties deur die terapeute aangespreek word, soos verlies van ’n geliefde (rousmart), selfbeeld- en vergifniskwessies. Terapeute sal soms die pasiënt eerder na die pastorale berader verwys om hierdie kwessies aan te spreek, veral as dit ’n geestelike ondertoon het.

| |
|---|
| Vraag 4: Wat sal jou grootste bekommernis wees indien die perspektief van jou dissipline nie ernstig opgeneem word nie? |

My grootste bekommernis, sou my dissipline as pastorale berading en ook my narratiewe perspektief nie ernstig opgeneem word nie, is dat persone se afhanklikheid eensydig aangespreek sou word uit een dissipline alleenlik, en die persoon se storie van afhanklikheid nie in konteks van sy lewensomstandighede en ook verhouding met homself, ander en God geplaas word nie.

## 7.4 Vanuit ‘n maatskaplike werker se oogpunt

Die maatskaplike werker wat ek gebruik het, is werksaam in die oostelike dele van Pretoria. Sy wou egter anoniem bly vir die volgende rede: sy werk tans met ’n sensitiewe afhanklikheidsaak en wil dit nie belemmer deur moontlike sensitiewe inligting weer te gee nie.

| |
|---|
| Vraag een geantwoord deur ‘n maatskaplike werker: |

- **Tuffnut**

Tuffnut se verhaal is aangrypend en reflekteer iets van iemand wat deur vroeë trauma gegaan het met die dood van sy pa en toe later weer die egskeiding. Dit maak die deure oop vir hom om dus later van dwelms afhanklik te raak. Ongelukkig het hy toe later in aanraking gekom met dwelms. Hy is volgens die verhaal besig met terapie en het ook die inplanting gekry en dus word daar ook medies na hom omgesien. Vanuit ’n maatskaplike werker se oogpunt, is dit een van die dele van sy lewe wat ek sou ondersoek. Afhanklikheid veroorsaak onttrekkings en in baie gevalle is dit belangrik


© University of Pretoria

om mediese hulp te kry. In die meeste gevalle by rehabilitasiesentrums is daar susters aan diens wat hierdie mediese hulp bied.

Om hulp vanaf 'n rehabilitasiesentrum te kry, kos baie geld en nie almal het mediese fondse nie en kan dit dus nie bekostig nie. My ervaring is dat hulle net weer in dieselfde gat val, want hulle kan nie hulp bekostig nie. In baie gevalle moet ek mense na staatsinstansies, wat met afhanklikheid werk, stuur vir hulp. In Tuffnut se geval is hy bevoorreg om die inplanting te kon kry en ook vir terapie te kan gaan.

Ek sou ook verder seker maak dat hy kos in die huis het en indien daar ander mense soos kinders betrokke sou wees, dat hulle veilig is en goed versorg word. In baie gevalle moet ons kinders uit ouerhuise neem as gevolg van die ouers wat hulle geld gebruik om dwelms of drank te koop en nie kos vir die kinders gee nie.

Daar sou ook na sy ondersteuningstrukture gekyk word: Is daar mense wat na hom kan omsien, seker maak hy gaan vir terapie en wat hom in sy rehabilitasieproses bystaan en ondersteun? In Tuffnut se geval lyk dit asof sy ma hierdie rol vertolk.

- **Fishlegs**

Fishlegs het 'n aangrypende verhaal. Vanuit 'n maatskaplike werker se oogpunt, sou ek gewonder het of hy ooit in terapie was om die dood van sy broer en sy pa te verwerk. Hierdie is ook soos in Tuffnut se geval, trauma wat hom moontlik vatbaar vir dwelms kon maak. Hy praat van 'n patriargale pa wat 'n kind van sy tyd was en daaruit lei ek af dat hy geworstel het met sy seksuele oriëntering en sy verhouding met sy pa. Daarvoor sou terapie ook baie vir hom beteken het.

As ek na sy ondersteuningstrukture kyk, dan lyk dit vir my of sy ma hierdie rol moontlik kan vertolk. Ek wonder waar sy is, want in die verhaal kan ek nie aflei hoe sy in sy lewe betrokke is nie? Hy gaan moet leer om meer opbouende verhoudings te kweek, met mense wat hom eerder ondersteun as mense wat sy afhanklikheid versterk. Dit lyk asof hy sukkel om mense te kies wat goed is vir hom. Dus sal ek baie aandag aan sy persoonlike verhoudings gegee het, sowel as sy ondersteuningsnetwerk.

Dit lyk asof hy 'n salaris verdien en dalk 'n mediese fonds het. Dus sou dit 'n moontlikheid wees om by 'n rehabilitasiesentrum aan te meld vir hulp. Sy afhanklikheid


© University of Pretoria

gaan aangespreek moet word. Dit help nie hy het 'n ondersteuningsnetwerk en hy spreek nie afhanklikheid aan nie, hy gaan net weer met dieselfde uitdagings sit. Pornografie is ook 'n afhanklikheid en dus sou dit belangrik wees om dit ook te behandel.

Fishlegs het nie kinders nie en dus is dit nie iets waaroor ek bekommerd sou wees nie.

- **Astrid**

Die bekommernis wat ek oor haar dogtertjie sou gehad het, is nie 'n faktor nie, aangesien haar vorige man na haar kyk. Dit sou 'n probleem gewees het en iets wat ek sou ondersoek het indien die dogtertjie steeds by haar gebly het. Die vraag is of die dogtertjie mooi na gekyk word wanneer sy by Astrid kuier. My bekommernis sou wees dat Astrid dalk dwelms sou gebruik wanneer haar dogtertjie by haar bly en so haar lewe moontlik in gevaar stel. Die vraag is: Hoe stabiel is Astrid? Sy het op die oomblik 'n werk, so dus het sy 'n inkomste en kan na haarself omsien. Wat ek wel sou ondersoek, is hoe haar geld spandeer word, is dit vir huishoudelike dinge soos kos en klere, of gaan dit primêr vir dwelms? Die gevaar van baie mense wat afhanklik is van dwelms, is dat hulle geld spandeer word op dwelms.

Ek sou ook uitgevind het of Astrid die dood van haar pa verwerk het en of sy iemand daaroor gaan sien het. Indien hierdie trauma van die dood van haar pa nie verwerk is nie, kan dit 'n struikelblok vir haar bly.

Haar ma dien as 'n goeie steunpilaar in haar lewe aangesien sy haar nog altyd bygestaan het. Hierdie verhouding in haar lewe is dus een wat sy moet bewaar en daarom sou ek aandag aan haar ma ook gegee het. Dit klink of sy 'n goeie verhouding met haar vorige man het. Ek sou haar vorige man dalk wou agtergrond gee oor dwelmafhanklikheid sodat hy die beste keuses vir sy dogtertjie kan maak. Indien Astrid nie in staat is om, wanneer dit haar beurt is, om na haar dogtertjie te kyk nie, die man dit kan raaksien en optree. Dit gaan alles oor die veiligheid van die dogtertjie.

Verder sou ek met haar toestemming die dominee of pastoor oor haar afhanklikheid en situasie inlig. Hy/sy kan dan ook 'n ondersteuningsrol vertolk en so na Astrid omsien.


© University of Pretoria

- **Ruffnut**

Ek sou ook met Ruffnut die trauma van die dood van sy pa ondersoek het, of hy dit verwerk het, veral omdat hy sê hy somtyds nog kwaad is dat sy pa oorlede is.

Dit klink of hy ’n baie goeie ondersteuningsnetwerk het wat uit sy stiefpa, ma en sy vrou bestaan. Hierdie verhoudings gaan vir hom nog baie in die toekoms beteken, veral indien hy weer met dwelms gekonfronteer word. Dit lyk of hy ’n baie sterk wilsbesluit geneem het om nooit weer dwelms te gebruik nie. Ruffnut het swak keuses in vriende gemaak in sy verlede. Dit sal belangrik wees om seker te maak dat hy nie weer vriende kies wat hom weer kan laat struikel en dwelms gebruik nie. Hy moet so ver as moontlik wegbly van mense wat dwelms gebruik. Anders kan dit hom net weer in die versoeking lei.

Hy het vroeër geld uit die besigheid geneem om dwelms te koop. Die vraag sou wees of daar maatreëls in plek gestel is sodat dit nie weer gebeur nie. Is iemand anders dalk in beheer van die besigheid se geld ensovoorts?

### 7.4.1 Die maatskaplike werker se antwoorde op die ander drie vrae

| |
|---|
| Vraag 2: Wat dink jy is jou dissipline se unieke perspektief oor hierdie verhale? |

Maatskaplike werk kyk na die wetlike aspekte. Indien daar wetlike implikasies is wat te doen het met veral minderjariges, dan tree die CMR in. Dus as daar minderjariges in hierdie verhale betrokke is, sal daar wetlike stappe geneem word, indien nodig, om die veiligheid en gesondheid van die minderjariges te verseker. Daar word ook na die ondersteuningstrukture gekyk. Soos in die geval van die persone wat afhanklik is van dwelms sal die maatskaplike werker sekere ondersteuningstrukture in plek sit soos om die persoon by ’n rehabilitasiesentrum in te kry.

Die maatskaplike raad kyk ook na fisiese omstandighede soos kos en klere. Indien die persoon wat afhanklik is, nie kos het nie, kan moontlike maandpakkies gegee word en ondersteuning gebied word totdat die persoon weer reg is om self te funksioneer.

Maatskaplike werk behels ook terapie. Dus word daar terapeutiese hulp aangebied vir mense wat dit nodig het. Dit sluit verkragting, molestering en verskeie ander trauma in. In hierdie verhale is dit duidelik dat daar plek vir terapie is. Die dood van baie van


© University of Pretoria

die pasiënte se geliefdes is 'n tipiese voorbeeld van hoe maatskaplike werk tot hulp kan wees.

| |
|---|
| Vraag 3: Waarom dink jy sal jou perspektief verstaan en waardeer word deur ander dissiplines? |

Maatskaplike werk is 'n dissipline wat na die praktiese dele van mense se lewens kyk. Daarmee word bedoel dat daar na kos, klere en ondersteuningstrukture gekyk word. Die welstand van mense, veral minderjariges, is baie belangrik. Die maatskaplike raad het baie met die wet te doen en kan dus die wetlike roete volg om sekere probleme te hanteer. Ander dissiplines beskik nie noodwendig oor die wetlike kennis om in te gryp nie.

| |
|---|
| Vraag 4: Wat sal jou grootste bekommernis wees indien die perspektief van jou dissipline nie ernstig opgeneem word nie? |

Mense kan vir berading gaan om hulle trauma te hanteer. Hulle kan na 'n rehabilitasiesentrum toe gaan en hulp kry vir hulle afhanklikheid. In baie gevalle het hierdie persone nie meer kos en klere in die huis nie. In baie gevalle kort hierdie persone onmiddellike verligting en die maatskaplike raad kan dit verskaf.

Die maatskaplike raad gaan doen ondersoek in mense se huise wat maak dat hulle sekere dinge raaksien wat moontlik deur ander dissiplines nie gesien word nie. Daarom kan aspekte soos verwaarloosde kinders opgetel word en verwyder word indien dit nodig is. Dit gaan oor die veiligheid en welstand van mense. Indien die maatskaplike raad nie in sekere gevalle betrokke raak nie, kan daar onderliggende wetlike dinge wees wat oorgesien word.

## 7.5 Persoonlike refleksie

Hierdie deel van die navorsing was vir my insiggewend. Somtyds vang ek myself uit dat ek dink my vakgebied is die beste dissipline in terme van terapie. Na die afhandeling van hierdie hoofstuk, is ek weer daaraan herinner dat daar ander vakgebiede is wat baie waarde tot mense se lewens kan toevoeg. Een vakgebied het nie al die antwoorde nie en dit is belangrik dat sekere vakgebiede saam gesels. Elke


© University of Pretoria

vakgebied bied ’n unieke perspektief. Daarom het die interdissiplinêre gesprekke my baie nederig gelaat.

Insigte wat deur Dr. Endress gegee is, het my bewus gemaak van die biologiese samestelling van die menslike liggaam. Die menslike liggaam is ’n komplekse samestelling en daar is baie dele wat in ag geneem moet word wanneer daar met iemand gewerk word wat afhanklik is of was van dwelms. Die gesprek met dr. Endress het my laat besef dat daar holisties na ’n persoon se lewe wat afhanklik is of was van dwelms, gekyk moet word. Om net een dissipline daarvoor te gebruik, is nie ’n holistiese benadering nie. Daar is sekere toestande wat in ag geneem word vanuit ’n sielkundige oogpunt soos bipolêr en depressie. Hierdie toestande het ’n groot impak op persone wat afhanklik is of was van dwelms. Vanuit ’n sielkundige benadering, is die hantering van hierdie toestande baie belangrik vir die herstelproses. Wanneer daar dus in gesprek getree word met mense wat afhanklik is van dwelms, moet die persoon na kenners gestuur word wat ’n spesifieke probleem kan hanteer. Daar is sekere mediese toestande wat ’n sielkundige kan identifiseer en ’n persoon dan na iemand verwys wat moontlike medikasie kan voorskryf. Indien ’n persoon aan depressie ly, kan antidepressante voorgeskryf word, wat in die herstelproses van die medenavorsers belangrik is.

Die narratiewe benadering en sielkunde het baie raakpunte. Vanuit die gesprek met dr. Endress het sy baie klem op die vorige gebeure in die medenavorsers se lewe geplaas: moontlik onopgeloste trauma soos die dood van geliefdes en ervarings van verwerping. As ’n navorser wat vanuit die narratiewe benadering werk, is hierdie gebeure vanuit die verlede, wat deur die medenavorsers na vore gebring is, ook aspekte wat ek moontlik verder sou ondersoek. Dit is deel van die medenavorsers se verlede-verhaal wat deel uitmaak van hulle groter verhaal.

Die gesprek met die maatskaplike werker het my weer laat besef dat daar ander aspekte in ’n persoon se lewe is as wat hulle noodwendig voorgee. Die gedagte dat daar moontlik minderjariges is wat in die proses baie seer kan kry, het my net weer laat besef dat daar ander persone is wat deur afhanklikheid geraak word en nie net die persoon wat afhanklik is of was nie. Afhanklikheid raak dus nie net die persoon wat afhanklik is nie, maar ’n hele gesin, familie of gemeenskap. Die maatskaplike werker het baie klem op die verlede-verhale van die medenavorsers geplaas. Die


© University of Pretoria

identifisering van sekere traumatiese gebeure het my tot die besef gebring dat sekere gebeure in ’n persoon se lewe steeds van toepassing is later in die persoon se lewe. Onopgeloste trauma, soos die dood van ’n geliefde, kan ’n invloed op iemand wat afhanklik van dwelms is of was, beïnvloed. Die invloed van die maatskaplike werker het my laat besef dat ’n hervertelde-toekomsverhaal soms trauma, wat aangespreek moet word, insluit. Indien onopgeloste trauma nie hanteer word nie, loop dit oor in die nuwe hervertelde-toekomsverhaal.

Die maatskaplike werker het baie klem geplaas op die fisiese en sosiale welstand van die medenavorsers. Daar is ander aspekte van iemand wat afhanklik is of was van dwelms waarop daar ook gefokus moet word. Fisiese en sosiale welstand sluit kos, klere, die hantering van finansies en ’n ondersteuningsnetwerk in. Deel van die toekomsverhaal sluit die hantering hiervan in. Die bydrae van die maatskaplike werker het my tot die besef laat kom dat die fisiese en sosiale aspekte ook hanteer moet word vir ’n holistiese hantering van iemand wat afhanklik is of was van dwelms. Die bemagtiging op ’n fisiese vlak van iemand wat afhanklik is of was van dwelms, is net so belangrik soos die psigiese welstand.

Dr. Richter het klem op die verhouding met God geplaas. Nie alle rehabilitasiesentrums het ’n christelike inslag nie en dus word daar nie klem op die verhouding met God geplaas nie. Dr. Richter het my laat besef dat ’n verhouding met God ’n belangrike rol speel in die verhale van mense wat afhanklik is of was van dwelms. Vir Elim-kliniek is die verhouding met God ’n kerndeel van die terapeutiese pad wat daar met mense wat ’n afhanklikheidsprobleem het, gestap word. Die godsverhaal van die medenavorsers is dus ’n belangrike deel van die verstaan van hulle verhale. Die medenavorsers se verstaan van God is nie net ’n bykomende toevoeging tot hulle verhale nie, maar vorm ’n integrale deel daarvan. Dit het my laat besef dat Praktiese Teologie wel ’n rol kan speel in die herstelproses van mense wat afhanklik is of was van dwelms.

Dr. Richter plaas baie klem op gebroke en negatiewe verhoudings van die medenavorsers. Sy werk vanuit narratiewe benadering en daarom is die rol van verhoudings, ook die verhouding met God, baie belangrik. Die hantering van hierdie verhoudings is baie belangrik wanneer dit by die herstelproses kom. Dr. Richter maak ook melding van ’n holistiese benadering. Sy sluit dus by die sielkunde en


© University of Pretoria

maatskaplike werk aan in die sin dat daar verskillende aspekte van ’n persoon is wat aangespreek moet word. Vanuit haar belewenis as terapeut, wat met mense werk wat afhanklik is of was van dwelms, kan daar nie net vanuit ’n mediese oogpunt na iemand se verhaal gekyk word nie, maar ook terapeuties. Dit plaas weereens klem op die postfundamentele benadering se siening, dat daar in gesprek getree moet word met ander dissiplines.

My eie ervaring met die interdissiplinêre proses was een van frustrasies. Om in gesprek met ander vakgebiede te tree, vat baie tyd. Dit is nie net my tyd nie, maar ook dié van die ander vakgebiede. Die verhale van die medenavorsers het baie tyd van die ander dissiplines geneem. Hulle was bereid om deel te neem aan die studies, maar dit het baie tyd gevat en soms was dit vir my ’n frustrasie om die inligting by hulle te kry.


© University of Pretoria

# 8. HOOFSTUK 8: 'N LAASTE REFLEKSIE OP DIE MEDENAVORSERS SE VERHALE EN DIE WAARDE VAN HIERDIE STUDIE

## 8.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk fokus op beweging sewe wat deur postfundamentele Praktiese Teologie voorgestel is. Beweging sewe gaan oor die ontwikkeling van alternatiewe verhale wat die medenavorsers help om in hulle lewens vorentoe te beweeg. Hierdie beweging is nie die finale beweging nie en is voortdurend besig om te verander soos wat die verhale van die medenavorsers ontwikkel. Dus is ’n studie soos hierdie wat vanuit ’n postfundamentele Praktiese Teologiese benadering gedoen is, nooit klaar nie en konklusies word nooit gevorm nie. Ons leer eerder uit die huidige verhale.

In hoofstuk ses is daar gekyk na die verhale van die medenavorsers en hulle verstaan van die metafoor van die gevreesde draak. Hulle het op verskeie geleenthede kans gekry om oor hulle verhale te reflekteer. As deel van hierdie verhale is daar ook in hoofstuk sewe na ander stemme geluister om sodoende ’n dikker betekenis aan die verhale van die medenavorsers te gee. Verder is daar ook ’n literatuurstudie gedoen oor die verskillende teorieë wat oor afhanklikheid bestaan, asook die verskillende terapeutiese teorieë. Die interdissiplinêre gesprekke, literatuurstudie en die refleksie van die medenavorsers, vorm alles deel van ’n dikker verstaan van die identiteit van iemand wat van dwelms afhanklik is of was.

Om ’n alternatiewe verstaan te ontwikkel, is nie ’n liniêre proses nie. Wanneer daar na verhale geluister word en daarop gereflekteer word, vorm daar alreeds ’n alternatiewe verstaan. In hierdie hoofstuk gaan ek poog om nie konklusies te trek nie, maar eerder voorstelle te maak vanuit ’n postfundamentele Praktiese Teologiese verstaan van mense se identiteit wat afhanklik is of was van dwelms.

## 8.2 Die getemde draak: Laaste opmerkings oor die medenavorsers se verhale

Tydens die navorsing het baie temas na vore gekom. Hierdie temas is in die verskeie hoofstukke ondersoek en bespreek en is nie nodig om weer herhaal te word nie. Ek gaan steeds ’n poging aanwend om van die temas uit te lig nadat daar na die verhale van die medenavorsers geluister is.


© University of Pretoria

### 8.2.1 Afhanklikheid: Nog lank nie verstaan nie

Tydens die literatuurstudie is dit duidelik dat die verskynsel van afhanklikheid nog lank nie klaar oor gepraat en nagevors is nie. Dit is ’n komplekse verskynsel wat nie maklik verklaar of verduidelik kan word nie. Daar is baie navorsing vanuit verskillende teoretiese raamwerke gedoen as ’n poging om hierdie verskynsel te beskryf en ook eindelik te behandel. Selfs kenners op die gebied van afhanklikheid, stem nie altyd saam met mekaar oor hulle verstaan van afhanklikheid nie en ook nie op die behandeling daarvan nie.

Dit was egter nie die doel van hierdie studie om ’n beskrywing vir afhanklikheid te vind nie. Die doel was om afhanklikheid eerder vanuit ’n pastorale hoek te benader en hierdie studie het meer gefokus op ’n narratiewe verstaan van die impak wat afhanklikheid op die medenavorsers se identiteit het.

### 8.2.2 Identiteit en afhanklikheid

Hierdie studie het op die identiteit van iemand wat afhanklik is of was van dwelms gefokus. Die literatuurstudie wys daarop dat afhanklikheid gesien word as deel van die persoon se lewe, waarvan hulle nie werklik kan wegkom nie en dus so deel word van hulle identiteit. Die twaalf-stap-program wat deur die AA en die NA voorgestel is, sê juis dat jy moet erken dat jy ’n afhanklike is. Hierdie studie het egter gepoog om anders na afhanklikheid en die invloed wat dit op ’n persoon se identiteit het, te kyk.

Die medenavorsers het almal aanvanklik afhanklikheid as deel van hulle identiteit gesien. Hulle was almal onder die indruk dat as jy eers ’n afhanklike is, jy altyd ’n afhanklike sal wees. Dit het duidelik na vore gekom uit hulle reaksie op die metafoor van die gevreesde draak. Die draak was aanvanklik een met wie hulle ’n daaglikse stryd gevoer het. Hy het hulle om elke hoek en draai geteister en hulle was bang vir hom. Die feit dat hulle vir die draak bang was, het hulle nie genoeg gemotiveer om nie terugslae te hê nie. Sommige van hulle het mense gehad vir wie hulle nie wou teleurstel nie en was bang dat hulle verhoudings, wat vir hulle baie belangrik was, permanent sou beskadig word. Astrid se vrees is dat sy haar verhouding met haar dogtertjie permanent gaan skade aandoen, veral as die hof sou besluit dat sy haar nie meer mag sien nie, as gevolg van haar stryd met dwelms. Tuffnut en Ruffnut was al twee bang gewees dat hulle die verhouding met hulle ouers sou beskadig. Selfs


© University of Pretoria

hierdie vrees dat hulle belangrike verhoudings in hulle lewens sou beskadig, was nie genoeg motivering om nie meer dwelms te gebruik nie.

Die medenavorsers se identiteit is grootliks bepaal deur die draak. Dit kon moontlik ’n rede wees dat hulle nooit van die draak af kon wegkom nie en gereeld terugslae gehad het, al wou hulle ophou. Hoe hulle dus oor hulleself gedink het, was negatief en in sommige gevalle selfs minderwaardig en ’n mislukking. Hulle het dus met ’n swaard oor hulle koppe geloop. Hierdie studie het navorsing oor die medenavorsers se siening oor hulle identiteit gedoen en ander moontlikhede ondersoek.

Tydens ons sessies, was ons op soek na ’n ander manier om na die draak te kyk. Die animasiefilm, *How to train your dragon*, is as vertrekpunt gebruik. Die draak is later geïdentifiseer as een wat getem kon word. Hierdie proses was ’n wonderlike ervaring vir die medenavorsers, in dié sin dat hulle beheer oor die draak kon uitoefen en nie andersom nie. Die medenavorsers kon dus hulle identiteit sonder afhanklikheid beskryf. Hulle het besef dat hulle meer is as wat die wêreld van afhanklikheid van hulle wil maak. Hulle is elkeen ’n persoon in eie reg. Die draak is steeds teenwoordig, maar eerder in die agtergrond. Ander wetenskappe wys dat afhanklikheid ’n biologiese verandering in ’n persoon se lewe aanbring en daarom is dit so moeilik om net bloot op te hou om dwelms te gebruik. Die medenavorsers is hiervan bewus, maar sien dit nou vanuit ’n ander hoek. Dit is nou in die agtergrond en as hulle sekere tegnieke in hulle lewens implementeer, kan die draak getem word.

Die metafoor van die draak wat getem kan word, het toegelaat dat die medenavorsers hulle identiteit anders kon beskryf en dit het hulle moed gegee om anders oor hulle toekomsverhaal te dink. In die begin was hulle toekomsverhaal een waar die draak heeltemal oorneem en hulle uiteindelik kan vernietig. Ruffnut het egter anders oor sy toekomsverhaal gedink. Hy was meer positief as die ander, maar het steeds die draak as ’n gevreesde een gesien wat hom kan vernietig. Selfs sy toekomsverhaal het verander na een waar hy ook tegnieke gaan toepas wat hom in staat stel om die draak te tem. Dus lyk sy toekomsverhaal ook anders na die ontmoeting met ’n draak wat getem kan word. Die ander medenavorsers se verhale het verander in een waar hulle kans sien vir die draak. Hy is nie meer so vreesagtig nie en kan getem word.


© University of Pretoria

### 8.2.3 Godsbegrip en identiteit

Deel van hierdie studie vanuit ’n Praktiese Teologiese postfundamentele benadering, is daar na die godsbegrip of gelowige deel van die medenavorsers se lewens gekyk. In hierdie studie het dit na vore gekom dat almal gelowiges is en in God glo. Hulle was egter vasgevang in skuldgevoelens aangaande hulle geloof omdat afhanklikheid as sonde geklassifiseer word en daarom het hulle die persepsie gevorm dat God hulle verwerp. Dit maak dat hulle nie meer kerk bywoon nie.

Die konsep dat afhanklikheid sonde is, is in hierdie studie aangespreek. Dit het ’n groot invloed op die medenavorsers se identiteit gehad. Die konsep dat God hulle verwerp, het die gevoelens van mislukking versterk. Die sonde-begrip is gedekonstrueer en afhanklikheid is eerder gesien as iets wat skade aan jou liggaam en lewe bring, en dit is nie hoe God oor hulle lewens dink nie. Hierdie invalshoek het ’n verandering in die godsbegrip van die medenavorsers gebring en hulle gehelp om hulle identiteit in ’n ander lig te sien.

Een medenavorser het dit duidelik gemaak dat dit juis God was wat hom genees het en losgemaak het van sy afhanklikheid. Selfs hy was geraak deur ’n alternatiewe manier om oor afhanklikheid te dink in terme van sy godsbegrip.

## 8.3 ‘n Pastorale benadering van afhanklikheid

Hierdie studie bied ’n alternatiewe manier oor hoe om pastoraal om te gaan met mense wat afhanklik is of was van dwelms. Die bedoeling is nie dat dit die beste pastorale invalshoek is om met mense wat afhanklik is of was van dwelms te werk nie, maar bied eerder ’n ander manier om in ag te neem.

In die begin van hierdie studie is die opmerking gemaak dat die algemene konsep in die terapeutiese wêreld aangaande afhanklikheid is: “eenkeer ’n afhanklike, altyd ’n afhanklike.” Afhanklikheid is dus ’n integrale deel van ’n persoon se identiteit. Deur die studie en veral die verhale van die medenavorsers, is hierdie siening gedekonstrueer. Deur eksternalisering te gebruik, is die afhanklikheid as ’n draak voorgestel. Die medenavorser is dus nie ’n afhanklike nie, maar staan in verhouding met afhanklikheid, wat die draak is. Daarom die beeld dat die draak eerder op ’n stoel langs die medenavorser sit en nie die medenavorser definieer nie.


© University of Pretoria

Wanneer hierdie invalshoek gebruik word, verander die identiteitskonsep van die persoon wat afhanklik is of was van dwelms. Hulle kry die geleentheid om oor hulleself te dink, sonder afhanklikheid. Hulle kry geleentheid om afhanklikheid te verstaan as iets wat buite hulleself is en eerder in verhouding daarteenoor staan. Hierdie verhouding kan gedefinieer en beskryf word en ook kan daar nuut gedink word oor hoe die verhouding in die toekoms gaan lyk. Om dit te bereik, is daar aan die draak ’n brief geskryf waarin hierdie verhouding gedefinieer word. Dus word die persoon bemagtig om te besef dat hy/sy beheer oor die draak kan uitoefen. Die gevoel van magteloosheid verander in een van mag en beheer oor die draak.

Nou word die identiteit van die persoon anders gesien. Een waar die draak nie meer deel is van sy/haar identiteit nie. Die metafoor van die draak wat getem kan word, is ’n uitvloeisel van eksternalisasie waar die draak skerp tande het, maar wat getem kan word. Tydens hierdie deel kan tegnieke gebruik word om die draak mee te tem, soos wat Hickup in die animasiefilm, *How to train your dragon*, gebruik het om die gevreesde draak te tem. Elke persoon se tegnieke is verskillend. Vanuit hierdie navorsing, het die medenavorsers die volgende tegnieke gebruik: hulle geloofslewe, deur ’n professionele persoon soos ’n sielkundige of terapeut gereeld te sien, ’n persoon te identifiseer wat nie van iets afhanklik was nie en op ’n gereelde basis mee kan gesels, plaasvervangers soos kos eet in plaas van dwelms gebruik wanneer die “craving” terugkom, oefeninge doen en om plekke te vermy waar dwelmhandelaars was. Ander tegnieke is om die nagevolge te onthou toe hulle gebruik het, wanneer hulle weer gekonfronteer word met dwelms en op dié manier dit dan eerder te weerstaan. Hierdie tegnieke het die medenavorsers bemagtig en hulle die gevoel gegee dat hulle iets prakties het waarmee hulle die draak kan tem.

Verder is die terugslae as mislukkings deur die medenavorsers gesien. Die fisiese uitwerking wat dwelms op persone se lewens het, kan nie geïgnoreer word nie en daarom is terugslae nie altyd vermybaar nie. Die metafoor is verder ontwikkel in een waar die persoon eerder met die draak dans. Dis ’n positiewe en aangename beweging en somtyds word ’n tree terug gegee in die dans. In die dans-metafoor dui ’n tree terug op ’n terugslag. Dus kan ’n tree terug moontlik gegee word in die dans en dit dui nie op mislukking nie, maar is deel van die dans. Die belangrike deel is dat die


© University of Pretoria

dans meer treë vorentoe gee as terug. Wanneer ’n tree terug gegee word, kan daaroor gereflekteer en vasgestel word wat die draak weer mag gegee het en daaruit leer.

Tydens hierdie studie het die medenavorsers hulle lewens oopgevlek ter wille van die groter prentjie en met die gedagte dat hulle eie unieke verhale moontlik ander mense kan help of bystaan in hulle geveg teen dwelms. Vir hulle wil ek as navorser bedank vir hulle bereidwilligheid om deel te neem en ’n bydra te lewer.

### 8.4 ‘n Refleksie op my eie ervaring van hierdie studie

In hierdie deel reflekteer ek op my eie ervarings tydens hierdie studie. In elke hoofstuk het ek reeds gereflekteer oor dit wat in daardie hoofstuk behandel is, en daarom gaan ek nie alles hier herhaal nie. Tydens hierdie studie het ek as navorser en mens gegroei en die verhale van die medenavorsers het my lewensverhaal beïnvloed.

Om oor hierdie studie te reflekteer, is nie ’n maklike proses nie. Die wêreld van afhanklikheid is baie kompleks. Die verhale van mense is ook kompleks en dra by tot die kompleksiteit van hierdie studie. Die medenavorsers het hulle stories maklik gedeel. Hulle was egter ongemaklik oor die feit dat ek ’n predikant is. Hulle het ’n negatiewe ervaring met die kerk gehad en was skepties oor my. Daar was aanvanklik ’n kloof tussen my en die medenavorsers. Dit was ’n moeilike proses om hierdie kloof te oorbrug. Die medenavorsers was bang dat ek hulle ook gaan veroordeel soos wat die res van die samelewing hulle veroordeel. Hoe meer tyd ons saam spandeer het, hoe meer vertroue het begin ontstaan. Ek het dit duidelik gemaak dat ek die rol van navorser vertolk en nie as predikant nie. Dit was egter nie genoeg om die kloof te oorbrug nie. Daar moes tyd verloop waar hulle deur ons gesprekke kon agterkom dat ek hulle nie gaan veroordeel nie. Hieruit het ek besef dat vertroue somtyds nie maklik deur iemand gewen word nie en dat dit tyd vat. Toe ons egter wel hierdie kloof oorbrug het, was die gesprekke sinvol. Die titel “predikant” het egter ’n ander uitdaging na vore gebring. Die medenavorsers was baie bewus van die tipe taal wat hulle voor my gebruik het. Die idee dat jy ’n “ander taal” voor ’n predikant moet gebruik, het die navorsingsproses moeiliker gemaak. Die wêreld waarin sommige van die medenavorsers beweeg, het sekere woordeskat wat deel is van hulle verhale. Deur hierdie taal te verander, het dit die egtheid van die verhaal beïnvloed. Dit het weer ’n invloed op die egtheid van die navorsing gehad. Ek het hulle hierop uitgedaag en gesê


© University of Pretoria

dat hulle met my moet praat as iemand wat nie ’n predikant is nie. Dit het weereens tyd gevat vir hulle om hierdie kloof te oorbrug en hulle “gewone taal” te gebruik.

Taal het verder ’n rol gespeel, in dié sin dat die medenavorsers ’n sekere terminologie gebruik het wat ek nie verstaan het nie. Hierdie terminologie is nie algemeen bekend nie. In die wêreld van afhanklikheid was dit egter algemeen. Tydens die gesprekke tussen my en die medenavorsers, moes ek hulle gereeld stop en vra wat daardie terminologie beteken. Daarom het ek in hierdie verhandeling die terminologie, soos wat dit nodig was, verduidelik. Dit was somtyds nodig vir my om oor die verskillende terminologieë te gaan oplees, om tot ’n beter verstaan van die medenavorsers se verhale te kom.

Die literatuurstudie was baie moeilik. Daar is baie oor die verskynsel van afhanklikheid geskryf. ’n Klomp teorieë is oor hierdie verskynsel geformuleer. Elkeen vanuit ’n ander vakgebied. Om al die teorieë in hierdie studie te bespreek, was nie moontlik nie. In hoofstuk vier is die hoofstroomteorieë bespreek. Daar is wêreldwyd kenners wat baie navorsing oor afhanklikheid doen en ek het op grond van hulle bevindings, relevante teorieë bespreek. Hierdie proefskrif het egter net oppervlakkig geraak aan teorieë oor afhanklikheid. Hierdie proses het baie tyd in beslag geneem. ’n Verdere frustrasie in die navorsing was die kontrastering tussen verskillende kenners se teorieë. Die kenners stem nie met mekaar saam oor teorieë nie en dit maak die studie van afhanklikheid soveel meer kompleks. Een rehabilitasiesentrum het ’n spesifieke verstaan van afhanklikheid en behandel die pasiënte daarvolgens. ’n Ander rehabilitasiesentrum het weer ’n ander verstaan van afhanklikheid en behandel die pasiënte weer daarvolgens. Die kompleksiteit van die literatuurstudie het my laat besef hoe gekompliseerd die wêreld van afhanklikheid is. Persone wat van dwelms afhanklik is en wat vir rehabilitasie gaan, is nie gewaarborg van ’n teorie wat noodwendig goeie resultate lewer nie. Dit het bygedra tot die empatie wat ek tydens hierdie studie vir persone wat afhanklik is of was van dwelms, ontwikkel het.

Deel van die proses van hierdie studie was om die verhale van die medenavorsers na hulle toe terug te neem. Dit het hulle die geleentheid gegee om hulle verhale te evalueer en daarop te reflekteer. Hierdie was ’n belangrike deel van die navorsing. Dit het gemaak dat ek die verhale so eerlik en deursigtig as moontlik weergee. Verder het dit vir die medenavorsers insig oor hulle eie verhale gegee. Nadat hulle dit gehoor het,


© University of Pretoria

kon hulle temas wat ’n bydrae tot hulle afhanklikheid gemaak het, identifiseer. Hierdie het ’n bydra gelewer tot die konstruering van ’n nuwe toekomsverhaal. Dus was daar vir die medenavorsers terapeutiese waarde in die oorvertelling van hulle eie verhale. Hierdie proses het my laat nadink oor my eie toekomsverhaal. Ek het besef hoe verlede- en hedeverhale in my lewe, my toekomsverhaal beïnvloed.

Deel van die narratiewe benadering is om van metafore gebruik te maak. In my gesprekke met die medenavorsers het ek ’n metafoor voorgelê. In die afhanklikheidswêreld speel die term “draak” ’n prominente rol. Hierdie “draak”-term, het my laat dink aan die animasiefilm *How to train your dragon*. Ek het persoonlik hierdie film baie geniet. Temas in hierdie film het gedien as die metafoor vir hierdie studie. In my gesprekke met die medenavorsers het ons oor hierdie film gepraat. Die “draak” het afhanklikheid voorgestel en die hoofkarakter het die medenavorsers voorgestel. Ek kon sien hoe die medenavorsers die diskoerse oor afhanklikheid raaksien. Daardeur het hulle besef hoe hulle identiteit soveel meer is as bloot net afhanklikheid. Hierdie sessies het met baie emosies gepaard gegaan. Die medenavorsers het verligting ervaar toe hulle tot die besef kom dat hulle identiteit nie in afhanklikheid lê nie. Hulle het ook verder besef dat hulle hierdie “draak” kan beheer. Die feit dat die draak hanteer kan word, maak hom nie minder gevaarlik nie, hy blaas steeds vuur en het steeds skerp tande, maar hy kan getem word. Vir die medenavorsers was dit ’n groot deurbraak. Dit was ’n voorreg vir my om die deurbrake van die medenavorsers saam met hulle te kon beleef. Om te kon sien hoe persone die moed kry om iets so gevaarlik soos afhanklikheid aan te vat, het my lewe verander. Ek het met ander oë na die “drake” in my eie lewe gekyk.

Deel van die navorsingsproses was om in gesprek met ander dissiplines te tree. Hierdie is deel van die postfundamentele benadering tot navorsing. Dit het op twee vlakke gebeur: interdissiplinêre gesprekke en literatuurstudie. Die literatuurstudie toon ’n biologiese verandering in ’n persoon se brein wat van dwelms afhanklik is of was. Dit word die siekteteorie genoem. Volgens daardie studies, is die biologiese verandering ’n rede waarom terugslae plaasvind en hoekom dit moeilik is om dwelms te los. Hierdie teorie is met die medenavorsers gedeel. Ek en die medenavorsers het hierdie teorie in terme van hulle eie unieke situasie bespreek. Die rede waarom ons hierdie teorie bespreek het, is omdat die mediese deel van afhanklikheid nie


© University of Pretoria

geïgnoreer kan word nie. Daar is genoegsame bewyse dat hierdie teorie ’n integrale rol speel in persone se lewens wat afhanklik is of was van dwelms. Na die bespreking van die siekteteorie met die medenavorsers, het dit ’n verandering in hulle verstaan van afhanklikheid tot gevolg gehad. Dit het hulle gehelp om minder skuldig te voel oor die “cravings” wat hulle kry. “Cravings” gebeur en is deel van die herstelproses. Dit maak nie van jou ’n swakker persoon of ’n mislukking nie. Uit ons gesprekke het die medenavorsers met hernude moed idees na vore gebring oor hoe om “cravings” teen te staan. In ons metafoor van die “draak,” het ons gesê dat “cravings” deel is van die skerp tande en vuur blaas van die “draak.” Wanneer die draak vuur blaas, is dit nog ’n deel wat getem kan word. Die uitkoms van hierdie benadering tot die draak wat vuur blaas, was positiewe en verligte medenavorsers wat anders na afhanklikheid kyk. Dit het ’n groot rol gespeel in hulle siening van hulle identiteit. Vir my was hierdie deel van die navorsing insiggewend. Dit het ’n bydra gelewer tot my hantering van persone wat van dwelms afhanklik is of was. Hulle is nie verlore en slegte mense soos wat die diskoers sê nie. Hulle is persone wat op soek is na “genesing.” Hulle is opreg besig om op ’n daaglikse basis met die “draak” te worstel.

Deur die bereidwilligheid van die medenavorsers se deelname en deur my as navorser te vertrou met hulle lewensverhale, het unieke uitkomste ontwikkel. Hierdeur het ek ervaar hoe ’n narratiewe benadering tot navorsing my in die wêreld van die medenavorsers innooi en my deel van hulle verhale maak. Om op hierdie manier deel van hulle verhale te wees, het my as mens ook beïnvloed. Ek het aanvanklik nie baie empatie met mense gehad wat van enige iets afhanklik is nie. My redenasie was dat as hulle werklik wil ophou, hulle deur wilskrag kan ophou. As mense dus terugslae gehad het, het ek nie empatie getoon nie. Die medenavorsers het my houding en verstaan van afhanklikheid verander. Deur saam met hulle deur hulle verhale te werk en daaroor te reflekteer, het ek bewus geword van die feit dat afhanklikheid ’n harde pad is wat mense loop. Dit is nie so eenvoudig soos om bloot net op te hou nie. In my beroep as predikant in ’n gemeente, sal ek altyd anders oor afhanklikheid dink ná die studies as voor die studies. Die literêre studies het my ook laat besef hoe kompleks afhanklikheid is.

Ek het steeds kontak met van die medenavorsers en hulle stuur vir my boodskappe oor hoe dit met hulle gaan. Daar het ’n vertrouensband ontwikkel en dit is vir hulle



© University of Pretoria

opbouend dat ek steeds deel het in hulle toekomsverhale. Hierdie sien ek ook as ’n unieke uitkoms. Daarom is ek dankbaar om elkeen van hierdie medenavorsers te kon ontmoet.

Dit was somtyds vir my ’n uitdaging om nie die navorsing te forseer nie en die verhale toe te laat om te ontwikkel volgens die pas wat elke medenavorsers gegee het. In sommige gevalle moes ek myself keer om nie die metafoor van die draak ryp te druk nie, maar die metafoor kans gee om in die verhale van elke medenavorsers te ontwikkel. Die wêreld van ’n predikant bestaan vir my daaruit om gereeld vir mense raad te gee, al is ek van opinie dat my raad nie noodwendig die beste is nie en steeds verwag mense raad. Vir hierdie rede moes ek myself keer om nie die rol van raadgewer in die lewens van die medenavorsers in te neem nie. Ek moes myself gereeld herinner dat ek nie die kenner in die lewens van die medenavorsers is nie.

Die gedeelte in die navorsing waar die medenavorsers vir die draak ’n brief moes skryf oor hulle verhouding met die “draak,” was ’n emosionele oomblik by al die medenavorsers. Hulle het dit aanvanklik moeilik gevind om die brief te begin skryf, aangesien dit vir hulle vreemd was om die “draak” direk aan te spreek. Na hulle egter die skuif gemaak het, was dit maklik om die brief te skryf. Die verligting van die medenavorsers om uiting te kon gee van hulle emosies aan die draak, was van onskatbare waarde. Dit het my as mens laat dink oor my eie verhouding met my eie drake in my lewe, alhoewel my drake nie afhanklikheid is nie. Dit het my laat wonder wat ek in ’n brief aan my eie drake sou skryf.


© University of Pretoria

## 9. Bibliografie

Agrawal, A. & Lynskey, M. 2006. *The genetic epidemiology of cannabis use, abuse and dependence. Addiction* 101 [Online], 101.

Agrawal, A. & Lynskey, M.T. 2008. *Are there genetic influences on addiction: evidence from family, adoption and twin studies*. *Addiction* 103**,** 1069-1081.

Alcoholic Anonymous (AA). 2014. *Twelve steps and twelve traditions*.

Allport, G. 1955. *Becoming.* New Haven CT: Yale University Press.

Anderson, H. & Goolishian, H. 1992. *The client is the expert: A not-knowing approach to therapy. Therapy as social construction.* London: SAGE.

Anderson, T.L. 1998. *A cultural-identity theory of drug abuse. Sociology of Crime, Law, and Deviance.* 1**,** 233-262.

Bandura, A. 1977a. Self-efficacy: Toward a unifying theory of behavioral change*. Psychological Review*, 82**,** 191-215.

Bandura, A. 1977b. *Social learning theory.* Englewoods Cliffs, NJ: Prentise Hall.

Biernacki, P. 1986. *Pathways from heroin addiction recovery without treatment.* Philadelphia: Temple University Press.

Bornkamm, G. 1971. *Paul*, Translated by Stalker, D.M.G. New York: Harper & Row.

Bristow-Braitman, A. 2001. Addiction recovery*:* 12-step programs and cognative-behavioral psychology. *Journal of Counseling and Development*, 73**,** 414-418.

Brown, C. 1979. *The New International Dictionary of New Testament Theology Vol. 3.* Michigan USA: The Zondervan Corporation.

Brown, R. 2000. Social identity theory: Past achievements, current problems and future challenges. *European Journal of Social Psychology,* 30**,** 745-778.



© University of Pretoria

Brown, H.P., Peterson, J.H. & Cunningham, O. 1988. Rational and theoretical basis for a behavioral/cognative approach to spirituality. *Alcoholism treatment quarterly, 5*(1-2), pp. 47-59.

Browning, D.S. 1987. *Religious thought and the modern psychologies.* Minneapolis: Fortress Press Books.

Browning, D.S. 1991. *A fundamental practical theology.* Minneapolis: Fortress Press.

Burber, M. 1958. *I and thou. (2de uitgawe).* New York: Scribner.

Burns, G.W. 2005. *101 Healing stories: For kids and teens.* New Jersey: Wiley and Sons.

Burr, V. 1995. *An introduction to social constructionism.* New York: Routledge.

Burr, V. 2003. *Social constructionism.* London: Routledge.

Cilliers, J. 2009. "Fides quaerens societatem." Praktiese Teologie op soek na sosiale vergestalting. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 49**,** 624-638.

Clandinin, D.J. 2006. Narrative inquiry: A methodology for studying lived experience. *Research Studies in Music Education*, Vol 27, Issue 1, 44-54

Clough, P. 2002. *Narratives and fictions in educational research.* Buckingham/Philadelphia: Open University Press.

Comstock, G. 1989. Is postmodern religious dialogue possible? *Faith and Philosophy,* 6**,** 189-197.

Connelly, F.M. & Clandinin, D.J. 1990. Stories of experien and narrative inquiry. American Educational Research Association. *Educational Researcher*, Vol. 19, No. 5, 2-14.

Connelly, F.M. & Clandinin, D.J. 2000. *Narrative inquiry: Experience and story in quilitative research*. San Francisco: Jossey-Bay.

Dann, B. 2002. *Addiction: Pastoral responses.* Nashville: Abingdon Press.



© University of Pretoria

Dawson, M.C. 2007. Identity formation among learners at a South African high school: Assessing the interaction between context and identity. *Race Ethnicity and Education*, 10**,** 457-472.

Demasure, K. & Müller, J.C. 2006. Perspectives in support of the narrative turn in pastoral care. *Ned. Geref. Teologiese tydskrif (NGTT)*, 47**,** 410-419.

De Miranda, S. 1987. *Dwelms en dwelmmisbruik in Suid-Afrika.* Pretoria: JL van Schaik Bpk.

De Swardt, S. 2015. *The new face of addiction*. 19 May: Elim kliniek, Kemptonpark (seminaar handleiding).

De Swardt, S. 2015. *Intervention skills*. 20 May: Elim kliniek, Kemptonpark (seminaarhandleiding).

Diamond, J. 2002. *Narrative means to sober ends.* New York: Guilford Press.

Dick, M.D. & Agrawal, A. 2008. The genetics of alcohol and other drug dependence. *NIAAA*, 31(2), 111-118

Diclemente, C.C. 2003. *Addiction and Change. How addictions develop and addicted people recover.* New York: Guilford Press.

Dobson, W.L. & Wong, P.T.P. 2008. *Women living with HIV: The role of meaning and spirituality.* New York: Lawrence Erlbaum.

Doweiko, H.E. 2006. *Conceps of chemical dependency.* USA: Thompsons Higher Education.

Drug Enforcement Administration. 2013. *Cat.* Office of Diversion Control. Drug and Chemical Evaluation Section.

Dunnington, K. 2011. *Addiction and virtue. Beyond the models of disease and choice.* USA Downers Grove: InterVarsity Press.

Du Plessis, G. 2012. Toward an integral model of addiction*. Journal of Integral Theory and Practice*, 7**,** 1-24.



© University of Pretoria

Duriez, B. & Soenens, B. 2006. Personality, identity styles, and religiosity: An integrative study among late and middle adolescents. *Journal of Adolescence*, 29**,** 119-135.

Du Toit, B. 2000. *God? Geloof in 'n postmoderne tyd.* Bloemfontein: CLF Uitgewers.

Dyslin, C.W. 2008. The power of powerlessness: the role of spiritual surrender and interpersonal confession in the treatment of addictions*. Journal of Psychology and Christianity*, 27**,** 41-55.

Edwards, A.C., Svikis, D.S., Pickens, R.W. & Dick, D.M. 2009. Genetic influence on addiction. *Primary Psychiatry*, 16**,** 40-46.

Elim Clinic. 2006. *Aftercare workshop.* Kempton Park: Elim Kliniek.

Elim Clinic. 2014. *Jaarverslag 2013/2014.* Kempton Park: Elim Kliniek*.*

Ellis, A., Mclnerney, J.F., Diguiseppe, S. & Yeager, R.J. 1988. *Rational-emotive therapy with alcoholics and substance abusers.* New York: Permagon.

Erickson, M.J. 1998. *Postmodernizing the faith: Evangelical responses to the challenge of postmoderism.* Grand Rapids: Baker Books.

Ezzy, D. 1998. Theorizing narrative identity: Symbolic Interactionism and Hermeneutics. *The Sociological Quarterly*, 39**,** 239-252.

Flowers, D.F. 2010. *Alcoholism/drug addiction: A disease or not! What causes alcoholism and drug addiction*. USA: iUniverse.

Fowler, J. 1981. *Stages of faith.* San Fransisco: Harper and Row.

Freedman, J. & Combs, G. 1996. *Narrative therapy: The social construction of preferred realities*. New York USA: Norton and Company.

Freedman, J. & Combs, G. 2002. *Narrative therapy with couples and whole lot more: A collection of papers, essays and exercises.* Adelaide, South Australia: Dulwich Centre.



© University of Pretoria

Gawin, F.H. & Kleber, H.D. 1986. Abstinence symptomatology and psychiatric diagnosis in cocaine abusers: Clinical observations. *Archives of General Psychiatry*, 43**,** 107-113.

Gerkin, C.V. 1991. *Prophetic pastoral practice.* Nashville, USA: Abingdon Press.

Gerkin, C.V. 1997. *An introduction to pastoral care.* Nashville: Abingdon Press.

Gerkin, C.V. 2003. *Social construction.* London: SAGE.

Giddens, A. 1991. *Modernity and self-identity: Self and society in the late modern age.* Cambridge: Polity Press.

Goffman, E. 1963. *Stigma: Notes on the management of spoiled identity.* NJ. Prentice Hall: Englewood Cliffs.

Goldenberg, H. & Goldenberg, R. 2008. *Family therapy: An overview.* Canada: Thomson Brooks.

Gorski, T.T. 2001. *Disease model of addiction.* In: T.G.T. (Ed.). The 10th Annual Dual Disorder Conference. Las Vegas, NE: GORSKI-CENAPS: Web Publications.

Gorsuch, R.L. & Butler, M. 1976. Initial drug abuse: A review of predisposing social psychological factors. *Psychological Bulletin,* 83.

Gowing, L.R., Ali, R.L., Allsop, S., Marsden, J., Turf, E.E., West, R. & Witton, J. 2015. Global statistics on addictive behaviours: 2014 status report. *Addiction,* 110**,** 904-919.

Grenz, S. & Franke, J. 2001. *Beyond foundationalism: Shaping theology in a postmodern context.* Louiseville, KY: Westminster John Knox Press.

Hamrah. 2015. *Our journey from addiction to recovery*. Accessed from: http://hamrah.co/en/pages/science-of-addiction/.

Harris, N. 2005. *The history of drugs: Opiods*. USA: Greenhaven Press.


© University of Pretoria

Hawkins, J.D., Catalano, R.F. & Miller, J.Y. 1992. Risk and protective factors for alcohol and other drug problems in adolescence and early adulthood: Implications for substance abuse prevention. *Psychological Bulletin*, 112**,** 64-105.

Hogg, M.A. 2006. *Social identity theory.* Calafornia: Stanford University Press.

Holstein, J.A. & Gubrium, J.F. 2000. *The self we live by: Narrative identity in a postmodern world.* New York: Oxford University Press Inc.

Holliday, A. 2007. *Doing and writing qualitative research.* Los Angeles: SAGE.

Human, L. 2003. Fiction writing as metaphor for research: A narrative approach. *Practical Theology 40 in SA*. Praktiese Teologie in SA, 18**,** 40-58.

Irving, A. 2011. Life story narratives of recovery from dependent drug and alcohol use: A tool for identity reconstruction within a therapeutic communities. *Therapeutic communities*, 32**,** 182-200.

Janse van Rensburg, J. 2002. Die postmoderne mens aan wie die evangelie verkondig moet word. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 17.

Jung, J. 2010. *Alcohol, other drugs, and behavior.* USA: Sage Publications Inc.

Khantzian, E.J. 1985. The self-medication hypothesis of addictive disorders: Focus on heroin and cocaine dependence. *American Journal of Psychiatry*, 142**,** 1259-1264.

Khantzian, E.J. 1999. *Treating addiction as a human process.* Northvale, N.J: Jason Aronson.

Lakoff, G., Johnsen, M. 2003. *Metaphors we live by*. London: The University of Chicago Press.

Lartey, E. 2000. *Practical theology as in theological form*. In*:* Willows, P. & Swinton, J. (Eds.) Spiritual dimensions of pastoral care: Practical Theology in a multidisciplinary context. London: Jessica Kinsley.

Leedy, P.D. & Ormrod, J.E. 2005. *Practical research: Planning and design.* New Jersey: Pearson Prentice Hall.



© University of Pretoria

Legowski, T. & Brownlee, K. 2001. Working with metaphor in narrative therapy. *Journal of Family Psychotherapy*, 12**,** 19-28.

Lettieri, J., Dan, S.M. & Wallenstein, P.H. 1980. Theories on Drug Abuse: Contemporary Perspective. NIDA Research Monograph, 30.

Lewis, J.A., Dana, R.Q. & Blevins, G.A. 2002. *Substance Abuse Counselling.* USA: Brooks/Cole.

Liu, L., Zhao, X. & Miller, J.K. 2012. Use of metaphors in Chinese family therapy: A qualitative study. *Journal of Family Therapy*, (2014), 65-85.

Long, P.S. & Lepper, G. 2008. Metaphor in psychoanalytic psychotherapy: A comparative study of four cases by a practitioner-researcher. *British Journal of Psychotherapy*, 24, 343–364.

Loubser, J. & Müller, J.C. 2011. The use of metaphors in narrative research in exploring and describing experiences of adolescent male orphans affected by HIV and AIDS. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 67(2), Art. #1009, 9 pages. http://dx.doi.org/10.4102/hts.v67i2.1009.

Luke, D., Ribisl, K., Walton, M. & Davidson, W. 2002. Assessing the diversity of personal beliefs about addiction: Development of the addiction belief inventory. *Substance Use and Misuse*, 37**,** 89.

Maines, D. 1993. Narrative's moment and sociology's phenomena*. The Sosiological Quarterly*, 34**,** 17-38.

Mcintosh, J. & Mckeganey, N. 2000. Addicts' narratives of recovery from drug use: Constructing a non-addict identity. *Social Science and Medicine*, 50**,** 1501-1510.

Mcintosh, J. & Mckeganey, N. 2001. Identity and recovery from dependent drug use: The addict's perspective. *Drugs: Education, Prevention and Policy*, 8**,** 47-59.

Mcintosh, J. & Mckeganey, N. 2002. *Beating the dragon: The recovery from dependent drug use.* London: Pearson Education Limited.



© University of Pretoria

McWhirter, E.H. 1991. Empowerment in counseling. *Journal of Counseling and Development*, 69**,** 222-227.

Miller, R.W. 1998. Researching the spiritual dimensions of alcohol and other drug problems. *Addiction*, 93.

Mills, S.D. & Sprenkle, D.H. 1995. Family therapy in the postmodern era. *Family Relations,* 44**,** 368-377.

Möller, F.P. 1991. *Woorde van lig en lewe: 'n Dogmatiese studie. Dl 1*. Westhoven: Evangelie Uitgewers. (Logos weergawe).

Morgan, A. 2000. *What is narrative therapy? An easy-to-read introduction.* Adelaide South Australia: Dulwich Centre.

Muffler, J., Langrod, J.G. & Larson, D.B. 1997. *There is a balm in Gilead: Religion and substance abuse treatment.* Baltimore: Williams and Wilkins.

Müller, J.C. 2000. *Reis-geselskap: Die kuns van verhalende pastorale gesprekvoering.* Wellington: Lux Verbi.

Müller, J.C., Van Deventer, W. & Human, L. 2002. Fiction writing as metaphor for research: A narrative approach. *Practical Theology in South Africa*, 16**,** 76-96.

Müller, J.C. 2003. HIV/Aids, narrative Practical Theology, and postfoundationalism: The emergence of a new story. *Hervormde Teologiese studies*, 60**,** 293-306.

Müller, J.C. & Schoeman, K. 2004, Narrative research: a respectful and fragile intervention. *Sociale Interventie*, 13(3), 7-13.

Müller, J.C. 2005. A postfoundationalist, HIV-positive Practical Theology. *Practical Theology in South Africa*, 20**,** 72-88.

Müller, J.C. 2009. Transversal rationality as a practical way of doing interdisciplinary work, with HIV and Aids as a case study. *Practical Theology in South Afrika,* 24**,** 199-228.



© University of Pretoria

Müller, J.C. 2011. Postfoundational practical theology for a time of transition. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 67.

Mullis, R.L., Brailsford, J.C. & Mullis, A.K. 2003. Relations between identity formation and family characteristics among young adults. *Journal of Family Issues*, 24**,** 966-980.

National Institute on Drug Abuse. Addiction Science. Beskikbaar by: http://www.drugabuse.gov/related-topics/addiction-science (Datum van gebruik: 4 Junie 2015).

National Institute on Drug Abuse. Is Marijuana Medicine? Beskikbaar by: http://www.drugabuse.gov/publications/drugfacts/marijuana-medicine (Datum van Gebruik: 7 Junie 2015).

Nederduitse Gereformeerde Kerk. 2010. *Handleiding vir die erediens*. Wellington: Bybel Media.

Neuman, W. 1997. *Social research methods: Qualitative and quantitative approaches.* Columbus: OH, Allyn and Bacon.

Nida. 2013. *Drug facts: Cat*: http://www.drugabuse.gov.

Nida. 2014. *Drugs, brains, and behavior*. The Science of Addiction: http://www.drugabuse.gov.

Nida. 2015. Is Marijuana Medicine? http://www.drugabuse.gov.

O'Donnell, K. 2003. *Postmodernism*. London: Lion Publishing.

Oppong, S. 2013. Religion and identity. *American International Journal of Contemporary Research*, 3**,** 10-16.

Pavlov, I.P. 1927. *Conditioned reflexes*. London: Oxford University Press.

Patton, Q.M. 1990. *Qualitative evaluation and research methods*. Newbury Park London: Sage.



© University of Pretoria

Polkinghorne, D. 1991. Narrative and self-concept. *Journal of Narrative and Life History*, 3**,** 135-153.

Polkinghorne, D. 2007. *Validity issues in narrative research*. Sage: http://www.online.sagepub.com.

Popp-Baier, U. 2002. Conversation as a social construction: A narrative approach to conversion research. In: Hermans, C.A.M., Immink, G., De Jong, A. & Van Der Lans, J. (Eds.) *Social construction and theology*. Leiden: BRILL.

Prentiss, P. & Prentiss, C. 2007. *The alcoholism and addiction cure. Addiction ends here.* USA: The Prentiss Trust.

Rachman, S. & Teasdale, J. 1968. *Aversion therapy: Appraisal and status*. Coral Gables FL: University of Miami Press.

Renold, E., Holland, S., Ross, N.J. & Hillman, A. 2008. Becoming participant: Problematizing 'informed consent' in participatory research with young people in care. *Qualitative Social Work*. December 2008, 7(4)**,** 427-447.

Ricoeur, P. 1978. The metaphorical process as cognition, imagination, and feeling. *Critical Inquiry*, Vol. 5, No. 1, 143-159. The Universaty of Chicago Press.

RIdderbos, H. 1975. *Paul: An outline of his theology*. Grand Rapids, Michigan: Eerdemans Publishing Company.

Rossouw, G.J. 1995. Theology in a postmodern culture: Ten challenges. In: Rossouw, G.J. (Ed.) *Life in a postmodern culture.* HRSC Publishers: Pretoria.

Rubin, H.J. & Rubin, I.S. 1995. *Qualitative interviewing. The art of hearing data.* Thousand Oaks: Sage.

Rubin, H.J. & Rubin, I.S. 2005. *Qualitative interviewing: The art of hearing data*. 2nd ed. Thousand Oaks, CA, SAGE Publications, Inc.

SACENDU. 2015. *Monitoring alcohol, tobacco and drug abuse treatment admissions in South Africa.*



© University of Pretoria

Schulze, L.F. 1978. *Geloof deur die eeue*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Singer, J.A. 1997. *Message in a bottle: Stories of men and addiction.* Toronto: The free press.

Singer, J.A. 2004. Narrative identity and meaning making across the adult lifespan: An introduction. *Journal of Personality*, 72**,** 437-460.

St. Pierre, E.A. 2013. The Appearance of Data. *Cultural Studies Critical Methodologies,* 223-227. Sage Publications.

Struwig, F. & Stead, G. 2007. *Planning, designing and reporting research.* Cape Town: Pearson Education South Africa.

Thanos, P.K., Gopez, V., Delis, F., Michaelides, M., Grandy, D.K., Wang, G.J., Kunos, G. & Volkow, N.D. 2011. Upregulation of cannabinoid type 1 receptors in dopamine D2 receptor knockout mice is reversed by chronic forced ethanol consumption. *Alcoholism: Clinical and Experimental Research*, 35**,** 19-27.

Thompson, G. 2012. A meaning-centered therapy for addiction. *International Journal of Mental Health and Addiction*, 10**,** 428-440.

Tootell, A. 2004. Decentring research practice. *The International Journal of Narrative Therapy and Community Work,* 3**,** 54-60.

Van Hout, M. & Connor, S. 2007. A longitudinal study—Attitude to physical activity of adolescent substance abusers. *American Journal of Recreation Therapy*, 6**,** 40-48.

Van Hout, M.C. & McDonnell, A. 2011. Forging a path for abstinence from heroin: A grounded theory of detoxification-seeking. *The Grounded Theory Review,* 10**,** 17-40.

Van Huyssteen, J.W. 1997. *Essays in postfoundationalist theology.* Grand Rapids MI: Eerdmans Publishing Company.

Van Huyssteen, J.W. 1999. *The shaping of rationality: Towards interdisciplinarity in Theology and Science.* USA: Eerdmans Publishing Company.



© University of Pretoria

Van Huyssteen, J.W. 2000. Postfoundationalism and interdisciplinarity: A response to Jerome Stone. *Zygon*, 35**,** 427-439.

Van Huyssteen, J.W. 2006. *Alone in this world? Human uniqueness in science and theoloy.* United States of America: Wm. B. Eerdmans Publishing Co.

White, M. 1990. *Narrative means to therapeutic ends.* Adelaide: Dulwich Centre.

White, M. 1993. Deconstruction in therapy. In*:* Gilligan, S.P.R. (Ed.) *Easy therapeutic conversations*. New York: W W Norton.

White, M. 1997. *Challenging the culture of consumption: Rites of passage and communities of acknowledgement.* Dulwich Centre Publications.

White, M. 2002. Addressing personal failure. *The International Journal of Narrative Therapy and Community Work*, 3**,** 33-76.

Wiklund, L. 2010, Metaphors – A path to narrative understanding*. International Journal for Human Caring*. Vol. 14, No 2, 60-69.

Wolpe, J. & Plaud, J.J. 1997. Pavlov's contributions to behavior therapy: The obvious and the not so obvious. *American Psychologist*, 52**,** 966-972.

Yalom, I.D. 1980. *Existential psychotherapy*. New York: Basic Books.



© University of Pretoria

© University of Pretoria